YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# DIE TEOLOGIESE GEBRUIK VAN רוח יהוה IN DIE OU TESTAMENT

**Roedolf Jacobus du Plooy**
**B.A., HONS. B.A., M.A., B.D., M.Div., Nagr. Dipl. Teologie**

**Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Ou Testament aan die Noordwes-Universiteit: Potchefstroom kampus**

**Promotor: Prof. Dr. H.F. van Rooy**

**POTCHEFSTROOM**
**2004**

## VOORWOORD

Met dankbaarheid kyk ek terug na die onverdiende genade wat ek van die Here ontvang het om met sy Woord besig te kan wees.

Met opregte dank aan die persone wat deur middel van hulle insette en motivering daadwerklik daartoe bygedra het dat ek hierdie proefskrif kon voltooi. In besonder aan my huisgesin en familie vir hulle begrip, ondersteuning en aanmoediging. My vrou, Ina, wat met spesiale moeite en ten koste van haarself my bygestaan en ondersteun het. My opregte dank aan haar en my dogter Jacolé vir hulle hulp met die tik van dele van die manuskrip. 'n Besondere woord van dank aan my ander kinders, Jaco, Lize en Carien vir hulle begrip en ondersteuning die afgelope aantal jare en in besonder die laaste aantal maande.

'n Aantal Akademiese instellings en personeel verdien vermelding. My opregte dank aan me. G. van Rooyen, personeellid van die Noordwes-Universiteitsbiblioteek wat deur haar vriendelike behulpsaamheid 'n belangrike skakel in die navorsingsproses was. Me. M. Smit van die Teologiese Biblioteek vir haar hulp in die finale stadium van die navorsingsproses en die personeel van die Merensky biblioteek, Universiteit van Pretoria.

'n Besondere dankwoord aan prof. Herrie van Rooy, my promotor, wat elke keer met goed deurdagte terugvoering leiding gegee het in die navorsingsproses.

My dank aan Me. Cecilia van der Walt wat verantwoordelik was vir die finale taalversorging van die proefskrif en my vrou, Ina, met die korrigering van die teks. 'n Taak wat hulle met geduld en bekwaamheid afgehandel het. Ek het groot waardering vir

Prof. P.D. van der Walt vir sy kenmerkende weldeurdagte opbouende kritiek ten opsigte van die inhoudelike en aktualiteit van die proefskrif

'n Besonder woord van dank aan die Noordwes-Universiteit: Potchefstroom kampus vir die finansiële bydrae wat dit moontlik gemaak het om die navorsing te onderneem.

Opinies gehuldig en standpunte geformuleer is die van die outeur en is nie noodwendig die standpunte en sieninge van die promotor, universiteit of finansiële instansie nie.

## ABSTRACT

## THE USE OF רוח IN THE OLD TESTAMENT

The theological implications of the use of רוח in the Old Testament are indicated in this doctoral thesis. The Lord revealed Himself in the course of history. For this reason, the revelational-history approach is used in this thesis. In the Old Testament, the Hebrew noun רוח occurs three hundred and eighty-seven times.. The most basic meaning of רוח is variously defined as "blowing", "air in motion", and "wind". Thus, רוח is a term representing something unseen in order that the visible effect of this invisible force might be adequately apprehended. In approximately one hundred and seven places, רוח refers to the activity of God in the world of nature and in the life of humankind. In these passages, רוח is translated as "Spirit" and indicates the work and activity of the Spirit of God.

The origin and development of the meaning of the term רוח remain shrouded in the haze of history. The subject of this study is רוח in the Old Testament. This means that the primary concern is not the whole of the word רוח and its meanings as used in the Old Testament but rather one aspect of רוח, רוח as used to refer to God and his activity, what is traditionally called "the Spirit of God".

The theological problem arising from the above is that רוח in the Old Testament is understood as direct equivalent to the Holy Spirit (αγιος πνευμα) in the New Testament. In this process, the Old Testament is being devaluated regarding its

character, message and context. The Old Testament background to the New Testament pneumatology is often neglected or only briefly surveyed by scholars. Many popular approaches to Old Testament material referring to the work of רוח are examples of spiritualizing and allegorizing — methods that diminish the authority of some passages.

As modern Christian theology has increasingly come to recognize, the Old Testament becomes far more richly illuminating when it is not simply dismissed as an unimportant preface to the New, and when the temptation is resisted to read into it what is really only properly to be found in the New. It has its own light to throw on the theme "The Holy Spirit".

The conclusion of this thesis is that the theological term רוח in the Old Testament is not a direct equivalent of the third person of the Trinity as revealed to the Church in the New Testament. In the Old Testament, רוח must be understood as God Himself. רוח was Israel's way of describing God, not as He is in Himself, but as He communicates to the world his power, his life, his anger, his very own presence!

To conclude: There is no personalization (The third person of the Trinity) of רוח within the limits of the Old Testament!

Soli Deo Gloria!

## OPSOMMING

## DIE TEOLGIESE GEBRUIK VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT

Hierdie studie se hoofoogmerk was om vas te stel wat die teologiese gebruik van רוח in die Ou Testament is. Die Here het homself deur die loop van die eeue aan die mens geopenbaar. In die lig van hierdie gegewe maak hierdie studie gebruik van die Openbarings-historiese metode. Die Hebreeuse woord רוח kom drie honderd agt en sewentig keer in die Ou Testament voor. Die mees basiese verstaan van die woord רוח is onder andere *"wind"*, *"lug in beweging"* en *'blaas"*. In hoofsaak dui die woord dus op 'n onsigbare beweging.

In ongeveer honderd en sewe plekke dui die woord op die handeling van God in die natuur en lewenswêreld van die mens. In die meeste gevalle word die woord vertaal met *"gees"* as aanduiding van die werk van die *"Gees"* van God.

Die oorsprong en inhoudelike van die woord רוח is gehul in 'n wolk van onsekerheid. Die oogmerk van hierdie studie was om die een betekenisveld van die woord רוח te ondersoek, naamlik רוח as aanduiding van God en die werksaamhede van God – dit wat tradisioneel beskryf word as die "*Gees*" van God.

Die teologiese probleem wat uit bogenoemde tradisionele opvatting voortspruit is dat רוח in die Ou Testament direk ekwivalent verstaan en geïnterpreteer word as die Heilige Gees (αγιος πνευμα) soos God die derde Persoon van die Triniteit in die Nuwe Testament geopenbaar het. Daar is egter geen bewyse in die Ou Testament dat

רוח so verstaan en geïnterpreteer is nie. Deur hierdie proses van gelykstelling (רוח en αγιος πνευμα) word die Ou Testament se waarde, boodskap. karakter en konteks gedevalueer. Die unieke Ou-Testamentiese konteks en interpretasie van רוח word meestal deur die Nuwe Testamentiese pneumatologie misken of lukraak gebruik in die daarstelling van 'n Bybelse pneumatologie.. Baie populêre benaderings ten opsigte van die verstaan van die Ou-Testamentiese רוח-konsep is onaanvaarbare allegorieë en tipologiese interpretasies waardeur die gesag en eie aard van die Ou Testament misken word.

Die rol en eiesoortige plek van die Ou Testament in die moderne teologië is gevestig in die feit dat die Ou Testament waarlik woord van God is – so bepaal deur sy eie aard en konteks. Die Ou Testament is nie maar net 'n nodige inleiding op die Nuwe Testament nie. As die eie aard en karakter ten opsigte van die verstaan en interpretasie van רוח gehandhaaf word, dan werp die Ou Testament 'n nuwe lig op die tema "*Gees*" van God.

Die slotsom waartoe hierdie studie kom is dat רוח nie die Ou Testamentiese ekwivalent is van die Heilige Gees soos in die Nuwe Testament geopenbaar nie. רוח moet verstaan en geïnterpreteer word as God self. רוח is die manier waarop Israel God beskryf het, nie soos Hy in Homself is nie, maar soos Hy Sy mag, krag, toorn, lewe - Sy eie teenwoordigheid kommunikeer.

Om te konkludeer: Daar is geen aanduiding in die Ou Testament dat רוח verstaan of geïnterpreteer is as die Heilige Gees nie. Die persoon en werking van רוח in die Ou Testament is slegs gedeeltelik onthul en is in die koms van die Messias (Nuwe Testament) ten volle onthul. Slegs deur die openbaring van die Messias het die

versluierde getuienis van רוח in die Ou Testament tot sy ware reg kom. In die lig van die Nuwe Testament (terugskouend op die Ou Testament) is dit duidelik dat 'n kontinuïteit voorkom tussen die handelinge van רוח (God-in-aksie) in die Ou Testament en die handelinge van die Heilige Gees in die Nuwe Testament. Die nuwe (Heilige Gees) is in die oue (רוח) verseël en in die nuwe (Heilige Gees) word die oue (רוח) ten volle geopenbaar.

Soli Deo Gloria!

INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD i

ABSTRACT v

OPSOMMING vii

1. INLEIDING 1
1.1. DIE PROBLEEMSTELLING 1
1.2. NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN DOELWITTE 6
1.2.1. ALGEMENE DOELSTELLING 6
1.2.2. SPESIFIEKE DOELWITTE 6
1.3. SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT 6
1.4. METODE VAN ONDERSOEK 7
1.4.1. LITERATUUR- EN BRONONTLEDING 7
1.4.2. METODIEK IN GEBRUIK VAN LITERATUUR EN BRONNE 8

2. DIE VERSTAAN VAN רוח יהוה DEUR OU-TESTAMENTIESE TEOLOË SEDERT DIE EERSTE WÊRELDOORLOG 9
2.1. AGTERGROND 9
2.2. OU-TESTAMENTIESE TEOLOGIEË GEPUBLISEER NA DIE EERSTE WÊRELDOORLOG 10
2.2.1. INLEIDING 10
2.2.2. EVALUERING VAN VERSKEIE OU-TESTAMENTIESE TEOLOË 11
2.2.2.1. W. EICHRODT: OLD TESTAMENT THEOLOGY 11
(a.) DIE GEES VAN GOD AS DIE LEWENSBEGINSEL 12
(b.) DIE GEES VAN GOD AS INSTRUMENT VAN DIE HEILSGESKIEDENIS 13

(c.) DIE GEES VAN GOD AS DIE VOLMAAKTE KRAG VAN DIE NUWE ERA 13

(d.) GOD SE GEES AS DIE KRAG WAARUIT DIE VOLK LEEF 14

2.2.2.1.1. SAMEVATTING VAN W. EICHRODT SE רוח-SIENING 15

2.2.2.2. TH.C. VRIEZEN: HOOFDLIJNEN DER THEOLOGIE VAN HET OUDE TESTAMENT 16

(a.) DIE BEMAGTIGING VAN DIE CHARISMATIESE LEIERS EN DIE EKSTATIESE PROFETE 18

(b.) רוח IN DIE KLASSIEKE PROFETIESE TYDPERK 19

(c.) רוח IN DIE VOOR-EKSILIESE TYDPERK 20

(d.) רוח IN DIE NA-EKSILIESE TYDPERK 21

(e.) רוח IN DIE PRIESTERLIKE GESKRIFTE 22

(f.) רוח EN DIE ESKATOLOGIESE TYDPERK 23

(g.) רוח IS GOD SELF 25

2.2.2.2.1. SAMEVATTING VAN TH.C. VRIEZEN SE רוח-SIENING 25

2.2.2.3. PAUL HEINISCH: THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT 25

(a.) רוח AS LEWEGEWENDE KRAG 26

(b.) רוח IN DIE GESKIEDENIS VAN ISRAEL 27

(c.) רוח 'N KRAG WAT VAN GOD UITGAAN 32

2.2.2.3.1. SAMEVATTING VAN PAUL HEINISCH SE רוח-SIENING 33

2.2.2.4. GERHARD VON RAD: OLD TESTAMENT THEOLOGY 33

2.2.2.4.1. SAMEVATTING VAN VON RAD SE רוח-SIENING 37

2.2.2.5. EDMOND JACOB: THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT 37

(a.) רוח DIE ASEM WAT LEWE VOORTBRING 39

(b.) רוח EN יהוה - DIE EEN IS DIE ANDER 39

(c.) רוח EN DIE PROFETE 40

2.2.2.5.1. SAMEVATTING VAN JACOB SE רוח-SIENING 42
2.2.2.6. WALTHER ZIMMERLI: OLD TESTAMENT THEOLOGY IN OUTLINE 42
2.2.2.6.1. SAMEVATTING VAN ZIMMERLI SE רוח-SIENING 47
2.2.2.7. CLAUS WESTERMANN: HOOFDLIJNEN VAN EEN THEOLOGIE VAN HET OUDE TESTAMENT 47
2.2.2.7.1. SAMEVATTING VAN C WESTERMANN SE רוח-SIENING 51
2.2.2.8. HORST DIETRICH PREUSS: OLD TESTAMENT THEOLOGY 51
2.2.2.8.1. SAMEVATTING VAN HORST DIETRICH PREUSS SE רוח-SIENING 58
2.3. SAMEVATTING VAN DIE רוח-BESKOUING VAN OU-TESTAMENTIESE TEOLOË NA DIE EERSTE WÊRELDOORLOG 58

3. GEES (רוח) IN DIE OU TESTAMENT 61
3.1. INLEIDING 61
3.2. BEGRIPSVERHELDERING: SEMANTIEK, ETIMOLOGIE, HERMENEUTIEK EN EKSEGESE: 'N VERKENNING 63
3.2.1. PROBLEEMORIËNTASIE 63
3.3. DIE INTERPRETASIE VAN GEES IN DIE OU TESTAMENT 64
3.3.1. DIE HEBREEUSE WOORD אוב 64
3.3.1.1. SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD אוב 66
3.3.2. DIE HEBREEUSE WOORD נשמה 67
3.3.2.1. DIE WOORDE נשמה EN רוח AS SINONIEME 67
3.3.2.2. SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD נשמה 68

3.3.3. DIE HEBREEUSE WOORD רוח 69

(a.) DIE WOORD רוח IN UGARITIES 70

(b.) DIE WOORD רוח IN OUD-RYKS-ARAMEES 70

(c.) SAMEVATTING 71

3.3.3.1. 'N VOËLVLUG OOR DIE BETEKENIS VAN רוח 77

3.3.3.1.1. DIE WOORD רוח AS WIND 77

3.3.3.1.2. DIE WOORD רוח AS ASEM 80

3.3.3.1.3. רוח AS AANDUIDING VAN DIE FISIESE TOESTAND 81

3.3.3.1.4. רוח AS ASEMHALING EN LEWENSBEGINSEL 82

3.3.3.1.5. DIE WOORD רוח AS PERSOONLIKHEIDSAANDUIDING 84

3.3.3.1.6. DIE WOORD רוח AS GEMOEDSGESTELDHEID/EMOSIE 84

3.3.3.1.7. DIE WOORD רוח AS AANDUIDING VAN REDE, MENSLIKE DENKE EN WILSBESLISSING 85

3.3.3.1.8. DIE WOORD רוח AS EERSTEPERSOONSAANDUIDING 87

3.3.3.2. DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD 88

(i) DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD EN DIE SKEPPING 89

(ii) DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD EN DIE VOLK VAN GOD 91

(iii) DIE רוח AS HERSTELLER VAN DIE VERHOUDING 94

(iv) DIE רוח AS AGENT VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID 95

(v) DIE רוח EN LEIERSKAP 96

(vi) DIE רוח AS INSPIREERDER VAN GOEIE REGERING 96

(vii) DIE רוח AS GEWER VAN VAARDIGHEID 97

(viii) DIE רוח AS TOERUSTER VIR MILITÊRE OPERASIES 98

(ix) DIE רוח AS BEGELEIER VAN DIE MONARGIE 98

(x) רוח AS OPENBARINGSMEDIUM AAN DIE PROFETE 100

(xi) רוח AS AGENT VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE GESKRIFTE 100

3.4 SAMEVATTING VAN DIE BETEKENIS VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT 101

4. DIE DIAKRONIESE ONTWIKKELING VAN רוח יהוה IN DIE OU TESTAMENT – 'N BEOORDELING VAN DIE BRONNE 104

4.1. INLEIDING 104

4.2. AGTERGROND 104

4.2.1. DIE VERSKILLENDE FASES — 'N VERKENNING 107

4.3. 'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE GEBRUIK VAN רוח IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES VAN ISRAEL SE GESKIEDENIS 109

4.3.1. DIE VERSKILLENDE LITERATUURSOORTE — 'N VOËLVLUG 112

4.3.1.1. DIE VERTELLITERATUUR 112

4.3.1.1.1. VAN BEGIN TOT VOLKSPLANTING 115

4.3.1.1.2. VAN VOLKSPLANTING TOT BALLINGSKAP 115

4.3.1.1.3. VAN KONINGS, BALLINGSKAP TOT HERSTELDE GEMEENSKAP 116

4.3.2. DIE PROFETIESE BOEKE 116

4.3.2.1. DIE EINDE VAN ISRAEL IS OP HANDE 116

4.3.2.2. DIE EINDE VAN JUDA IS OP HANDE 116

4.3.2.3. DIE PROFETE IN BALLINGSKAP 117

4.3.2.4. DIE BALLINGSKAP IS VERBY 118

4.3.3. DIE OU-TESTAMENTIESE GESKRIFTE 119

4.4. DIE DIAKRONIESE ONTWIKKELING VAN DIE רוח-TRADISIE IN DIE OU TESTAMENT — 'N OORSIG OOR ENKELE BE – STAANDE WERKE WAT OOR רוח IN DIE OU TESTAMENT VERSKYN HET 120

4.4.1. 'N OORSIG OOR L.J. WOOD SE INDELING 120

4.4.1.1. DIE VYF VERSKILLENDE PERIODES WAARTYDENS רוח 'N ROL GESPEEL HET 121

(i) VANAF DIE SKEPPING TOT DIE AARTSVADERTYD 121

(ii) VAN MOSES TOT SAMUEL 122

(iii) DIE VERENIGDE MONARGIE 124

(iv) DIE VERDEELDE MONARGIE 125

(v) DIE EKSILIESE EN NA-EKSILIESE PERIODE 127

4.4.1.2. 'N PAAR KRITIESE OPMERKINGS OOR WOOD SE SIENING VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT 130

4.4.1.2.1. DIE BEGRIP רוח AS DIE HEILIGE GEES EN DIE SKEPPING 130

4.4.1.2.2. OU-TESTAMENTIESE PERSONE OP WIE DIE רוח AS HEILIGE GEES GEKOM HET 132

(A.) DIE רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE RIGTERS 133

(B.) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE VAKMANNE 134

(C.) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE PROFETE 136

(i) PROFETE WAT SLEGS TYDELIK BEMAGTIG IS 136

(ii) PROFETE WAT PERMANENT BEMAGTIG IS 139

(a) PROFETE WAT VERKLAAR DAT HULLE BEMAGTIG IS 139

(b) PROFETE WAT NÊRENS VERKLAAR DAT HULLE DEUR DIE רוח BEMAGTIG IS NIE 141

(D.) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE OPENBARE ADMINISTRATEURS 142

4.4.1.3. EVALUASIE VAN WOOD SE INTERPRETASIE 145

4.4.2. 'N VOËLVLUG OOR W. HILDEBRANDT SE רוח SIENING 146

4.4.2.1. רוח AS WIND IN DIE PENTATEUG, PROFETE EN GESKRIFTE 148

4.4.2.2. רוח IN VERHOUDING MET DIE MENS IN DIE PENTATEUG, DIE PROFETE EN GESKRIFTE 153

4.4.2.2.1. רוח EN DIE SKEPPING VAN DIE MENS 154

4.4.2.3. DIE רוח EN MENSLIKE GEDRAG 158

4.4.2.3.1. DIE BEGRIP רוח EN MENSLIKE EMOSIES 159

4.4.2.4. DIE BEGRIP רוח EN VALSE PROFETE 159

4.4.2.5. רוח AS DIE GEES VAN GOD 160

(i) DIE רוח AS DIE GEES VAN GOD BESIG MET DIE SKEPPING 160

(ii) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE VOLK VAN GOD 162

(iii) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE LEIERS VAN DIE VOLK VAN GOD 164

(iv) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE PROFETE 167

4.4.2.6. SAMEVATTENDE OPMERKING T.O.V. HILDEBRANDT SE DIAKRONIESE ONDERSOEK NA 'N רוח-TEOLOGIE 169
4.4.3. 'N VOËLVLUG OOR LLOYD NEVE SE רוח-SIENING 171
4.4.3.1. רוח IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES VAN ISRAEL SE GESKIEDENIS 171
4.4.3.1.1. DIE VROEGSTE TYDPERK (? – 900 vC) 172
(i) ASSIMILASIE 172
(ii) INNOVASIE 174
(iii) KONSOLIDASIE 175
4.4.3.1.2. ELIA TOT BALLINGSKAP (869 – 597 vC) 177
4.4.3.1.3. BALLINGSKAP EN VROEË HERSTEL (587 vC) 181
4.4.3.1.4. NA BALLINGSKAP (458 vC) 185
4.4.3.1.5. ESRA TOT DANIËL (458 – 164 vC) 187
4.4.3.2. SAMEVATTING VAN LLOYD NEVE SE SIENING TEN OPSIGTE VAN רוח 189
4.5. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4 191
5. KRITIES-EKSEGETIESE BEOORDELING VAN רוח יהוה-TEKSTE IN DIE OU TESTAMENT 193
5.1. INLEIDING 193
5.2. KRITIES-EKSEGETIESE BEOORDELING VAN DIE רוח-TEKSTE 195
5.2.1. VROEGSTE PERIODE 198
5.2.1.1. BRON J 199
5.2.1.1.1. KONKLUSIE OOR BRON J SE רוח-GEBRUIK 205
5.2.1.2. BRON E 205
5.2.1.2.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE DIE רוח-GEBRUIK VAN BRON E 212
5.2.1.3. BRON JE 212

5.2.1.3.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN BRON JE SE רוח-GEBRUIK 216

5.2.2. DEUTERONOMISTIESE GESKIEDSKRYWING 217

5.2.2.1 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE DEUTERONOMISTIESE GESKIEDSKRYWING 231

5.2.3. DIE PRE-EKSILIESE PROFETE 231

5.2.3.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK DEUR DIE PRE-EKSILIESE PROFETE 240

5.2.4. DIE PROFETE VAN DIE BALLINGSKAP EN TERUGKEER 241

5.2.4.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK DEUR DIE EKSILIESE PROFETE 266

5.2.5. DIE PRIESTERLIKE BRON 267

5.2.5.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE PRIESTERLIKE BRON 277

5.2.6. DIE HERSTEL VAN DIE STAD EN DIE TEMPEL 278

5.2.6.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK BY DIE NA-EKSILIESE PROFETE 280

5.2.7. DIE KRONISTIESE GESKIEDWERK 281

5.2.7.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE KRONISTIESE GESKIEDSKRYWING 284

5.2.8. DIE רוח IN DIE VOLK SE WYSHEIDSLITERATUUR EN LIEDERE 284

5.2.8.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE WYSHEIDS-LITERATUUR EN LIEDERE 290

5.2.9. DIE רוח IN ESKATOLOGIESE EN APOKALIPTIESE TEKSTE 291

5.2.9.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE ESKATOLOGIESE EN APOKALIPTIESE TEKSTE 301

5.3. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOON EN IDENTITEIT VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT 301

5.4. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DIAKRONIESE ONT-WIKKELING VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT 304

5.5. SAMEVATTENDE KONKLUSIE RAKENDE HOOFSTUK 5 307

6. SAMEVATTENDE KONKLUSIE 309

6.1. HOE BEHOORT רוח IN DIE OU TESTAMENT VERSTAAN TE WORD? 311

6.2. REAKSIES OP DIE GEGEWE DAT רוח IN DIE OU TESTAMENT NIE EKWIVALENT GEÏNTERPRETEER KAN WORD AAN DIE HEILIGE GEES (Derde Persoon van die Triniteit) IN DIE NUWE TESTAMENT NIE 312

6.3. SLOT 314

BRONNELYS 317

# 1. INLEIDING

## 1.1. DIE PROBLEEMSTELLING

Hierdie proefskrif wil navorsing doen oor die gebruik van רוח in die Ou Testament. Geen ander Ou-Testamentiese tema is so misterieus soos רוח in die Ou Testament nie. En tog was die רוח immanent teenwoordig; Gideon is deur die רוח bemagtig, Saul is deur die רוח bekragtig, die רוח het die profete geïnspireer en die Kneg van die Here gesalf en sal die skepping in die eskatologiese era hernu. Dit was die רוח wat 'n skaapwagter 'n volksheld gemaak het en 'n slawemeisie 'n profetes. Deur die werkinge van רוח word 'n dorre woestyn 'n pragtige paradys en versag die verharde harte van God se volk.

Die Ou-Testamentiese skrywers het hierdie misterieuse gees die רוח van die Here genoem. Geen ander nasie van die Nabye Ooste het so 'n konsep gehad nie. Vir 'n spesifieke volk met 'n monoteïstiese Godsbegrip was dit 'n unieke begrip.

Wat het die Ou Testamentiese skrywers bedoel wanneer hulle oor die רוח van God gepraat het? Watter eienskappe van God het hulle beskryf in hulle uiteensetting van die handelinge van רוח? In die betiteling van רוח יהוה het hulle spesifieke eienskappe van hulle God bely.

In die Ou Testament word רוח slegs gebruik om God se handelinge in verhouding met sy skepping, sy volk en sy wese te beskryf. רוח יהוה of רוח אלהים was die Israeliete se manier om God te beskryf, רוח יהוה of רוח אלהים het nie sy karakter

beskryf nie maar hoe Hy sy krag, mag, wil en sy magtige teenwoordigheid (immanensie) kommunikeer.

Die doel van hierdie studie is om helderheid te verkry oor die רוח-konsep in die Ou Testament. Hierdie studie neem dus nie die hele רוח-veld as studie-onderwerp nie maar 'n kleiner afgebakende eenheid – רוח wat na God en sy handelinge verwys, dit wat tradisioneel gesien word as "die Gees van God".

Vanuit die aanhaling en gebruik van Ou-Testamentiese רוח-tekste in die Nuwe Testament word die רוח van die Ou Testament meermale direk ekwivalent geïnterpreteer as die derde persoon van die Triniteit soos wat God die Drie-Eenheid aan sy kerk in die Nuwe Testament geopenbaar het. Volgens Gunneweg (1978:21-23) kan die Nuwe-Testamentiese aanhalings van Ou-Testamentiese tekste nie as die ontsluitingsleutel gebruik word om die Ou Testament te verstaan nie. Na my mening is hierdie stelling van Gunneweg ook geldig vir die verstaan van die begrip רוח in die Ou Testament.

In Handelinge (Hand 1:1–21) haal die Nuwe-Testamentiese skrywer die woorde van Joël aan en interpreteer hy hierdie profesie as vervul met die gebeure op Pinksterdag:
1 Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. 2 Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3 Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.
4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

12 Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra:
"Wat kan dit tog beteken?" 13 Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk."
14 Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van
die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem
woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê:
15 Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege–
uur in die môre. 16 Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:
17 Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: "Ek sal my Gees uitstort op alle
mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal
gesigte sien; julle oumense sal drome droom. 18 Ja, op my dienaars en my
dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete
optree." (NAV)

Die teologiese probleem wat hierdie studie dus wil beantwoord is die aanname dat die begrip Heilige Gees in die Nuwe Testament meermale ekwivalent gestel word aan רוח in die Ou Testament. In hierdie proses word die Ou Testament se eie karakter, boodskap en konteks gedegradeer. Deurdat die Nuwe Testament tekste vanuit die Ou Testament aanhaal, beteken dit nie dat die Nuwe Testament vir die teologie 'n bloudruk gee van hoe om die Ou Testament te verstaan nie (Gunneweg, 1978:21-23).

Die woord רוח kom byna vier honderd (400) keer in die Ou Testament voor en die woordgroepe רוח אלהים en רוח יהוה byna 'n honderd (100) keer. In baie gevalle het רוח niks met *"gees"* of *"Gees"* te doen nie. Dit is ook dikwels baie moeilik om te bepaal wat presies met רוח bedoel word. רוח se betekenisaanwending kan in verskillende kategorieë verdeel word.

Volgens Vosloo (1983:40) is daar 'n nie-godsdienstige betekenis wat hoofsaaklik betrekking het op die wind of op die mens en 'n godsdienstige betekenis waarby God geïmpliseer word, hetsy as personifikasie van die krag van God of die werking van God self.

Gosling (1994:234) beskryf die teologiese problematiek rakende die interpretasie van רוח אלהים, רוח יהוה soos volg: *"Die verskillende maniere waarop die werking van die* רוח *in die Ou Testament geskets word, skakel die moontlikheid van 'n personifikasie uit. Die pneumatologie van die Ou Testament is daarom steeds 'n onopgeloste teologiese probleem."*

Sommige Ou-Testamentici (Vriezen, 1949:230; Scheepers, 1960:216-219; Albertz en Westermann, 1976:730-752) interpreteer רוח אלהים en רוח יהוה nie as 'n persoon naas of sonder Jahwe nie. Vir hulle is רוח אלהים en רוח יהוה *Jahwe-in-aksie.* רוח is dus 'n manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid.

Volgens Vos (1985:286) interpreteer teoloë soos Vosloo en Kuitert רוח weer as 'n personifikasie van God. Nou word רוח nie meer beskryf as 'n besondere daad van God nie, maar beteken dit God self.

Westermann (1981(b):229) handhaaf 'n derde beskouing van die רוח, naamlik die van 'n algemeen goddelike predikaat wat die wese van God omskryf.

Scheepers (1960:216 & 222), Jonker (1981:124), Vosloo (1983:63-64) en Eichrodt (1933:60) handhaaf 'n verdere interpretasie, naamlik dat die רוח אלהים, רוח יהוה as 'n hipostase van God beskou kan word.

Onmiddellik moet die vraag gestel word: "Wat word onder hipostase verstaan?" Vosloo (1983:62) beroep hom op Eichrodt (1933:60) en Scheepers (1960:216) en beskryf hipostase as: "die verpersoonliking van God se werksaamhede en attribute op so 'n wyse dat dit die voorkoms van 'n half-persoonlike goddelike wese kry".

'n Verdere verstaanprobleem t.o.v. רוח אלהים, רוח יהוה is dat daar nie 'n eenvormige patroon van werksaamhede van die רוח is nie. רוח se werksmetodiek verskil van tydperk tot tydperk. Sy werksaamhede in die boek Rigters is anders as in Psalms, en dié is weer anders as in die ballingskap en na-eksilliese periode (Heron, 1983:3). Volgens Hildebrandt (1995:XVI) handhaaf baie teoloë 'n subjektiewe en spekulatiewe interpretasie van die רוח-tekste: *"Many popular approaches to OT material referring to the work of the Spirit of God are examples of spiritualizing and allegorizing — methods that diminish the authority of some passages."*

Die Ou-Testamentiese begrip רוח יהוה word dikwels verkeerd aangehaal, geïnterpreteer, gebruik of genegeer in die daarstelling van 'n Bybelse teologie oor die Gees van God: *"The OT background to the NT pneumatology is often neglected or only briefly surveyed." (Hildebrandt, 1995:xvi.)*

Volgens Wood (1976:8) is talle boeke geskryf oor die werking van die Gees van God, maar die onderwerp is hoofsaaklik vanuit die Nuwe Testament benader. Indien die Ou Testament wel genoem word, is dit dikwels lukraak en merendeels in 'n ver-gelykende opmerking. *"Some writers have doubted that the Old Testament contains any sure references to the Holy Spirit and that certainly people of the time had little, if any conception of this Third Person of the Holy Trininty." (Wood, 1976:8.)*

Heron (1983:3) huldig 'n soortgelyke siening deur te skryf: *"As modern Christian theology has increasingly come to recognize, the Old Testament becomes far more richly illuminating when it is not simply dismissed as an unimportant preface to the New, and when the temptation is resisted to read into it what is really only properly to be found in the New. It has its own light to throw on the theme 'The Holy Spirit'".*

Die aktualiteit van hierdie studie lê daarin dat alle insigte, soos bo vermeld, op 'n meningsverskil oor die onderwerp dui. Die teenstrydige standpunte maak hierdie studie noodsaaklik. Die navorsingsresultate van die onderhawige studie gaan poog om mee te help in die vind van groter duidelikheid aangaande die interpretasie van רוח in die Ou Testament.
Die doel van hierdie studie dus is om 'n nuwe perspektief daar te stel ten opsigte van die eie aard, karakter en handelinge van רוח in die Ou Testament sodat die devaluasie

van die Ou Testament en die gedwonge pneumatologiese verstaan van die Ou Testament uitgeskakel kan word.

## 1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 1.2.1. ALGEMENE DOELSTELLING

Hierdie studie ondersoek die teologiese gebruik van רוח יהוה in die Ou Testament. Die skrywer wil deur middel van die proefskrif 'n bydrae tot die teologiese gesprek oor רוח in die Ou Testament lewer. Verskillende perspektiewe, onder andere die Openbarings-historiese, filologiese, historiese en vergelykende perspektiewe sal gebruik word. Resultate wat hieruit verkry is, sal lei tot 'n beter verstaan van die *"Gees"* van God in die Ou Testament.

### 1.2.2. SPESIFIEKE DOELWITTE

Om in bogenoemde doel te slaag is die volgende doelwitte geïdentifiseer:

- Om die interpretasie van רוח יהוה sedert die Eerste Wêreldoorlog te ondersoek
- Om die betekenis van רוח יהוה in die Ou Testament te bestudeer
- Om die diakroniese ontwikkeling van רוח יהוה in die Ou Testament na te vors
- Om die verskillende werkinge van רוח יהוה in die Ou Testament te identifiseer
- Om die verstaan van die רוח יהוה in die Ou Testament duidelik te omskryf

## 1.3. SENTRALE TEOLOGIESE ARGUMENT

God het Hom op 'n besondere wyse in die Ou Testament bekend gestel. Hy het Hom deur die werking van sy רוח verbind tot die begeleiding van sy volk gedurende elke tydperk van die Ou-Testamentiese geskiedenis. Die teologiese implikasies van die wyse waarop God Hom deur sy רוח openbaar, lei hedendaagse gelowiges tot 'n beter en ryker begrip van God se grootheid en almag.

Die hipotese van hierdie studie is dat רוח יהוה in die Ou Testament beklemtoon dat God (Drie-enig) voortdurend besig is om op 'n wonderlik kreatiewe manier in die mens se heilshistoriese bestaan te werk, sonder om gebruik te maak van 'n gedwonge Ou-Testamentiese pneumatologie!

As Christen werk die navorser met aannames vanuit die Nuwe Testament, byvoorbeeld dat God Drie-enig is. Weliswaar val hierdie aannames buite die skopus van hierdie studie. Onder die Christelike Drie-eenheidsleer (Triniteitsleer) word verstaan dit wat deur geloofskonfessies, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis en Heidelbergse Kategismus, beliggaam is . As daar vanuit 'n suiwer Ou-Testamentiese oogpunt gewerk word, sal bogenoemde hipotese metateoreties wees wat die Ou Testament oorvra.

## 1.4. METODE VAN ONDERSOEK

### 1.4.1. LITERATUUR- EN BRONONTLEDING

'n Openbarings-historiese ondersoek word beoog. Onder Openbarings-historiese ondersoek word verstaan dat daar 'n historiese rekonstruksie van 'n teks behoort plaas te vind: wat die teks in die oorspronklike gedagtewêreld beteken het ("*what the text meant*"), voordat 'n teologiese herinterpretasie ("*what it means*") gemaak kan word. (Hasel, 1982:37).

Die multipleksmetode van Hasel (1982:169-183) sal in die ondersoek na die רוח in die Ou Testament gevolg word:

- Bybelse teologie is 'n histories-teologiese dissipline. Daarom sal die konteks waarbinne רוח יהוה in die Ou Testament voorkom, in ag geneem word. Die tyd, plek en omstandighede waarbinne רוח gebruik word, is belangrik.
- Deeglik gefundeerde eksegese wat met die genre rekening hou, sal die navorser in staat stel om te onderskei tussen die verskillende betekenisse van רוח.
- Daar sal rekening gehou word met die ontstaan van die verskillende Bybelse boeke. Elke tydperk sal 'n ander invloed op die interpretasie van רוח uitoefen.

- Die grammatikale eienskappe, soos sinonieme parallelismes, semantiek, sintakties-semantiese funksies en woordbetekenisse, sal ondersoek word. Sodanige ondersoek sal byvoorbeeld van nut wees om te bepaal of רוח 'n eie onafhanklike entiteit naas of sonder God is, of רוח 'n sinoniem is vir God, 'n manifestasie van die Here se teenwoordigheid, 'n onpersoonlike krag of die aanduiding is van die Here se innerlike.
- Die verskillende interpretasies van רוח sal met mekaar vergelyk word.
- Kennis vanuit die resultate wat deur die navorsing verkry is, sal meehelp in die korrekte verstaan van רוח in die Ou Testament.

### 1.4.2. METODIEK IN GEBRUIK VAN LITERATUUR EN BRONNE

Duitse en Franse bronne wat in die proefskrif gebruik word, is in vertalings soos Engels en Nederlands gelees en as sodanig hanteer. In die proefskrif word hoofsaaklik die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) van die Bybel gebruik vir Afrikaanse aanhalings en die King James Version vir die Engelse aanhalings. Indien 'n ander vertaling (Afrikaans of Engels) gebruik word, word daar aan die einde van die aanhaling aangedui watter vertaling gebruik is. Die volgende afkortings is gebruik: RSV (Revised Standard Version), AV (Authorised Version), NSRV (New Standard Revised Version), NAB (New Amplified Bible), JPS (Jewish Publication Society Old Testament) en OAV (Ou Afrikaanse Vertaling). Die rekenaarprogram wat gebruik is vir die Hebreeuse en Griekse tekste verskil van die Hebreeuse en Griekse leestekens soos aangetoon in die gedrukte Bybelteks. Vir die korrekte Hebreeuse en Griekse teks moet die ernstige taalstudent die tekste eerder in die Hebreeuse en Griekse Bybels kontroleer.

# 2. DIE VERSTAAN VAN רוח יהוה DEUR OU-TESTAMENTIESE TEOLOË SEDERT DIE EERSTE WÊRELDOORLOG.

## 2.1 AGTERGROND

Hoe moet die Ou Testamentiese begrip רוח יהוה verstaan word? Word dit verstaan as 'n onafhanklike persoon, 'n hipostase, die derde persoon van die goddelike Drie-eenheid, 'n goddelike attribuut, God self of as 'n krag wat van God uitgaan?

Koehler (1953:111) maak die volgende stelling: *"The differentiation is always in attribute; there is not (yet) any question of individualization of spirit. The pneumatology of the Old Testament is therefore an unsolved problem. There is not sufficient material on which to work, and therefore there can be no satisfactory insights into the question."*

Die beantwoording van bogenoemde vraag hang daarvan af of jy 'n Ou-Testamentiese Teologie skryf of 'n Christelike Teologie van die Ou Testament. Daar is 'n groot verskil tussen bogenoemde twee teologië. Deist (1994:165 ) sluit hierby aan as hy die bewering maak dat die konsep "Ou Testament" (oftewel die "ou verbond") nie na 'n teks verwys nie, maar na 'n (Christelike) teologiese konsep, oftewel 'n hermeneutiese of geloofsinge-steldheid, teenoor die voor-Christelike Israelities-Joodse tradisie. Reif (1998:144) beskryf bogenoemde hermeneutiese probleem soos volg: "Die Bybel bestaan uit die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die Ou Testament se geldigheid word deur die ver-vulling in die Nuwe Testament bekragtig. Beide vorm 'n integrale deel van die Bybel en moet as sulks na hulle eie aard verstaan en geïnterpreteer word."

Davidson (1904:127) sluit by hierdie siening aan as hy skryf: *"The language used ... might be used, and no doubt is now used, to express the conception of the Spirit as a distinct person. But ... it is doubtful if any passage of the Old Testament has this sense, if by the sense of the Old Testament we mean the sense intended by the writers of the Old Testament."*

Hierdie studie wil die oorspronklike bedoeling van die Ou-Testamentiese skrywers navors en so bepaal wat hulle siening is ten opsigte van die רוח.

Voordat die begrip רוח ondersoek kan word, moet vasgestel word hoe Ou-Testamentiese teoloë die begrip histories geïnterpreteer het. Vanweë die feit dat die navorsingsveld so wyd is, sal slegs gefokus word op enkele Ou-Testamentiese teoloë wat na die Eerste Wêreldoorlog teologieë gepubliseer het.

Die keuse van die ondergenoemde Ou-Testamentiese teoloë is gemaak op grond van die akademiese invloed wat hulle op die Ou-Testamentiese vakgebied gehad het.

## 2.2. OU-TESTAMENTIESE TEOLOGIEË GEPUBLISEER NA DIE EERSTE WÊRELDOORLOG.

### 2.2.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die teologieë van Walther Eichrodt (1933, 1935), Theodorus C. Vriezen (1949), Paul Heinisch (1955), Gerhard von Rad (1957, 1960), Edmond Jacob (1958), Walther Zimmerli (1978), Claus Westermann (1978) en Dietrich Preuss (1991).

Die werkswyse wat gevolg gaan word, is die volgende: (i) 'n Kort historiese blik oor die skrywer sal gegee word, (ii) die skrywer se interpretasie van רוח sal ontleed word en (iii) 'n kritiese evaluering van die skrywer se siening sal aan die einde gedoen word.

### 2.2.2. EVALUERING VAN VERSKEIE OU-TESTAMENTIESE TEOLOË

#### 2.2.2.1. W. EICHRODT: OLD TESTAMENT THEOLOGY

Walter Eichrodt is in 1890 in Duitsland gebore. Volgens Ollenburger (1992:59) het Otto Procksch 'n groot invloed op Eichrodt se siening van die Ou Testament gehad gedurende sy studentejare aan die Universiteit van Erlangen (1915-1921). In 1921 word hy beroep na die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Basel (1921–1966). Eichrodt het hom daarvoor beywer om Ou-Testamentiese teologie te bewaar as 'n historiese dissipline: "'n dissipline wat die wesenskenmerke van Israel se geloof ondersoek en nie net die ontwikkeling daarvan nie." Hy beskryf sy siening soos volg: *"If it is followed by a new concept of the essential nature of true historical study, Old Testament theology could be genuinely historical, without falling into the tyranny of historicism."* (Eichrodt, 1961:31.)

Eichrodt (1961:11) is oortuig daarvan dat die sentrale waarheid in Israel se voortbestaan die verbond was – hy baseer dan ook sy totale teologie op die verbond. Die verbond bepaal Israel se unieke verhouding met God: *"... covenant was a dynamic concept, not a static or dogmatic one: It is the typical description of a living process."* (Eichrodt, 1961:18.)

In hierdie proefskrif is die Engelse uitgawes van sy tweedelige *"Theologie des Alten Testaments"* gebruik.

Eichrodt gee redelik aandag aan die teologiese begrip רוח יהוה. In Volume II, Part Two: God and World (1967:5) Hoofstukke XIII en XIV behandel hy die begrip רוח יהוה onder die opskrif: "The Cosmic powers of God".

**(a.) DIE GEES VAN GOD AS DIE LEWENSBEGINSEL**

Volgens Eichrodt (1967:46) is die רוח יהוה die besondere medium waardeur God by sy Verbondsvolk betrokke is. Net soos die wind en asem van die mens/dier misterieus is, so ook die רוח יהוה. Vir die klassieke Jood het hierdie misterie gelei tot die verstaan van God se nabyheid en sy handelinge met hulle. Net soos die mens die lewe van God ontvang het, omdat God die lewensasem in die mens ingeblaas het, so kan die mens bly voort-bestaan omdat die רוח nie van hom weggeneem word nie.

Ps 143:7

7 מהר ענני יהוה כלתה רוחי אל-תסתר פניך ממני ונמשלתי
עם-ירדי בור

7 Verhoor my tog gou, HERE: ***my gees*** beswyk! Verberg u aangesig nie vir my nie, sodat ek nie word soos hulle wat in die kuil neerdaal nie (OAV).

Volgens Eichrodt (1967:48) sterf mens of dier as God die רוח van hulle wegneem.

Ps 104:29

29 תסתיר פניך יבהלון תסף רוחם יגועון ואל-עפרם ישובון

29 Maar as U u terugtrek, is dit klaar met hulle, as U ***hulle asem*** wegneem, is hulle dood en word hulle weer stof.

**(b.) DIE GEES VAN GOD AS INSTRUMENT VAN DIE HEILSGESKIEDENIS**

Volgens Eichrodt (1967:50) was God se heilshandelinge in die Ou Testament nie net beperk tot groot geïsoleerde insidente nie, maar ook in die roeping en toerusting van mense om sy verbondsvolk deur woord en daad te lei en te red. God het hierdie persone geroep en deur sy רוח bekragtig vir hulle Godgegewe taak – "... *they all occurred in the service of the establishment of the kingdom of God in Israel."* (Eichrodt, 1967:51.)

Rigt 6:34

34 ורוח יהוה לבשה את-גדעון ויתקע בשופר ויזעק אביעזר אחריו

34 ***Die Gees van die Here*** het vir Gideon in besit geneem, en hy het die ramshoring geblaas en die Abiësriete opgeroep om hom te volg.

1 Sam 10:6

6 וצלחה עליך רוח יהוה והתנבית עמם ונהפכת לאיש אחר

6 ***Dan sal die Gees van die Here*** kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

**(c.) DIE GEES VAN GOD AS DIE VOLMAAKTE KRAG VAN DIE NUWE ERA**

Die רוח יהוה word vanaf die sewende en agste eeu anders beskou. Die רוח het hom aan die volk onttrek, en die רוח יהוה word nou beskou as die krag van die goddelike natuur en nie meer net as 'n krag wat van God uitgegaan het nie (Eichrodt, 1967:57).

Jes 30:1

1 הוי בנים סוררים נאם-יהוה לעשות עצה ולא מני ולנסך מסכה
ולא רוחי למען ספות חטאת על-חטאת

1 Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat 'n plan uitvoer, maar dit is nie ***uit My nie***; wat 'n verbond sluit, en dit is nie ***uit my Gees nie***, om sonde op sonde te stapel.

Eichrodt (1967:55) baseer bogenoemde stelling op die sinonieme parallelisme wat in die vers voorkom, naamlik לא מני (uit My nie) en לא רוחי (uit my Gees nie). In hierdie konteks verwys רוח na waarheid, suiwerheid en geregtigheid as karaktereienskappe van God.

Volgens Eichrodt (1967:59) het die bemagtiging van die רוח so verander dat dit nie meer tydelik van aard is soos in die tyd van die charismatiese leiers en profete nie. Die nuwe lewe deur die רוח is 'n lewe in die nabyheid van die Verbondsgod, en daarom oefen die רוח 'n permanente invloed op die mens uit.

**(d.) GOD SE GEES AS DIE KRAG WAARUIT DIE VOLK LEEF**

Bogenoemde verandering in die siening rakende die bekragtiging deur die רוח en die volk se vorige ervaring met die רוח lei tot 'n nuwe interpretasie. Eichrodt (1967:60) som dit soos volg op: *"the Spirit of God is made markedly independent, so that it can now be portrayed as a so-called hypostasis, that is to say, a separate entity which acts of its own motion, and is of itself concerned with human affair".*

Die רוח het in die kader van die verbond as 'n openbaringsmedium van God gefunksioneer. As hipostase neem die רוח nou 'n tussengangersplek in tussen God en sy volk. So verkry die רוח deel aan die heiligheid van God. Die רוח word nou God se Heilige Gees.

Ps 51:13

13 אל-תשליכני מלפניך ורוח קדשך אל-תקח ממני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en ***u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

Jes 63:10

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het **sy Heilige Gees** bedroef,

daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

Die mens se verhouding met die רוח bepaal sy verhouding met God; ongehoorsaamheid aan die רוח lei tot die רוח se ontrekking aan die mens, en dit lei tot die dood (Eichrodt, 1967:60).

#### 2.2.2.1.1. SAMEVATTING VAN W. EICHRODT SE רוח-SIENING

Eichrodt beskou die רוח aanvanklik as 'n krag wat van God uitgaan. God het deur hierdie krag sy teenwoordigheid as Verbondsgod aan Israel bevestig. Eichrodt is die Ou-Testamentikus wat sonder skroom verklaar dat die רוח 'n onafhanklike goddelike entiteit (hipostase) geword het wat selfstandig gehandel het, deel gekry het aan die heiligheid van die Verbondsgod en so God se Heilige Gees in die Ou Testament geword het.

### 2.2.2.2. TH.C. VRIEZEN: HOOFDLIJNEN DER THEOLOGIE VAN HET OUDE TESTAMENT

Ollenburger (1992:79) beskryf Theodorus C. Vriezen se lewenskets soos volg: Hy is in die jaar 1899 in Dinxperlo, Nederland, gebore. Hy het aan die Universiteite van Utrecht, Leiden en Groningen studeer. Tussen 1925 en 1929 was hy 'n leraar van die Hervormde Kerk van Nederland in Tubbergen en Sittard, en in 1929 het hy professor geword by Den Haag (1929-1941). In 1941 het hy as professor in Ou Testament klas begin gee aan die Universiteit van Groningen (1941-1957). Vanaf 1958 was hy aan die Universiteit van Utrecht verbonde tot met sy aftrede. Hy sterf in 1981.

Vriezen se boek "Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament" (1949) het 'n pastorale fokus gehad. Dit was bedoel as 'n hulpbron vir post-Wêreldoorlog II-teoloë en jong teologiese studente om die Ou Testament te verstaan. Twee groot temas oorheers die denke van hierdie boek: Die eerste tema is die eenheid van die Ou Testament – wat gesetel is in die verhouding tussen God en sy volk. Die wisselwerking tussen God en sy volk is vir Vriezen die sentrale fokuspunt van Ou-Testamentiese teologie. Die tweede tema is die sentrale plek van die Ou Testament in die Christelike kerk - die outoriteit (gesag) en gebruik van die Ou Testament in die kerklike wêreld.

Watter plek gee Vriezen aan רוח יהוה in die Ou Testament?

Vriezen bespreek die teologiese begrip רוח יהוה in die tweede hoofdeel in sy boek, "De inhoud der oudtestamentische theologie", Hoofstuk 7: "Het verkeer van God en mens", die eerste paragraaf: "De openbaring Gods".

Volgens Vriezen (1977:228) wil God aktief betrokke wees by sy volk se geskiedenis, en daarom *"oefent Hij reële gemeenschap met hem, door zijn Geest in hem te geven en hem aldus in staat te stellen door de Geest zijn werk te doen..."* Die wyse waarop God dus 'n kommunikatiewe verhouding met sy volk in stand hou, is deur die רוח יהוה. Die רוח יהוה is die wyse waarop God by sy volk betrokke is (Vriezen, 1977:229). Die רוח stel die mens geheel en al in diens van God en maak die mens bekwaam om God se wil uit te voer. Die רוח berei die volk voor op God se openbaring en lei hulle om deur woord en daad God se wil te doen.

Die רוח bewerk 'n onmiddellike verhouding tussen God en die volk. Hierdie verhouding kan op verskillende lewensterreine ontstaan – dit kan geestelik wees maar ook biologies. Die רוח יהוה bewerk 'n persoonlike handeling en word nooit die permanente eiendom van 'n mens nie. Deur die werking van die רוח יהוה ontstaan daar 'n band, 'n eenheid tussen God en die mens. Die רוח יהוה beklemtoon juis bovermelde paradoksale verhouding tussen God en mens – *"... zij kan de eenheid van beiden laten functioneren en tegelijk de beide partners uit elkaar houden".* (Vriezen, 1977:230.) Vriezen wys daarop dat die charismatiese karakter van die רוח יהוה voorop staan.

Die algemene verstaan van רוח het verskeie betekenismoontlikhede: wind, asem, hartstog, gedagtes en selfs emosies. Vir hierdie studie is die verhouding tussen God en die רוח die primêre fokuspunt, en daarom sal daar meer gefokus word op Vriezen se teologiese verstaan van die רוח יהוה.

Die dinamiese van רוח staan sterk op die voorgrond, hetsy as uiterlike krag of as sterk innerlike werking. Die רוח יהוה kan as 'n magtige stormwind optree, maar ook as 'n bruisende krag wat mense besiel om kragtige dade te verrig.

Op verskeie terreine het die Ou-Testamentiese volk die רוח יהוה ervaar. As lewende wesens het hulle die lewensbeginsel uit die hand van God deur die רוח יהוה ontvang. Hulle asemhaling is die רוח, en selfs deur die wind te ervaar het hulle die רוח יהוה beleef. Deur die geskiedenis en in mense se lewens het God sy aktiewe teenwoordigheid bevestig deur die werking van die רוח יהוה (Vriezen, 1977:231). Die רוח יהוה as *"extensio"* van God plaas die mens in 'n besondere verhouding tot God sonder om die mens te vergoddelik. Die verskillende werkinge van die רוח יהוה het nie gelyktydig in dieselfde tydsfeer plaasgevind nie, maar ontwikkel in sy openbaring soos die geskiedenis van God se volk voortgesnel het. In die oudste periode van Israel se geskiedenis was die werking van die רוח יהוה gerig op die bemagtiging van leiers, terwyl die werking van die רוח יהוה tydens die ballingskap weer meer reinigend van aard was. Die oudste verhale oor die werking van die רוח יהוה, die Rigtertyd, fokus op twee aspekte van רוח: Eerstens die bemagtiging van die charismatiese leiers en tweedens op die optrede van die ekstatiese profete.

### (a.) DIE BEMAGTIGING VAN DIE CHARISMATIESE LEIERS EN DIE EKSTATIESE PROFETE

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן יהוה

בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 Die ***Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

1 Samuel 10:6

6 וצלחה עליך רוח יהוה והתנבית עמם ונהפכת לאיש אחר

6 Dan sal die ***Gees van die Here*** kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

**(b.) רוח IN DIE KLASSIEKE PROFETIESE TYDPERK**

In die tydperk van die klassieke profete word daar min melding gemaak van die werking van die רוח יהוה (Vriezen,1977:232).

Miga 3:8

8 ואולם אנכי מלאתי כח את-רוח יהוה ומשפט וגבורה להגיד ליעקב

פשעו ולישראל חטאתו

8 Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die ***Gees van die Here***, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.

Die werking van die רוח kom meermale in Esegiël tydens die klassieke profetetydperk voor, maar dan uitgedruk in die liggaamlike verplasing van die profeet (Vriezen,1977:232).

Eseg 3:12

12 ותשאני רוח ואשמע אחרי קול רעש גדול ברוך כבוד-יהוה ממקומו

12 ***Die Gees*** het my opgetel, en toe hoor ek agter my die gedreun van 'n groot aardbewing en 'n stem: "Die hemel self moet die magtige verskyning van die Here loof!"

Die klassieke profeet Hosea staan by uitnemendheid bekend as die man van die "*gees*".

Hosea 9:7

7 באו ימי הפקדה באו ימי השלם ידעו ישראל אויל הנביא משגע

איש הרוח על רב עונך ורבה משטמה

7 Die tyd van straf het aangebreek! Die tyd van afrekening het gekom! Israel sal dit besef. Is die profeet dwaas? Is die man wat deur ***die Gees*** in besit geneem is, waansinnig? Hy is so omdat jou sonde so groot is en omdat jy so vyandig is teen hom.

**(c.) רוח IN DIE VOOR-EKSILIESE TYDPERK**

In die voor-eksiliese tyd word die profetiese woord deur רוח in slegs twee gevalle genoem (Vriezen,1977:232.), naamlik in Num 24 en 1 Kon 22:19-25. Die handelinge

van die רוח in hierdie tydperk word veel meer in verband gebring met ekstatiese optredes.

1 Kon 22:21-22

21 ויצא הרוח ויעמד לפני יהוה ויאמר אני אפתנו

21... totdat die gees vorentoe kom en voor die Here gaan staan en gesê het: "Ek sal hom so ver kry."

**(d.) רוח IN DIE NA-EKSILIESE TYDPERK**

In die na-eksiliese tydperk is dit anders soos dit blyk uit die Deuteronomiese geskiedskrywing. In hierdie tydperk word die handeling van die רוח en die profetiese woord direk met mekaar in verband gebring (Vriezen,1977:232).

2 Kron 20:14-15

14...היתה עליו רוח יהוה בתוך הקהל

15 ויאמר הקשיבו כל-יהודה וישבי ירושלם והמלך יהושפט כה-אמר יהוה לכם אתם אל-תיראו ואל-תחתו מפני ההמון הרב הזה כי לא לכם המלחמה כי לאלהים

14 Toe kom ***die Gees van die Here*** daar in die gemeente ...

15 en sê: "Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God."

Die werking van die רוח is tot in Esegiël se tyd baie nou in verband gebring met natuurverskynsels. Volgens Vriezen (1977:233) het die רוח אלהים die oervloed (תהום) onder beheer gebring in Gen 1:2. Die רוח het egter geen selfstandige rol in die skepping gespeel nie.

Vriezen (1977:233) stel dit baie pertinent dat die רוח nêrens in die Ou Testament as 'n selfstandigheid of as 'n hipostase optree nie. Volgens hom is die רוח 'n goddelike gawe aan mens en dier gegee wat na hulle dood na God terugkeer. Hier sien hy die רוח as 'n lewenskrag.

Pred 12:7

7 וישב העפר על-הארץ כשהיה והרוח תשוב אל-האלהים אשר נתנה

7 die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was,

en ***die gees*** na God terugkeer wat dit gegee het.

**(e.) רוח IN DIE PRIESTERLIKE GESKRIFTE**

Behalwe as krag, ekstase en lewenskrag gee die רוח ook wysheid.

Hierdie nuanse kom in die latere geskrifte (Priesterlike geskrif, Eks 31:1-6, Eks 28:3) meer voor as in die voor-eksiliese tyd waar daar slegs in Jes 11:2 en Gen 41:38 na die רוח en wysheid verwys word.

Gen 41:38

38 ויאמר פרעה אל-עבדיו הנמצא כזה איש אשר רוח אלהים בו

38 Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: "Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie ***die Gees van God*** is?" (OAV.)

Eks 28:3

3 ואתה תדבר אל-כל-חכמי-לב אשר מלאתיו רוח חכמה ועשו
את-בגדי אהרן לקדשו לכהנו-לי

3 Jy moet ook spreek met almal wat kunsvaardig is, wat Ek met ***die gees*** van wysheid vervul het, dat hulle vir Aäron klere maak, om hom te heilig, dat hy vir My die priesteramp kan bedien (OAV).

**(f.) רוח EN DIE ESKATOLOGIESE TYDPERK**

Volgens Vriezen (1977:234) speel die רוח 'n besonder belangrike rol in die heilsverwagting van die Ou Testament. Die heilstyd sal deur die werking van die רוח in vervulling gaan. Die רוח יהוה sal die wêreld verander, die רוח sal mense se innerlike houding nuut maak. Elke profeet het die heilstyd op 'n ander manier voorgestel. Jesaja beskou die Messiaanse vors as die draer van die רוח יהוה by uitnemendheid; die רוח bemagtig die Messias met al die gawes wat Hy nodig het om sy taak te verrig, onder andere wysheid, raad, krag en eerbied vir God.

Jes 11:1-2

1 ויצא חטר מגזע ישי ונצר משרשיו יפרה
2 ונחה עליו רוח יהוה רוח חכמה ובינה רוח עצה וגבורה רוח דעת
ויראת יהוה

1 Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; 2 en op Hom sal die ***Gees van die HERE*** rus, die ***Gees*** van wysheid en verstand, die ***Gees*** van raad en sterkte, die ***Gees*** van kennis en van die vrees van die HERE (OAV).

Vriezen (1977:234) is van mening dat Esegiël die werking van die רוח weer anders beskou, naamlik dat die רוח 'n groot verandering in mense se harte sal meebring sodat hulle volgens God se wil sal leef – die sogenaamde herskeppende lewensbeginsel.

Eseg 11: 19

19 ונתתי להם לב אחד ורוח חדשה אתן בקרבכם והסרתי לב

האבן מבשרם ונתתי להם לב בשר

19 En Ek sal hulle een hart gee, en 'n ***nuwe gees*** in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee.

Volgens Vriezen (1977:234) kondig die profeet Joël die heilstyd in uitbundige ekstaties-profetiese styl aan.

Joel 2:28

28 והיה אחרי-כן אשפוך את-רוחי על-כל-בשר ונבאו
בניכם ובנותיכם זקניכם חלמות יחלמון בחוריכם חזינות יראו

28 Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek ***my Gees*** laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien.

Op watter manier ook al, die profete het 'n radikale wending voorsien in die heilstyd wat direk gekoppel is aan die werking van die רוח יהוה (Vriezen,1977:235).

### (g.) רוח IS GOD SELF

In die heilstyd, na-eksilies, word die werking van die רוח יהוה direk gelyk gestel aan die werking van God self.

Sag 4:6

6 ויען ויאמר אלי לאמר זה דבר-יהוה אל-זרבבל לאמר לא בחיל
ולא בכח כי אם-ברוחי אמר יהוה צבאות

6 Toe sê hy vir my: "Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur ***my Gees***, sê die Here die Almagtige."

### 2.2.2.2.1. SAMEVATTING VAN TH.C. VRIEZEN SE רוח-SIENING

Vriezen beskou die רוח יהוה nie as 'n selfstandigheid of hipostase naas of buite God nie. Vir hom is die רוח יהוה dieselfde as God. Die רוח gaan direk van God uit en is direk aan God verbonde. Die רוח יהוה het in die verskillende tydperke van Israel se bestaan op verskillende wyses gewerk – as krag, as die lewensbeginsel, as ekstatiese mag, as wysheid en ook as 'n sinonieme parallelisme vir God.

### 2.2.2.3. PAUL HEINISCH: THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT

Die "Theology of the Old Testament" is 'n uitbreidingsbundel van Dr. Paul Heinisch se monumentale werk "History of the Old Testament" wat in 1952 verskyn het. Hierdie twee bundels was deel van die Bonnerbybel wat deur Peter Hanstein in Bonn, Duitsland, gepubliseer is. Heinisch se bundel word uitgebrei deur drie standaardartikels van die Pouse Leo XIII, Benedictus XV en Pius XII.

Heinisch (1955:115) bespreek die “spirit of Yahweh” breedvoerig in Hoofstuk 1, die twintigste paragraaf, van sy teologie. Volgens Heinisch moet die term רוח verstaan word vanuit die handelinge wat in die Ou Testament aan die רוח toegeken word. Volgens Heinisch (1955:115) gebruik die Psalmis dikwels die tema רוח as die krag van God wat in die wêreld tot uitdrukking kom.

**(a.) רוח AS LEWEGEWENDE KRAG**

Psalm 104:30

30 תשלח רוחך יבראון ותחדש פני אדמה

30 U stuur ***u Gees*** uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut (OAV).

Alles in die wêreld kan bly voortbestaan omdat God sy lewegewende asem רוח gestuur het. God se skepsels sterf sodra Hy רוח na Hom toe terug roep.

Psalm 104:29

29 תסתיר פניך יבהלון תסף רוחם יגועון ואל-עפרם ישובון

29 U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem ***hulle asem*** weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.

Die term רוח יהוה kom nie in die verhaal van die ses skeppingsdae voor nie omdat alles deur die Woord van God geskape is, maar daar was volgens Heinisch (1955:115) vir die Hebreeussprekende mens geen duidelike onderskeid/verdeling tussen woord en gees nie. Op grond hiervan kan die Psalmis skrywe:

Psalm 33:6

6 בדבר יהוה שמים נעשו וברוח פיו כל-צבאם

6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur ***die Gees*** van sy mond hulle hele leër (OAV).

Hier word “woord” en רוח as ’n sinonieme parallelisme gebruik; in Babilonies word רוח ook as ’n sinoniem vir woord gebruik. Die ganse skepping, alles wat lewe, het hulle voort-bestaan te danke aan die רוח יהוה (Heinisch,1955:115).

**(b.) רוח IN DIE GESKIEDENIS VAN ISRAEL**

Volgens Heinisch (1955:116) het die רוח “n belangrike rol in die geskiedenis van die volk Israel gespeel. God het sekere persone met die רוח bemagtig om Israel te red (oorlogsituasies) vanuit hulle sonde (wegdwaling van God). Hierdie רוח het die rigters in oorlogsituasies tot oorwinnings aangespoor.

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן יהוה
בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 Die ***Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

Volgens Heinisch (1955:117) het die רוח יהוה sekere persone tydelik bemagtig om sekere spesialisambagte te beklee, byvoorbeeld die ambagsmanne wat die tabernakel help bou het.

Eks 31:3

3 ואמלא אתו רוח אלהים בחכמה ובתבונה ובדעת ובכל-מלאכה

3 Ek het hom toegerus met ***my Gees*** sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen (NAV).

of

3 Ek het hom vervul met ***die Gees van God***, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk (OAV).

Heinisch (1955:116) meld ook dat die רוח persone metafisies verplaas het van een plek na 'n ander, en dan verwys hy spesifiek na Elia en Esegiël.

Eseg 37:1

1 היתה עלי יד-יהוה ויוצאני ברוח יהוה ויניחני בתוך הבקעה
והיא מלאה עצמות

1 Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die ***Gees van die Here*** uitgebring en neergesit binne-in 'n laagte. Die laagte was vol bene.

Die רוח het persone ook bemagtig om as ekstatiese profete op te tree, onder andere die sewentig oudstes wat Moses moes help regeer; ook vir Bileam en die profete in Samuel se tyd, selfs vir koning Saul en van sy diensknegte (Heinisch,1955:116).

Num 11:25

25 וירד יהוה בענן וידבר אליו ויאצל מן-הרוח אשר עליו ויתן
על-שבעים איש הזקנים ויהי כנוח עליהם הרוח ויתנבאו ולא יספו

25 Die Here het toe in die wolk afgekom, met Moses gepraat en 'n deel van die ***Gees*** wat op Moses was, op die sewentig laat kom. Toe die ***Gees*** op hulle kom, het hulle as profete begin optree, maar daarna nie meer nie.

Num 24:2-3

2 וישא בלעם את-עיניו וירא את-ישראל שכן לשבטיו ותהי עליו רוח אלהים ...

2 en toe hy opkyk en die stamme van Israel langs mekaar sien woon, het die ***Gees van God*** oor hom gekom, 3 en toe kom Bileam met hierdie uitspraak: “Die openbaring aan Bileam seun van Beor, die openbaring aan 'n man wie se oë geopen is...”

1 Sam 19:20

20 וישלח שאול מלאכים לקחת את-דוד וירא את-להקת הנביאים נבאים ושמואל עמד נצב עליהם ותהי על-מלאכי שאול רוח אלהים ויתנבאו גם-המה

20 Daarop stuur Saul boodskappers om Dawid gevange te neem. Toe hulle die groep profete sien wat besig was om as profete op te tree onderwyl Samuel hulle voorgaan, het die ***Gees van God*** oor die boodskappers van Saul gekom, en hulle het self ook begin om as profete op te tree.

Eseg 8:3

3 וישלח תבנית יד ויקחני בציצת ראשי ותשא אתי רוח בין הארץ ובין השמים ותבא אתי ירושלמה במראות אלהים אל פתח שער

הפנימית הפונה צפונה אשר שם מושב סמל הקנאה המקנה

3 Hy het iets uitgesteek wat soos 'n hand gelyk het en my aan my hare gevat: ***die Gees*** het my in die lug opgetel en my na Jerusalem toe gebring. Dit het gebeur in die gesig wat van God af gekom het. Hy (***Die Gees***) het my gebring na die ingang van die poort aan die binnekant, die een wat na die noorde toe kyk, daar waar die afgodsbeeld gestaan het wat soveel heftige toorn veroorsaak het.

Volgens Heinisch (1955:117) het God ook persone as profete geroep en hulle toegerus met die רוח om as profete te midde van sy volk op te tree. Hy verwys nie net na die bekende profete nie, maar klassifiseer Josef, Bileam, Dawid, Elia, Elisa, Asarja seun van Oded, Jagasiël seun van Sagaria, Sagaria seun van die priester Jojada en Daniël as persone wat deur die רוח bemagtig is om as profete op te tree.

2 Kron 24:20

20 ורוח אלהים לבשה את-זכריה בן-יהוידע הכהן ויעמד מעל לעם
ויאמר להם כה אמר האלהים למה אתם עברים את-מצות יהוה
ולא תצליחו כי-עזבתם את-יהוה ויעזב אתכם

20 Die ***Gees van God*** het vir Sagaria seun van die priester Jojada in besit geneem. Sagaria het voor die volk gaan staan en vir hulle gesê: "So sê God: Waarom oortree julle die gebooie van die Here? Dit sal nie met julle goed gaan nie. Omdat julle die Here verlaat het, sal Hy julle verlaat."

Volgens Heinisch (1955:117) is al die profete deur die רוח bemagtig om God se woord duidelik en ondubbelsinnig aan die volk te verkondig.

Neh 9:20

20 ורוחך הטובה נתת להשכילם ומנך לא-מנעת מפיהם
ומים נתתה להם לצמאם

20 U het u ***goeie Gees*** gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir hulle water gegee vir hulle dors.

Heinisch (1955:118) belig 'n baie interessante feit aangaande die bemagtiging deur die רוח. Nie almal wat deur die רוח bemagtig is, leef 'n Geesvervulde en Godvresende lewe nie. Hy verwys spesifiek na Gideon, Jefta, Simson, Saul en Dawid. Hy beskryf dit soos volg: *"The spirit of God did not in every instance effect an interior change, even though it enabled the judges to perform acts which strengthened popular faith in God's power and providence, thereby preserving Mosaic religion."*

Volgens Heinisch (1955:118) sal bogenoemde menslike verharding (error) verbreek word. Mense sal 'n hartsverandering ondergaan deur die werking van die רוח in die Messiaanse tyd – nie net van Israel nie maar van die hele wêreld.

Jes 44:3-5

3 כי אצק-מים על-צמא ונזלים על-יבשה אצק רוחי על-זרעך
וברכתי על-צאצאיך

3 Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal ***my Gees*** uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.

In al bogenoemde verwysings deur Heinisch is dit duidelik dat die רוח aan יהוה behoort en deur Hom gestuur en beheer word (Heinisch 1955:118). Volgens Heinisch is daar 'n baie duidelike onderskeid te tref tussen God en רוח. As die Bybelskrywers

רוח as 'n onafhanklike persoon beskou het, sou hulle baie moeilik frases soos die volgende gebruik het:

Num 11:17

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן הרוח אשר עליך
ושמתי עליהם ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Ek sal dan afkom en daar met jou praat, en Ek sal van die ***Gees*** wat op jou is, op hulle laat kom. Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie.

**(c.) רוח 'N KRAG WAT VAN GOD UITGAAN**

Die רוח in die Ou Testament is 'n krag wat van God uitgaan wat lewe wek, persone bemagtig, fisiese krag genereer, mense tot nuwe insigte lei en persone weldade laat verrig (Heinisch,1955:119). Heinisch wys daarop dat die רוח in sommige tekste gepersonifieer is – my gees, sy gees, u gees (1955:120).

Psalm 143:10

10 למדני לעשות רצונך כי-אתה אלוהי רוחך טובה תנחני
בארץ מישור

10 Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat ***u goeie Gees*** my op 'n gelyk pad lei.

Jes 63:10

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא
נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het ***sy Heilige Gees*** bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

Volgens Heinisch (1955:120) kan bogenoemde teks en Nehemia 9:19-20 dit laat lyk asof die רוח 'n definitiewe eiesoortige onafhanklike bestaan naas God gevoer het, maar al wat die tekste wil sê, is dat die volk God teleurgestel het en dat Moses deur God bemagtig, bekragtig en gelei is.

Neh 9:20

20 ורוחך הטובה נתת להשכילם ומנך לא-מנעת מפיהם ומים נתתה להם לצמאם

20 U het ***u goeie Gees*** gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir hulle water gegee vir hulle dors.

#### 2.2.2.3.1. SAMEVATTING VAN PAUL HEINISCH SE רוח-SIENING

Paul Heinisch (1955:212) som sy siening van die רוח in die Ou Testament soos volg op: *"It was reserved for the New Testament to reveal the mystery of the Holy Spirit. On Pentecost Peter saw fulfilled Joel's prophecy concerning the pouring out of the spirit, and thereafter he was convinced that the spirit of God which spoke in the Old Testament through the prophets is the third Person of the Blessed Trinity. The same is proclaimed in the Creed of Constantinople: Credo in Spiritum Sanctum, qui locutus est per prophetas."*

### 2.2.2.4. GERHARD VON RAD: OLD TESTAMENT THEOLOGY

Gerhard von Rad is in 1901 in Nuremberg, Duitsland, gebore. Sy akademiese vorming vind plaas aan die Universiteite van Erlagen en Tübigen. In 1930 het hy klas begin gee in Leipzig. In 1934 aanvaar hy 'n pos aan die Universiteit van Jena en verhuis na die oorlog (1945–1949) na Göttingen. In 1949 word hy beroep na die Universiteit van

Heidelberg waar hy professor in Ou Testament bly tot met sy afsterwe in 1971 (Ollenburger, 1992:121). Volgens Hasel (1982:69) is Von Rad die skepper van 'n tradisie-historiese Ou-Testamentiese teologie wat diakronies van metode en aard is (Hasel, 1982:69). In hierdie proefskrif is die Engelse uitgawes van sy twee bundels "Theologie des Alten Testaments" gebruik.

Von Rad (1962:105) beskryf sy metode soos volg: *"The subject-matter which concerns the theologian is, of course, not the spiritual and religious world of Israel and the conditions of her soul in general, nor is it her world of faith, all of which can only be reconstructed by means of conclusions drawn from the documents: instead, it is simply Israel's own explicit assertions about Jahwe. The theologian must above all deal directly with the evidence, that is, with what Israel herself testified concerning Jáhweh and there is no doubt that in many cases he must go back to school again and learn to interrogate each document, much more closely than has been done hitherto, as to specific kerygmatic intention."*

Volgens Von Rad (1962:105) is selfs die oudste vertellings oor Jahwe histories bepaal; die naam van hierdie God word gekoppel aan die een of ander handeling in die geskiedenis. Jahwe, "wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het", is waarskynlik die oudste en die mees gebruikte belydenis oor Jahwe.

Watter plek gee Von Rad aan die begrip רוח in die Ou Testament?

Von Rad (1965:56 ) hanteer die hele begrip רוח onder die afdeling oor die profete ("prophetic office") in Volume 2 van sy Teologie. Volgens hom is die vroegste profete,

dié van die 9de eeu, se optrede deur die teenwoordigheid van die רוח gekonstitueer (1965:57). Hy verwys spesifiek na Elia en Elisa.

2 Kon 2:15

15 ויראהו בני-הנביאים אשר-ביריחו מנגד ויאמרו נחה רוח אליהו על-אלישע ויבאו לקראתו וישתחוו-לו ארצה

15 Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: "Die ***gees*** *van Elia rus nou op Elisa.*" Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

Die "besit deur", "onder beheer wees van" die רוח is deur getuies gestaaf, en dit het die profeet se roeping gewettig (1965:57). Von Rad (1965:56) wys egter daarop dat die profete van die agtste eeu, Amos - Jona, hulleself nie gesien het as draers van die רוח nie, maar eerder as verkondigers van die woord. Die verdwyning van die רוח-konsep by die agste-eeuse profete is volgens Von Rad (1965:57) 'n belangrike teologiese feit, naamlik dat die profeet van die woord baie meer op homself moes fokus en op die feit dat hy deur God geroep is om te profeteer. Hy sluit by Mowinckel (1934:199) aan deur te beweer dat die רוח-begrip die karaktertrek was van die Noord-Israelitiese profete (1965:36), en daarom kom die hele gedagte eers weer van Esegiël af by die profete voor.

Von Rad (1965:169) behandel die werking van die רוח onder die opskrif "Jahwe's Anointed Ones". In hierdie verband gee hy besondere aandag aan die werk van Jesaja (11:1-8). In die deel oor die Messiaanse leier stel Von Rad dit duidelik dat die Messiaanse heerser nie op 'n enkele "charisma" – soos dit in die verlede was – sou kon staat maak nie. 'n Volle voortgaande charismatiese beheer sou nodig wees vir sy taak.

Jes 11:2-3a

2 ונחה עליו רוח יהוה רוח חכמה ובינה רוח עצה וגבורה
רוח דעת ויראת יהוה

2 Die **Gees van die Here** sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

Von Rad (1965:169) beweer dat Jesaja van mening is dat hierdie beheer deur die רוח permanent is – nie tydelik soos in die geval van die rigters en ekstatiese profete nie. Verder blyk dit dat die profeet in sy amp ("prophetic office") deur die gawes van die רוח gelei word tot regverdige beslissings en regspraak.

Von Rad maak 'n derde keer melding van die רוח in die hoofstuk wat handel oor die agste-eeuse profete. Volgens Von Rad (1965:180) het die agtste-eeuse profete 'n sekere groep se sonde uitgewys en by implikasie van toepassing gemaak op die hele volk Israel. In hierdie dele dui רוח (in 'n genitiewe konstruksie) die negatiewe karaktertrek van die volk of groep aan wat meegebring word deur 'n invloed van buite die mens.

Hosea 4:12

12 עמי בעצו ישאל ומקלו יגיד לו כי רוח זנונים התעה ויזנו
מתחת אלהיהם

12 ... soek my volk leiding by 'n stuk hout, verwag my volk dat 'n stok dinge aan hom bekend sal maak. Omdat 'n ***hoergees*** die priesters beet gepak het en hulle aan hulle God ontrou geword het.

#### 2.2.2.4.1. SAMEVATTING VAN VON RAD SE רוח-SIENING

Von Rad beskou die רוח nie as van uitnemende belang nie, en daarom ken hy geen spesiale plek in sy teologie aan die רוח toe nie. Hy maak die werking van רוח ondergeskik aan die optrede van die profeet. Vir hom is die רוח maar net 'n krag wat van God uitgaan.

### 2.2.2.5. EDMOND JACOB: THEOLOGY OF THE OLD TESTAMENT

Volgens Ollenburger (1992:146) is Edmond Jacob in die jaar 1909 in Beblenheim, Frankryk, gebore. Sy akademiese vorming vind plaas in Strassburg, Parys en Jerusalem. Hy word in 1941 aangestel as professor in Ou Testament aan die Universiteit van Montpellier, en in 1946 aanvaar hy 'n professoraat aan die Universiteit van Strassburg. Edmond Jacob se Ou-Testamentiese Teologie verskyn in die goue eeu (1940–1960) van Ou-Testamentiese teologie. Gedurende hierdie tydperk verskyn die mees gesaghebbende Ou-Testamentiese teologieë. Hy skryf sy teologie in Frans *"Theologie de l'Ancien Testament"* in 1955. In 1958 verskyn die Engelse vertaling, wat ook in hierdie proefskrif gebruik is.

Jacob se "*Theology of the Old Testament" (1958)* vertoon sy eie unieke eienskappe – hy het hoofsaaklik gefokus op 'n bespreking oor God. God se (i) teenwoordigheid soos gemanifesteer in sy soewereiniteit en (ii) handelinge as redder het Jacob se Ou-Testamentiese teologie beïnvloed. Vir Jacob (1958:11) was die belangrikste gebeurtenis in die Ou Testament nie die verbond nie, maar die feit dat God Israel uitgekies het om in 'n spesiale verhouding tot Hom te staan.

Bogenoemde twee nou verwante temas het Jacob se teologiese denkrigting bepaal, naamlik (a) die teenwoordigheid van God – die God van die Ou Testament openbaar sy teenwoordigheid aan sy volk om sodoende erken te word as die soewereine God, en (b) die handelinge van die lewende God in die geskiedenis van Israel – die Ou Testament verduidelik nie enige idees rakende God nie maar vertel van God se handelinge in die lewens van sy kinders (Jacob, 1958:28). Sy belangrikste siening in die Godsleer is dat God nie lewe omdat Hy ewig is nie maar dat Hy ewig is omdat Hy die lewende God is. Sy idee dat God die Lewende is, impliseer dat Jahwe die Een is wat lewe gee, soos Jer 38:16 dit stel:

16 *Sedekia het toe in die geheim 'n eed afgelê en vir Jeremia gesê:* ***"So seker as die Here leef, Hy wat die lewe aan ons gee****, ek sal jou nie doodmaak nie en ek sal jou ook nie uitlewer aan die mense wat jou wil doodmaak nie."*

Volgens Jacob (1958:32) word geloof in 'n lewende God die beste weergegee deur die tegniek van antropomorfismes – menslike eienskappe wat aan God toegeken word, byvoorbeeld God praat (Gen 1:3), God hoor (Eks 16:12) en God sien (Gen 6:12). Tog het die antropomorfisme as stylfiguur ook sy tekortkominge. Volgens Jacob (1958:121) is die doel van God se handelinge om lewe te skep en te onderhou. Om hierdie doel te bereik openbaar God Hom op twee maniere: (i) deur die רוח en (ii) deur die woord. Volgens Jacob (1958:121) gaan die ooreenkomste tussen die "gees" en die "woord" terug na hulle gemeenskaplike oorsprong: *"The term רוח means originally and etymologically the 'air', which manifests itself in two forms - (a) of the wind in nature and (b) of breath in living beings. Once it became the prerogative of God, רוח threw off its material attachments though it never ceased to be an active power. Spirit and Word belong to anthropomorphic language; but since they continue to operate even as apart*

*bodies they can be regarded as independent realities more easily than the hand or face of God."*

**(a.) רוח, DIE ASEM WAT LEWE VOORTBRING**

Volgens Jacob (1958:122) gee רוח die lewe in die natuur en kan dus beskou word as die asem wat lewe voortbring; tog moet die lewe van lewende wesens nie gesien word as 'n resultaat van die wind nie. Die term רוח dui volgens Jacob (1958:122) die lewensasem aan as 'n resultaat van God se asem, byvoorbeeld Genesis 6:17; 7:15 en Rigters 15:19.

Num 16:22:

22 ויפלו על-פניהם ויאמרו אל אלהי הרוחת לכל-בשר האיש אחד
יחטא ועל כל-העדה תקצף

22 Maar Moses en Aäron het op hulle knieë geval en gebid: "O God, God wat *aan alle mense die lewe gee*, sal u toorn teen die hele gemeente ontvlam as net een mens gesondig het?"

**(b.) רוח EN יהוה — DIE EEN IS DIE ANDER**

Volgens Jacob (1958:123) is רוח by uitnemendheid God se hoofinstrument (***par excellence***) van sy openbaring en handelinge. In die agste eeu voor Christus het רוח en יהוה dieselfde realiteit aangedui. In Jes 31:3 waarsku die profeet die volk om nie hulle hoop op die militêre mag van Egipte te bou nie, maar op God te bly vertrou. In hierdie teksvers is

לא-רוח (nie gees nie) 'n sinonieme parallelisme met לא-אל (nie God nie).

Jes 31:3

3 ומצרים אדם ולא-אל וסוסיהם בשר ולא-רוח ויהוה יטה
ידו וכשל עוזר ונפל עזר ויחדו כלם יכליון

3 Ja, die Egiptenaars is mense en ***nie God nie***, en hulle perde is vlees en nie ***gees nie;*** as die HERE sy hand uitstrek, dan struikel die helper, en wie gehelp is, val; en saam gaan hulle almal te gronde.

Jacob (1958:124) stel die volgende eksegese voor: "Die terme אל en רוח wat hier parallel staan, veronderstel dat God alleen magtig en onsterflik is. Die profeet gaan egter nie so vêr soos die Nuwe Testament om God as "Gees" te skets nie, maar hy skep die verwagting dat die woord "gees" alles veronderstel wat in die woord "god" verwag word. Jahwe wat die enigste God vir Israel is, voldoen perfek aan hierdie verwagting.

Dit kan dus volgens Jacob (1958:124) duidelik gestel word dat רוח in die Ou Testament God self is in sy handelinge van genade met sy volk. Die rol van רוח in die geskiedenis word nie altyd ewe sterk en pertinent ervaar nie, maar dit kan onomwonde gestel word dat dit רוח is wat die historiese gebeure bestuur. Jacob (1958:124) is van mening dat רוח in die vroegste periode sporadies opgetree het soos dit nodig sou blyk – רוח sou onverwags sekere persone bemagtig het om 'n buitengewone opdrag vir God uit te voer, byvoorbeeld die rigters.

**(c.) רוח EN DIE PROFETE**

In die tyd van die vroeë profete het die רוח die profete bemagtig om 'n ander mens te word

(1 Sam 6:10). Die voor-eksiliese profete (van Amos af) het nooit die bemagtiging van die רוח in hulle lewens erken nie – vir hulle was dit die woord wat hulle toegerus het vir

hulle taak. Tog het die woord die bemagtiging van die רוח veronderstel. Tydens die ballingskap het die profete die inspirerende rol van die רוח erken – dit is deur die bemagtiging van die רוח dat die profete profeteer en handel (Jacob, 1958:124 e.v.).

Eseg 2:2

2 ותבא בי רוח כאשר דבר אלי ותעמדני על-רגלי ואשמע
את מדבר אלי

2 Terwyl Hy met my praat, kom die ***Gees*** in my en laat my regop staan. Ek het die stem met my hoor praat.

In die na-eksiliese tyd was dit die רוח wat die geskiedenis bepaal het deur die bemagtiging van die profete (Jacob, 1958:130).

Neh 9:30

30 ותמשך עליהם שנים רבות ותעד בם ברוחך ביד-נביאיך
ולא האזינו ותתנם ביד עמי הארצת

30 U was geduldig met hulle, baie jare lank, U het hulle gewaarsku ***deur u Gees***, deur middel van u profete, maar hulle het nie geluister nie. Toe het U hulle oorgegee in die mag van heidenvolke.

Jacob (1958:127) sluit sy deel oor die רוח soos volg af: *"Without the* רוח *– and on this point the testimony of the Old Testament is unanimous – it is not possible to have communion between God and man; but this theology of the spirit never took the form of an indefinite spiritism which would have undermined the personality of God."*

### 2.2.2.5.1. SAMEVATTING VAN JACOB SE רוח-SIENING

Vir Jacob is die term רוח in die Ou Testament nie 'n aparte en onbegrensde identiteit (derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid) nie. Vir hom is die רוח van die Ou Testament God se instrument ***par excellence*** vir sy openbaring en handelinge. Die term רוח in die Ou Testament karakteriseer dus alles wat in die woord "God" opgesluit lê. Jacob vind in die teks van 'n agtste-eeuse profeet (Jes 31:1) die bewyse van sy teorie. In hierdie teks staan die twee begrippe אל en רוח parallel teenoor mekaar en dui dus op dieselfde **identiteit**. Waar die term רוח dus gebruik word in die Ou Testament, is dit vir Jacob 'n **sinoniem vir God**.

### 2.2.2.6. WALTHER ZIMMERLI: OLD TESTAMENT THEOLOGY IN OUTLINE

Ollenburger (1992:188) som Walther Zimmerli se lewensverhaal soos volg op: Zimmerli is in 1907 in Schiers, Switserland, gebore. Hy het teologie en Semitiese tale aan die universiteite van Zürich, Berlyn en Göttingen bestudeer. In 1935 word hy na die Universiteit van Zürich beroep om Ou Testament en klassieke tale te doseer. In 1951 volg hy Gerhard von Rad op as Ou-Testamentiese professor aan die Universiteit van Göttingen. In 1972 verskyn sy "*Grundriss der Alttestamentlichen Theologie*". In 1978 verskyn die Engelse vertaling van sy werk "*Old Testament Theology in Outline*" wat ook in hierdie proefskrif gebruik is. Hy ondersteun Eichrodt, Vriezen en ander teoloë dat daar 'n sentrale tema in die Ou Testament is. Sy sentrale teologiese lyn is dat Jahwe, die God van Israel, die lewende Een, absoluut soewerein is!

Zimmerli beskryf die rol van 'n Ou-Testamentiese teologie soos volg: "Old Testament theology has the task of presenting what the Old Testament says about God as a coherent whole!" (1984:12.) Hy skryf sy teologie as 'n "regstelling" op die tradisie-histories diakroniese werke van Von Rad en Hartmut Gese (1984:243).

Die eerste keer dat Zimmerli (1984:61) melding maak van רוח is in sy hoofstuk wat handel oor gawes wat Jahwe aan sy volk gee. Dit is Jahwe wat die oorwinnings aan sy volk gee tydens veldslae – sonder uitsondering is dit sy geskenk aan sy volk (1984:61). Volgens Zimmerli neem God se handelinge in die volk se oorwinnings verskeie vorme aan. Een daarvan is *"a divine spirit grips a man and gives him the power to triumph in battle"*. Die toerusting en bemagting van die leiers was God se werk in mense. Die leiers is deur רוח bemagtig vir hulle taak. Moses is die eerste ware leier van Israel, en dit is duidelik dat hy besonder bemagtig is deur רוח.

Num 11:25

25 וירד יהוה בענן וידבר אליו ויאצל מן-הרוח אשר עליו
ויתן על-שבעים איש הזקנים ויהי כנוח עליהם הרוח ויתנבאו
ולא יספו

25 Die Here het toe in die wolk afgekom, met Moses gepraat en 'n deel van ***die Gees*** wat op Moses was, op die sewentig laat kom. Toe ***die Gees*** op hulle kom, het hulle as profete begin optree, maar daarna nie meer nie.

Die volgende leiers van die volk wat deur die רוח bemagtig word, is die rigters. Zimmerli (1984:85) verstaan hierdie רוח as die krag van God wat oor die rigter kom, die rigter voortdryf, hom/haar beklee en hulle die mag gee om spontane reddingsdade tot voordeel van Israel te verrig.

Rigt 14:19

19 ותצלח עליו רוח יהוה וירד אשקלון

19 ***Die Gees van die Here*** het vir Simson sterk gemaak, en hy is af Askelon toe.

In die totstandkoming van die monargie wys Zimmerli (1984:87) op die feit dat die koning, soos die rigters, deur רוח bemagtig word om as redder op te tree. Hy stel dit soos volg: *"As in the case of the 'deliverers' in the book of Judges, it is the spirit of God* (רוח אלהים*) – the element of divine spontaneity – that arouses the 'deliverer'."* (Zimmerli, 1984:101.)

1 Sam 11:6

6 ותצלח רוח-אלהים על-שאול בשמעו את-הדברים האלה ויחר אפו מאד

6 ***Die Gees van God*** het kragtig in Saul gewerk toe hy dit hoor, en hy het woedend geword.

Volgens Zimmerli (1984:87) word die verlosser *("deliverer")* in wie God sy behae bevestig het deur die bekragting van die רוח אלהים die eerste koning van Israel. Zimmerli (1984:101) wys duidelik daarop dat die amp van die individuele profete anders is as dié van die monarg en die priesterlike tradisie wat oorerflik was. Die profete-amp sluit nouer aan by die verlosser-/rigtertradisie, naamlik dat 'n persoon deur God gekies/geroep word tot sy amp as rigter of profeet. Die teenwoordigheid van die אלהים רוח is geen aanduiding dat die gekose profeet 'n uitnemende intellektuele briljantheid

in homself het nie. Die bemagtiging deur die רוח אלהים of רוח יהוה verwys na die dinamiese gebeurtenis wat vanuit God se genade geïnisieer word, die beheer oor die lewe van 'n profeet oorneem en hom bekragtig om dinge te doen wat rasioneel ongehoord is binne die kader van die alledaagse lewe of gegewe situasie.

2 Kon 2:16

16 ויאמרו אליו הנה-נא יש-את-עבדיך חמשים אנשים בני-חיל
ילכו נא ויבקשו את-אדניך פן-נשאו רוח יהוה וישלכהו
באחד ההרים או באחת הגיאות ויאמר לא תשלחו

16 Hulle sê toe vir hom: "Daar is vyftig dapper manne onder ons; laat hulle tog u leermeester gaan soek: dalk het die ***Gees van die Here*** hom opgelig en êrens op 'n berg of in 'n vallei neergelaat." Elisa het geantwoord: "Moet hulle nie stuur nie."

1 Sam 19:20,23-24

20 וישלח שאול מלאכים לקחת את-דוד וירא את-להקת הנביאים
נבאים ושמואל עמד נצב עליהם ותהי על-מלאכי שאול רוח אלהים
ויתנבאו גם-המה

20 Daarop stuur Saul boodskappers om Dawid gevange te neem. Toe hulle die groep profete sien wat besig was om as profete op te tree onderwyl Samuel hulle voorgaan, het die ***Gees van God*** oor die boodskappers van Saul gekom, en hulle het self ook begin om as profete op te tree.

23 וילך שם אל-נוית ברמה ותהי עליו גם-הוא רוח אלהים
וילך הלוך ויתנבא עד-באו בנוית ברמה

23 Hy het na die profetekwartiere toe gegaan in Rama, en die ***Gees van God*** het ook oor hom gekom en hy het so in die loop begin om as profeet op te tree totdat hy by die kwartiere in Rama gekom het.

Zimmerli (1984:105,229) wys ook daarop dat die profeet Joël 'n groot apokaliptiese verwagting het ten opsigte van die vervulling van Moses se wens (Num 11:29) – dat alle mense deur רוח bekragtig sal word.

Joël 3:2 (NAV: 2:29)

3:2 וגם על-העבדים ועל-השפחות בימים ההמה אשפוך את-רוחי

29 In daardie tyd sal Ek ***my Gees*** laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie.

Zimmerli (1984:195, 198, 240) behandel in sy hoofstuk "Crisis and Hope" die teologiese begrip רוח in soverre dit die toekomstige koning beskryf wat uit die stomp van Isai sou voortkom. Hierdie beeld dui duidelik op God se straf op die Dawidshuis. Nadat die straf volvoer is, sal uit dieselfde koningshuis 'n regeerder na vore kom wat oor die ware opregte gees van koningskap beskik. In hierdie regeerder sal die charismatiese gawes van wysheid, regverdigheid, raadgewing en eerbied vir God teenwoordig wees. Die herstelde paradyssituasie wat selfs die diereryk insluit, sal die lydende skepping totaal vernuwe. Die verwagting van die רוח-bemagtiging in die lewe van die "nuwe" Dawidiese koning, die kneg wat die sonde van baie sal dra, maak die Ou Testament 'n boek van hoop en verwagting – 'n boek wat oop is vir die toekoms.

### 2.2.2.6.1. SAMEVATTING VAN ZIMMERLI SE רוח-SIENING

Zimmerli (1984) beskou die רוח as die krag van God wat oor 'n persoon (leier, rigter. koning, profeet) kom, die persoon met krag beklee en hom/haar die mag gee om namens God spontane reddingsdade tot voordeel van Israel te doen. Zimmerli (1984) interpreteer die רוח *as* "the element of divine spontaneity". Dit is nie vir hom die Heilige Gees (derde persoon van die Triniteit soos in die Nuwe Testament geopenbaar is) nie.

### 2.2.2.7. CLAUS WESTERMANN: HOOFDLIJNEN VAN EEN THEOLOGIE VAN HET OUDE TESTAMENT

Ollenburger (1992:276–277) maak die volgende biografiese opmerkings oor Westermann. Claus Westermann is in 1910 gebore. Hy het aan die Universiteite van Marburg, Tübingen en Berlyn studeer. Hy behaal sy doktorsgraad aan die Universiteit van Zurich. Na sy bediening as 'n Lutherse predikant gee hy klas aan die Kirchliche Hochschule in Berlyn. In 1958 word hy aangestel as professor in Ou Testament aan die Universiteit van Heidelberg. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was hy in die Duitse weermag. As oorlogsgevangene het hy navorsing begin doen oor lofprysing in die Psalmboek.

Westermann se teologiese denke is baie na aan Von Rad se denkwyse. Tog beweeg hy verder as Von Rad deurdat hy klem lê op die sistematiese aspek van Ou-Testamentiese teologie. Die Ou Testament vertel van God se groot dade en die mens se antwoord daarop. Hy fokus op 'n Bybelse teologie wat sterk semanties dominant is. Hy volg 'n historiese benadering van wat die Bybel oor God sê en God se handelinge met die mens. In 1978 verskyn sy bekende Ou-Testamentiese Teologie *"Theologie des Alten Testaments in Grundügen"* in Duits. In 1981 word sy werk in Engels vertaal wat in

hierdie proefskrif geraadpleeg is. In 1984–1986 verskyn sy monumentale driedelige werk oor die boek Genesis.

Westermann gee in sy Ou Testamentiese Teologie by twee geleenthede aandag aan die begrip רוח. Die eerste bespreking van רוח is in Hoofstuk 2: "De reddende God en de geschiedenis". Volgens Westermann (1981(b):78) het die begrip רוח sy oorsprong in die bevrydingstyd van Israel se geskiedenis gehad. Die רוח het die deur God verkose persoon bemagtig om as verlosser op te tree en Israel van 'n vyand te bevry.

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן
יהוה בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 ***Die Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

Westermann (1981(b):79) wys daarop dat die begrip רוח baie pertinent gebruik word in verband met die charismatiese leiers, maar ook ten opsigte van die ekstatiese profete: רוח neem 'n persoon in besit en laat hom spontaan profeteer.

1 Sam 10:10

10 ויבאו שם הגבעתה והנה חבל-נבאים לקראתו ותצלח עליו
רוח אלהים ויתנבא בתוכם

10 Hulle het daar in Gibea gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. ***Die Gees van God*** het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree.

Volgens Westermann (1981(b):79) ontbreek die hele רוח-begrip in die latere Skrifprofete — hulle staan negatief teenoor die vroeëre ekstatiese profete, omdat die valse profete hulle optrede geskoei het op die optrede van die ekstatiese profete. Die Skrifprofete het meer gefokus op profesie – hulle was die boodskappers van God se woord. In die latere tydperk word die verwagte "redder" gesien as die draer van God se רוח in die heilstyd.

Jes 42:1

1 הן עבדי אתמך-בו בחירי רצתה נפשי נתתי רוחי עליו
משפט לגוים יוציא

1 Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat ***my Gees*** op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.

Volgens Westermann (1981(b):79) word die volk van God in die latere Ou-Testamentiese tyd die draer van die רוח.

Eseg 36:26.

26 ונתתי לכם לב חדש ורוח חדשה אתן בקרבכם והסרתי
את-לב האבן מבשרכם ונתתי לכם לב בשר

26 Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe ***gees*** gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

In die latere ontwikkeling van die רוח-tradisie word alle handelinge van God gesien as die werksaamhede van die רוח. Die רוח word nou 'n sinoniem/goddelike predikaat vir God self (Westermann, 1981(b):79). Westermann (1981(a):230) stel dit soos volg: *"Hier ist 'Geists' oder 'heiliger Geist' zu einem allgemeinen Gottesprädikat geworden, einem Wort, dass Gottes Gottsein unterstreichen oder betonen soll."*

Neh 9:30

30 ותמשך עליהם שנים רבות ותעד בם ברוחך ביד-נביאיך
ולא האזינו ותתנם ביד עמי הארצת

30 U was geduldig met hulle, baie jare lank, U het hulle gewaarsku deur ***u Gees***, deur middel van u profete, maar hulle het nie geluister nie. Toe het U hulle oorgegee in die mag van heidenvolke.

Ps 139:7

7 אנה אלך מרוחך ואנה מפניך אברח

7 Waarheen sou ek gaan om ***u Gees*** te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

Vir Westermann (1981(b):218) is die verhouding van die hele Ou Testament met Christus baie belangrik. Hy lê besondere klem op die samehang van die hele Ou Testament en Nuwe Testament en wys die sogenaamde belofte-vervullingskema af. Vir Westermann (1981(b):79) gaan dit oor wat gebeur. Alle vrae wat op die rand lê, is vir hom ondergeskik aan die gebeure. Westermann (1981(b):218) beskryf dit soos volg: *"De verhouding tussen beide te willen vangen in begrippen is weliswaar niet mogelijk wat het geheel betreft, maar in detailkwesies blijft de noodzaak ervan aanwezig De vraag bijvoorbeeld, hoe het Oude en hoe het Nieuwe Testament spreekt over de Geest*

*Gods, over de zonde, over vergeving: maar ook deze vragen blijven secundair ten opzichte van de vraag naar wat er gebeurd is."*

### 2.2.2.7.1. SAMEVATTING VAN C WESTERMANN SE רוח-SIENING

Westermann beskou die רוח aanvanklik as 'n krag/mag wat van God uitgaan, mense in besit neem en hulle bemagtig om diensbaar te wees in sy historiese plan. Westermann (1981(a):229) beskryf dit soos volg: *" Der Geist ist eine wunderbar wirkende Kraft."*

In die latere geskiedenis van Israel word die רוח vir hom sinoniem met God self: *"'Geist Gottes' wird jetzt fast gleichbedeutend mit 'Gott', so dass sich an vielen Sätzen gar nichts ändert, ob nun das subjekt 'Geist Gottes' oder 'Gott' ist."* (Westermann, 1981(a):229.)

Aan die einde van die Ou-Testamentiese tydperk word die רוח van die Ou Testament vir hom dieselfde as die Heilige Gees van die Nuwe Testament. Hy verwoord sy siening soos volg: *"Es genügt, dies an einem Punkt klar zu machen. Am ende der Geschichte des Wortes ruah im AT ist die Wendung 'heiliger Geist' geprägt worden."* (Westermann, 1981(a):223.)

### 2.2.2.8. HORST DIETRICH PREUSS: OLD TESTAMENT THEOLOGY

Horst Dietrich Preuss volg die tradisie van klassieke teoloë (Eichrodt en Von Rad) se werke oor Ou Testamentiese teologie. Hy formuleer 'n uitgebreide analitiese werk oor Ou-Testamentiese teologie. Hierdie werk verskyn in 1991: *"Theologie des Alten Testaments, Band 1: JHWHs erwählendes und verpflichtendes Handeln."*

Preuss formuleer sy teologie rondom die hele gedagte van God se verkiesingswerk en verbond met die mens se antwoord daarop (Preuss, 1995). Preuss was professor in Ou-Tetsamentiese studie aan die Augustana – Hochschule, Neuendettelsau, Duitsland. Preuss het baie van die Hebreeuse, Griekse en Latynse woorde onvertaald gelaat in sy werk, sodat die teoloog die oorspronklike begrip beter kon verstaan. Preuss sterf in 1993, en in 1995 verskyn die Engelse vertaling van sy teologie.

Preuss gee besonder deeglike aandag aan die teologiese begrip רוח. Dit is veral verstaanbaar vanuit sy teologiese raamwerk: "God wat die mens uitverkies." In Hoofstuk 4: "The God who elects: His names and titles. His acts and his powers of activity. Statements about His nature" bespreek hy die teologiese begrip רוח in besonderhede.

Preuss steun baie swaar op die werk van R. Albertz en C. Westermann (1976:726–753) se bespreking van die begrip רוח in hulle Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, Band II.

Die begrip רוח word 136 keer in samehang met אלהים en יהוה in die Ou Testament gebruik (Preuss, 1995:160). Van hierdie teksgedeeltes word die genitiewe konstruksie Gees van God ( רוח אלהים) sestien keer in die Hebreeuse teks en vyf keer in die Aramese teks gebruik. Die genitiewe konstruksie Gees van die Here (רוח יהוה) word agt en twintig keer gebruik. Die teologiese veronderstelling dat רוח die eie aard van God se natuur beskryf, soos in die terme van die Nuwe Testamentiese teks, Joh 4:24, "God is Gees" is volgens Preuss (1995:160) vreemd aan die Ou Testament. As 'n mens die Ou-Testamentiese stellings in verband met die begrip רוח as krag van God se handelinge wil ondersoek, kom daar volgens Preuss (1995:160) vier temas na vore.

1. Die רוח יהוה/ רוח אלהים as ad hoc-gawe van God is die manier (krag) waarop God in uitverkore mense werk tot voordeel van sy volk. Die rigters as uitverkorenes is by uitstek mense wat deur die רוח bemagtig word om uitsonderlike reddingsdade ten bate van Israel te doen. Hierdie heldedade deur gewone mense wat deur die רוח bemagtig is, het met die koms van die monargie geëindig (Preuss,1995:160).

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן
יהוה בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על
כושן רשעתים

10 Die ***Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

2. Volgens Preuss (1995:161) is die tweede kategorie van רוח in die Ou Testament God se voortgaande gawe van asem/lewe aan die mens. Die רוח is die lewensbelangrike energie waarsonder die mens onmiddellik sterf. As God sy רוח aan die mens onttrek, sterf daardie mens; daarom is die ganse lewende wêreld afhanklik van God se רוח.

Job 33:4

4 רוח-אל עשתני ונשמת שדי תחיני

4 Die ***Gees van God*** het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee.

Gen 6:3

3 ויאמר יהוה לא-ידון רוחי באדם לעלם בשגם הוא בשר והיו
ימיו מאה ועשרים שנה

3 Toe sê die Here: "***My Gees*** sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees."

3. Volgens Preuss (1995:161) is die רוח in die derde plek onontbeerlik vir die ontwikkeling van die geloofsverhaal van Israel, veral ten opsigte van die bemagtiging deur die רוח om te leef soos die uitverkore volk van God behoort te leef. Die רוח tree nou op as 'n historiese krag in Israel.

Jes 63:11, 14

11 ויזכר ימי-עולם משה עמו איה המעלם מים את רעי צאנו
איה השם בקרבו את-רוח קדשו

11 Toe het sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: Waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat ***sy Heilige Gees*** onder hulle gegee het?

14 כבהמה בבקעה תרד רוח יהוה תניחנו כן נהגת עמך לעשות
לך שם תפארת

14 Soos 'n trop beeste na 'n vallei toe afgaan, so het die ***Gees van die Here*** sy volk na 'n woonplek toe gebring, so het U u volk gelei om die roem van u Naam te vermeerder.

Preuss (1995:161) maak die stelling dat die volk Israel God se aktiewe teenwoordigheid ervaar het deur die bemagtiging van die רוח יהוה.

Sag 4:6

6 ויען ויאמר אלי לאמר זה דבר-יהוה אל-זרבבל לאמר לא בחיל

ולא בכח כי אם-ברוחי אמר יהוה צבאות

6 Toe sê hy vir my: "Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur ***my Gees***, sê die Here die Almagtige."

Die na-eksiliese geloofsgemeenskap het die Babiloniese ballingskap verstaan as 'n noodsaaklike straf op hulle ontrouheid, en uit hierdie ervaring van verskrikking herinterpreteer hulle die רוח יהוה as 'n noodsaaklike ingrype van God om die volk te verander na 'n Godvresende volk.

Ps 143: 10

10 למדני לעשות רצונך כי-אתה אלוהי רוחך טובה תנחני

בארץ מישור

10 Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat ***u goeie Gees*** my op 'n gelyk pad lei.

Selfs die Kneg van die Here en die eskatologiese Koning moes deur die רוח bemagtig word om hulle opgelegde taak ten volle te kon uitvoer.

Jes 11:2

2 ונחה עליו רוח יהוה רוח חכמה ובינה רוח עצה וגבורה רוח דעת ויראת יהוה

2 Die ***Gees van die Here*** sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

Onder hierdie kategorie ressorteer ook die twee Ou-Testamentiese tekste wat praat van die "heilige gees". Volgens hierdie twee tekste is die רוח wat van God uitgaan en die volk bemagtig, "heilig" (Preuss, 1995:162).

Ps 51:13

13 השיבה לי ששון ישעך ורוח נדיבה תסמכני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en ***u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

Die King James Version vertaal hierdie deel soos volg: "Restore unto me the joy of thy salvation; and uphold me *with **thy free spirit.***"

Jes 63:10

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het sy Heilige Gees bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

4. Preuss (1995:162) identifiseer 'n vierde רוח-kategorie. Volgens hom is die רוח "n noodsaaklike, beloofde en verwagte eskatologiese gawe van God om die volk van God en alle mense te inspireer tot die volvoering van God se heilige wil.

Jes 32:15

15 עד-יערה עלינו רוח ממרום והיה מדבר לכרמל וכרמל
ליער יחשב

15 So sal dit wees totdat ***[die] Gees*** van Bo af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word.

Preuss (1995:162) is van mening dat dit die רוח is wat mense se harte sal verander sodat hulle volgens God se wil kan lewe. Deur die teenwoordigheid van die רוח bevestig God sy getrouheid aan sy volk.

Eseg 39:29

29 ולא-אסתיר עוד פני מהם אשר שפכתי את-רוחי על-בית ישראל
נאם אדני יהוה

29 "Ek sal hulle nooit weer verwerp nie; Ek het **my Gees** uitgestort op Israel," sê die Here my God.

### 2.2.2.8.1. SAMEVATTING VAN HORST DIETRICH PREUSS SE רוח-SIENING

Preuss (1995:162) beskou die gawe van die רוח as 'n vrye gawe van God in die Ou Testament. Die persoon wat deur die רוח bemagtig word, is slegs die voertuig waardeur God sy historiese plan (leierskap, ambagte, kuns, digkuns, gevegskuns) tot volvoering bring. Volgens Preuss (1995:163) kom die meeste verwysings na רוח voor in die verhalende en vroeë profetiese tekste; dan volg die ballingskaptekste (Die deuteronomistiese geskiedskrywing, Esegiël en Deutero-Jesaja). Die na-eksiliese dele bevat minder verwysings. Die eksilies-kultiese tekste, juridiese tekste en wysheidsliteratuur bevat geen verwysings na die רוח nie. Spreuke 1:23 is 'n latere teks wat die gawes van die רוח koppel aan individuele wysheid, terwyl die boek Job slegs na die werksaamhede van die רוח verwys in soverre dit betrekking het op antropologiese verskynsels.

Preuss (1995:163) som sy verstaan van die רוח soos volg op: *"The 'spirit of YHWH' in the Old Testament is one of the active powers of God, but the Old Testament does not ascribe to this spirit an independent form or function."*

## 2.3. SAMEVATTING VAN DIE רוח-BESKOUING VAN OU-TESTAMENTIESE TEOLOË NA DIE EERSTE WÊRELDOORLOG

Die Ou Testamentiese teoloë na die Eerste Wêreldoorlog het uiteenlopende sieninge rakende die רוח יהוה. Vir Von Rad, Zimmerli en Preuss is die רוח יהוה slegs 'n krag wat van God uitgaan en nie 'n onafhanklike entiteit wat dieselfde beteken as die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie. Die רוח יהוה is vir hulle slegs die kommunikatiewe teenwoordigheid van God by sy volk.

Vriezen beskou die רוח יהוה ook nie as 'n selfstandigheid of hipostase naas of buite God nie. Vir hom beteken die רוח יהוה God self. Jacob huldig dieselfde siening. Vir hom is die term רוח in die Ou Testament nie 'n aparte en onbegrensde entiteit (derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid) nie. Die רוח van die Ou Testament is God se instrument ***par excellence*** vir sy openbaring en handelinge.

Volgens Westermann word die רוח in die latere geskiedenis van Israel 'n sinoniem vir God self: *"'Geist Gottes' wird jetzt fast gleichbedeutend mit 'Gott', so dass sich an vielen Sätzen gar nichts ändert, ob nun das subjekt 'Geist Gottes' oder 'Gott' ist."* (Westermann, 1981(a):229.) Die term רוח in die Ou Testament karakteriseer dus alles wat in die woord "God" opgesluit lê. Waar die term רוח dus gebruik word in die Ou Testament, is dit vir Jacob, Vriezen en Westermann 'n sinoniem vir God self. Westermann bou egter sy siening verder uit sodat aan die einde van die Ou Testamentiese tydperk die רוח van die Ou Testament vir hom gelyk gestel word aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament.

Westermann (1981(a):223) verwoord sy siening soos volg: *"Es genügt, dies an einem Punkt klar zu machen. Am ende der Geschichte des Wortes ruah im AT ist die Wendung 'heiliger Geist' geprägt worden."*

Heinisch sien egter in die diakroniese ontwikkeling van die teologiese inhoud van die term רוח 'n ontwikkeling in dieselfde sin as Westermann. Paul Heinisch (1955:212) som sy siening van die רוח in die Ou Testament soos volg op: *"It was reserved for the New Testament to reveal the mystery of the Holy Spirit. On Pentecost Peter saw*

*fulfilled Joel's prophecy concerning the pouring out of the spirit, and thereafter he was convinced that the spirit of God which spoke in the Old Testament through the prophets is the third Person of the Blessed Trinity. The same is proclaimed in the Creed of Constantinople: Credo in Spiritum Sanctum, qui locutus est per prophetas.*" Eichrodt kan saam met Westermann en Heinisch gereken word omdat hy die רוח beskou as 'n hipostase van God wat die Heilige Gees word.

Ten slotte: op enkele uitsonderings na - Westermann, Heinisch en Eichrodt - beskou die meeste Ou-Testamentici die רוח יהוה nie as 'n onafhanklike entiteit naas God nie, maar is dit 'n manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid. Indien daar 'n bondige samevatting gemaak kan word van die mees deurlopende interpretasie van die יהוה רוח in die Ou Testament, moet daar gekonkludeer word dat dit blyk dat die רוח יהוה in die Ou Testament God-in-aksie is of God self is en nie die Heilige Gees, derde persoon van die Triniteit, soos Hy Hom aan die kerk van die Nuwe Testament geopenbaar het nie.

# 3. GEES (רוח) IN DIE OU TESTAMENT

## 3.1. INLEIDING

Die verhaal van Aspoestertjie en die glasskoentjie waarmee sy die prins verower het, is in die meeste lande bekend. Die oorspronklike verhaal kom uit Frankryk, waar die afgeskeepte kind *Cendrillon* genoem is. In hierdie bekende verhaal kan 'n mens tereg vra: "*Waarom laat 'n regdenkende fee 'n meisie na 'n dans gaan met 'n glasskoentjie aan wat tydens 'n vrolike mazurka kan breek ?*"

Die rede is 'n vertaalflater (interpretasieflater) wat al eeue lank oor die wêreld weerklank vind. In die oorspronklike Frans het *Cendrillon* (Aspoestertjie) 'n skoentjie gedra van "*vair*", dit wil sê van pels. Hierdie pels was baie duur en skaars – net koninklikes sou dit kon bekostig.

Maar waar kom die glas in die hele verhaal vandaan? Die klassieke Franse woord vir glas is "*verre*". In moderne Frans sal dit "*ferrure*" wees, en die uitspraak van "*vair*" (pels) en "*verre*" (glas) is dieselfde in Frans ("*wê:r*"). Die persoon wat die eerste keer die verhaal uit Frans in Engels vertaal het, het nie die verskil in die betekenis van die twee woorde geken nie. Die klassieke woord "*vair*" (pels) was ook waarskynlik onbekend aan die vertaler – en hy het pels ("*vair*") met glas ("*verre*") vertaal (Prinsloo, 2001:16).

As gevolg van 'n verkeerde interpretasie, hervertel die wêreld die Aspoestertjie-verhaal anders (verkeerd) as wat die oorspronklike outeur bedoel het. Bogenoemde verhaal illustreer baie duidelik die omvang van die probleem waarmee taalkundiges worstel wanneer dit oor interpretasie gaan, waar hulle te doen kry met velde soos semantiek, etimologie en hermeneutiek.

Die teologiese gebruik (רוח as "*Gees* of *gees*" van God en nie as *wind*, *asem* of *emosies* nie) van die Ou-Testamentiese begrip רוח אלהים, רוח יהוה is dikwels die "glasskoen" van die Aspoestertjie-verhaal in die teologiese locus pneumatologie. Die Ou-Testamentiese teologiese begrip רוח יהוה word dikwels verkeerd aangehaal, geïnterpreteer, gebruik of selfs genegeer (verwaarloos) in die daarstelling van 'n Bybelse teologie oor die "*Gees*" van God.

Bogenoemde stelling sluit aan by Hildebrandt (1995:xvi) se teorie. Hy skryf dat baie navorsers 'n ryke verskeidenheid werke gepubliseer het oor die belangrike werk en plek van die Gees, in die gelowige se lewe asook in die kerklike gemeenskap, maar dat daar min lig uit die Ou Testament op die onderwerp geskyn het. Hy omskryf dan sy opmerking soos volg: *"But, the OT background to the NT pneumatology is often neglected or only briefly surveyed."* (Hildebrandt, 1995:xvi.) Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan 'n gebrek ten opsigte van deeglike kennis, verstaan en interpretasie van die woord רוח in die Ou Testament.

In hierdie hoofstuk gaan die interpretasie van רוח, soos deur verskillende woordeboeke aan die orde gestel, ondersoek word. Die woordeboeke van Koehler en Baumgartner (1958), Botterweck en Ringgren (1972), Anderson (1993), Van Gemeren (1997) en Jenni en Westermann (1997) sal ondersoek word om 'n duideliker prentjie te vorm van die gebruik van רוח in die Ou Testament. Verder is 'n elektroniese soektog gedoen na die voorkoms van רוח in die Hebreeuse elektroniese databasis wat in die studie gebruik is (Online Bible Foundation, 2004).

Semantiek, etimologie en hermeneutiese navorsing oor die begrip רוח sal help om 'n korrekte interpretasie van רוח יהוה te formuleer. In aansluiting by bogenoemde moet die volgende vraag onmiddellik gestel word: "Wat word verstaan onder die terme 'semantiek', 'etimologie', 'eksegese' en 'hermeneutiek'?"

## 3.2. BEGRIPSVERHELDERING: SEMANTIEK, ETIMOLOGIE, HERMENEUTIEK EN EKSEGESE: 'N VERKENNING

### 3.2.1. PROBLEEMORIËNTASIE

Voordat die רוח-interpretasie van die woordeboeke ondersoek kan word, sal aandag eers gegee word aan 'n kort samevattende verduideliking van terme soos hermeneutiek, eksegese, etimologie en semantiek. In die lig van die feit dat dit nie die studie se skopus is om hierdie terme verder te ontleed nie, sal volstaan word met onderstaande definisies.

Die term *hermeneutiek* verwys na die teologiese wetenskap van Skrifinterpretasie en aktualisering van 'n teks in die prediking (Silva,1994:15).

*Eksegese* ('n volledige bespreking van eksegese sal in Hoofstuk 5 behandel word) verwys na die ontleding van die teks binne sy unieke konteks wat tot 'n verantwoordelike verduideliking lei (Silva,1994:19).

*Etimologie* is die studie van die oorspronklike wortelbetekenis van 'n woord en hoe die woordbetekenis met verloop van tyd (diakronies) verander het ( Johnstone, 1998:132).

*Semantiek* verwys weer na die wetenskap van woordbetekenis (Kaiser & Silva, 1994:285).

## 3.3. DIE INTERPRETASIE VAN GEES IN DIE OU TESTAMENT

Die Hebreeuse taal het nie hoofletters nie. Gevolglik kan 'n mens nie dadelik bepaal of רוח teologies "gees" of "Gees" beteken nie. Die teologiese inhoud van רוח in verskillende kontekste verskil egter radikaal van mekaar. 'n Verdere probleem is dat verskillende Hebreeuse woorde "gees" kan beteken. In hierdie hoofstuk word aan die hand van woordeboeke soos in 3.1 hierbo genoem, die betekenismoontlikhede van רוח vasstel. Die metode wat gevolg sal word, is: deur die verskillende Hebreeuse woorde wat die betekenismoontlikheid van "gees" het, te bespreek, asook deur na die betekenis van רוח in die verskillende genoemde kontekste te kyk.

Daar is drie Hebreeuse woorde wat onder andere geïnterpreteer kan word as *"gees"*, naamlik die woorde אוב, נשמה en רוח.

### 3.3.1. DIE HEBREEUSE WOORD אוב

Een van die Hebreeuse woorde wat die betekenismoontlikheid het van *"gees"*, is die woord אוב. Volgens Hoffner (1974:130-134) kom die woord אוב sewentien keer in die Ou Testament voor met die betekenisse van 'n wynsak (1 keer) en as gees (16 keer).

Volgens Hoffner (1974:130-134) is daar drie etimologiese verklarings vir die woord אוב:

(i) Die woord אוב is afgelei van dieselfde woord wat in Job 32:19 gebruik word as 'n velhouer waarin wyn geberg word. Hierdie velhouer het 'n dowwe klank as daarteen geklop word. In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat אוב gebruik word om iemand aan te dui wat oor die vermoë van buikspraak beskik. In afgeleide

betekenis sou dit dus beteken dat nekromansie gesien word as buikspraak. Die LXX vertaal die woord אוב op dieselfde grondslag as ***engastrimythos*** – buikspreker.

(ii) 'n Tweede siening is dat אוב afgelei is van dieselfde Arabiese woord ("**'aba")** wat "terugkeer" beteken. Hierdie siening geniet egter min ondersteuning omdat hierdie stam ("**'aba")** nie deur die ouer Semitiese tale soos Akkadies, Ugarities, Poenies en Aramees gebruik word nie.

(iii) Die derde siening is dat אוב 'n nie-Semitiese kulturele leenwoord uit Sumeries ("ab" – opening), Akkadies ("aptu") , Hetities ("ayabi") en Ugarities ("éb") is, wat in al die tale "offerput" beteken.

Koehler en Baumgartner (1958:18) verwys ook na die twee betekenismoontlikhede van אוב, naamlik (i) wynsak en (ii) gees van 'n dooie.

Volgens Hoffner (1974:130-133) sluit die Ou Testament by siening drie hierbo aan. In die Ou Testament word אוב gebruik as aanduiding vir die gees van 'n afgestorwene of die put waaruit geeste opgeroep word:

Jes 29:4

4 ושפלת מארץ תדברי ומעפר תשח אמרתך והיה כאוב מארץ קולך
ומעפר אמרתך תצפצף

4 Dan sal jy diep uit die grond spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die grond opkom soos dié van ***die gees van 'n afgestorwene***, en uit die stof sal jou woord piep (OAV).

of

4 And thou shalt be brought down, *and* shalt speak out of the ground, and thy speech shall be low out of the dust, and thy voice shall be, as of one that hath a ***familiar spirit***, out of the ground, and thy speech shall whisper out of the dust (KJV).

Die onderhawige studie wil by Beuken (2000:71) aansluit as hy daarop wys dat אוב na 'n tegniese term verwys in die gebruik van spiritiste, naamlik 'n gat in die grond, eerder as na die geeste van afgestorwenes. Hy stel dit egter dat אוב wel kan verwys na die geeste van afgestorwenes.

### 3.3.1.1. SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD אוב

Die woord אוב word nooit in die Ou-Testamentiese konteks as enige aanduiding van die Here self, die Here se "gees" of "Gees" gebruik nie. In alle kontekste (behalwe in Job 32:19 waar dit op 'n nuwe wynsak dui), dui אוב op die gees van 'n afgestorwene, en in verband met בעלה en אשה verwys dit na 'n waarsegster. In die lig van hierdie gegewens sal nie verder aandag aan die begrip אוב iin hierdie studie gegee word nie.

### 3.3.2. DIE HEBREEUSE WOORD נשמה

Die Hebreeuse woord נשמה is die tweede woord wat in die Ou Testament *"gees"* kan beteken. Volgens Botterweck en Ringgren (1972:65) kom die woord נשמה vier en twintig keer in die Hebreeuse Ou Testament voor en een keer in die Aramese deel van Daniël (Dan 5:23).

Volgens Botterweck en Ringgren (1972:65) is die woord נשמה afgelei van die stam נשם wat onder andere beteken om te hyg, te snak, te blaas, asem te haal of om in kraam te wees.

#### 3.3.2.1. DIE WOORDE נשמה EN רוח AS SINONIEME

Die woord נשמה is aanvanklik gebruik vir die aanduiding van menslike lewe (breath of life), gewone asemhaling. Die woord רוח is sedert die ballingskap gebruik as aanduiding van menslike lewe. Die woord רוח kon egter nie daarin slaag om die begrip נשמה geheel en al te vervang as aanduiding van die lewensasem/asemhaling ("breath of life") nie. Die woorde נשמה en רוח is sedert die ballingskap as sinonieme vir mekaar gebruik as aanduiding van die lewegewende asem/asemhaling (Job 4:9; 27:3; 32:8; 33:4; 34:14 en Jes :5; 57:16).

Job 33:4

4 רוח-אל עשתני ונשמת שדי תחיני

4 Die ***Gees van God*** het my gemaak, die ***asem van die Almagtige*** het my die lewe gegee.

Die woord נשמה word in samehang met אל, אלוה, שדי en יהוה hoofsaaklik gebruik as aanduiding van lewensasem. God vorm die mens en blaas/asem die lewensasem in die mens in. Deur 'n handeling van God word die mens 'n lewende wese. Botterweck en Ringgren (1972:66) beskryf die begrip soos volg: *"This נשמה , as ensoulment through inspiration, is something different from the incorporeal being called "soul", which completes the body in its identity as a living human being, bestowing life and consciousness upon a person and, as spirit, enduring beyond death".*

Heron (1983:11) verklaar dat רוח as sinoniem vir נשמה in die sinonieme parallelismes op die lewensasem as geskenk van God dui en nie as 'n duidelik onderskeibare skeppingsaktiwiteit van God se רוח nie.

#### 3.3.2.2. SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD נשמה

Die woord נשמה word in die Ou Testament gebruik as aanduiding van die lewegewende krag van God. נשמה is dus die ekwivalent van asem of asemhaling. In afgeleide betekenis kan נשמה die betekenis hê van oordeel van God, toorn van God en selfs verstaan word as die setel van verstaan en inspirasie (Job 26:4). Die woord נשמה word dus nie in die Ou Testament as aanduiding van die *"Gees"* van God (derde persoon van die Triniteit) gebruik nie. As נשמה as *"gees"* geïnterpreteer word, word asem, asemhaling, lewe of lewende wese daarmee bedoel. In die lig van hierdie feit sal geen verdere aandag in hierdie studie aan die begrip נשמה gegee word nie.

### 3.3.3. DIE HEBREEUSE WOORD רוח

Die derde Hebreeuse woord wat die betekenis van *"gees"* het, is die woord רוח. Volgens Koch (1991:13) kom die Hebreeuse woord רוח 387 keer in die Hebreeuse teks van die Ou Testament voor en 11 keer in die Aramese teksgedeeltes. Hierdie feit word deur die meeste Ou Testamentici ondersteun (Jenni & Westermann, 1997:1204; Wood, 1976:16; Hildebrandt, 1995:1 en Koehler, 1958:877).

Volgens Jenni en Westermann (1997:1202) kom die woord רוח in al die Wes–Semitiese taalgroepe voor. Schüngel-Straumann (1992:9) beweer dat daar in Arabies twee variante, *riḥ* (wind) en *ruḥ* (gees) voorkom. Volgens Gordon (1965:483) beteken *rḥ* in Ugarities wind, reuk, gees. Jenni en Westermann (1997:1206) ondersteun hierdie gedagte en voeg die Puniese *rḥ* (gees), die Aramese *ruḥ* (wind of gees) en die Ethiöpiese *rīḥa* (waai) by.

Lys (1962:20) klassifiseer die woord רוח as 'n onomatopiese woord wat die klank van wind en die uitblaas van asem naboots. Alhoewel die Wes-Semitiese taalgroepe die stam *rḥ* gebruik as aanduiding van wind en asemhaal is daar geen getuienis dat die stam die betekenis van *"gees"* of *"Gees"* gehad het nie.

Volgens Dreytza (1992:16) kom רוח ("Gees van God") wel in die Noordwes-Semitiese taalgroepe voor (hy maak gebruik van "die Keilalphabetischen Texte aus Ugarit. Teil I: Transkription), en dan gee hy die volgende voorbeelde:

## (a.) DIE WOORD רוח IN UGARITIES

1.5 V 7 (6) w at. qh (7) 'rptk. <u>rhk.</u> Mdlk (8) mtrtk. 'mk

You, however, take your clouds, ***<u>your wind</u>***, your lightning, your downpours with you,...

Vanuit bogenoemde konteks wil hierdie studie konkludeer dat **rh** hier beslis dui op die wind. Baäl is die meester oor die natuurverskynsels soos hier genoem. Die wind is sy voertuig waarmee hy na die onderwêreld reis. Die Ugaritiese **rh** is hier beslis nie *"gees"* *of "Gees"* van God nie. Dit verwys slegs na 'n meteorologiese verskynsel – wind.

1.18 IV 25 (24) ...tsi. km (25) <u>rh.</u> npsh. km. itl. brlth.kKm (26) qtr. b aph

Let his breath like ***<u>a wind/breath</u>*** exit/disappear, his life like saliva.

1.19 II 38... *(s)*s*at k **<u>rh.</u>** npshm (39) k itl brlt ...

His breath went out like a ***<u>wind/breath</u>***, his life like saliva.

In bogenoemde twee voorbeelde handel die konteks oor Anat wat aan die moordenaar raad gee oor hoe hy Aqat moet vermoor. Hier dui **rh** op die ***<u>asem</u>*** van 'n mens. Ook in hierdie konteks dui **rh** nie op *"gees"* of *"Gees"* van God nie.

## (b.) DIE WOORD רוח IN OUD-RYKS-ARAMEES

Volgens Dreytza (1992:22) kom die woord רוח ook in twee oud Ryks-Aramese tekste voor, naamlik in Sfire III, 1-2:22 en in Ahikar 168.

Sfire III,1-2:22

22 כימ כל גבר זי יבה <u>רוט</u> אפוה ו ימלל מלל לטית ללי

22 "... indeed, any man who rants (lit. "who causes ***the breath*** of his nostrils to boil") and utters evil word against me ...".

As Sfire III, 1-2:22 met Spreuke 1:23 vergelyk word, kry 'n mens 'n redelike begrip van wat die teks in Sfire beteken.

Spreuke 1:23

23 תשובו לתוכחתי הנה אביעה לכם רוחי אודיעה דברי אתכם

Wend julle tot my teregwysing, dan laat ek ***my gees vir julle uitstroom***, wil ek my woorde aan julle bekend maak.

In die konteks (Sfire) blyk dit dat רוח אפוה as 'n idiomatiese uitdrukking aangewend word om bitterheid en venyn te beskryf. Dit is dus baie duidelik dat רוח ook in die konteks nie op *"gees"* of *"Gees"* van God dui nie. Die woord dui in oud-Ryks-Aramees op doodgewone asem.

Ahikar 168:34

34 רשיו ביומ רוט תתטלל

"(The house of) wicked men in the day of storm shall be destroyed (?)"

In hierdie konteks van Ahikar is dit duidelik dat die woord רוח op die meteorologiese verskynsel *wind* dui. Ook hier dui dit dus nie op gees of Gees van God nie.

### (c.) SAMEVATTING

Beide die voorbeelde in die oud-Ryks-Aramese gedeeltes wat Dreytza aanhaal, dui daarop dat רוח nie geïnterpreteer is as *"gees"* of *"Gees"* van God nie. In Sfire word dit as 'n nomen regens - *asem* - gebruik en in Ahikar as 'n nomen rectum – *wind/storm.*

Volgens Schüngel-Straumann (1992:9) kom die begrip רוח nie in die Oos-Semitiese taalgroep voor nie, maar wel in Wes-Semities. Volgens Schüngel-Straumann (1992:9) word die woord *lil* (wind, asem, lug en gees) in Sumeries gebruik en in Akkadies die woord *šāru* (wind, asem). Die Ou Nabye Oosterse taalgroepe het רוח dus nooit as aanduiding daarvan gebruik dat gode oor 'n *"gees"* of *"Gees"* beskik of dat רוח 'n personifikasie van die godheid was nie – רוח word as aanduiding van die natuurverskynsel wind, of as aanduiding van asem gebruik. Die Hebreeuse gebruik van רוח is dus uniek aan die Ou Testament om 'n volk se belewenis met hulle God te beskryf (Hildebrandt, 1995:5).

Koch (1991:13) toon aan dat die woord רוח, op enkele uitsonderings na, in die meeste van die Ou-Testamentiese boeke voorkom, naamlik in die boeke Levitikus, Obadja, Nahum, Sefanja, Rut, Hooglied en Ester. Onderstaande tabel van Jenni en Westermann (1997:1202) gee 'n opsomming van die verspreiding van die woord רוח in die Ou Testament.

| BOEK: | GETAL: | BOEK: | GETAL: | BOEK: | GETAL: |
|---|---|---|---|---|---|
| Genesis | 11 | 2 Kronieke | 10 | Hosea | 7 |
| Eksodus | 11 | Esra | 2 | Joël | 2 |
| Levitikus | - | Nehemia | 2 | Amos | 1 |
| Numeri | 14 | Ester | - | Obadja | - |
| Deuter | 2 | Job | 31 | Jona | 2 |
| Josua | 2 | Psalms | 39 | Miga | 3 |
| Rigters | 10 | Spreuke | 21 | Nahum | - |
| Rut | - | Prediker | 24 | Habbakuk | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 Sam | 16 | Hooglied | - | Sefanja | - |
| 2 Sam | 3 | Jesaja | 51 | Haggai | 4 |
| 1 Konings | 11 | Jeremia | 18 | Sagaria | 9 |
| 2 Konings | 5 | Esegiël | 52 | Maleagi | 3 |
| 1 Kronieke | 5 | Daniël | 4 | Klaagliedere | 1 |

Die probleem met die tabel van Jenni en Westermann is dat dit net die wydverspreide gebruik van רוח in die Ou Testament aandui. Hierdie tabel verdiskonteer geensins enige semantiese variasies of kronologiese gebruik van רוח in die Ou Testament nie.

Die volgende tendens kom uit die tabel na vore maar word nie deur Jenni en Westermann (1997:1202) verklaar nie:

(1) Waarom is daar 'n verhoogde voorkoms van רוח in die historiese boeke (Rigters en 1 Samuel)?

(2) Wat sou die rede daarvoor wees dat רוח bykans afwesig is in die profetiese geskrifte van die 8ste eeu?

(3) Waarom is daar 'n verhoogde voorkoms van רוח in die Psalms, die wysheidsliteratuur en die profete vanaf Esegiël?

(4) Waarom is רוח afwesig in die wetkodekse?

Die meeste navorsers stem saam dat die basiese betekenis van רוח "lug wat beweeg" is, met ander woorde wind (Koch, 1991:14; Schüngel-Straumann, 1992:9; Hildebrandt, 1995:2; Heron, 1983:4; Wood, 1976:16; Dreytza, 1992:37; Scheepers, 1960:2). Volgens Hildebrandt (1995:1) dui die grootste aantal verwysings na רוח op 'n antropologiese strekking. Hiermee word bedoel dat רוח op die emosies en

gemoedsgesteldheid van die mens dui. Hildebrandt (1995:3) is van mening dat dit uiters moeilik is om 'n algemeen fundamenteel aanvaarbare betekenis vir רוח te vind, omdat:

(i) רוח so 'n groot verskeidenheid betekenismoontlikhede het, en

(ii) dit uiters moeilik is om dit wat onsigbaar is, te definieer.

Kamlah (1978:690) beskryf die werking van רוח soos volg: *"The idea behind* רוח *is the extraordinary fact that something as intangible as air should move; at the same time it is not the movement per se which excites attention, but rather the energy manifested by such movement."*

Volgens Van Gemeren (1997:1073) is רוח 'n tegniese term vir iets onsigbaars wat 'n waarneembare effek wat voldoende begryp word, teweeg bring. Die probleem met Van Gemeren se simplistiese definisie is dat, indien die woord verskillende betekenismoontlikhede het – waaroor daar geen twyfel kan bestaan nie – die woord baie moeilik met 'n enkele begrip soos 'n tegniese term omskryf kan word. Elke konteks waarin 'n spesifieke betekenismoontlikheid gebruik word, behoort geëvalueer te word, want die stelling kan dalk nie oral van toepassing wees nie. Die antwoord op hierdie vraag kan eers in die slothoofstuk van hierdie studie verstrek word.

Volgens Wood (1976:16) word רוח ongeveer 101 keer in die Ou Testament as aanduiding van wind gebruik. Uit die betekenis van wind word, volgens hom, verskeie ander betekenismoontlikhede afgelei, onder andere:

(a) "asem" - 18 keer (volgens hom is asem wind wat 'n mens se longe vul),

(b) "reuk/ geur" – 13 keer (reuk/geur word deur asem/wind oorgedra),

(c) "ruimte/spasie" – 6 keer (wind beslaan groot ruimtes).

Bogenoemde stelling van Wood is aanvegbaar. Die vraag is of 'n mens van 'n basiese betekenis (wind) kan uitgaan waarvan die ander (asem, reuk, geur, ruimte) dan afgelei is? Dit is wat die vergelykende taalkunde wou doen, maar as daar werklik sinkronies daarna gekyk word, het 'n mens eerder verskillende moontlikhede op gelyke vlak, en die keuse word deur die konteks bepaal.

Volgens Wood (1976:16) is die verbintenis tussen wind en gees nie baie duidelik nie. Waarskynlik lê die gemene deler in die onsigbaarheid van beide woorde. Wood (1976:17) beweer dat Jesus juis op hierdie manier die twee terme wind en gees aan mekaar verbind het in sy gesprek met Nikodemus. Jesus het vir Nikodemus gesê:

Joh 3:8

το πνευμα οπου θελει πνει και την φωνην αυτου ακουεις αλλ ουκ οιδας ποθεν ερχεται και που υπαγει ουτως εστιν πας ο γεγεννημενος εκ του πνευματος

8 "***Die wind*** waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit ***die Gees*** gebore is."

Hierdie stelling van Wood lewer ook sy kwota probleme. Die vraag is of die Ou-Testamentiese woord רוח direk gelykgestel kan word aan die Nuwe Testamentiese woord πνευμα.

Ou-Testamentici interpreteer die voorkoms en betekenis van רוח ook geheel en al verskillend. Hildebrandt (1995:8) maak die volgende opmerking: "Alhoewel navorsers van mekaar verskil, is daar 'n aanduiding dat die woord רוח in meer as eenhonderd en

dertien kontekste as wind geïnterpreteer word, en as gees word die woord רוח een honderd en sewe keer in verband met God gebring. Die frase רוח יהוה kom sewe en twintig keer voor en רוח אלהים vyftien keer in die Hebreeuse deel en vyf keer in die Aramese gedeeltes.

Volgens Wood ( 1976:17) gebruik die Ou Testament רוח vier en tagtig keer as gees van die mens, as aanduiding van die emosies van die mens, agt en twintig keer en as lewenskrag van die mens, elf keer. Die woord רוח word nege en sewentig keer as "gees van God" gebruik, vier keer as aanduiding van engele, agttien keer as bose geeste, en een keer as aanduiding van die lewenskrag van diere.

Die probleem met bogenoemde statistiek is dat die verskillende kontekste waarin die woord gebruik word, nie deur almal op dieselfde manier verdiskonteer word nie. Die verskillende kontekste en tekstipes, onder andere 'n figuurlike gebruik, 'n letterlike gebruik of metaforiese gebruik, word almal in dieselfde statistiese kookpot "geprut".

In die bepaling van die korrekte verstaan en betekenis van die woord *"gees"* in samehang met God en die Here (רוח אלהים en רוח יהוה) is dit belangrik om eers duidelikheid te verkry oor hoe verskillende Ou-Testamentiese bronne die inligting aangaande רוח hanteer en aan hulle gebruikers bekend stel.

### 3.3.3.1. 'N VOËLVLUG OOR DIE BETEKENIS VAN רוח

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal of רוח in die Ou Testament 'n sinoniem is vir die derde persoon van die goddelike Drie-eenheid (Heilige Gees) in die Nuwe Testament. Die primêre fokus van die studie is dus die kontekste waarin רוח in verband staan met God, die Here, of deur persoonsuffikse geïmpliseer word as *"gees"* van God of die Here.

Dit is egter belangrik om 'n breë oorsig oor die interpretasie van רוח te kry. Net so moeilik as wat dit is om die ontstaansbron van wind te bepaal, is dit om die ontstaan (etimologie) en betekenis (semantiek) van die Hebreeuse begrip רוח (ruaḥ) *"gees"* in die Ou Nabye Ooste te bepaal (Hildebrandt, 1995:1)..

In die lig hiervan sal kortliks gekyk word na die interpretasie van רוח in ondergenoemde ses kategorieë soos dit deur taalkundiges geklassifiseer is. Volgens Van Gemeren (1997:1073) is dit moontlik om ses breë semantiese kategorieë te bepaal waarin רוח voorkom, naamlik (1) wind, (2) windrigting, (3) asem, (4) emosies/ gemoedsgesteldheid, (5) setel van die denke en wilskrag en (6) gees.

#### 3.3.3.1.1. DIE WOORD רוח AS WIND

In die natuur was daar 'n verskynsel wat die Israeliete רוח genoem het. Dit was onsigbaar, maar tog kon dit ervaar en waargeneem word. Dit is die meteorologiese verskynsel *"wind"*. In die Ou Testament word רוח ongeveer een honderd vier en veertig keer uit die drie honderd agt en negentig plekke (elf Aramese skrifplaatse ingesluit) waarin רוח voorkom, as aanduiding van wind gebruik (Scheepers, 1960:11).

Daar is egter ook ander woorde (Koehler,1958:663, 927) wat vir wind gebruik word soos סער (Hab 3:14), שער (Jes 28:2) en סופה (Jes 29:6) maar lê nie in die ondersoekveld van die studie nie. Die indruk wat wind op die Israeliet in sy konkrete omstandighede gemaak het, is van kernbelang vir die Ou-Testamentiese interpretasie van רוח as wind. Wind is iets onsigbaars wat beweeg en beskik oor geweldige krag en daarom word רוח (as wind) soms met genitiewe konstruksies beskryf, byvoorbeeld רוח סערה — *"geweldige wind".*

Eseg. 1:4

4 וארא והנה רוח סערה באה מן-הצפון ענן גדול ואש מתלקחת
ונגה לו סביב ומתוכה כעין החשמל מתוך האש

4 Toe het ek gekyk — en daar het 'n ***stormwind*** uit die noorde gekom, 'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter.

Volgens Van Gemeren (1997:1073) is die wind, רוח, as die onsigbare, onvoorspelbare natuurkrag onder die absolute beheer van Jahwe.

Num 11:31

31 ורוח נסע מאת יהוה ויגז שלוים מן-הים ויטש על-המחנה
כדרך יום כה וכדרך יום כה סביבות המחנה וכאמתים
על-פני הארץ

31 Toe het ***'n wind wat van die HERE*** kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, rondom die laer; en hulle was omtrent twee el bokant die grond.

Die woord רוח wat as wind geïnterpreteer word, word ook soms metafories gebruik om waardeloosheid, betekenisloosheid en kragteloosheid aan te dui en kom in sinonieme parallelismes met הבל (leegheid/niks) voor (Jenni & Westermann, 1997:1205).

Pred 1:14

14 ראיתי את-כל-המעשים שנעשו תחת השמש
והנה הכל הבל ורעות רוח

14 Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na ***wind***.

Die woord רוח as wind word in die Ou Testament, in sy afgeleide vorm, gebruik as aanduiding van die vier windrigtings.

Eseg 17:21

21 ואת כל-מברחו בכל-אגפיו בחרב יפלו והנשארים
לכל-רוח יפרשו וידעתם כי אני יהוה דברתי

21 En al sy vlugtelinge in al sy leërs sal deur die swaard val, en die wat oorgebly het, sal na al ***die windstreke*** verstrooi word; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek het.

**SAMEVATTING**

Uit bogenoemde konklusies van navorsers is dit duidelik dat die betekenisveld van wind op verskillende maniere geïnterpreteer kan word - as wind, windrigtings en metaforiese beelde van waardeloosheid en betekenisloosheid.

### 3.3.3.1.2. DIE WOORD רוח AS ASEM

Volgens Hildebrandt (1995:11) is רוח 'n antropologiese en psigologiese term wanneer dit in verhouding tot die mens gebruik word. Die betekenis van רוח as *"asem"* is vergelykbaar met die betekenis van רוח as wind deurdat asem ook 'n beweging van lug is. Die woord רוח as asem het op die lewensbelangrike funksie van asemhaling betrekking. Om רוח as asem te hê beteken dat die mens lewe, daarsonder is die mens dood. Hierdie lewensbeginsel is 'n direkte resultaat van God se skeppingsmag.Volgens Hildebrandt (1995:13) skenk God hierdie רוח aan mens en dier om lewe moontlik te maak. God blaas die רוח חיים (lewenskrag) in mens en dier en so word hulle van dooies onderskei.

Volgens Jenni en Westermann (1997:1208) beskryf רוח *"asem"* in terme van 'n dinamiese vitaliteit, terwyl die meer erkende woord, נשמה, op gewone ritmiese asemhaling – die inhalering en uitlating van lug dui. Westermann (1981(a):223) betoog dat *"ruah ist also nicht der normale, ruhige Atem, der heisst (*נשמה *) neshamah, sondern die hinter dem heftigen Atem stehende Kraft."*

Die woord רוח as aanduiding van die lewensbeginsel kom dikwels in sinonieme parallelismes met die term נפש voor wat meestal met siel, lewe, lewensasem vertaal word (Hildebrandt, 1995:12).

Jes 26:9

9 נפשי אויתיך בלילה אף-רוחי בקרבי אשחרך כי כאשר
משפטיך לארץ צדק למדו ישבי תבל

9 Met ***my siel*** begeer ek u in die nag; ook met ***my gees*** in my binneste soek ek U; want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid.

Volgens Wood (1976:18) is dit baie moeilik om te bepaal wanneer רוח op gewone asem, as 'n mens asemhaal,, of as die lewensbeginsel wat 'n mens laat lewe, dui.

Jer 10:14

14 נבער כל-אדם מדעת הביש כל-צורף מפסל כי
שקר נסכו ולא-רוח בם

14 Elke mens word dom, sonder kennis; elke goudsmid staan beskaamd deur die gesnede beeld; want sy gegote beeld is 'n leuen, en daar is ***geen gees*** in hulle nie.

**SAMEVATTING**

Volgens bogenoemde navorsers dui die woord op meer aan as net die normale asemhaling van die mens en dier. Dit dui dus eerder op die lewensbeginsel wat die mens van God ontvang.

**3.3.3.1.3. רוח AS AANDUIDING VAN DIE FISIESE TOESTAND**

Die woord רוח dui soms ook op die fisiese toestand van die mens, wanneer 'n mens in 'n swak fisiese toestand verkeer, maar sy רוח tog nog teenwoordig is. רוח dui dus op die algemene lewenskrag (vitaliteit) van die mens, teenoor נפש wat op die mens se asemhaling dui (Scheepers, 1960:41).

Rigt 15:19

19 ויבקע אלהים את-המכתש אשר-בלחי ויצאו ממנו מים וישת
ותשב רוחו ויחי על-כן קרא שמה עין הקורא אשר בלחי
עד היום הזה

19 Toe het God die holte by Legi oopgebreek en daar het water uitgekom en Simson het gedrink en weer ***nuwe krag gekry.*** Daarom word die fontein in Legi nou nog Roepersfontein genoem.

of

19 Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en ***sy gees*** het teruggekom, ***en hy het weer opgelewe***. Daarom noem hulle dit Roepersfontein, wat vandag nog by Legi is (OAV).

1 Sam 30:12

12 ויתנו-לו פלח דבלה ושני צמקים ויאכל ותשב רוחו אליו
כי לא-אכל לחם ולא-שתה מים שלשה ימים ושלשה לילות

12 Toe gee hulle hom 'n stukkie gedroogde vye en twee trossies rosyntjies en nadat hy dit geëet het, ***het hy weer reggekom***, want hy het drie dae en nagte nie kos geëet of water gedrink nie (NAV).

of

12 And they gave him a piece of a cake of figs, and two clusters of raisins: and when he had eaten, his ***spirit came again to him***: for he had eaten no bread, nor drunk *any* water, three days and three nights (KJV).

### 3.3.3.1.4. רוח AS ASEMHALING EN LEWENSBEGINSEL

Die woord רוח kom tien keer voor in verband met נשמה – *"asem"*. Volgens Botterweck en Ringgren (1972:1208) is רוח en נשמה nie twee soorte asemhaal nie, maar twee unieke perspektiewe van asemhaal. נשמה dui op asemhaal wat die lewendes van die dooies onderskei. נשמה is die oorspronklike woord vir mens en dier se natuurlike

asemhaling. God het נשמה tydens die skepping van die mens (Gen 2:7) in sy neus ingeblaas.

Anders as נשמה, dui רוח nie op gewoonweg asemhaal nie, maar op die dinamiese lewenskrag wat van God kom. Botterweck en Ringgren (1972:1209) het bevind dat die woorde נשמה en רוח sedert die ballingskap as sinonieme vir mekaar gebruik word in sinonieme parallelismes as aanduiding van die lewensgewende asem soos dit onder andere in die volgende tekste voorkom, Job 4:9; 27:3; 32:8; 33:4; 34:14 en Jes 42:5, 57:16. Ter illustrasie word Job 33:4 aangehaal.

Job 33:4

4 רוח-אל עשתני ונשמת שדי תחיני

4 Die ***Gees van God*** het my gemaak, die ***asem van die Almagtige*** het my die lewe gegee (NAV).

of

4 ***Die Gees van God*** het my geskape, ***en die asem van die Almagtige*** maak my lewend (OAV).

Botterweck en Ringgren dui die sinonieme parallelisme נשמה en רוח in die konteks korrek aan, en word in hierdie studie as sinonieme gebruik maar nie in die betekenisveld waarin Botterweck en Ringgren dit aandui nie. In hierdie studie is נשמה en רוח 'n aanduiding van God self en nie as asem of as lewensbeginsel nie. Dit kan dalk so in 'n afgeleide betekenis verstaan word.

### 3.3.3.1.5. DIE WOORD רוח AS PERSOONLIKHEIDSAANDUIDING

Die woord רוח word ook meermale gebruik as 'n uitbreiding op die begrip "*asem*" soos hierbo vermeld. In hierdie gevalle dui רוח 'n persoon of 'n groep se persoonlikheid/ identiteit aan.

Jes 19:3

3 ונבקה רוח-מצרים בקרבו ועצתו אבלע ודרשו אל-האלילים
ואל-האטים ואל-האבות ואל-הידענים

3 En die ***gees van Egipte*** sal radeloos word in sy binneste, en sy planne sal Ek verwar; dan raadpleeg hulle die afgode en die besweerders en die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê.

### 3.3.3.1.6. DIE WOORD רוח AS GEMOEDSGESTELDHEID/EMOSIE

Volgens Van Gemeren (1997:1074) word die woord רוח ook gebruik om gesindheid, gemoedsgesteldheid en emosie aan te dui. In Hebreeus word die status constructus (die toepaslike byvoeglike naamwoord in samehang met die nomen רוח) gebruik om sulke emosies aan te dui (Scheepers, 1960:51).

Gen 26:35

35 ותהיין מרת רוח ליצחק ולרבקה

35 En hulle was vir Isak en Rebekka 'n ***bitter verdriet***. *(letterlik 'n bittere gees)*

Scheepers beskou רוח hier as 'n status constructus wat nie waar is nie.

Spr 14:29

29 ארך אפים רב-תבונה וקצר-רוח מרים אולת

29 Die lankmoedige is groot van verstand, maar die ***kortgebondene*** *(letterlik: kort/ongeduldige gees)* behaal sotheid.

Scheepers beskou רוח ook hier as 'n status constructus wat nie waar is nie.

Hos 4:12

12 עמי בעצו ישאל ומקלו יגיד לו כי רוח זנונים
התעה ויזנו מתחת אלהיהם

12 My volk raadpleeg sy hout, en sy staf moet hom die inligting gee; want 'n ***gees van hoerery*** het hulle verlei, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.

Num 5:14

14 ועבר עליו רוח-קנאה וקנא את-אשתו והוא נטמאה או-עבר
עליו רוח-קנאה וקנא את-אשתו והיא לא נטמאה

14 En daar kom 'n ***gees van jaloersheid*** oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar inderdaad verontreinig het (NAV).

of

14 en daar kom 'n ***gees van jaloersheid*** oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar inderdaad verontreinig het; of 'n ***gees van jaloersheid*** kom oor hom, sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar nie verontreinig het nie (OAV).

### 3.3.3.1.7. DIE WOORD רוח AS AANDUIDING VAN REDE, MENSLIKE DENKE EN WILSBESLISSING

Die woord רוח word dikwels gebruik om daardie aktiwiteite wat die menslike denke, besluitneming en aanleg insluit, aan te dui (Vosloo, 1983:45). Denke en wilsbeslissings is in die Hebreeuse denke nie as deel van die mens beskou nie, maar as die mens se

vermoë. Die kennis en vermoë om 'n spesifieke taak te verrig is 'n duidelike voorbeeld van hierdie interpretasie van die woord רוח (Van Gemeren, 1997:1075).

Eseg 18:31

31 השליכו מעליכם את-כל-פשעיכם אשר פשעתם בם
ועשו לכם לב חדש ורוח חדשה ולמה תמתו בית ישראל

31 Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n ***nuwe gees***; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?

Eks 31:3

3 ואמלא אתו רוח אלהים בחכמה ובתבונה ובדעת ובכל-מלאכה

3 Ek het hom toegerus met ***my Gees*** sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen.

of

3 En Ek het hom vervul met ***die Gees van God,*** met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk (OAV).

Volgens Jenni en Westermann (1997:1212) beteken רוח soms verstand/gemoed of gedagte, veral as רוח in samehang met die Hebreeuse werkwoorde vir kennis, en om te leer, gebruik word.

Jes 29:24

24 וידעו תעי-רוח בינה ורוגנים ילמדו-לקח

24 en hulle wat ***dwalende van gees*** is, sal insig verkry, en die murmureerders sal lering aanneem.

Van Gemeren (1997:1075) het bevind dat רוח (*"gees"*) en לב (hart) in een en twintig gevalle as sinonieme vir mekaar gebruik word. In die Hebreeuse denke was die hart die setel van emosies, intellektuele denke en die vermoëns wat met die verstand geassosieer word.

Eseg 36:26

26 ונתתי לכם לב חדש ורוח חדשה אתן בקרבכם
והסרתי את-לב האבן מבשרכם ונתתי לכם לב בשר

26 Ek sal julle 'n nuwe hart ***en 'n nuwe gees*** gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

#### 3.3.3.1.8. DIE WOORD רוח AS EERSTEPERSOONSAANDUIDING

Volgens Vosloo (1983:44) word רוח in die latere literatuur van die Ou Testament ook gebruik as aanduiding van die mens, of vir wat ons ***"ek"*** sou noem.

Dan 2:3

3 ויאמר להם המלך חלום חלמתי ותפעם רוחי לדעת את-החלום

3 En hy het vir hulle gesê: "***Ek is ontsteld*** *(Letterlik: en my gees (ek) is onrustig)* oor 'n droom wat ek gehad het en ek wil weet wat die droom beteken." (NAV.)

of

3 toe sê die koning vir hulle: Ek het 'n droom gehad, en ***my gees*** is onrustig om die droom te verstaan (OAV).

Ps 31:6

6 בידך אפקיד רוחי פדיתה אותי יהוה אל אמת

6 In u hande gee ek ***my lewe*** oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.

of

6 In u hand gee ek ***my gees*** oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

### 3.3.3.2. DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD

Van Gemeren (1997:1075) is van mening dat die belangrikste teologiese gebruik van רוח in die Ou Testament die aanduiding is van die metafisiese of bonatuurlike, spesifiek die "*Gees*" van God of "*Gees*" van die Here. Volgens Hildebrandt (1995:18) kom die frase רוח אלהים ("*Gees*" van God) vyftien keer in die Hebreeuse gedeelte van die Ou Testament voor en vyf keer in die Aramese gedeeltes. Die elektroniese databasis bevestig Hildebrandt en Jenni se siening. (Online Bible Foundation, 2004) Volgens Hildebrandt se navorsing kom die meer algemeen gebruikte frase רוח יהוה ("*Gees*" van die Here) sewe en twintig keer voor. Die kombinasie רוח **+ persoon suffikse wat dui op God/Here** word twintig keer gebruik (Jenni en Westermann,1997:1213).

Hierdie paragraaf konsentreer op die uitdrukking רוח wat spesifiek teologies verwys na die interpretasie: *"gees"* van God/Here en sy handelinge in die Ou Testament. Hildebrandt (1995:17) is van mening dat, as daar retrospektief na die analise van die Ou Testament gekyk word, breedweg gestel, vier duidelike tematiese kategorieë onderskei kan word . Die vier kategorieë sal kortliks tematies gemeld word sonder om die verskillende tekste eksegeties te bespreek. Die relevante tekste sal in Hoofstuk 5 geëksegetiseer word.

Volgens Hildebrandt (1995:18) plaas die meerderheid Ou-Testamentiese teologieë die רוח יהוה as onderwerp in die konteks van die manier waarop en metode waarvolgens God sy goddelike wil in die wêreld volvoer. Hildebrandt (1995:18) beweer dat die volk Israel die kragte in die skepping en natuur wat die mensheid ervaar en beïnvloed het, direk gekoppel het aan die handelinge van die רוח. Dit was Israel se antwoord op die vraag "Hoe het God geskep?" Dit was die manier waarop hulle die uittog uit Egipte, hulle redding uit oorlogsituasies, hulle lewenspadbegeleiding en die teenwoordigheid van God beskryf het. Die verskillende leiers wat die volk gelei het se uiterlike vermoëns is direk aan die innerlike bemagtiging van רוח toegeskryf, terwyl die invloed van רוח baie pertinent in die profetiese era ervaar en beleef is. In Hoofstuk 4 sal die diakroniese ontwikkeling van Israel se verstaan van die teologiese begrip רוח יהוה en die realiteit van God se selfopenbaring en krag deur die רוח bespreek word.

**(i) DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD EN DIE SKEPPING**

Die eerste verwysing na רוח אלהים in verband met die skepping kom in Gen 1:2 voor. Hierdie vers is egter 'n baie kontroversiële teks, omdat verskillende eksegetiese verklaringsmoontlikhede (wat in Hoofstuk 5 bespreek sal word) bestaan.

Gen 1:2

2 והארץ היתה תהו ובהו וחשך על-פני תהום
ורוח אלהים מרחפת על-פני המים

2 Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, ***maar die Gees van God*** het oor die waters gesweef.

Volgens Hildebrandt (1995:19) word die rol van רוח as die skeppingskrag en teenwoordigheid van God in die skepping dikwels misken. Moltmann (1985:99) stel dit

vanuit 'n dogmatiese hoek soos volg: *"The whole creation is a fabric woven by the Spirit, and is therefore a reality to which the Spirit gives form."*

In die geval van die profete word God se onvergelykbaarheid en transendente karakter in verband gebring met sy werk as Skepper. Jesaja begin met Jes 40:13 as die inleiding van sy tema oor die skepping (Jes 40-66). In hierdie konteks is יהוה (Jahwe) die Skepper wat alles beplan en geskep het deur sy רוח.

Jes 40:13

13 מי-תכן את-רוח יהוה ואיש עצתו יודיענו

13 Wie kan ***die Gees van die Here*** peil, wie kan sy raadgewer wees?

of

13 Wie het ***die Gees van die HERE*** bestier en as sy raadsman Hom onderrig?

Sommige dele in die geskrifte is kommentaar op en nabetragtinge oor God se skeppingswerk. Daar is egter baie min verwysings in die geskrifte na die rol van רוח as skeppingsagent (Hildebrandt, 1995:19). Deur sy רוח oorwin God alle vyandelike magte en kragte in die natuur.

Psalm 33:6

6 בדבר יהוה שמים נעשו וברוח פיו כל-צבאם

6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur ***die Gees van sy mond*** hulle hele leër (OAV).

Van Gemeren (1997:1075) brei verder op hierdie kategorie uit as hy die volgende stelling maak: "*The Spirit of God is the agent of creation (Ps 104:29; Job 33:4). His Spirit was active not only at the original creation (Gen 1:2) and at the re-creation after*

*the Flood (8:1), but also at the creation of the people of Israel (in the form of wind, Exod 14:19-20; 15:10) and at the creation of the church (Acts 2:1-4)."*

In hierdie aanhaling van Van Gemeren is dit duidelik dat hy 'n ongekwalifiseerde gelykstelling maak tussen die *"gees"* in die Ou Testament en *"Gees"* in die Nuwe Testament. Hierdie studie se hoofdoel is juis om die legitimiteit van so 'n simplistiese verstaan te bepaal.

### (ii) DIE WOORD רוח AS GEES VAN GOD EN DIE VOLK VAN GOD

Die Eksodus-verhaal van Israel se verlossing uit die slawerny in Egipte word narratief beskryf in Eksodus 14 en poëties in Eksodus 15 (Lied van die see). In beide hierdie Skrifgedeeltes is die רוח die agent waardeur God Israel se redding uit Egipte bewerk (Hildebrandt, 1995:21).

Eks 14:21

21 ויט משה את-ידו על-הים ויולך יהוה את-הים ברוח קדים עזה כל-הלילה וישם את-הים לחרבה ויבקעו המים

21 Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n ***sterk oostewind*** weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is.

of

21 Toe steek Moses sy hand oor die see uit, en die HERE het deur 'n ***sterk oostewind*** die see laat wegvloei, die hele nag deur, en die see droog gemaak; en die waters is gekloof (OAV).

Van Gemeren maak die opmerking dat *"(t)he Spirit of God represents the agent/agency by which God exercises his sovereign control over individuals. Occasionally the effects*

*are calamitous, as in those instances where the LORD'S Spirit is described as destructive or disruptive (not evil in a moral sense; Judg 9:23; 1 Sam 16:14-16; 23:18:10; 19:9). But usually God's Spirit operates on behalf of his people by energizing them (Ezek 2:2)*".

Volgens Hildebrandt (1995:20) moet onderskei word tussen die gewone kosmologiese mag, *"wind"* en die *"asem/gees"* van God, wat identifiseerbaar is met die רוח אלהים. Die krag van God is in bogenoemde vers dinamies besig om Israel te red. Die Eksodus-verhaal is die uitnemende paradigma van die reddingsdade van God in die Ou Testament. Die Israeliete het hierdie reddingsdaad met die werking van רוח verklaar en geïnterpreteer. Na Israel se redding deur die רוח as agent van God het hulle God se bewaring, regsgeding, leiding en herstel beleef deur die רוח יהוה. Die koning verklaar dat sy oorwinnings te danke is aan die ingrype van God deur sy magtige רוח.

2 Sam 22:16 & Ps 18:16

6 ויראו אפקי ים יגלו מסדות תבל בגערת יהוה מנשמת רוח אפו

16 Die seebodem het sigbaar geword, die fondamente van die aarde is blootgelê deurdat U, Here, op hulle gebulder het met ***die orkaan van u toorn.***

of

16 En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van ***die wind van u neus*** (OAV).

*Vergelyk hierdie moeilike vers se eksegetiese bespreking in Hoofstuk 5*

Israel moes God se leiding deur sy רוח vertrou. Tog is dit juis hulle gebrek aan vertroue in die leierskap van God wat hulle grootste sonde word. In plaas daarvan om God se leiding deur sy רוח te vertrou, het hulle op ander vreemde magte vertrou. Die domheid van hierdie besluit word duidelik geïllustreer deur:

Jes 31:3

3 ומצרים אדם ולא-אל וסוסיהם בשר ולא-רוח
ויהוה יטה ידו וכשל עוזר ונפל עזר ויחדו כלם יכליון

3 Ja, die Egiptenaars is mense en nie God nie, en hulle perde is vlees en ***nie gees nie***; as die HERE sy hand uitstrek, dan struikel die helper, en wie gehelp is, val; en saam gaan hulle almal te gronde (OAV).

In hierdie vers is *"God"* en *"gees"*, *"mense"* en *"vlees"* sinonieme parallelismes, die profeet wil hierdeur aantoon hoe dom Israel se besluit was om God nie te vertrou nie.

Dit is deur die רוח dat God Sy volk lei en bewaar - op dieselfde wyse wat Hy hulle in die woestyn bewaar het. Sy volk het die verpligting om die verbond na te kom. Hulle is immers die verbondsvolk, en as die verbond deur hulle ongehoorsaamheid in gevaar gestel word, waarsku die profete telkens dat God se toorn teen sy volk sal ontwaak. Die agent van hierdie regsgerig word telkens as God se רוח beskryf (Jenni & Westermann, 1997:1212).

Jes 40:7

7 יבש חציר נבל ציץ כי רוח יהוה נשבה בו אכן חציר העם

7 Gras verdor en blomme verwelk as ***die Here sy wind*** daaroor laat waai. Dit is so, die volk is soos gras.

of

7 Die gras verdor, die blom verwelk as ***die asem van die HERE*** daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras (OAV)!

Deur Israel se ongehoorsaamheid word רוח bedroef.

Jes 63:10

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het ***sy Heilige Gees*** bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

*(Ten opsigte van die interpretasie en vertaling van hierdie vers heers groot omstredenheid, wat in Hoofstuk 5 behandel sal word.)*

### (iii) DIE רוח AS HERSTELLER VAN DIE VERHOUDING

Volgens Friedrich (1979:365) is God se toorn en oordeel nie die laaste woord oor רוח as sy agent nie. God se רוח herstel ook die verhouding tussen God en sy volk.

Jes 32:15

15 עד-יערה עלינו רוח ממרום והיה מדבר לכרמל וכרמל ליער יחשב

15 So sal dit wees totdat ***die Gees*** van Bo af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word (NAV).

of

15 totdat oor ons uitgegiet word ***die Gees*** uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken (OAV).

Jes 44:3

3 כי אצק-מים על-צמא ונזלים על-יבשה אצק רוחי על-זרעך
וברכתי על-צאצאיך

3 Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal ***my Gees*** uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.

of

3 Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal ***my Gees*** op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge (OAV).

### (iv) DIE רוח AS AGENT VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID

Volgens Hildebrandt (1995:22) sal God deur sy רוח by die ballinge wees wat na hulle land terugkeer. Sy רוח sal hulle motiveer vir die werk wat hulle in die opbou van die land moet gaan verrig.

Sag 4:6

6 ויען ויאמר אלי לאמר זה דבר-יהוה אל-זרבבל לאמר
לא בחיל ולא בכח כי אם-ברוחי אמר יהוה צבאות

6 Toe sê hy vir my: Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar ***deur my Gees***, sê die Here die Almagtige.

Die versekering van God se teenwoordigheid by sy volk en individue word in die geskrifte en wysheidsliteratuur onderstreep(Hildebrandt,1995:22).

Ps 51:13

11 אל-תשליכני מלפניך ורוח קדשך אל-תקח ממני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf ***en u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

**(v) DIE רוח EN LEIERSKAP**

Reeds vroeg in Israel se geskiedenis is dit duidelik dat die רוח אלהים teenwoordig is in die bemagtiging van leiers. Friedrich ( 1979:366) stel dit soos volg: "*Israel, however, experiences the historically active רוח אלהים in yet another way in which we miss the religious and ethical element so strongly emphasised hitherto. Through His רוח God equips for national political action by raising up charismatic leaders for the people. Here again the Spirit is unfathomable and incalculable, distributing where and to whom He will. Men hitherto disregarded suddenly emerge as leaders under the work of the רוח.*"

Hildebrandt (1995:22) betoog dat die eerste aanduiding van hierdie handeling van die רוח אלהים duidelik waarneembaar is in die lewe van Josef, toe die volk van God nog net uit 'n *clan* bestaan het. Die farao droom en Josef lê vir hom die droom uit deur die insig en kennis van sy bron: die רוח אלהים. Die farao erken dan ook dat Josef se gawe van God kom.

Gen 41:38

38 ויאמר פרעה אל-עבדיו הנמצא כזה איש אשר רוח אלהים בו

38 Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie ***die Gees van God*** is (OAV)?

**(vi) DIE רוח AS INSPIREERDER VAN GOEIE REGERING**

Na die uittog uit Egipte, toe die volk van God 'n groot nasie geword het, het daar 'n groot behoefte aan leiers ontstaan. In die Pentateug staan die grootste aantal

verwysings na die handelinge van die רוח in noue verband met die toerusting van die leiers van Israel vir 'n besondere taak wat hulle deur God opgelê is (Friedrich, 1979:366). Ons lees nêrens spesifiek dat Moses die toerusting van die רוח ontvang het nie, maar dit kan indirek afgelei word uit die feit dat die רוח wat op hom was, op die leiers oorgedra is wat moes help met die regering van die volk.

Num 11:16-17

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן-הרוח אשר עליך
ושמתי עליהם ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van ***die Gees*** wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.

### (vii) DIE רוח AS GEWER VAN VAARDIGHEID EN BEGAAFDHEID

Na die uittog uit Egipte en nadat Israel as God se volk bevestig is, is dit noodsaaklik dat die volk God moet aanbid. Israel kry opdrag om 'n tabernakel te bou as 'n mobiele aanbiddingsplek. Leiers word aangewys vir hierdie taak en deur die רוח אלהים vir hulle onderskeie take toegerus. Hierdie voorbeelde onderstreep die praktiese aspek van die leierskaptoerusting wat die רוח אלהים gegee het (Hildebrandt, 1995:22).

Eks 35:31

31 וימלא אתו רוח אלהים בחכמה בתבונה ובדעת ובכל-מלאכה

31 en Hy het hom met die ***Gees van God*** vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk.

Volgens die profeet Jesaja is die handelinge van Moses gedurende die Uittog 'n direkte gevolg van die teenwoordigheid van die רוח קדש (Heilige Gees) (Hildebrandt, 1995:23)

Jes 63:11 *(Een van drie teksverwysings na die Heilige Gees)*

11 ויזכר ימי-עולם משה עמו איה המעלם מים את רעי צאנו איה
השם בקרבו את-רוח קדשו

11 Toe het sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: Waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat ***sy Heilige Gees*** onder hulle gegee het?

**(viii) DIE רוח AS TOERUSTER VIR MILITÊRE OPERASIES**

Van Gemeren ( 1997:1075) wys daarop dat die רוח ook dien as toeruster van mense vir militêre operasies. Na die verowering van die beloofde land het die volk dikwels afvallig geword — God het hulle gestraf deur die vyandige volke wat hulle aangeval het. In reaksie op hulle smeekgebede roep God 'n rigter en rus Hy die rigter toe met sy רוח om sy volk te bevry van die juk van verdrukking deur die vyandige volke.

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן
יהוה בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 ***Die Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

**(ix) DIE רוח AS BEGELEIER VAN DIE MONARGIE**

Friedrich (1979:366) onderstreep die feit dat die teenwoordigheid van רוח in die lewens van die leiers van Israel voortgeduur het. Dié רוח kom op Saul en rus hom toe

vir sy taak as eerste koning oor Israel. Nadat die רוח op hom gekom het, profeteer hy en verander hy *(kry hy selfvertroue vir sy taak as koning).*

1 Sam 10:6-7

6 וצלחה עליך רוח יהוה והתנבית עמם ונהפכת לאיש אחר

6 Dan sal die ***Gees van die Here*** kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

7 והיה כי תבאינה האתות האלה לך עשה לך
אשר תמצא ידך כי האלהים עמך

7 Wanneer hierdie tekens oor jou kom, moet jy doen wat jou hand vind om te doen, want ***God is by jou***.

In hierdie gedeelte vorm *"Gees"* van die Here (vers 6) en *"God"* is by jou 'n sinonieme parallelisme wat dui op God se teenwoordigheid.

Saul, vervul met die רוח, is 'n suksesvolle regeerder totdat die רוח hom aan Saul as gevolg sy ongehoorsaamheid. Die ontrekking van die רוח laat sy totale koningskap ineenstort. Die רוח neem Dawid in besit en hy volg Saul op as koning van Israel.

1 Sam 16:14

14 ורוח יהוה סרה מעם שאול ובעתתו רוח-רעה מאת יהוה

14 Maar ***die Gees van die Here*** het van Saul gewyk, en 'n ***bose gees*** *wat deur die Here* gestuur is, het hom voortdurend ontstel. (Die bose gees sal in Hoofstuk 5 eksegeties behandel word)

### (x) רוח AS OPENBARINGSMEDIUM AAN DIE PROFETE

Tydens die monargie het verskeie profete op die toneel verskyn. Die teenwoordigheid van die רוח in die lewens van die profete het hulle in staat gestel om duidelik te sê: "So spreek die Here, Here!" (Friedrich, 1979:363).

2 Kon 2:9

9 ויהי כעברם ואליהו אמר אל-אלישע שאל מה אעשה-לך בטרם
אלקח מעמך ויאמר אלישע ויהי-נא פי-שנים ברוחך אלי

9 Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?" Elisa het geantwoord: "Mag daar tog 'n dubbele deel ***van u gees*** op my kom!

Miga 3:8

8 ואולם אנכי מלאתי כח את-רוח יהוה ומשפט וגבורה
להגיד ליעקב פשעו ולישראל חטאתו

8 Ek, daarenteen, het baie krag, ek het ***die Gees van die Here***, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.

### (xi) רוח AS AGENT VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE GESKRIFTE

Volgens Hildebrandt (1995:27) is daar in die Geskrifte minder gegewens oor die rol van רוח in die lewens van die Israelitiese leiers. Dawid koppel die voortbestaan van die Dawidiese koningshuis direk aan die teenwoordigheid van die רוח.

Ps 51:13

11 אל-תשליכני מלפניך ורוח קדשך אל-תקח ממני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en ***u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

Nog 'n leier in wie die רוח in die Geskrifte teenwoordig was, is die Godsman Daniël.

Dan 4:58

58 ועד אחרין על קדמי דניאל די-שמה בלטשאצר כשם אלהי

ודי רוח-אלהין קדישין בה וחלמא קדמוהי אמרת

58 Uiteindelik het Daniël, genoem Beltsasar na die naam van my God en in wie ***die gees van die heilige gode*** is, ingekom en ek het hom die droom vertel.

## 3.4. SAMEVATTING VAN DIE BETEKENIS VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT

Die interpretasie van *"gees"* in die Ou Testament is nie 'n simplistiese taak nie. Uit die ondersoek na die interpretasie van רוח deur verskillende taalkundiges is dit egter duidelik dat elke konteks waarin dit voorkom, deeglik geëksegetiseer behoort te word. Deur slegs die plekke te noem waar רוח in die Hebreeuse teks of Aramese teks gebruik word, is nie voldoende nie. Die meeste bronne noem ook net die verwysingsplek en haal nie die Hebreeus en vertaling (Engels, Duits of Afrikaans) aan sodat lesers 'n eie opsigwaarde-oordeel kan vel nie.

Dit is duidelik dat die woord נשמה in die Ou Testament gebruik word as aanduiding van die lewegewende krag van God en nie as aanduiding van die "*Gees*" van God (derde persoon van die Triniteit) nie. As נשמה as *"gees"* geïnterpreteer word, word asem, asemhaling, lewe of lewende wese daarmee bedoel.

Die woord אוב word nooit in die Ou-Testamentiese konteks gebruik as enige aanduiding van die Here self, die Here se *"gees"* of *"Gees"* nie. In alle kontekste (behalwe in Job 32:19 waar dit dui op 'n nuwe wynsak) dui אוב op die *"gees"* van 'n afgestorwene en in samehang met בעלה en אשה verwys dit na 'n nekromanser. Dit is dus duidelik dat אוב in die Ou Testament die gees van 'n afgestorwene aandui en geen betrekking het op die "gees" of "Gees" van die Here nie.

Vir die oogmerk van hierdie studie is dit duidelik dat die woorde אוב en נשמה nie relevant is vir die vasstelling of רוח gelyk is aan die Heilige Gees in die Nuwe Testament is nie.

Die woord רוח het verskeie betekenismoontlikhede, onder andere wind, asem, afgeleide betekenisse soos emosies, die aanduiding van sekere vermoëns en as *"gees"* van God/Here. Vir die doel van hierdie studie is die laaste betekenismoontlikheid – as *"gees"* van God/Here - die mees relevante. Uit bogenoemde evaluering is dit duidelik dat vier verskillende kategorieë voorkom waarin רוח spesifiek na die handelinge van die *"gees"* van God verwys:

(1) Die eerste kategorie is die plek en handeling van רוח in die skeppingsverhale en die mens se lewe.

(2) Die tweede kategorie is die plek en handeling van die רוח in die vestiging van Israel as die volk van God en hulle versorging.

(3) Die derde kategorie is die plek en handeling van die רוח in die vestiging van die Koninkryk van God deur charismatiese leiers.

(4) Die vierde kategorie is die rol van die רוח in die lewens van die profete wat die tussenganger was tussen God en sy volk.

Die vraag wat dus in Hoofstuk 5 deur eksegese van genoemde hoofstuk se aangehaalde teksverse beantwoord moet word, is of רוח 'n onafhanklike goddelike persoon is, met ander woorde "Het die Ou Testament רוח geïnterpreteer as die Heilige Gees, die derde persoon van die Triniteit?"

Die tese wat getoets sal word, is of רוח in die Ou Testament God se agent is waardeur Hy sy wil en sy planne in die Ou Testament volvoer en of רוח gelyk is aan die derde persoon van die goddelike Triniteit in die Nuwe Testament.

# 4. DIE DIAKRONIESE ONTWIKKELING VAN רוח יהוה IN DIE OU TESTAMENT – 'N BEOORDELING VAN DIE BRONNE

## 4.1. INLEIDING

Hierdie studie het in Hoofstuk 2 die Ou-Testamentteologieë se siening en interpretasie van רוח in die Ou Testament uiteengesit, in Hoofstuk 3 is die semantiese bronmateriaal (woordeboeke en grammatiese werke) se siening en interpretasie van רוח in die Ou Testament bespreek. In Hoofstuk 4 word bronne wat 'n Ou-Testamentiese teologie oor die רוח in die Ou Testament geskryf het, bespreek. In Hoofstuk 5 gaan geselekteerde tekste uit Hoofstukke 2, 3 en 4 geëksegetiseer word om te bepaal of רוח gelyk is aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament. Alvorens 'n voëlvlug oor verskillende broninterpretasies kan plaasvind, moet 'n kort en bondige oriëntasie eers plaasvind van hoe die verskillende boeke van die Ou Testament aanmekaar skakel omdat dit van wesenlike belang is vir 'n diakroniese ondersoek na die ontwikkeling van die רוח-tradisie in die Ou Testament.

## 4.2 AGTERGROND

Die Ou Testament is in baie opsigte die merkwaardigste versameling van boeke wat ooit geskryf is. Die Ou Testament is vir Jode en Christene 'n heilige versameling van geskrifte waarvan die invloed van onskatbare belang is (West, 1981:1). Volgens West (1981:1) is die argaïese temas soos die skepping, die sondeval, die oervloed, God se oordeel, die uittog, ballingskap, verlossing en die רוח יהוה deel van die teologiese wêreld waarbinne die Westerse wêreld hulle geloof beleef. West (1981:3) betoog dat die korrekte verstaan van die Christelike teologie onmoontlik is sonder die teenwoordigheid van die Ou Testament. Hierdie stelling van West is soveel te meer

waar ten opsigte van die vorming van 'n Bybelse pneumatologie omdat pneumatologie oor God se almag en onbegryplikheid handel.

Die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper (1888:3) maak die volgende opmerking in sy klassieke werk oor die Heilige Gees: *"The need of divine guidance is never more deeply felt than when one undertakes to give instruction in the work of the Holy Spirit – so unspeakably tender is the subject, touching the inmost secrets of God and the soul's deepest mysteries."*

Hierdie navorsingswerk is juis bedoel om die gawe van God (רוח יהוה) aan sy volk (kerk) beter te verstaan deur die ander gawe van God – sy Woord en in besonder die Ou Testament - intens te bestudeer. Die Woord van God (Bybel) is tydloos en tog is elke Godsopenbaring onlosmaaklik verbind aan 'n gegewe tyd, plek en historiese konteks. Die Woord ontmoet mense daar waar hulle is.

Dillard & Longman (1994:21) beweer: *"The Bible is a timeless book only in the sense that it has impact on every generation. The books of the Bible are also culture-bound. They were written for people in antiquity in a language and culture and with literary conventions that they understood."* Volgens Montague (1976:vi) verskaf die wetenskaplike ondersoek na die verskillende kontekste van gebeure met spesifieke verwysing na die tyd en die open-baringstradisie van die spesifieke teks 'n nuttige hulpmiddel vir die verstaan en interpretasie van die Bybel.

Fundamentaliste begaan 'n denkfout deur te dink dat daar geen afstand tussen Bybelse tye, kontekste en vandag bestaan nie (Johnstone, 1998:133). Hulle wantrou literêre, semantiese en eksegetiese navorsing om die afstand tussen die Bybelse tye en vandag

te oorbrug. Dit is ongelukkig ook waar ten opsigte van die interpretasie van die teologiese begrip רוח יהוה in die Ou Testament. Die Bybel is 'n dinamiese openbaring van God wat in verskillende stadiums as openbaring aan die Israeliete gegee is – 'n progressiewe pedagogie (Montague, 1976:vii). As voorbeeld kan Genesis 1:2 en 1 Korintiërs 12:3 dien:

Gen 1:2

2 והארץ היתה תהו ובהו וחשך על-פני תהום ורוח אלהים מרחפת על-פני המים

2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en ***die Gees van God*** het gesweef op die waters.

en

1 Kor 12:3

3. διο γνωριζω υμιν οτι ουδεις εν πνευματι θεου λαλων λεγει αναθεμα ιησουν και ουδεις δυναται ειπειν κυριον ιησουν ει μη εν πνευματι αγιω

*(Die Griekse elektroniese teks soos gebruik maak nie voorsiening vir alle Griekse leestekens nie)*

3 Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die ***Gees van God*** praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die ***Heilige Gees***.

Die skrywer van Genesis 1:2, wat oor die kosmiese skepping skryf, dink nie op dieselfde manier na oor die gees (Ou Testament - רוח) soos Paulus doen in 1 Korintiërs 12:3 (Nuwe Testament - πνευμα) doen nie. In Hoofstuk 5 sal vasgestel word of die skrywer van Genesis 1:2 die רוח אלהים as die derde persoon van die goddelike Triniteit beskou.

Die navorsingstudie oor die diakroniese ontwikkeling van 'n Bybelse tradisie, is soos om berg te klim (Montague,1976:viii). Die studie kan vergelyk word met 'n staproete in die berge. Die beginpunt van die studie is soos die voet van die berg. Jy kan nie die hele panoramiese uitsig van die berg beskryf deur die beperkende visie aan die voet van die berg nie. Daar lê nog vele ander uitsigte voor wat wag om ontdek te word. Hoe verder jy met die "staproete" vorder, hoe meer nuwe uitsigte word ontdek. Die oueres verdwyn nie, maar word deel van 'n breëre geheel. As jy aan die einde van die staptog kom en die bo-punt van die berg bereik, het niks wat gedurende die staptog ontdek is, verlore geraak nie. Elke deel is egter nou deel van 'n wyer panorama waarin elke deel gesien word ooreenkomstig die geheel.

Ons bely dat die Bybel die Woord van God is. Dié belydenis kom na vore uit ons verhouding met die Bybel. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat die Bybel se ontstaansgeskiedenis lank en ingewikkeld is. In die geskiedenis van die ontstaan van die Bybel kan 'n paar ontwikkelingsfases onderskei word en daar moet rekening gehou word met die verskillende karaktereienskappe van elke fase. Die verskillende ontwikkelingsfases help om die ingewikkelde openbaringsgeskiedenis van die Bybel 'n bietjie meer verstaanbaar te maak.

### 4.2.1. DIE VERSKILLENDE FASES — 'N VERKENNING

Die fases kan kortliks — dit is nie die skopus van hierdie studie om die literatuur van die Bybel in detail te bespreek nie— soos volg onderskei word:

(1) van gebeure tot mondelinge tradisies;

(2) van mondelinge tradisies tot boeke; en

(3) van boeke tot die Bybel.

Die verhale/insidente waarvan in die Bybel vertel word, gaan ten diepste terug op gebeure en lewenservaringe. 'n Insident het eers plaasgevind voordat daaroor gepraat en geskryf is. Die gebeure lê op 'n verskeidenheid terreine. Dit wissel van intiem persoonlike ervarings tot algemeen nasionale gebeurtenisse. Daar is dus nie 'n enkelvoudige verband tussen die gebeure en die beskrywing nie. Die dinge wat gebeur het, word ook nie op dieselfde manier verwoord nie. Sommige het dit in verhaalvorm weergegee, ander het verslae geskryf, nog ander het daaroor gesing terwyl sommige die lesse wat hulle daaruit geleer het, in wysheidspreuke verwoord het (Swanepoel, 1994:4).

Baie min gebeure is direk nadat dit plaasgevind het, opgeskryf. Om te skryf, was 'n langsame en ingewikkelde proses. Min mense was werklik skrifgeletterd, daarom het die gesproke woord baie sterker op die voorgrond gestaan. Mense het gepraat en hulle kennis mondeling met mekaar gedeel; so het mondelinge tradisies oor die gebeure ontstaan. Mondelinge verhale (tradisies) het die doel om 'n boodskap oor te dra. Weldra het die mondelinge tradisies ("verhale") 'n geykte vorm aangeneem. Elke verhaal het 'n begin en 'n einde. Daar het standaardverhale ontstaan wat in spesifieke gevalle gebruik is om spesifieke boodskappe oor te dra. Volgens Deist (1987:1) kan 'n mens aanneem dat 'n verhaal se einde die spanning moet oplos wat in die verloop van die verhaal gewek word. Die vraag is net: Waar begin 'n spesifieke verhaal en waar eindig dit? Hierdie vraag is ook ter sake in die ondersoek na 'n teologie van רוח in die Ou Testament.

Met die tyd het daar egter ook geskrewe bronne ontstaan. Eers is sekere kleiner dele op skrif gestel. Sekere dekrete of wette of berigte van spesifieke gebeure is aangeteken. Die verhale wat op skrif gestel is, het nie die mondelinge verhale vervang

nie. Hulle het naas die mondelinge verhale bly voortbestaan. Op dié manier is die mondelinge tradisies deur die skriftelike bronne gekontroleer, terwyl die mondelinge verhale steeds die belangrikste gebly het. Met verloop van tyd het die skriftelike bronne gegroei — in omvang en hoeveelheid. Sommige van dié bronne is byeengebring en so het groter bronne ontstaan (Swanepoel, 1994:14) .

Die behoefte aan omvattender bronne het veral tydens en ná die ballingskap sterker na vore getree. Die bronne is op verskillende maniere byeengebring. In sommige gevalle is die bronne naas mekaar geplaas sodat daar nie noodwendig 'n eenheidslyn is wat deurloop nie, terwyl die verhale in ander gevalle met mekaar "versoen" is om 'n deurlopende verhaallyn te vorm. Die mondelinge en skriftelike bronne is in bepaalde stadiums tot eenheidsboeke verwerk. Die redakteurs van die Bybelboeke het hulle gegewens uit dié bronne (die skriftelike én mondelinge gegewens) geneem en dit in een boek versamel. Die Bybelskrywers was nie passiewe mense wat óf net neergeskryf het wat aan hulle gedikteer is, óf wat bloot bronne aanmekaar geryg het nie. Hulle het die gegewens wat in 'n verskeidenheid bronne beskikbaar was — mondeling en skriftelik — verwerk, aangepas en geaktualiseer sodat die skrywer sy bepaalde boodskap by die lesers kon tuisbring (Deist & Vorster, 1986:17).

## 4.3. 'N KRITIESE ONTLEDING VAN DIE GEBRUIK VAN רוח IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES VAN ISRAEL SE GESKIEDENIS

Om 'n teologie van die רוח in die Ou Testament te kan formuleer is dit noodsaaklik om jou nie blind te staar teen vertalings van die Bybel nie: soveel vertalings, soveel interpretasiemoontlikhede van רוח. In hierdie afdeling van die navorsingstudie word

aandag geskenk aan die ontstaansproses van die teologiese begrip רוח in die Ou Testament.

'n Belangrike kenmerk van Israel se oorleweringsproses is dat elke nuwe geslag die tradisies opnuut wou interpreteer en aktualiseer. Tradisies is dus voortdurend geherinterpreteer en op die nuwe geslag toegepas. Aan die een kant is daar die doelbewuste poging om dit wat een keer in bepaalde historiese omstandighede gebeur het, te bewaar en vir die nageslag te herinterpreteer. Aan die ander kant is daar ook weer die begeerte om dit wat oorgelewer word, aktueel te maak en eksistensieel te beleef. Verder is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat iets van Israel se geloof en lewenswyse sy tradisies is, wat ook in die begrip רוח teruggevind kan word. Knight (1975:11) stel dit soos volg: *"The contents of the traditions reflect the life of the people — their interests, beliefs, needs for historical rootage, religious proclamations, instructions for family and for worship, juridical directives, laments, reproaches and hopes."*

In die bepaling van 'n Ou-Testamentiese רוח-teologie moet rekening gehou word daarmee dat die Ou Testament nie eensklaps ontstaan het nie, maar oor 'n tydperk van byna 'n duisend jaar heen. Selfs afsonderlike boeke van die Ou Testament het soms oor 'n tydperk van eeue heen ontstaan. Navorsers, Bybelvertalers en gewone Bybellesers moet besef dat dit nie deurentyd dieselfde mense is wat in die Ou Testament — selfs in dele van die Ou Testament — aan die woord is nie, maar verskillende mense uit verskillende tye en verskillende omstandighede. Sommige was digters, ander filosowe, ander priesters en profete, ander weer geskiedskrywers, sommige was doodseker oor hulle idee van God, ander het aan hulle opvattings getwyfel. Die Ou Testament is 'n geskrif van die voor-Christelike era — 'n geskrif wat

blyke gee van 'n intense soeke na 'n Godsopvatting wat steek hou en wat sin aan die lewe en die geskiedenis kan gee (Deist, 1981:4).

Namate omstandighede verander het, het mense ook tot ander insigte gekom en het hulle in ander beelde oor God gepraat, daarom is daar meer as een siening omtrent רוח. Die sienings staan naas mekaar en kan nie altyd met mekaar versoen word nie. Om die ontwikkeling (diakronie) van 'n teologiese begrip soos die רוח te verstaan is dit dus van kardinale belang om te besef dat elke periode in die Ou Testament 'n ander interpretasie van die verskillende werkinge van die רוח kan hê.

Hierdie navorsingstuk wil dus 'n antwoord verskaf op die vraag: *"Verskil die werksaamhede van die רוח in die verskillende geskiedenisfases van die Ou Testament?"*

'n Antwoord op hierdie vraag sal help in die interpretasie van die רוח as *"gees"* van God in die Ou Testament – of רוח - as die Heilige Gees (derde persoon van die goddelike Drie-eenheid) geïnterpreteer kan word.

Om die diakroniese ontwikkeling van die begrip רוח יהוה in die Ou Testament beter te interpreteer, is dit noodsaaklik om kortliks (dit is nie die hoofdoel van hierdie studie nie) na die literatuursoorte en die ontstaansperiodes van die Ou Testament te kyk as oriëntasiepunt.

Volgens Swanepoel (1994:1) kan die Ou-Testamentiese boeke in die Hebreeuse Bybel volgens drie literatuursoorte ingedeel word:

(i) die Vertelliteratuur,

(ii) die Profete; en

(iii) Geskrifte.

In die volgende paragraaf volg 'n kort opsomming van die drie literatuursoorte om as 'n oriëntasie te dien vir die diakroniese ondersoek na die ontwikkeling van die רוח יהוה.

### 4.3.1. DIE VERSKILLENDE LITERATUURSOORTE — 'N VOËLVLUG

#### 4.3.1.1. DIE VERTELLITERATUUR

Onder die vertelliteratuur van die Ou Testament verstaan ons gewoonlik daardie boeke wat bepaalde "geskiedenisse" aan ons deurgee. Dit beslaan die grootste deel van die Ou Testament. Volgens Swanepoel (1994:2) kan drie duidelike periodes onderskei word:

- *Van begin tot volksplanting:* Die verhaal van die eerste vier Bybelboeke.
- *Van volksplanting tot ballingskap:* Die verhaal van die deuteronomiese geskiedwerk. Die boeke Deuteronomium tot Konings val in hierdie afdeling.
- *Van konings en die ballingskap tot die herstelde gemeenskap:* Die verhaal van die kronistiese geskiedwerk wat die boeke Kronieke, Esra en Nehemia omvat.

Volgens Swanepoel (1994:2) vorm die eerste vier boeke van die Bybel 'n eenheid en word dit die Tetrateug genoem. Hy sluit die boek Deuteronomium by hierdie periode uit en daarom praat hy nie van die Pentateug nie. Deist (1987:2) verskil van Swanepoel. Volgens Deist vorm die Tetrateug nie 'n verteleenheid nie en verkies hy weer om van die Heksateug (Genesis – Josua) te praat.

Navorsers J. Astruc (1684-1766), J.H. Wellhausen (1883) en Eichorn (1788-1827) (om enkeles te noem) verskil deur die eeue van mekaar oor die bronne van die Pentateug. Na-vorsers was dit eens dat die outeur van die Pentateug van verskillende bronne gebruik gemaak het – so is die bronne-hipotese (oorkonde-hipotese, fragmente-hipotese en die aanvullings-hipotese) geïdentifiseer. Alhoewel die bronne-hipotese, en by name die vier- bronne-hipotese, sterk kritiek ontlok het, is dit duidelik dat daar wel verskillende bronne gebruik is en dat die Pentateug (Genesis – Deuteronomium), die Tetrateug (Genesis – Numeri) of die Heksateug (Genesis – Josua) oor verskeie eeue heen (9de–5de) gegroei het tot sy huidige gestalte (Deist,1987:43). Dillard (1994:42) som dit soos volg op: *"These are not simply brought together side-by-side, but are creatively integrated with one another."*

As oriëntasie in die diakroniese ondersoek na die teologiese begrip רוח יהוה is dit wel van belang om 'n kort opsomming van die vier-bronne-hipotese te gee.

Volgens W.H. Schmidt (1995:48) is daar tot op hede nog geen nuwe hipotese wat die vier-bronne-hipotese suksesvol kon vervang nie. Volgens hom kan die vier bronne soos volg dateer word:

(i) Bron J (Jahwis) wat die Godsnaam יהוה (Here) gebruik dateer uit ongeveer 950 vC, in die tyd van Salomo, kort voor die verdeling van die monargie in 926 vC in die Suidelike ryk. Bron J konsentreer op die mens en die aarde en gebruik baie antropomorfismes om God te beskryf. Bron J begin by Genesis 2 en sluit Eksodus en Numeri in (West, 1981:67).

(ii) Die E (Elohis)-bron wat weer die Godsnaam אלהים (God) gebruik, dateer Schmidt (1995:48) in 800 vC, voordat die sogenaamde skrifprofete, veral Hosea in die Noordelike ryk op die toneel verskyn het. Volgens Dillard (1994:41) fokus bron

E meer op religieuse en morele sake. Bron E is ook baie meer fragmentaries as bronne J en P. Bron E begin in Genesis 15 en kom fragmentaries voor in Eksodus en strek tot in Numeri 32.

(iii) Schmidt (1995:48) dateer bron D in 622 vC voor die hervormings wat Josia in die 7de eeu voor Christus deurgevoer het. Bron D bestaan hoofsaaklik uit seremoniële wette en word gekenmerk deur inleidingsfrases soos "Hoor, O Israel". Bron D se hooftema is dat gehoorsaamheid aan God beloon word en ongehoorsaamheid tot straf lei. Bron D strek vanaf Deuteronomium 12 tot met die geskiedenis van 2 Konings (West, 1981:69).

(iv) Schmidt (1995:48) dateer bron P (Priesterlike bron) gedurende die ballingskap en uitbreidings aan die priesterlike bron in die na-eksiliese tydperk, dus ongeveer 550 vC. Bron P lê klem op die kultus, rituele, geslagsregisters, voorskrifte aangaande die manier van aanbidding en wette. Bron P se strata kom wyd voor in Genesis tot Numeri. Bron P beskryf die volk se ontmoetings met God baie kort. Dit is genoeg om sulke ervaringe te beskryf as "God het geroep of gesê". Bron P se bydrae tot die verhaal van die Pentateug is Genesis 1 en 5 tot Numeri en die hele wettekodeks Levitikus. Bron P lê baie klem op die gehoorsaamheid aan die wet van God as teken van die volk se liefde vir God.

Deur die jare is daar baie kritiek teen die bronne-hipotese uitgespreek, tog is dit in die navorsing oor die interpretasie van die רוח יהוה en die רוח אלהים belangrik om kennis te neem van die verskillende bronne en moontlike ontstaanstydperke omdat dit 'n wesenlike invloed kon uitoefen op die diakroniese ontwikkeling van die teologiese begrip רוח יהוה.

#### 4.3.1.1.1. VAN BEGIN TOT VOLKSPLANTING

In dié Tetrateug (Genesis – Numeri) gaan dit oor die gebeure van die skepping af tot by die omswerwings in die woestyn. Die versameling het na alle waarskynlikheid hulle finale beslag kort ná die ballingskap gevind. Dit beteken nie dat die gegewens in die boeke uit daardie tyd dateer of toe "uitgedink" is nie, maar net dat die oorgelewerde stof toe eers finaal in die vorm wat ons vandag ken op skrif gestel is. Dit is dus in die eerste plek as troosboodskap geskryf vir mense wat in baie moeilike omstandighede geleef het.

#### 4.3.1.1.2. VAN VOLKSPLANTING TOT BALLINGSKAP

Die boeke Deuteronomium tot Konings vorm 'n eenheid, die deuteronomiese geskiedwerk. Dié omvangryke boek oor die geskiedenis van Israel (sewe Bybelboeke met honderd een en tagtig hoofstukke) het heel waarskynlik tydens die ballingskap (597–538 vC) min of meer sy finale beslag gevind (West, 1981:562).

In dié tyd het die gelowiges veral geworstel met die vraag waarom hulle alles verloor het en in ballingskap verkeer (Swanepoel,1994:7). Die deuteronomiese geskiedwerk gee 'n perspektief op die hede en sê vir die ballinge waarom die katastrofe hulle getref het.

#### 4.3.1.1.3. VAN KONINGS, BALLINGSKAP TOT HERSTELDE GEMEENSKAP

Volgens Swanepoel (1994:9) kyk die kronistiese geskiedwerk, wat die boeke Kronieke, Esra en Nehemia omvat, in groot mate na dieselfde tydperk in die geskiedenis as die Deuteronomiese geskiedwerk, alhoewel dit later begin en eindig. Volgens hom het hierdie werk egter 'n heeltemal ander perspektief. Die boek is ná die ballingskap ( 597-538 vC) geskryf. Dit is gerig aan die Jode wat uit die ballingskap (538 vC) teruggekeer het.

Hulle was moedeloos. Die fokus van die geskiedwerk handel oor die Here se teenwoordigheid by sy volk. Die boek roep die volk op om met volle oorgawe die Here te dien, en wel in die tempel wat die teken van hulle diens aan die Here moes wees.

### 4.3.2. DIE PROFETIESE BOEKE

In die Ou Testament kry ons 'n hele aantal profetiese boeke. Die profete was die woord-voerders van die Here. Hulle het na die omstandighede van hulle eie tyd gekyk in die lig van die reeds bestaande Woord van God en die tradisies. Dan het hulle vir die volk gesê hoe hulle as die kinders van God moet leef. Hulle het ook enkele riglyne na die toekoms getrek, in die besonder oor wat sou gebeur as hulle nie luister en doen wat die Here sê nie. Die optrede van verskillende profete word ten nouste aan die diakroniese geskiedenis van Israel gekoppel (Von Rad, 1965:12).

#### 4.3.2.1. DIE EINDE VAN ISRAEL IS OP HANDE

Die eerste groep skrifprofete het in die tyd net voor en tydens die val (722/721 vC) van Samaria opgetree. Dié profete is Hosea, Amos, Miga en Jesaja. Die eerste twee het in die Noordelike Ryk geprofeteer (Von Rad, 1965:102 & 110), terwyl die laaste twee in die Suidelike Ryk opgetree het (Von Rad, 1965:118).

#### 4.3.2.2. DIE EINDE VAN JUDA IS OP HANDE

'n Aantal dekades lank (597, 787 vC) na die val van Samaria (722/721 vC) is Juda weer deur 'n groot krisistyd in die gesig gestaar. Weereens het verskeie profete na vore getree om aan die volk die boodskap van die Here te bring. Die rolspelers het verskil, maar in wese was dit dieselfde krisis as vroeër in die val van Israel:

(i) 'n Buitelandse mag het die voortbestaan van Juda bedreig.

(ii) Politieke opportunisme was aan die orde van die dag.

(iii) Korrupsie het hoogty gevier.

(iv) Sosiale onreg het oral kop uitgesteek.

(v) Die mense wat hulle so daarop beroem het dat hulle godsdienstig is, het wel die skyn van godsdienstigheid gehad en uiterlik met allerlei godsdienstige handelinge voortgegaan—veral as dit hulle gepas het—maar dit was dikwels net formele optrede (Swanepoel, 1994:14). Dit is in dié tyd dat die profete Jeremia, Habakuk, Nahum en Sefanja opgetree het.

### 4.3.2.3. DIE PROFETE IN BALLINGSKAP

Volgens Swanepoel (1994:16) was die ballingskap (587–538 vC) vir die Israeliete 'n traumatiese tyd in hulle bestaan. Hulle het al hulle besittings en alles wat hulle deur die jare opgebou het, verloor. Hulle het baie van hulle geliefdes aan die dood afgestaan. Dit het gevoel of die godsdienstige basis onder hulle uitgeruk is. Net voor die ballingskap het baie godsdienstige leiers vir hulle gesê dat die tempel die woning van God is en dat Jerusalem die stad van God is. Omdat die Here ewige trou aan die huis van Dawid gesweer het, het hulle geglo dat die stad nie sal val nie. God sal hulle vyande vernietig. Dit sal vir altyd met hulle goed gaan. Maar toe gebeur die ergste: die stad val, die tempel word afgebrand, talle sterf en nog meer word in ballingskap weggevoer; daarom worstel hulle met vrae soos: Was die Here nie ontrou nie? Het Hy ons nie in die steek gelaat nie? Is God die God van liefde as Hy sulke verskriklike dinge kan toelaat? Is God nog in beheer? En bo-al: Is God nie dalk dood nie?

Die profete van die ballingskap (587–538 vC) wil die volk vertroos met die seker wete dat die Here die mens nie in die uur van sy nood alleen laat nie; dat Hy die mens wat worstel, nie verwerp nie, maar dat Hy juis dan in die besonder luister en met die mens

in gesprek tree. Die profete van hierdie tydperk is Obadja, Esegiël en Deutero-Jesaja (Von Rad,1965:161,189 en 206).

#### 4.3.2.4. DIE BALLINGSKAP IS VERBY

Die eens magtige Assiriese ryk (913–605 vC) moes plek maak vir die Babiloniese ryk (605–539 vC). Hulle het ook soos hulle voorgangers hulle ryk op mag en geweld gebou. Ook hulle het tot 'n val gekom. Die Perse (539–300 vC) het skynbaar wel geleer dat geen ryk op mag en onreg gebou kan word en kan bly voortbestaan nie. Hulle volg 'n ander beleid: hulle laat die mense wat weggevoer is toe om na hulle vaderland terug te keer. Hulle mag hulle stede herbou en hulle eie godsdiens beoefen. Dit het beteken dat ook die Israeliete na Palestina kon teruggaan (538 vC), Jerusalem en die tempel (520–515 vC) herbou en die Here aanbid soos hulle voorvaders dit gedoen het (Swanepoel, 1994:18).

Dié wat vol geloof en hoop teruggekeer het, het gou gevind dat bitter moeilike dae op hulle wag. Maar weer eens laat die Here hulle nie in die steek nie. Hy stuur 'n klompie profete om sy wil aan hulle bekend te maak. Die profete was Haggai, Sagaria, Maleagi, Trito-Jesaja (Derde Jesaja) en Joël (Von Rad,1965:245). Volgens Von Rad (1965:255) kom die verhaal van Jona ook uit hierdie tyd.

### 4.3.3 DIE OU-TESTAMENTIESE GESKRIFTE

Die laaste deel van die Ou Testament in die Hebreeuse Bybel staan as die Geskrifte bekend. Dit sluit die digterlike boeke Psalms, Job en Spreuke, die sogenaamde feesrolle, dit wil sê die boeke wat tydens die feeste gelees is, naamlik Hooglied, Rut, Ester, Prediker en Klaagliedere en ook die "ander boek," Daniël, in (West,1981:493).

Uit bogenoemde samevatting is dit dus duidelik dat die Ou Testament oor 'n baie lang tydperk heen ontstaan het. En daarom is daar verskeie interpretasies moontlik om die diakroniese ontwikkeling van die רוח יהוה te verstaan, onder andere die van Neve (1972:i), Wood (1976:23) en Hildebrandt (1995:28), om slegs enkeles te noem.

In die bepaling van die diakroniese ontwikkeling van die רוח-tradisie in die Ou Testament werk Neve (1972:i e.v.) met vyf groot blokke geskiedenis:

(i) Die vroegste tekste - "At the blast of thy nostrils"

(ii) Van Elia tot Ballingskap – "The man of the spirit is mad"

(iii) Ballingskap en vroeë herstel – "Can these bones live?"

(iv) Ballingskap en vroeë herstel – "Even upon your slaves"

(v) Van Esra tot Daniël – " The spirit came upon Jahaziel"

Wood (1976:23 e.v.) volg weer 'n vyfdelige indeling:

(i) die gebruik van רוח van die skepping tot by die aartsvaders,

(ii) die gebruik van רוח van Moses tot Samuel,

(iii) die gebruik van רוח in die tydperk van die verenigde monargie,

(iv) die gebruik van רוח in die tydperk van die verdeelde monargie,

(v) die gebruik van רוח in die eksilies en na-ballingskapperiode.

Hildebrandt (1995: 28 e.v.) stel weer 'n vierdelige weg voor, naamlik:

(i) die רוח van God in die skepping,

(ii) die רוח van God werksaam in die volk,

(iii) die רוח van God en die Israelitiese leiers

(iv) die רוח van God en profesieë.

Elkeen van bogenoemde sienings sal gestel word sodat 'n eie siening van die gebruik van רוח יהוה gevorm kan word.

## 4.4. DIE DIAKRONIESE ONTWIKKELING VAN DIE רוח-TRADISIE IN DIE OU TESTAMENT — 'N OORSIG OOR ENKELE BESTAANDE WERKE WAT OOR רוח IN DIE OU TESTAMENT VERSKYN HET

### 4.4.1. 'N OORSIG OOR L.J. WOOD SE INDELING

Een van die jongste gesaghebbende werke oor die gebruik van רוח in die Ou Testament verskyn in 1976 uit die pen van Leon J. Wood. Die titel van sy werk is "The Holy Spirit in the Old Testament."

Volgens Wood (1976) kom die gebruik van die begrip רוח ongeveer 'n honderd (100) keer in die Ou Testament voor. Wood (1976:23 e.v.) beskryf vyf verskillende periodes in die Ou Testament waartydens die רוח-tradisie 'n rol gespeel het.

### 4.4.1.1. DIE VYF VERSKILLENDE PERIODES WAARTYDENS רוח 'N ROL GESPEEL HET

#### (i) VANAF DIE SKEPPING TOT DIE AARTSVADERTYD

Volgens Wood (1976:23) is daar enkele gevalle (sewe verwysings) gedurende hierdie periode waar die רוח 'n rol gespeel het. Wood (1976:23) verreken Genesis 1:2 as die eerste voorkoms van die begrip רוח. Hier word die begrip רוח in terme van die skeppingsgebeure beskryf. Volgens Wood (1976:23) onderskryf Job 26:13, Job 27:3; 33:4, Jesaja 40:13 en Psalm 104:30 die betrokkenheid en rol van die רוח in die skeppingsgebeure.

Job 26:13

13 ברוחו שמים שפרה חללה ידו נחש בריח

13 ***Deur sy asem*** word die hemel helder; sy hand het die vinnige slang deurboor (OAV). *(Die Afrikaanse Bybel vertaal die vers nie soos wat Wood dit in Engels wil interpreteer nie.)*

of

13 ***By his spirit*** he hath garnished the heavens; his hand hath formed the crooked serpent (KJV).

Job 33:4

4 רוח-אל עשתני ונשמת שדי תחיני

4 ***Die Gees van God*** het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee.

Wood (1976:24) maak die stelling dat die רוח slegs op een ander plek in hierdie vroeë tydperk van die Ou Testament voorkom, naamlik in Genesis 6:3:

Gen 6:3

3 ויאמר יהוה לא-ידון רוחי באדם לעלם בשגם הוא בשר
והיו ימיו מאה ועשרים שנה

3 Toe sê die Here: "***My Gees*** sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees."

Volgens Wood (1976:25) word רוח nooit in verband met Abraham, Isak en Jakob gebruik nie.

**(ii) VAN MOSES TOT SAMUEL**

Wood (1976:24) se volgende periode strek van Moses tot met Samuel. Die eerste verwysing na die רוח in die Moses-tydperk is in Eksodus 35:31. God gee 'n spesiale gawe aan Besaleël in die uitvoering van sy taak as hoof van die ambagsmanne wat aan die tabernakel werk.

Eks 35:31

31 וימלא אתו רוח אלהים בחכמה בתבונה ובדעת
ובכל-מלאכה

31 en Hy het hom met ***die Gees van God*** vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk (OAV)

of

31 Die Here het hom toegerus met ***sy Gees*** sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen (NAV)

Die volgende plek waar melding gemaak word van die רוח is in verband met die aanwysing van die sewentig (70) leiers van die volk wat Moses in die uitvoering van sy pligte moet help, Numeri 11:17, 25.

Volgens Wood (1976:26) bevestig twee latere Skrifverwysings die רוח se werksaamhede in hierdie tydperk.

Neh. 9:20

20 ורוחך הטובה נתת להשכילם ומנך לא-מנעת מפיהם
ומים נתתה להם לצמאם

20 U het ***u goeie Gees*** gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir hulle water gegee vir hulle dors.

en

Jes 63:10-11

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא
נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het ***sy Heilige Gees*** bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

Die volgende voorkoms van die רוח is in die sogenaamde Bileam-narratief, Numeri 24:2. Verder is daar ook twee verwysings (Numeri 27:18 & Deuteronomium 34:9) na die רוח wat Josua, die opvolger van Moses, bekragtig het.

Deut 34:9a

9 ויהושע בן-נון מלא רוח חכמה

9 En Josua, die seun van Nun, was vol van ***die Gees*** van wysheid ...

Die volgende verwysings na רוח kom uit die rigterstydperk. Daar is volgens Wood (1976:24-28) vyftien verwysings na die vier rigters wat deur die רוח bekragtig word (Rigt 3:10 – Otniël, 6:34 – Gideon, 11:29 – Jefta en Simson - 13,25; 14:6,19; 15:14).

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה ויתן
יהוה בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 Die ***Gees van die Here*** was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

**(iii) DIE VERENIGDE MONARGIE**

Wood (1976:25) haal dertien skrifgedeeltes aan waarin daar na רוח in hierdie tydperk verwys word. Die רוח word in verband gebring met Koning Saul (1 Samuel 10:6,10; 19:23; 11:6; 16:14), die eerste monarg van Israel. Daarna word רוח in verband gebring met Dawid (1 Samuel 16:13; Psalm 51:10; 139:7; 143:10,1 Kronieke 28:12 en 2 Samuel 23:2). Daar is 'n enkele verwysing (1 Kronieke 12:18) na רוח in verband met Amassia wat Dawid tydens sy vervolging deur Saul ondersteun. Een verwysing (Spreke 1:23) na רוח staan ook in verband met Salomo, Dawid se seun.

Spr 1:23

23 תשובו לתוכחתי הנה אביעה לכם רוחי אודיעה דברי אתכם

23 Wend julle tot my teregwysing, dan laat ek ***my gees*** vir julle uitstroom, wil ek my woorde aan julle bekend maak (OAV).

## (iv) DIE VERDEELDE MONARGIE

Wood (1976:26) wys daarop dat 'n verhoogde voorkoms van profetiese boodskappe gedurende die tydperk van die verdeelde monargie voorgekom het. Al hierdie profetiese woorde kan direk gekoppel word aan 'n רוח-bemagtiging.

2 Kron 15:1

1 ועזריהו בן-עודד היתה עליו רוח אלהים

1 ***Die Gees van God*** het oor Asarja seun van Oded gekom.

en

2 Kron 20:14

14 ויחזיאל בן-זכריהו בן-בניה בן-יעיאל בן-מתניה
הלוי מן-בני אסף היתה עליו רוח יהוה בתוך הקהל

14 Toe kom die ***Gees van die HERE*** in die midde van die vergadering op Jahásiël, die seun van Sagaría, die seun van Benája, die seun van Jeï-el, die seun van Mattánja, die Leviet uit die kinders van Asaf;

Volgens Wood (1976:26) het 'n paar teksverwysings betrekking op Elia en Elisa se רוח-bemagtiging (1 Konings 18:12; 2 Konings 2:9,15,16). Die kleinere skrifprofete soos Joël (Joël 2:28-29), Hosea (Hos 9:7) en Miga (Miga 2:7,11; 3:8) maak ook melding van die רוח (Wood (1976:27). Volgens Wood (1976:27) huldig die groot skrifprofeet Jesaja 'n eksistensiële רוח-teologie. Dit handel oor sekere kenmerke van die רוח, onder andere regspraak, oordeel, wysheid, insig en vrees (Jesaja 4:4;11:2; 28:6).

Jes 28:6

6 ולרוח משפט ליושב על-המשפט ולגבורה משיבי מלחמה
שערה

6 ***En tot 'n gees van strafgerig*** vir hom wat sit oor die gereg, en tot 'n sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe.

Volgens Wood (1976:27) verwys Jesaja ook na רוח en dié se verband met Christus (Jesaja 11:2;42:1;61:1). Hy interpreteer die gedeeltes as direkte Messiaanse voorspellings.

Jes 61:1

1 רוח אדני יהוה עלי יען משח יהוה אתי לבשר ענוים שלחני לחבש לנשברי-לב לקרא לשבוים דרור ולאסורים פקח-קוח

1 ***Die Gees van die Here my God*** het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is.

Wood (1976:27) vermeld 'n derde groep רוח-tekste wat in Jesaja voorkom. Hierdie groep trek 'n duidelike verband tussen die רוח en die volk Israel (Jes 32:15; 44:3;59:21).

Jes 44:3

3 כי אצק-מים על-צמא ונזלים על-יבשה אצק רוחי על-זרעך וברכתי על-צאצאיך

3 Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal ***my Gees*** uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.

Sy vierde groep רוח-tekste in Jesaja dui daarop dat רוח die ware instandhouer van die heelal is (Jes 34:16; 40:7,13; 59:19).

Jes 40:7

7 יבש חציר נבל ציץ כי רוח יהוה נשבה בו אכן חציר העם

7 Die gras verdor, die blom verwelk as ***die asem van die HERE*** daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras *(OAV)! (Die Afrikaanse vertaling verskil hier onder andere van die KJV.)*

of

7 The grass withereth, the flower fadeth: because the ***spirit of the LORD*** bloweth upon it: surely the people is grass (KJV).

**(v) DIE EKSILIESE EN NA-EKSILIESE PERIODE**

Wood (1976:28) beskryf die skrifprofeet Esegiël as die רוח-profeet by uitstek. Een groep teksverse dui aan dat Esegiël deur die רוח bemagtig is (Eseg. 2:2; 3:24; 11:5).

Eseg 2:2

2 ותבא בי רוח כאשר דבר אלי ותעמדני על-רגלי ואשמע את מדבר אלי

2 En (die) ***Gees*** het in my gekom sodra Hy met my gespreek het, en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het. (OAV)

of

2 Terwyl Hy met my praat, kom (die) ***Gees*** in my en laat my regop staan. Ek het die stem met my hoor praat. (NAV)

Volgens Wood (1976:28) dui sewe ander teksverse aan dat die רוח die profeet onder andere kragdadig van plek, posisie en ruimte verplaas het (Eseg 3:12,14; 8:3; 11:1,24;37:1;43:5).

Eseg 3:12

12 ותשאני רוח ואשמע אחרי קול רעש גדול ברוך כבוד
יהוה ממקומו׃

12 ***Die Gees*** het my opgetel, en toe hoor ek agter my die gedreun van 'n groot aardbewing en 'n stem: "Die hemel self moet die magtige verskyning van die Here loof!"

In agt ander teksverse (Esegiël 1:12,20,21; 10:17; 36:26-27, 37:14; 39:29) maak Esegiël melding van רוח geïnspireerde handelinge (Wood, 1976:28).

Eseg 1:12

12 ואיש אל־עבר פניו ילכו אל אשר יהיה־שמה הרוח ללכת ילכו
לא יסבו בלכתן

12 Die wesens het reg vooruit beweeg in die rigting waarin ***die Gees*** dit wou, en hulle het nie van koers verander wanneer hulle beweeg nie.

Volgens Wood (1976:28,29) is daar vyf na-eksiliese verwysings na רוח-bemagtigings. Twee , Nehemia 9:30 en Sagaria 7:12, verwys na voor-eksiliese profete wat deur die רוח geïnspireer is. Die ander drie, Haggai 2:5, Sagaria 12:10 en 14:6 het betrekking op die werksaamhede van die רוח in die na-eksiliese periode.

Neh 9:30

30 ותמשך עליהם שנים רבות ותעד בם ברוחך ביד-נביאיך
ולא האזינו ותתנם ביד עמי הארצת

30 U was geduldig met hulle, baie jare lank, U het hulle gewaarsku ***deur u Gees***, deur middel van u profete, maar hulle het nie geluister nie. Toe het U hulle oorgegee in die mag van heidenvolke,

Sag 4:6

6 ויען ויאמר אלי לאמר זה דבר-יהוה אל-זרבבל לאמר
לא בחיל ולא בכח כי אם-ברוחי אמר יהוה צבאות

6 Toe sê hy vir my: "Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur ***my Gees***, sê die Here die Almagtige."

Wood lê nie baie klem op die diakroniese inhoudelike ontwikkeling van die רוח-teologie nie. Dit gaan vir hom in hoofsaak oor die teenwoordigheid van die רוח in die Ou-Testamentiese tyd. Hy wil vanuit hierdie gedagterigting sy tese dat die רוח in die Ou Testament die derde (3de) persoon van die goddelike Drie-eenheid is, bewys. Wood bou hierdie hele argument rondom die רוח-bemagtiging van verskillende groepe mense met 'n baie kort verwysing na die רוח in die skepping. Die enigste verwysing wat kan verwys na 'n diakroniese ontwikkeling van die רוח-begrip, is sy stelling ten opsigte van die voorkoms van רוח in die skrifprofeet Esegiël se werk (Wood, 1976:28).

Hieronder volg 'n paar kritiese opmerkings oor Wood se siening oor die werksaamhede van die רוח in die Ou Testament.

### 4.4.1.2. 'N PAAR KRITIESE OPMERKINGS OOR WOOD SE SIENING VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT

#### 4.4.1.2.1. DIE BEGRIP רוח AS DIE HEILIGE GEES EN DIE SKEPPING

Volgens Wood (1976:30) ignoreer die meeste navorsers die rol wat die drie persone van die goddelike Drie-eenheid tydens die skepping vervul het. Volgens hom speel die רוח, as Heilige Gees, 'n baie belangrike rol in die skepping. Hy bied verskeie Bybelverse aan om sy stelling te ondersteun. Vir hom is die belangrikste teksvers Genesis 1:2. Volgens Wood (1976:31) gaan die beskrywing van die skeppingswerk van רוח die volgende ses dae vooraf en daarom is dit baie duidelik dat dit die handelinge van רוח die Heilige Gees was. Wood (1976:31) bou sy tese rondom die woord מרחפת (sweef / beweeg). Volgens hom dui die Pi'el-deelwoord op 'n voortdurende aksie van die רוח.

Wood (1976:31) beweer verder dat die laaste gedeelte van Psalm 33:6 hierdie gedagte ondersteun.

Ps 33:6

6 בדבר יהוה שמים נעשו וברוח פיו כל-צבאם

6 Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur ***sy bevel*** al die hemelliggame. (NAV)

of

6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur ***die Gees*** van sy mond hulle hele leër. (OAV)

of

6 By the word of the LORD were the heavens made; and all the host of them by ***the breath*** of his mouth.

Volgens Wood dui die eerste gedeelte van die vers op die werk van die Seun (na aanleiding van Johannes1:1-3 is die Woord gelyk aan die Seun). Die tweede gedeelte van die vers dui dan op die werk van die Heilige Gees. Die begrip רוח word vertaal met die "asem" van sy mond, en in 'n afgeleide vorm in Afrikaans met "sy bevel". Deur 'n gekombineerde daad van die Seun en die Heilige Gees is al die hemelliggame dus geskep.

Volgens Wood sluit Job 26:13 by bogenoemde tradisie aan.

Job 26:13

13 ברוחו שמים שפרה חללה ידו נחש בריח

13 ***Deur sy asem*** word die hemel helder; sy hand het die vinnige slang deurboor. (Die woord רוח word vertaal met asem, maar kan ook gees beteken.)

Of

13 ***By his spirit*** he hath garnished the heavens; his hand hath formed the crooked serpent (KJV)

Volgens Wood (1976:31) verwys Jesaja 40:12-14 per implikasie na die rol van רוח in die skepping van die hemel en die aarde, en Psalm 104:30 verwys na die skepping van die dierelewe as 'n handeling van die רוח.

Wood is van mening dat רוח in al hierdie teksverse die handelende persoon is. Wood verskil van ander navorsers deur dit duidelik te stel dat die רוח baie beslis die derde

persoon van die goddelike Drie-eenheid is en nie net 'n krag of 'n goddelike teenwoordigheid nie (Wood,1976:32).

Van bogenoemde tekste sal in hoofstuk vyf geëksegetiseer word om te bepaal of רוח in hierdie dele werklik dui op die Heilige Gees as derde persoon van die goddelike Drie-eenheid.

Samevattend kan gestel word dat Wood (1976:34) dit baie pertinent stel dat dit die Heilige Gees is wat die mens skep. Die mens word op die sesde dag geskep en dit val binne die skeppingstydperk waarbinne die רוח gehandel het. Hierdie gedagterigting onderstreep hy verder deur te verklaar dat die pluralis majestatus in Genesis 1:26-27 daarop dui dat al drie persone van die goddelike Drie-eenheid by die skepping van die mens betrokke was: "*The father evidently planned man's design, the Son brought His constituent elements to exis-tence, and the Holy Spirit gave him the form and nature planned.*" (Wood, 1976:35.)

#### 4.4.1.2.2. OU-TESTAMENTIESE PERSONE OP WIE DIE רוח AS HEILIGE GEES GEKOM HET

Die Heilige Gees het nie net 'n belangrike rol tydens die skepping gespeel nie, maar hy het 'n belangrike plek vervul in die bemagtiging van Israel se leierskorps (Wood, 1976:40). Wood beweer dat die meeste navorsers die standpunt huldig dat die רוח mense bemagtig het vir 'n sekere Godbedoelde taak en Hom na die suksesvolle uitvoering van daardie taak weer aan die mens onttrek het. Die bemagtiging of inwoning deur die רוח was nooit permanent soos in die Nuwe Testamentiese tyd nie.

Wood (1976:40) stel die vraag: *"What kind of powers did believers receive on the day of Pentecost? What did the Spirit begin to do in and through them that He had not done before? Such terms as the following are commonly used of the Spirit's work after Pentecost: regeneration, indwelling, sealing, filling, empowering, and baptism. Which, if any, of these functions were already carried on in Old Testament time by רוח (the Holy Spirit) and which began only at Pentecost?"* Om antwoorde op hierdie vrae te kry tref Wood (1976:41) onderskeid tussen die handeling van die רוח in vier groepe mense se optrede, naamlik:

(a) die rigters,

(b) die vakmanne,

(c) die profete,

(d) die publieke administrateurs.

**(A) DIE רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE RIGTERS**

God het verskeie persone geroep vir spesifieke reddingsdade in die geskiedenis van sy volk. Die rigters het opgetree as leiers van die volk voordat die monargie sy vaste plek in die regeringstelsel van Israel gekry het. Die רוח bemagtig persone om Israel kragdadig deur bo-menslike dade uit die onderdrukking van vyandige volke te verlos (Wood, 1976:41). Die rigters (Otniël, Jefta, Gideon, Simson) se bemagtiging was gerig op fisiese aktiwiteite in 'n tyd van oorlog.

Rigt 14:19

19 ותצלח עליו רוח יהוה וירד אשקלון ויך מהם שלשים
איש ויקח את-חליצותם ויתן החליפות למגידי החידה
ויחר אפו ויעל בית אביהו

19 ***Die Gees van die Here*** het vir Simson sterk gemaak, en hy is af Askelon toe. Daar het hy dertig man doodgeslaan en hulle klere gevat en vir die mans gegee wat die raaisel uitgelê het. Hy was baie kwaad en is na sy pa se huis toe.

Die רוח het die rigters bemagtig vir fisiese kragdade gedurende oorlogstye.

**(B) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE VAKMANNE**

Wood (1976:42) se tweede groep persone wat deur die רוח toegerus is vir 'n spesifieke taak, was persone wat die een of ander kunstige taak moes verrig. Besaleël was die eerste persoon wat deur die רוח toegerus is vir sy taak as tabernakel-ambagsman (sien paragraaf 4.2.1.2. hierbo). Dawid was die volgende persoon wat deur die רוח toegerus is vir sy taak as tempelargitek.

1 Kron 28:11 - 12

12 ותבנית כל אשר היה ברוח עמו לחצרות בית-יהוה ולכל-הלשכות סביב לאצרות בית האלהים ולאצרות הקדשים

12 en 'n voorbeeld van alles wat by hom ***in die gees was***: van die voorhowe van die huis van die HERE en van al die kamers rondom en die skatkamers van die huis van God en die skatkamers van die heilige gawes (OAV).

Die derde persoon wat as ambagsman deur die רוח toegerus is vir sy taak was Hiram. Hiram was die ambagsman wat verantwoordelik was vir die bou van die tempel. Daar is geen direkte verwysing in die Bybel dat Hiram deur die רוח toegerus is vir sy taak nie. Wood (1976:42) maak egter 'n indirekte afleiding uit die gebruik van die werkwoord

מלא (vul). Die woord מלא is in hierdie konteks 'n nif'al (passief) wat daarop dui dat Hiram gevul is met iets. Volgens Wood is die enigste logiese *iets* wat met Hiram kon gebeur het, die vulling/bemagtiging deur die רוח. Hierdie werkwoord מלא is dieselfde woord wat gebruik is om aan te dui dat Besaleël deur die רוח toegerus is vir sy taak met die tabernakel.

1 Kon 7:12

12 בן-אשה אלמנה הוא ממטה נפתלי ואביו איש-צרי חרש
נחשת וימלא את-החכמה ואת-התבונה ואת-הדעת לעשות
כל-מלאכה בנחשת ויבוא אל-המלך שלמה ויעש את
כל-מלאכתו-

12 Hy was die seun van 'n weduvrou uit die stam van Náftali, en sy vader was 'n man van Tirus, 'n kopersmid; en ***hy was vol*** wysheid en verstand en kennis om allerhande werk in koper te maak. Hy het toe by koning Salomo gekom en al sy werk uitgevoer (OAV).

Al die persone wat deur die רוח bemagtig is vir hulle spesiale taak is toegerus vir die uitvoering van 'n spesiale ambag of vaardigheid. Bogenoemde persone is vir 'n ander tipe taak toegerus as byvoorbeeld die rigters wat 'n leër moes lei. Besaleël en Hiram het met hulle hande gewerk, terwyl Dawid weer met sy verstand gewerk het in die ontwerp van die tempel. Hulle toerusting deur die רוח het niks te doen gehad met verlossing van sonde of enige geestelike konsep *(regeneration, indwelling, sealing, filling, empowering, and baptism)* soos Wood (1976:40) in sy vrae (sien 4.4.1.2.2.) oor die werking van die רוח in die Ou Testament gestel het nie.

## (C) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE PROFETE

Die derde groep persone wat vir 'n spesiale taak deur die רוח bemagtig is, is die profete. Volgens Wood (1976:43) kan die profete in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik:

(i) die wat slegs tydelik deur die רוח bemagtig is, en

(ii) die wat 'n permanente bemagting ontvang het.

### (i) PROFETE WAT SLEGS TYDELIK BEMAGTIG IS

Volgens Wood (1976:43) is hierdie groep profete slegs tydelik deur vir hulle godgegewe opdrag deur רוח bemagtig – soortgelyk aan die bemagtiging van die rigters. Nadat hulle hul taak suksesvol verrig het, het die spesifieke gawe wat hulle vir die uitvoer van hulle taak benodig het, opgehou funksioneer. Wood (1976:43) noem vyf profete wat so tydelik deur die רוח bemagtig is. Die eerste was Asarja. Hy is tydelik bemagtig om woorde van bemoediging en raad namens God te spreek.

2 Kron 15:1-2

1 ועזריהו בן-עודד היתה עליו רוח אלהים

1 ***Die Gees van God*** het oor Asarja seun van Oded gekom.

Die tweede profeet wat so tydelik bemagtig is, is Jagasiël. Die רוח bemagtig hom en hy lewer ook 'n profetiese woord van raad en bemoediging tot die volk.

2 Kron 20:14

14 ויחזיאל בן-זכריהו בן-בניה בן-יעיאל בן-מתניה הלוי

מן-בני אסף היתה עליו רוח יהוה בתוך הקהל

14 Toe kom ***die Gees van die Here*** daar in die gemeente oor die Leviet Jagasiël seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeïel, seun van Mattanja, uit die nageslag van Asaf,

Wood (1976:44) verwys na nog drie ander profete wat so tydelik bemagtig is, naamlik:

(i) die profeet Sagaria (nie die latere skrifprofeet nie). Hy word deur die רוח vervul en spreek die volk skerp aan. Die volk stenig die profeet in opdrag van die koning.

2 Kron 24:20

20 ורוח אלהים לבשה את-זכריה בן-יהוידע הכהן ויעמד

מעל לעם ויאמר להם כה אמר האלהים למה אתם עברים

את-מצות יהוה ולא תצליחו כי-עזבתם את-יהוה ויעזב אתכם

20 Toe het ***die Gees van God*** Sagaria, die seun van die priester Jójada, vervul, en dié het voor die volk gaan staan en aan hulle gesê: So spreek God: Waarom oortree julle die gebooie van die HERE en wil julle nie voorspoedig wees nie? Omdat julle die HERE verlaat het, het Hy julle verlaat.

(ii) Die nie-Israelitiese profeet Bileam. In opdrag van die Moabitiese koning vertrek Bileam om Israel te gaan vervloek. Die רוח vervul Bileam en in opdrag van God seën hy die volk.

Num 24:2

2 וישא בלעם את-עיניו וירא את-ישראל שכן לשבטיו
ותהי עליו רוח אלהים

2 Toe Bíleam sy oë opslaan en Israel sien soos hy volgens sy stamme in die laer staan, het ***die Gees van God*** op hom gekom.

(iii) Die laaste persoon wat tydelik deur die רוח vervul is, is Amasia. Hy was nie 'n profeet nie, eerder 'n militaris. Hy word deur die רוח vervul en belowe hulle ondersteuning en hulp aan die voortvlugtige Dawid.

1 Kron 12:18 *(Hebreeus vers 19)*

19 ורוח לבשה את-עמשי ראש השלושים לך דויד ועמך
בן-ישי שלום שלום לך ושלום לעזרך כי עזרך אלהיך
ויקבלם דויד ויתנם בראשי הגדוד

18 ***Die Gees*** het Amásai, die hoof van die dertig, vervul, en hy het gesê: Vír u, Dawid, en mét u, seun van Isai, is ons. Vrede, vrede vir u, en vrede vir die wat u help, want u God help u! Daarop het Dawid hulle opgeneem en hulle aangestel as hoofde van die bende.

Die taak waartoe hierdie vyf persone geroep is, is om 'n profetiese woord namens God te spreek. Die רוח vervul hulle tydelik om hierdie taak te volvoer. Ook hierdie רוח-bemagtiging het niks te doen gehad met enige geestelike konsep nie.

### (ii) PROFETE WAT PERMANENT BEMAGTIG IS

Wood (1976:45) maak 'n verdere verdeling ten opsigte van die rol van die רוח in die profetegroep. Daar is volgens hom nie net 'n onderskeid tussen die profete wat net tydelik bemagtig is en die wat 'n permanente vervulling ontvang het nie. Hy verdeel die laaste afdeling ook nog tussen die profete wat pertinent verklaar dat hulle deur die רוח bemagtig is en dié waaruit dit slegs afgelei kan word omdat hulle self geen aanspraak daarop maak nie.

### (a) PROFETE WAT VERKLAAR DAT HULLE BEMAGTIG IS

Volgens Wood (1976:45) is die negende-eeuse profete, Elia en Elisa, die eerste profete wat permanent deur die רוח bemagtig is. As bewys hiervan verwys Wood (1976:45) na die verhaal van Elia wat in die hemel opgeneem is.

2 Kon 2:9

9 ויהי כעברם ואליהו אמר אל-אלישע שאל מה אעשה-לך
בטרם אלקח מעמך ויאמר אלישע ויהי-נא פי-שנים
ברוחך אלי

9 Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?" Elisa het geantwoord: "Mag daar tog 'n dubbele deel ***van u gees*** op my kom!"

Wood (1976:46) identifiseer nog twee ander profete wat direk verklaar dat hulle deur die רוח bemagtig is. Die eerste is die profeet Miga. Wood (1976:46) verwys na die gebruik van die perfektum van die werkwoord מלא (vul) wat aandui dat die profeet iewers in die verlede deur die רוח vervul is en dat hierdie vervulling nou steeds geldig is terwyl hy sy geskrif skrywe.

Miga 3:8

8 ואולם אנכי מלאתי כח את-רוח יהוה ומשפט וגבורה
להגיד ליעקב פשעו ולישראל חטאתו

8 Ek, daarenteen, het baie krag, ek het ***die Gees van die Here***, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.

In teenstelling met die ander skrifprofete lê Esegiël (2:2) baie klem op sy verhouding met die רוח.

Eseg 8:3a

3 וישלח תבנית יד ויקחני בציצת ראשי ותשא אתי רוח
בין-הארץ ובין השמים

3a Toe steek Hy iets uit wat die vorm van 'n hand het, en vat my aan die kuifhare van my hoof; en (die) ***Gees*** het my opgehef tussen die aarde en die hemel.

## (b) PROFETE WAT NÊRENS VERKLAAR DAT HULLE DEUR DIE רוח BEMAGTIG IS NIE

Wood (1976:47) plaas die groot skrifprofete (Jesaja, Jeremia, Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi) in hierdie kategorie — profete wat nêrens verklaar dat hulle deur die רוח bemagtig is nie. Vier van hierdie profete, Jesaja (4:4;11:2;19:14), Hosea (9:7), Haggai (2:5) en Sagaria (4:6, 7:12) gebruik die term רוח maar dan nie verwysend na hulle eie bemagtiging nie. Volgens Wood (1976:47) bevestig die verwysings van twee na-eksiliese profete, Sagaria (7:12) en Nehemia (9:30), na die bemagtiging met רוח in die lewe van die voor-eksiliese profete.

Sag 7:12

12 ולבם שמו שמיר משמוע את-התורה ואת-הדברים אשר
שלח יהוה צבאות ברוחו ביד הנביאים הראשנים ויהי
קצף גדול מאת יהוה צבאות

12 Ook het hulle hul hart soos 'n diamant gemaak, om nie die wet te verneem nie en die woorde wat die HERE van die leërskare ***deur sy Gees,*** deur die diens van die vroeëre profete gestuur het nie. So het daar dan van die HERE van die leërskare 'n groot toorn gekom.

Net soos in die geval van die rigters en die ambagsmanne wat deur die רוח be-magtig is, is die profete, beide kategorieë, deur die רוח bemagtig om as instrumente van God spesifieke Godbedoelde take te verrig. רוח-bemagtiging het ook nie in die profete se geval die doel gehad om 'n innerlike hartsverandering mee te bring nie. Die profete het

openbaringe van God ontvang en die boodskappe aan die volk oorgedra. Hierdie boodskappe moes 'n hartsverandering in die volk se lewe teweeg bring. Die vervulling met die רוח het nooit die profete in 'n diepere verhouding met God gebring nie (Wood, 1976:49).

**(D) רוח EN DIE BEMAGTIGING VAN DIE OPENBARE ADMINISTRATEURS**

Wood (1976:49) se vierde groep persone wat deur die רוח bemagtig is, is die openbare administrateurs (leiersfigure anders as rigters en profete). Wood (1976:49) beweer dat daar genoegsaam getuienis bestaan wat daarop dui dat hierdie groep persone se bemagtiging ook permanent was. As 'n historiese pad deur die Ou Testament gevolg word, bring dit 'n mens heel eerste by Moses.

Num 11:17

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן-הרוח אשר עליך
ושמתי עליהם ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Ek sal dan afkom en daar met jou praat, en Ek sal van ***die Gees*** wat op jou is, op hulle laat kom. Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie.

Wood (1976:49) interpreteer hierdie vers as dat God Moses se רוח-bemagtiging as 'n permanente bemagtiging beskou het en dat die sewentig oudstes van Israel deur hierdie handeling ook permanente bemagtiging ontvang het. Die skrifprofeet Jesaja maak ook melding van Moses wat deur die רוח bemagtig is.

Jes 63:10 *(Hebreeuse teks vers 11)*

11 ויזכר ימי-עולם משה עמו איה המעלם מים את רעי

צאנו איה השם בקרבו את-רוח קדשו

10 Toe het sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat ***sy Heilige Gees*** onder hulle gegee het?

Die volgende leiersfiguur in die geskiedenis van Israel was Josua wat Moses se opvolger was. Volgens Wood (1976:50) moes Moses se opvolger wel 'n permanente bemagtiging van רוח hê om Israel te kon lei.

Num 27:18

18 ויאמר יהוה אל-משה קח-לך את-יהושע בן-נון איש אשר-רוח
בו וסמכת את-ידך עליו

18 Toe sê die Here vir Moses: "Neem vir Josua seun van Nun, 'n man op wie ***my Gees is***, en lê hom die hande op.

of

18 Toe sê die HERE aan Moses: Neem vir jou Josua, die seun van Nun, 'n man in wie ***die Gees*** is; en lê hom die hand op. (OAV)

Kronologies beskou, het die rigtertydperk die eksodustradisie opgevolg. Wood beskou egter die rigters as 'n aparte groep persone wat deur die רוח bemagtig is (sien hierbo).

Na die rigters word die eerste Israelitiese koning, koning Saul, gesalf. Die vestiging van Saul se heerskappy kom na die geveg met die Ammoniete by Jabes-Gilead. Ons lees egter van 'n רוח-bemagtiging.

1 Sam 11:6

6 ותצלח רוח-אלהים על-שאול בשמעו את-הדברים האלה ויחר
אפו מאד

6 ***Die Gees van God*** het kragtig in Saul gewerk toe hy dit hoor, en hy het woedend geword.

Die רוח verlaat Saul egter nadat hy die tweede keer as koning verwerp word. Wood (1976:50) beweer dat hierdie insident 'n bewys daarvan is dat Saul 'n permanente רוח-bemagtiging ervaar het. Die רוח kon hom net verlaat het as die רוח 'n permanente plek in sy lewe as koning gehad het.

1 Sam 16:14

14 ורוח יהוה סרה מעם שאול ובעתתו רוח-רעה מאת יהוה

14 ***Maar die Gees van die Here*** het van Saul gewyk, en 'n bose gees wat deur die Here gestuur is, het hom voortdurend ontstel.

Die volgende openbare leiersfiguur van Israel was koning Dawid. Dawid word permanent deur die רוח bemagtig die oomblik wanneer die רוח koning Saul verlaat. Let op die woorde *"van daardie dag af"*.

1 Sam 16:13

13 ויקח שמואל את-קרן השמן וימשח אתו בקרב אחיו ותצלח
רוח -יהוה אל-דוד מהיום ההוא ומעלה ויקם שמואל וילך
הרמתה

13 Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers gesalf. ***Die Gees van die Here*** het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama toe teruggegaan.

Na Dawid se sonde (Batseba-insident) pleit hy by God om nie sy רוח van hom af weg te neem nie.

Ps 51:13

13 אל-תשליכני מלפניך ורוח קדשך אל-תקח ממני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en ***u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

Wood (1976:51) is van mening dat die רוח יהוה ook die openbare administrateurs bemagtig het vir 'n spesifieke diens en nie in verband met 'n persoonlike verhouding met God nie. Hulle almal was leiers van God se volk; die רוח יהוה het hulle toegerus om effektief te wees in die taak waarvoor Hy hulle geroep het. Hulle is deur die יהוה רוח bemagtig en nie geestelik vernuwe tot 'n diepere verhouding met God nie.

### 4.4.1.3. EVALUASIE VAN WOOD SE INTERPRETASIE

Wood gee nie ten opsigte van die רוח-bemagtiging baie aandag aan 'n spesifieke diakroniese ontwikkeling van die רוח-teologie nie. Die verskillende werksaamhede van die רוח is vir hom baie duidelik dieselfde as die werksaamhede van die Heilige Gees in die Nuwe Testament en is nie net 'n manifestasie van God nie (Wood, 1976:150). Daar is vir hom geen verskil tussen die werksaamhede van die Heilige Gees in die Nuwe Testament en die רוח in die Ou Testament nie (Wood,1976:150) . Die enigste

werksaamheid van die Heilige Gees wat uniek aan die Nuwe Testament is, is die doop met die Heilige Gees wat mense inlyf in die kerk.

Wood se siening kan soos volg opgesom word: Wood lê nie enige klem op 'n diakroniese ontwikkeling van 'n רוח-teologie nie. Die rede daarvoor is dat die werksaamhede van die רוח in die Ou Testament nie vir hom (Wood) radikaal verskil van die werksaamhede van die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie. Vir Wood is die רוח in die Ou Testament die ekwivalent van die Heilige Gees in die Nuwe Testament. Vir hom is die רוח die derde persoon van die goddelike Drie-eenheid; daarom die titel van sy werk "The Holy Spirit in the Old Testament." Aan die einde van Hoofstuk 5 sal daar duidelikheid verkry word oor die legitimiteit van Wood se interpretasie.

### 4.4.2. 'N VOËLVLUG OOR W. HILDEBRANDT SE רוח SIENING

Hildebrandt (1995:6) lê 'n baie pertinente verband tussen "wind" en "gees" in sy werk "An Old Testament Theology of the Spirit of God". Hy begrond hierdie verband op die onsigbaarheid en krag van die רוח. Die belangrike interpretasie van die רוח as "lug in beweging" kom volgens hom ook na vore in die baie verwysings na רוח as wind. Hy kritiseer Shoemaker (1904:14) wat beweer dat die term רוח nie voor die ballingskap as "asem" gebruik is nie. Hildebrandt (1995:6) beweer dat dit die subjektiewe dateringstelsel is wat veroorsaak dat vroeë tekste soos Eksodus 15:8 en 2 Samuel 22:16, wat die term רוח gebruik, buite rekening gelaat word in die diakroniese ontwikkeling van die begrip רוח.

Eks 15:8

8 <u>וברוח</u> אפיך נערמו מים נצבו כמו-נד נזלים קפאו תהמת בלב-ים

8 ***<u>U wind</u>*** het gewaai: die water dam op, strome staan regop soos 'n muur, watermassas stol in die hart van die see.

of

8 ***En deur die geblaas*** van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos 'n wal, die watervloede het styf geword in die hart van die see. (OAV)

Die King James Version, vertaal רוח hier as asem:

8 ***<u>And with the blast</u>*** of thy nostrils the waters were gathered together, the floods stood upright as an heap, *and* the depths were congealed in the heart of the sea.

Hildebrandt (1995:6) wys verder daarop dat selfs Ugaritiese tekste die stam רח gebruik as aanduiding van die lewegewende asem ("vital breath"). Vanuit hierdie oorspronklike betekenis het die interpretasie van רוח as "wind" of "bewegende lug" gegroei. Die verandering in 'n mens se asemhaling ("respiration") wat deur emosies en eksterne faktore beïnvloed word, het aanleiding gegee tot 'n wye verskeidenheid antropologiese betekenisvelde, onder andere woede, emosies en depressie. Volgens Hildebrandt (1995:6) dui die Wes-Semitiese literatuur daarop dat hulle רוח met "asem" en "emosies" geassosieer het. Hierdie interpretasie sluit nou aan by bogenoemde siening dat die verandering in asemhaling aanleiding gegee het tot 'n verskeidenheid antropologiese betekenisvelde. Hildebrandt (1995:7) beweer verder dat die Wes-Semiete רוח ook gesien het as dit wat lewe moontlik maak.

#### 4.4.2.1. רוח AS WIND IN DIE PENTATEUG, PROFETE EN GESKRIFTE

Volgens Hildebrandt (1995:8) kom רוח met die betekenis as "*wind*" ongeveer een honderd en dertien tot een honderd en sewentien keer in die Ou Testament voor. רוח as "*wind*" word dikwels in kosmologiese en meteorologiese verband gebruik. רוח as "*wind*" is dikwels 'n instrument in die hande van Jahwe om sy goddelike doel te bereik. Die eerste verwysing na רוח as "*wind*" in die Tora (Genesis – Deuteronomium) kom volgens Hildebrandt (1995:9) in Genesis 3:8 voor.

Gen 3:8

8 וישמעו את-קול יהוה אלהים מתהלך בגן לרוח היום
ויתחבא האדם ואשתו מפני יהוה אלהים בתוך עץ הגן

8 Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat ***die aandwind*** opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin.

God stuur die רוח om oor die vloed te beweeg en dit is die רוח wat die waters laat wegdroog.

Gen 8:1

1 ויזכר אלהים את-נח ואת כל-החיה ואת-כל-הבהמה
אשר אתו בתבה ויעבר אלהים רוח על-הארץ וישכו המים

1 En God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het ***'n wind*** oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.

In die stryd tussen Jahwe en die farao van Egipte gebruik God die רוח as goddelike instrument om die sprinkaanplaag oor Egipte te bring.

Eks 10:13

13 ויט משה את-מטהו על-ארץ מצרים ויהוה נהג רוח
קדים בארץ כל-היום ההוא וכל-הלילה הבקר היה
ורוח הקדים נשא את-הארבה

13 En Moses het sy staf oor Egipteland uitgesteek, en die HERE het 'n ***oostewind*** in die land gebring, daardie hele dag en die hele nag; toe dit môre word, het ***die oostewind*** die sprinkane aangevoer:

Nadat die farao tot insig kom en pleit dat die sprinkaanplaag moet eindig, gebruik God die רוח om die sprinkane in die see in te waai (Eks 10:19). God gebruik ook die רוח om die Rietsee te kloof sodat die Israeliete daar kan deurtrek (Eks 14:21). Hy gebruik ook die רוח om in die vleisbehoeftes van die Israeliete te voorsien.

Num 11:31

31 ורוח נסע מאת יהוה ויגז שלוים מן-הים ויטש על-המחנה
כדרך יום כה וכדרך יום כה סביבות המחנה וכאמתים
על-פני הארץ

31 Die Here het toe ***'n wind*** gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring en hulle rondom die kamp laat val, omtrent 'n dagreis ver na alle kante toe en omtrent 'n meter diep op die grond.

Wanneer רוח metafories gebruik word, dui die רוח in verband met die ooste (קדים) op God se oordeel (Eks 10:13) en in verband met die weste (ים) op God se redding. (Hildebrandt, 1995:9)

Eks 10:19

19 ויהפך יהוה רוח-ים חזק מאד וישא את-הארבה ויתקעהו
ימה סוף לא נשאר ארבה אחד בכל גבול מצרים

19 Toe laat die Here die wind verander in 'n sterk ***westewind*** wat die sprinkane opgeskep het en in die Rietsee gegooi het. Daar het nie een enkele sprinkaan in die hele Egiptiese gebied oorgebly nie.

Volgens Hildebrandt (1995:9) gebruik die profete (in die Geskrifte) רוח in samehang met byvoeglike naamwoorde soos onder andere kragtig en verwoestend. dikwels is רוח die meteorologiese instrument wat reën, hael of donkerte voortbring.

1 Kon 18:45

45 ויהי עד-כה ועד-כה והשמים התקדרו עבים ורוח ויהי גשם
גדול וירכב אחאב וילך יזרעאלה

45 Toe hulle nog praat, het die lug donker geword van die onweerswolke; ***die wind*** het opgekom en groot reëns het uitgesak. Agab het op sy wa geklim en na Jisreël toe gery.

Die begrip רוח is ook deur die profete in 'n metaforiese sin gebruik.

Jes 7:2

2 ויגד לבית דוד לאמר נחה ארם על-אפרים וינע לבבו ולבב
עמו כנוע עצי-יער מפני-רוח

2 Die berig dat die Arameërs reeds in die Israelitiese gebied in Efraim kamp opgeslaan het, het vir Agas, die koning uit die geslag van Dawid, in Jerusalem

bereik, en hy en sy volk het baie bang geword. Hulle het gebewe soos die bome in die bos bewe in ***wind.***

Die profete gebruik רוח ook in 'n figuurlike sin om na God se omvattende oordeel te verwys.

Jer 49:36

36 והבאתי אל-עילם ארבע רוחות מארבע קצות השמים
וזרתים לכל הרחות האלה ולא-יהיה הגוי אשר לא-יבוא
שם נדחי עולם

36 Ek laat ***die vier winde*** losbreek teen Elam, ***die winde*** uit die vier hoeke van die hemelruim, Ek verjaag hulle al die windrigtings in; daar sal nie 'n nasie wees nie of van Elam se vlugtelinge sal daar beland.

Hildebrandt (1995:10) verwys ook na die profete se antropologiese gebruik van רוח in die sin van lewensasem. Die Afrikaanse vertalings (OAV en NAV) van hierdie gedeelte vertaal רוח egter as Gees van God en daarom kom Hildebrandt se voorbeeld van die antropologiese gebruik van רוח nie so goed na vore nie. In die lig hiervan sal daar eerder na die King James-Vertaling verwys word om Hildebrandt se voorbeeld beter te demonstreer.

Eseg 37:9

9 ויאמר אלי הנבא אל-הרוח הנבא בן-אדם ואמרת אל-הרוח
כה-אמר אדני יהוה מארבע רוחות באי הרוח ופחי בהרוגים
האלה ויחיו

9 Toe sê die Here vir my: "Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, ***gees,*** blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe."

of

9 Then said he unto me, Prophesy unto the wind, prophesy, son of man, and say to the wind, Thus saith the Lord GOD; Come from the four winds, ***O breath***, *and breathe* upon these slain, that they may live.

Die profete, net soos die geskrifte, gebruik רוח in verband met die ooste (קדים ) om God se oordeel in werking te stel en die weste (ים) om God se redding te bewerkstellig (Hildebrandt, 1995:10)

Hos 13:15

15כי הוא בן אחים יפריא יבוא קדים רוח יהוה ממדבר עלה
ויבוש מקורו ויחרב מעינו הוא ישסה אוצר כל-כלי חמדה

15 Al floreer Efraim ook soos 'n blom tussen die riete, die oostewind sal losbreek, ***'n storm van die Here*** sal uit die woestyn kom en Efraim se waterbron sal opdroog, sy fontein sal gaan staan. Die storm sal al sy skatte en voorrade vernietig.

Hildebrandt (1995:10) wys ook daarop dat die profete die term רוח gebruik om nietigheid en onmag aan te dui – veral ten opsigte van afgode.

Jes 41:29

29 הן כלם און אפס מעשיהם רוח ותהו נסכיהם

29 Kyk, hulle is almal niks, hulle werke is niks, ***wind en nietigheid*** is hulle gegote beelde.

Die geskrifte gebruik die term רוח as "wind" op dieselfde manier as die Pentateug en die profete.

Ps 18:11

11 וירכב על-כרוב ויעף וידא על-כנפי-רוח

11 Hy het op 'n gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die ***wind*** het Hy nadergesweef.

Hildebrandt (1995:11) som die gebruik van die term רוח as "wind" soos volg op: God is die Skepper van die wind, Hy gebruik die wind as instrument in sy hand om sy goddelike doel te bereik. Hy gebruik רוח as "wind" om sy oordeel te voltrek maar om ook sy redding te bewerkstellig. Die term רוח as "wind" word ook metafories en figuurlik gebruik om die nietigheid van afgode, en van valse profete se woorde en dade aan te dui.

### 4.4.2.2 רוח IN VERHOUDING MET DIE MENS IN DIE PENTATEUG, DIE PROFETE EN GESKRIFTE

Hildebrandt (1995:11) wys daarop dat as die term רוח in verhouding met die mens gebruik word, word dit hoofsaaklik in antropologiese en psigologiese sin gebruik. In hierdie voor-koms van die term רוח word dit in verskeie betekenisvelde gebruik. Die begrip רוח kan blote asemhaling beteken, maar ook dui op psigologiese en emosionele gemoedsgesteldheid. Volgens Hildebrandt (1995:12) moet elke konteks versigtig beoordeel word alvorens 'n betekenisveld aan die term רוח toegeken kan word.

#### 4.4.2.2.1. רוח EN DIE SKEPPING VAN DIE MENS

Volgens Hildebrandt (1995:12) is die belangrikste konnotasie van רוח in verhouding met die mens, die lewensbeginsel. In hierdie voorkoms word רוח dikwels as 'n sinonieme parallelisme saam met נפש gebruik, wat met siel, lewe en lewensasem vertaal word.

Jes 26:9

9 נפשי איויתיך בלילה אף-רוחי בקרבי אשחרך כי כאשר משפטיך לארץ צדק למדו ישבי תבל

9 Met my siel begeer ek u in die nag; ook met ***my gees*** in my binneste soek ek U; want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid.

Die רוח is God se gawe aan die mens, Hy formeer die mens en blaas lewe in die mens in. So word die mens נפש. Die mens het nie נפש nie. Hy is נפש. Hy lewe as נפש. As God die רוח van die mens en selfs van die dier af wegneem, sterf die mens en ook die dier. Mens en dier is lewende wesens deur die רוח חיים wat God aan hulle gee (inblaas). Jahwe gee aan die mens Sy רוח om lewe te verseker, God is dus nie net die Skepper van lewe nie, Hy is ook die eienaar daarvan (Hildebrandt, 1995:13).

Gen 6:17

17 ואני הנני מביא את-המבול מים על-הארץ לשחת כל-בשר אשר-בו רוח חיים מתחת השמים כל אשר-בארץ יגוע

17 Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar 'n ***lewensgees*** in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe.

Die profete sluit by hierdie gebruik van רוח aan. As lewensbeginsel, vorm רוח dikwels 'n sinoniem vir נפש waar God die lewensasem נשׁמה aan die mens gee.

Jes 42:5

5 כה-אמר האל יהוה בורא השמים ונוטיהם רקע הארץ וצאצאיה נתן נשמה לעם עליה ורוח להלכים בה

5 So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en ***die gees*** aan wie daarop wandel.

of

5 Thus saith God the LORD, he that created the heavens, and stretched them out; he that spread forth the earth, and that which cometh out of it; he that giveth breath unto the people upon it, ***and spirit*** to them that walk therein. (KJV)

In Esegiël se visioen word die doodsbeendere lewend gemaak deur die רוח.

Eseg 37:5

5 כה אמר אדני יהוה לעצמות האלה הנה אני מביא בכם רוח וחייתם

5 So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek ***bring gees*** in julle in, sodat julle lewendig kan word (OAV).

Volgens Hildebrandt (1995:13) dui die begrip רוח soms ook doodgewone asemhaling aan.

Jer 10:14

14 נבער כל-אדם מדעת הביש כל-צורף מפסל כי שקר
נסכו ולא-רוח בם

14 Elke mens word dom, sonder kennis; elke goudsmid staan beskaamd deur die gesnede beeld; want sy gegote beeld is 'n leuen, en daar is geen ***gees*** in hulle nie.

*(Die Afrikaanse vertaling van hierdie vers verduidelik nie die stelling van Hildebrandt nie; daarom word die King James Version eerder aangehaal)*

of

14 Every man is brutish in his knowledge: every founder is confounded by the graven image: for his molten image is falsehood, and there is no ***breath*** in them.

Die metaforiese gebruik van רוח deur die profete dui meermale op die oordeel en toorn van Jahwe. Jahwe se רוח voer die straf uit (Hildebrandt, 1995:13).

Jes 11:4

4 ושפט בצדק דלים והוכיח במישור לענוי-ארץ והכה-ארץ
בשבט פיו וברוח שפתיו ימית רשע

4 Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en ***met die asem*** van sy lippe die goddelose doodmaak (OAV).

Die geskrifte interpreteer רוח as "lewe" en as "gees" (Hildebrandt 1995:13). Die lengte van 'n mens se lewe hang af van die רוח se teenwoordigheid in daardie mens se lewe. Elke mens se רוח is in die hand van Jahwe.

Job 27:3

3 כי-כל-עוד נשמתי בי ורוח אלוה באפי

3 So lank as daar lewe in my is, so lank as ***die asem van God*** in my is.

Vir die Ou Testament is die dood die resultaat om sonder רוח te wees.

Ps 78:39

39 ויזכר כי-בשר המה רוח הולך ולא ישוב

39 Hy het daaraan gedink dat hulle maar mense is, ***wind*** wat verbywaai en nie terugkom nie.

Die Prediker dui duidelik aan dat die רוח aan God behoort, wat na God terugkeer by die afsterwe van die mens.

Pred 12:7

7 וישב העפר על-הארץ כשהיה והרוח תשוב אל-האלהים
אשר נתנה

7 Die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en ***die gees*** na God terugkeer wat dit gegee het.

### 4.4.2.3. DIE רוח EN MENSLIKE GEDRAG

Volgens Hildebrandt (1995:14) is daar 'n ryke verskeidenheid betekenisvelde ten opsigte van die fisiese, psigiese en emosionele aspekte van רוח in verhouding met die mens. Die interpretasie spruit voort uit die onmiddellike konteks waarbinne die begrip רוח gebruik word. Menslike emosies vloei voort uit die רוח en bepaal menslike gesindhede en gedrag. Die mens se רוח kan gevul wees met hartseer, bitterheid, bekommernis en ontevredenheid.

Gen 26:35

35 ותהיין מרת רוח ליצחק ולרבקה

35 Hulle het baie ***kommer*** (bitterheid van gees) in Isak en Rebekka se lewe gebring

of

35 Which were a **grief of mind** unto Isaac and to Rebekah (KJV).

Die mens se רוח kan gevul wees met vrees (Ps 77:3), met jaloesie (Num 5:14), met onversetlikheid en onregverdigheid (Deut 2:30), met selfbeheersing (Spr 16:32), met gehoorsaamheid (Ps 51:10)

Spr 16:32

32 טוב ארך אפים מגבור ומשל ברוחו מלכד עיר

32 'n Geduldige mens het meer waarde as 'n bedrewe vegter, 'n mens met ***selfbeheersing*** (wat sy gees beheer) meer as iemand wat 'n stad inneem.

of

32 Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat ***sy gees beheers***, as een wat 'n stad inneem (OAV).

'n Persoon se karakter word dikwels gereflekteer deur die toestand van daardie persoon se רוח. God gee om vir 'n mens wie se רוח stukkend is.

Ps 34:19

19 קרוב יהוה לנשברי-לב ואת-דכאי-רוח יושיע

19 Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van ***gees*** (OAV).

#### 4.4.2.3.1. DIE BEGRIP רוח EN MENSLIKE EMOSIES

Volgens Hildebrandt (1995:16) skenk die profete baie aandag aan menslike emosies wat deur die רוח beheer word. Die profete maak melding van 'n רוח van neerslagtigheid (depressie), 'n רוח van prostitusie (Hos 4:12),'n רוח van bitterheid ( Jes 54:6) en 'n רוח van huwelikstrou (Mal 2:15-16).

1 Kon 21:5

5 ותבא אליו איזבל אשתו ותדבר אליו מה-זה רוחך סרה ואינך אכל לחם

5 Daarop kom sy vrou Isebél by hom en sê vir hom: Waarom is ***jou gees dan so verbitterd*** dat jy geen brood eet nie (OAV)?

#### 4.4.2.4. DIE BEGRIP רוח EN VALSE PROFETE

Valse profete word duidelik uitgeken aan 'n onreine רוח (Hildebrandt, 1995:17).

Sag 13:2

2 והיה ביום ההוא נאם יהוה צבאות אכרית את-שמות העצבים

העצבים מן-הארץ ולא יזכרו עוד וגם את-הנביאים ואת-רוח הטמאה אעביר מן-הארץ

2 Daardie dag, sê die Here die Almagtige, laat Ek die gedagtenis aan die afgode verdwyn uit die land. Daar sal nie meer aan hulle gedink word nie. Ek gaan ook die profete en die ***gees van onreinheid*** uit die land verwyder.

#### 4.4.2.5. רוח AS DIE GEES VAN GOD

Hildebrandt (1995:18) maak die bewering dat ongeveer een honderd en sewe verwysings na רוח in die Ou Testament geïnterpreteer kan word as verwysend na die Gees van God (Gees hier met 'n hoofletter). Die Israeliete het dit wat hulle ervaar en beleef het, toegedig aan die werkinge van die רוח. Dit is hoe die Israeliete die vraag na die skepping beantwoord het. Dit is ook hoe hulle hulle verlossing van Egipte verklaar het en God se teenwoordigheid by hulle geïnterpreteer het. Die uiterlike kenmerke van 'n goeie leier was vir hulle 'n teken van die innerlike teenwoordigheid van die רוח. Die profetiese periode was vir die Israeliete 'n tydperk gelaai met die bemagtiging deur die רוח.

Hildebrandt (1995:18) maak die opmerking dat die רוח-tekste wat na die "*Gees*" van God verwys, 'n duidelike bewys is van die diakroniese ontwikkeling in die interpretasie van die manier waarop God Homself en sy mag aan die Israeliete openbaar. Vir Hildebrandt (1995:18, 20, 22 en 26) is daar vier duidelike diakroniese momente in die ontwikkeling van 'n רוח-teologie as "*Gees*" van God.

## (i) DIE רוח AS DIE GEES VAN GOD BESIG MET DIE SKEPPING

Die eerste duidelike tekens van 'n רוח-werking is die handelinge van die רוח in en tydens die skepping (Hildebrandt, 1995:18). Die eerste teksvers in die Pentateug is Genesis 1:2 waar ons lees dat die רוח van God oor die waters gesweef het. Die verskillende variante in die interpretasie van Genesis 1:2 sal in Hoofstuk 5 bespreek word. Volgens Hildebrandt dui רוח hier op God se teenwoordigheid en betrokkenheid by die skepping. God skep deur sy Woord en die skeppende mag van sy רוח.

Die profete interpreteer God se onvergelykbaarheid en transendensie met die teenwoordigheid van רוח. Jahwe is die Skepper wat alles beplan het en deur sy רוח tot uitvoer gebring het (Hildebrandt,1995:19). Daar is volgens Hildebrandt (1995:19) min spesifieke voorbeelde in die geskrifte van die רוח se aktiwiteite gedurende die skepping. 'n Paar teksverse dui die רוח egter aan as die agent van die skepping.

Ps 33:6

6 בדבר יהוה שמים נעשו וברוח פיו כל-צבאם

6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak ***en deur die Gees*** van sy mond hulle hele leër (OAV).

Hier funksioneer die woord (דבר) en gees (רוח) as 'n sinonieme parallelisme om aan te dui dat dit God is wat geskep het.

Hildebrandt (1995:19) meld dat Job die skepping interpreteer as 'n stryd tussen Jahwe aan die een kant en Rahab, die seemonster, aan die ander kant. Jahwe wen die stryd deur die teenwoordigheid van sy רוח. Die woorde רוח en יד word hier as 'n

sinonieme parallelisme gebruik om aan te dui dat Jahwe die stryd geheel en al gewen het.

Job 26:13

13 ברוחו שמים שפרה חללה ידו נחש בריח

13 ***Deur sy asem*** word die hemel helder; ***sy hand*** het die vinnige slang deurboor (OAV).

Die Ou Testament onderstreep die werksaamheid van die רוח in die totstandbrenging van die hele fisiese wêreld en elke lewende wese (mens en dier). Alles word deur die רוח in stand gehou (Hildebrandt, 1995:20).

**(ii) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE VOLK VAN GOD**

Hildebrandt (1995:20) gaan van die standpunt uit dat Israel se verlossing uit Egipte 'n verlossingsdaad deur die רוח is. Hierdie verlossingsdaad word as 'n narratief aangebied (Eks 14) en ook weergegee in poëtiese vorm (Eks 15). In beide hierdie literatuursoorte is die רוח die agent waardeur Jahwe sy volk verlos. Hildebrandt (1995:20) beklemtoon die feit dat hierdie werking van die רוח nie figuurlik geïnterpreteer moet word nie. Die רוח is hier dinamies aan die werk om Israel te red en die Egiptenare te straf. Gevestig as volk van God deur die werking van die רוח, ervaar hulle God se teenwoordigheid, sy bewaring, sy oordeel en herstel deur die teenwoordigheid van die רוח.

Israel is God se verbondsvolk. As die verbond in gevaar gestel word, waarsku die profete die volk teen 'n dreigende oordeel van God. Die dag van oordeel word geassosieer met die teenwoordigheid van die רוח.

Jes 4:4

4 אם רחץ אדני את צאת בנות-ציון ואת-דמי ירושלם
ידיח מקרבה ברוח משפט וברוח בער

4 As die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het ***deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging*** (OAV).

Volgens Hildebrandt (1995:21) is God se oordeel en straf nooit die laaste woord wat gespreek word nie. Die teenwoordigheid van die רוח bring ook herstel en goddelike seën mee. Die רוח sal 'n positiewe nuwe respons in die volk se houding teenoor Jahwe teweeg bring.

Eseg 36:27

27 ואת-רוחי אתן בקרבכם ועשיתי את אשר-בחקי תלכו
ומשפטי תשמרו ועשיתם

27 Ek sal ***my Gees*** in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.

Die Geskrifte erken volgens Hildebrandt (1995:22) die voortgaande teenwoordigheid van die רוח in hulle geledere. Hulle ervaar God se voorsiening en leiding deur die altyd teenwoordige רוח.

Ps 139:7

7 אנה אלך מרוחך ואנה מפניך אברח

7 Waarheen sou ek gaan ***om u Gees*** te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

### (iii) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE LEIERS VAN DIE VOLK VAN GOD

Hildebrandt (1995:22) is van mening dat die bemagtiging deur die רוח pertinent in Israel teenwoordig was, selfs nog voordat hulle as 'n nasie gevestig was. Die eerste bewyse hiervan is in die lewe van Josef, 'n Israeliet wat deur sy besondere leierskap die onder-koning van Egipte word. Die verbasende is dat dit die Farao is wat Josef se besondere vermoë toeskryf aan die רוח se bemagtiging. Josef het vroeër bely dat hy dit nie deur sy eie krag doen nie, maar deur die wysheid van God (Gen 41:16).

Gen 41:38

38 ויאמר פרעה אל-עבדיו הנמצא כזה איש אשר רוח אלהים בו

38 Toe sê die Farao vir sy amptenare: "Waar kry ons so iemand, 'n man met die ***verstand van 'n god***?" *(Die NAV interpreteer hierdie gedeelte so, dat Hildebrandt se argument verlore gaan; daarom haal ons eerder die OAV aan.)*

of

38 Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die ***Gees van God*** is (OAV)?

Nadat Israel gevestig is as nasie en as volk van God, ontstaan daar 'n dringende nood aan 'n leierskorps. Uit hierdie konteks kan die meerderheid verwysings na die רוח-bemagtiging verbind word aan 'n persoon wat deur God getaak word om as leier van sy volk op te tree (Hildebrandt, 1995:22). Die boek Eksodus verwys nêrens direk na Moses se רוח-bemagtiging nie. Die oomblik dat daar 'n behoefte ontstaan aan

gedeelde leierskap, wys God sewentig leiers aan om Moses by te staan. Hierdie sewentig leiers ontvang רוח-bemagtiging van God soos Moses dit ervaar het.

Num 11:17

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן-הרוח אשר עליך
ושמתי עליהם ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van ***die Gees*** wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie (OAV).

Na Israel se verlossing (die Eksodus) uit Egipte kry hulle die opdrag om God volgens sy openbaring te aanbid. Hulle moet 'n tabernakel bou waarin God se magtige teenwoordigheid immanent teenwoordig sal wees. Om hierdie *"Godshuis"* te bou word mense deur die רוח bemagtig om sekere ambagstake te verrig soos in Eksodus 31:3 wat reeds vroeër aangehaal is. Hildebrandt (1995:23) beweer verder dat dit baie duidelik in die Pentateug is dat רוח-bemagtiging telkemale plaasvind wanneer een leier deur 'n ander leier opgevolg word.

Deut 34:9

9 ויהושע בן-נון מלא רוח חכמה כי-סמך משה את-ידיו עליו
וישמעו אליו בני-ישראל ויעשו כאשר צוה יהוה את-משה

9 En Josua, die seun van Nun, was vol van ***die Gees van wysheid***; want Moses het hom die hande opgelê. En die kinders van Israel het na hom geluister en gedoen soos die HERE Moses beveel het (OAV).

Na die verowering van die land word Israel dikwels afvallig van Jahwe en word hulle deur vreemde volke aangeval as straf op hulle sonde. Jahwe verhoor telkemale hulle noodkrete deur 'n persoon te roep en deur die רוח te bemagtig om hulle van die vyand te red. Verskeie rigters (Otniël, Gideon, Jefta en Simson) tree in hierdie periode op wat deur die רוח bemagtig is vir hulle reddingstake (Hildebrandt, 1995: 23). Volgens Hildebrandt (1995:24) word die רוח-bemagtiging van Israelitiese leiers gedurende die verenigde monargie (Saul, Dawid en Salomo) voortgesit.

As gevolg van die teleurstellende leierskap van die konings gedurende die verdeelde monargie (Noord- en Suidryk) plaas die profete hulle hoop op 'n ideale leier in die toekoms. Wanneer hierdie leier verskyn, sal die רוח יהוה hom bemagtig om God se volk te regeer soos Jahwe dit van die begin af wou hê (Hildebrandt, 1995:25). Die bemagtiging van die Kneg van die Here (deur die רוח) sal hom toerus om geregtigheid vir die volk van God te bring.

Jes 42:1

1 הן עבדי אתמך-בו בחירי רצתה נפשי נתתי רוחי עליו משפט לגוים יוציא

1 Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat ***my Gees*** op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.

Volgens Hildebrandt (1995:24) berus Israel se toekoms en hoop op die Messiaanse dienskneg wat deur God gestuur, gesalf en רוח-bemagtig sal word. God neem selfs heidenleiers in diens om sy goddelike wil met sy volk te bereik. Koning Kores (Jes 45:1

e.v.) en Artaxerxes I (Jes 59:19) is instrumente in God se hand wat deur die רוח bemagtig word om Israel se toekoms en voortbestaan te dien.

Die geskrifte maak wel melding van die רוח-bemagtiging van Israel se leiers. Koning

Dawid pleit dat God nie sy רוח aan hom sal onttrek nie, want dit sal die einde van sy huis se koningskap beteken (Ps 51:13).

'n Ander Israelitiese leier wat deur die רוח bemagtig is, is Daniël. Hy ontvang 'n buitegewone gawe vir staatsadministrasie asook droominterpretasievermoëns (Hildebrandt, 1995:25).

Dan 4:8

8 ועד אחרין על קדמי דניאל די-שמה בלטשאצר כשם אלהי ודי רוח-אלהין קדישין בה וחלמא קדמוהי אמרת

8 Totdat eindelik Daniël voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, na die naam van my god, en in wie die ***gees van die heilige gode*** is; en ek het hom die droom vertel:

### (iv) רוח AS DIE GEES VAN GOD IN VERHOUDING MET DIE PROFETE

Volgens Hildebrandt (1995:26) is daar in die Pentateug baie min verwysings na רוח-bemagtiging en profesieë. Tog is die profetiese amp alreeds in die Pentateug bekend. Die sewentig oudstes word deur die רוח bemagtig en hulle begin profeteer (Num 11:25). Eldad en Medad profeteer as 'n direkte resultaat van רוח-bemagtiging.

Num 11:26

26 וישארו שני-אנשים במחנה שם האחד אלדד ושם השני מידד
ותנח עליהם הרוח והמה בכתבים ולא יצאו האהלה ויתנבאו
במחנה

26 Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en ***die Gees*** het op hulle gerus - hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie - en hulle het in die laer geprofeteer.

'n Baie interessante geval is opgeteken in Num 24:2 waar die רוח 'n heidense profeet bemagtig om Israel te seën in plaas daarvan om hulle te vervloek.

רוח -bemagtiging kom heel algemeen voor in die werke van die vroeëre en latere profete. Koning Saul word deur die רוח bemagtig en hy tree as profeet op (Hildebrandt, 1995:267).

1 Sam 10:6

6 וצלחה עליך רוח יהוה והתנבית עמם ונהפכת לאיש אחר

6 Dan sal die ***Gees van die Here*** kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

In die Elia- en Elisaverhale kom die רוח-bemagtiging baie duidelik na vore (1 Kon 18:12, 2 Kon 2:16). Esegiël is 'n ander profeet wat baie pertinent van 'n רוח-bemagtiging melding maak (Eseg 2:2; 3:12, 14, 24: 8:3; 11:1, 5, 24; 43:5). Selfs in die eksiliese tydperk is die profetiese woord en רוח-bemagtiging onlosmaaklik aan mekaar verbind (Hildebrandt, 1995:27).

#### 4.4.2.6. SAMEVATTENDE OPMERKING T.O.V. HILDEBRANDT SE DIAKRONIESE ONDERSOEK NA 'N רוח-TEOLOGIE

Hildebrandt onderskei vier verskillende werkinge van die רוח. Die eerste is רוח en die skepping. Die tweede is רוח en die vestiging van die volk van God. Wat hierby ingesluit is, is die feit dat God in die behoeftes van sy volk voorsien deur die רוח as sy handelende agent. Die derde gedeelte is die רוח en charismatiese leierskap. God se koninkryk word gevestig en uitgebrei deur charismatiese leiers. God bestuur die geskiedenis van sy volk en koninkryk deur רוח-geïnspireerde persone wat deur die רוח bemagtig, gemotiveer en toegerus word vir hulle taak. Vanaf die aartsvader-periode tot by Moses, vanaf die verowering van die beloofde land, deur die rigtertydperk, die monargie tot by die Messiaanse verwagting is die רוח die gemene deler waardeur God die geskiedenis bestuur. Die vierde gedeelte is die רוח en profesieë. Deur die רוח word profete geroep, geïnspireer, ruimtelik verplaas en gemotiveer vir hulle moeilike taak as spreekbuis van God.

Hildebrandt is baie sensitief vir die verskillende diakroniese ontwikkelinge van 'n רוח-teologie. Latere interpretasies van die רוח, soos sy persoonlikheid en selfs sy goddelikheid, word nie op vroeëre tekste afgedwing nie; hy laat ruimte vir die ontwikkeling in die interpretasie dat die רוח God self is, byvoorbeeld in Genesis 1:2. Geleidelik ontwikkel die Ou-Testamentiese getuienis oor die רוח in so 'n mate dat die Ou-Testamentiese רוח-teologie baie na aan die Nuwe Testamentiese teologie van die Heilige Gees kom.

Hildebrandt verklaar egter dat die Ou-Testamentiese siening van die רוח geen duidelike skildering van die Drie-enige God gee nie. Hy is meer gereserveerd in sy siening rakende die werksaamhede van die רוח as duidelike werkinge van die Drie-eenheid as byvoorbeeld Wood.

Hildebrandt (1995:27) stel dit soos volg: *"Throughout the Old Testament, the Spirit of God is featured as the main mover in the Trinity to bring into reality the plans and purpose of God!"*

Positief kan egter gemeld word dat hy, anders as Wood, melding maak van 'n toekomstige Messiaanse bedeling wat deur רוח-bemagtiging toegerus sal word vir diens aan sy volk.

Volgens Fields (1999:103) is Hildebrandt se swakheid die feit dat hy nie genoeg aandag skenk aan die inwoning van die רוח (Heilige Gees) in persone in die Ou Testament nie, en dan veral ten opsigte van hartsverandering en permanente bemagtiging deur die רוח. Fields maak ook die kritiese opmerking dat Hildebrandt geen melding maak van die Triniteit in die Ou Testament nie, behalwe om Genesis 1:2 (Hildebrandt,1995:35) as 'n teofanie te sien. Die vraag is egter of Fields nie in sy resensie 'n plek en 'n taak vir die רוח in die Ou Testament inlees wat daar nie is nie.

Ook in Hildebrandt se geval sal daar eers na die eksegese van aangehaalde tekste 'n evaluering gemaak kan word of sy רוח-siening legitiem is in die verstaan van רוח as gelykstaande aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament.

### 4.4.3. 'N VOËLVLUG OOR LLOYD NEVE SE רוח-SIENING

Neve volg in sy boek "The Spirit of God in the Old Testament" die volgende werkswyse:

(i) Hy behandel die relevante רוח-tekste wat betrekking het op die רוח van God in die vier kronologiese periodes van Israel se geskiedenis.

(ii) Hy debatteer nie die datums van die verskillende tekste nie, omdat dit nie die hoofdoel van van sy boek is nie. Neve (1972:v) stel dit soos volg: *"Dating a text to a certain period has meant, then, that the spirit concept in that text is dated to the same period."*

(iii) Neve (1972:1) probeer antwoorde vind op vrae soos:

(a) Wat het die Ou-Testamentiese skrywers bedoel toe hulle van die רוח van God gepraat het?

(b) Wat wou hulle oor Jahwe en sy handeling sê deur die רוח met hom te verbind?

Neve (1972:3) se tese is: *"In the Old Testament Literature ruach is only used to express God's activity as he relates himself to his world, his creation, his people. It was Israel's way of describing God, not as he is in himself, but as he communicates to the world his power, his life, his anger, his will, his very presence."*

#### 4.4.3.1. רוח IN DIE VERSKILLENDE ONTWIKKELINGSFASES VAN ISRAEL SE GESKIEDENIS

Neve (1972:i e.v.) deel Israel se geskiedenis in vier groot dele in:

#### 4.4.3.1.1. DIE VROEGSTE TYDPERK (? – 900 vC)

Die eerste periode (vroegste tydperk) wat Neve (1972:5) identifiseer is 'n periode van assimilasie, verandering en konsolidasie. Hierdie tydperk strek van die vroegste verhouding tussen God en die mens tot ongeveer die middel van die negende eeu voor Christus. Israel word gedurende hierdie ontwikkelingstydperk maksimaal blootgestel aan invloede vanuit die omringende kulture, ook op die interpretasievlak van die רוח (Neve, 1972:5). Met die verbondsluiting op Sinai betree Israel 'n nuwe tydvak in die Nabye Ooste en die kenmerk van so 'n nuwe tydvak is gewoonlik denke wat minder gekultiveerd is. Volgens Neve (1972:5) vertoon die interpretasie van die רוח juis sulke kenmerke gedurende hierdie tydperk. Israel beweeg van 'n sogenaamde *"clan"*-gemeenskap na slawerny in Egipte, na 'n semi-nomadiese bestaan in die woestyn en dan 'n gevestigde samelewing in Kanaän.

Gedurende hierdie tydperk beleef hulle die leierskap van die aartsvaders, daarna die enkele leierskap van Moses, die uitbreiding na die gesag van die oudstes, die instelling van die rigters as leiers en die oorgang tot 'n monargie. Volgens Neve (1972:5) word die רוח gedurende hierdie tydperk beskryf as 'n charismatiese רוח by uitnemendheid.

Neve (1972:5) identifiseer die volgende tekste behorende tot hierdie tydperk: Die vroeë poëtiese tekste (Eks 15:8,10; Num 24:2; 2 Sam 22:16; 23:2) en die vroeë historiese geskrifte (Gen 41:38; Num 11:17, 25, 26, 29; Rigt 3:10; 6:34; 11:29; 13:25; 14:6, 9; 15:14; 1 Sam 10:6,10; 11:16; 16:13,14: 19:20, 23).

#### (i) ASSIMILASIE

Volgens Neve (1972:6) was Israel uiters blootgestel aan eksterne geloofsinvloede. Daar was twee wêreldkonsepte wat 'n invloed op Israel se רוח-vorming kon gehad het: die

sogenaamde goddelikewind-konsep wat as 'n boodskapper of helper van die gode optree en die tweede, wat nou skakel met wind, die asem van die gode wat 'n leweskeppende en instandhoudende vermoë gehad het. Neve (1972:7) beweer dat Eksodus 15:8-9 en 2 Samuel 22:16 duidelike tekens toon van hierdie assimilasie. Die tweede konsep, naamlik die leweskeppende asem van die gode, kom nie in hierdie tydperk van Israel se geskiedenis voor nie.

Eks 15:8 & 10

8 וברוח אפיך נערמו מים נצבו כמו-נד נזלים קפאו תהמת בלב-ים

10 נשפת ברוחך כסמו ים צללו כעופרת במים אדירים

8 ***En deur die geblaas*** van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos 'n wal, die watervloede het styf geword in die hart van die see (OAV).

10 ***U het met u asem*** geblaas: die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters (OAV).

of

8 ***U wind*** het gewaai: die water dam op, strome staan regop soos 'n muur, watermassas stol in die hart van die see (NAV).

10 "U laat ***u wind*** waai: die see oordek hulle, hulle sink soos lood in die magtige waters (NAV).

Neve (1972:8) beweer dat רוח hier op die goddelike wind as krag van God dui. Volgens hom wou die skrywer God se krag aandui en nie net dat dit 'n gewone wind was nie. Hierdie vers sal in Hoofstuk 5 eksegeties bespreek word.

### (ii) INNOVASIE

In teenstelling met die religieuse wêreld waaraan Israel blootgestel was, was Israel se Jahwistiese godsdiens uniek. Die meeste teksverse uit hierdie tydperk dui daarop dat רוח 'n buitegewone goddelike krag was wat mense in besit geneem het of natuurelemente oorgeneem het wat in opposisie was. Die רוח was absoluut onder Jahwe se mag en kon op geen manier deur mense bestuur word nie. Die רוח het onder bestuur van God opgetree en mense se optredes beïnvloed.

Num 24:2

2 וישא בלעם את-עיניו וירא את-ישראל שכן לשבטיו ותהי עליו רוח אלהים

2 en toe hy opkyk en die stamme van Israel langs mekaar sien woon, het ***die Gees van God*** oor hom gekom.

Bileam, 'n Mesopotamiese besweerder, word deur die koning van Moab getaak om Israel te vervloek, die רוח neem hom in besit en dan, onder die bemagtiging van die רוח, seën hy Israel in plaas daarvan om hulle te vervloek.

Neve (1972:19) wys ook op die dinamiese bemagtigingseienskap van die רוח gedurende hierdie tydperk. Die רוח het persone bemagtig om as instrumente van God se wil op te tree.

Rigt 6:34

34 ורוח יהוה לבשה את-גדעון ויתקע בשופר ויזעק אביעזר אחריו

34 ***Die Gees van die Here*** het vir Gideon in besit geneem, en hy het die ramshoring geblaas en die Abiësriete opgeroep om hom te volg.

Neve (1972:23) betoog dat die רוח-bemagtiging gedurende hierdie tydperk tydelik van aard was en dat die רוח-teenwoordigheid geen innerlike veranderinge meegebring het nie.

### (iii) KONSOLIDASIE

Israel het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis vanaf die uittog tot die vestiging van die Dawidiese koningshuis. Gedurende hierdie tydperk het hulle verskillende leierskapmodelle beleef. Die Israeliete trek uit Egipte weg onder die leierskap van Moses. As die werkslas te veel raak, stel God 'n raad van oudstes aan om Moses te help. Volgens Neve (1972:24) beland Israel in die beloofde land in 'n leierskapskrisis en word gewone manne geroep om as leiers en strateë op te tree. Die rigterstydperk duur ongeveer een honderd en vyftig jaar. Gedurende die tydperk beleef Israel ernstige morele verval en word dit 'n vereiste om permanensie aan die regeringstrukture te gee. In opdrag van God salf Samuel vir Saul as die eerste koning van Israel. Gedurende hierdie konsolidasietydperk speel die רוח 'n geweldig belangrike rol as instrument van God om aan Israel se leierskap die nodige mag te gee. Die rol van רוח in hierdie tydperk is die gee van charismatiese gawes (millitêre vermoëns, profesieë, insig en wysheid) aan die leiers om as instrumente van God op te tree.

Num 11:17

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן-הרוח אשר עליך ושמתי עליהם
ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Ek sal dan afkom en daar met jou praat, en Ek sal van ***die Gees*** wat op jou is, op hulle laat kom. Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie.

1 Sam 11:6

6 ותצלח רוח-אלהים על-שאול בשמעו את-הדברים האלה ויחר

אפו מאד

6 ***Die Gees van God*** het kragtig in Saul gewerk toe hy dit hoor, en hy het woedend geword.

1 Sam 10:10

10 ויבאו שם הגבעתה והנה חבל-נבאים לקראתו ותצלח עליו

רוח אלהים ויתנבא בתוכם

10 Hulle het daar in Gibea gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. ***Die Gees van God*** het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree.

1 Sam 16:13

13 ויקח שמואל את-קרן השמן וימשח אתו בקרב אחיו ותצלח רוח-יהוה

אל-דוד מהיום ההוא ומעלה ויקם שמואל וילך הרמתה

13 Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers gesalf. ***Die Gees van die Here*** het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama toe teruggegaan.

Neve (1972:28) beweer dat die rol van die רוח gedurende die einde van hierdie vroeë tydperk verander het. Hy verwys na twee teksverse, 2 Samuel 23:2 en Genesis 41:38, en beskou hierdie verse as oorgangstekste na die volgende periode in die ontwikkelingsgeskiedenis van רוח.

2 Sam 23:2

2 רוח יהוה דבר-בי ומלתו על-לשוני

2 "***Die Gees van die Here*** het ***deur my*** gepraat, ja, sy woord was op my lippe.

Die skrywer gebruik hier die voorsetsel ב, terwyl die normale voorsetsel אל sou wees soos dit in die profetiese boeke gebruik word. Volgens Neve (1972:28) dui die ב op 'n vorm van inspirasie *"which antedates the prophets"*. Hy vertaal die voorsetsel dan as: *"deur my"*.

**4.4.3.1.2. ELIA TOT BALLINGSKAP (869 – 597 vC)**

Neve (1972:32) beweer dat Elia se onverwagse toetrede tot die koninklike hof in Samaria (1 Kon 17:1) 'n nuwe tydperk in Israel se ontwikkelingsgeskiedenis inlui. Volgens hom behoort hierdie periode aan die groot profete wat in Samaria en Jerusalem opgetree het. Dit is ook hulle aan wie die רוח gedurende hierdie periode verbind word. Neve (1972:32) verdeel hierdie tydperk in drie periodes:

[i] Elia – Elisa se optrede gedurende die koningskap van Agab [869–850vC]

[ii] Amos en Hosea [Noordryk] en Jesaja en Miga [Suidryk] se optrede [850–722 vC]

[iii] Jeremia se optrede tot met die val van Jerusalem [700–597 vC]

Neve (1972:32) betoog dat *"the spirit is never mentioned during the third crisis period at the end of the seventh century"*. Die volgende teksverse wat na רוח verwys, hoort tot hierdie periode van Israel se ontwikkelingsgeskiedenis: 1 Konings 18:12; 22:24; 2 Konings 2:16; Hosea 9:7; 13:15; Jesaja 4:4; 11:2,15; 30:1,28; 31:3; Miga 2:7 en 3:8.

Neve (1972:33) maak die stelling dat Israel op geloofsvlak gedurende hierdie periode 'n ernstige krisis beleef het. Die afvalligheid het sulke afmetings aangeneem dat die lewens van die profete in gevaar was as hulle hulle teen die vergrype uitgespreek het.

Die profete het egter sonder huiwering hulle geloof in God, wat gebaseer was op die Sinai-verbond, verdedig deur profetiese woorde te spreek wat deur die teenwoordigheid van die רוח geïnspireer is.

Koning Agab staan op die vooraand van 'n millitêre stryd teen Sirië. Vier honderd profete verseker Agab dat hulle 'n oorwinning teen Sirië sou behaal. Agab voel egter nie gerus nie en hy ontbied Miga om te hoor wat hierdie "doemprofeet" voorspel.

Miga 3:8

8 ואולם אנכי מלאתי כח את-רוח יהוה ומשפט וגבורה להגיד ליעקב
פשעו ולישראל חטאתו

8 Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die ***Gees van die Here***, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.

Nadat Miga 'n katastrofiese einde vir Israel geprofeteer het, vind die volgende insident plaas.

1 Kon 22:24

24 ויגש צדקיהו בן-כנענה ויכה את-מיכיהו על-הלחי ויאמר אי-זה
עבר רוח-יהוה מאתי לדבר אותך

24 Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op die kakebeen en sê: "Met watter pad is die ***Gees van die Here*** van my af weg om met jou te praat?"

Volgens Neve (1972:41) het God deur die bemagtiging met רוח die totale beheer oor 'n profeet se lewe oorgeneem.

1 Kon 18:12

12 והיה אני אלך מאתך ורוח יהוה ישאך על אשר לא-אדע ובאתי להגיד
לאחאב ולא ימצאך והרגני ועבדך ירא את-יהוה מנערי

12 As ek nou van u af sou weggaan, ***en die Gees van die Here*** neem u weg, sonder dat ek weet waarheen, en ek gaan vertel vir Agab ek het u gesien, maar hy kan u nie kry nie, dan maak hy my beslis dood. En dit terwyl ek die Here van my jeug af dien [OAV].

Volgens Neve (1972:43) sluit die profeet Jesaja by hierdie gedagte aan en lê hy besondere klem op God se soewereine mag en besluitneming: *"ruach stood ready at hand as the prime term for expressing Yahweh's overwhelming power and irresistible sovereignity"* (Neve,1972:44).

Jes 30:28

28 ורוחו כנחל שוטף עד-צואר יחצה להנפה גוים בנפת שוא
ורסן מתעה על לחיי עמים

28 ***en sy asem*** soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom - om nasies te sif met 'n sif van vernietiging; en 'n toom wat verkeerd stuur, is in die kakebene van die volke [OAV].

Neve (1972:465) beweer ook dat Jesaja רוח gebruik as uitdrukking van God se straf. Jesaja gryp terug na die eksodus-tradisie in sy beskrywing van Israel se nuwe eksodus vanuit Assirië.

Jes 11:15

15 והחרים יהוה את לשון ים-מצרים והניף ידו על-הנהר בעים רוחו

והכהו לשבעה נחלים והדריך בנעלים

15 En die HERE sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur ***sy gloeiende wind*** sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop [OAV].

Volgens Neve (1972:52) verwys רוח in hierdie periode ook na *"Yahweh's mind"*.

Jes 30:1

1 הוי בנים סוררים נאם-יהוה לעשות עצה ולא מני ולנסך מסכה ולא רוחי למען ספות חטאת על-חטאת

1 Ellende wag vir die rebelse mense wat planne uitvoer wat nie van My af kom nie, sê die Here, dié wat verdrae sluit wat nie volgens ***my wil*** is nie en so sonde op sonde stapel.

of

1 Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat 'n plan uitvoer, maar dit is nie uit My nie; wat 'n verbond sluit, en dit is nie ***uit my Gees*** nie, om sonde op sonde te stapel [OAV].

Neve (1972:55) maak die stelling dat die bemagtiging deur die charismatiese רוח gedurende die Dawidiese monargie tot 'n einde gekom het. Jesaja neem egter weer hierdie tema op en projekteer dit op die nuwe era. Jesaja profeteer oor die koms van 'n nuwe "Dawidiese" heerser. Dit sal die aanbreek wees van 'n tydperk van reg en geregtigheid. Hierdie toekomstige heerser sal deur die רוח bemagtig en bekragtig word.

Jes 11:2

2 ונחה עליו רוח יהוה רוח חכמה ובינה רוח עצה וגבורה רוח דעת ויראת יהוה

2 Die ***Gees van die Here*** sal op hom rus: ***die Gees*** wat wysheid en insig gee, ***die Gees*** wat raad en sterkte gee, ***die Gees*** wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

Neve (1972:34) is ook van mening dat daar vanaf 633 vC (die opkoms van Babel as wêreldmag) tot die val van Jerusalem in 587 vC (die laaste periode van hierdie tydperk) geensins na die רוח verwys word nie. Volgens Neve (1972:57) word die gawe en werking van die רוח gedurende hierdie tydperk geensins in verband gebring met die alledaagse lewe van die gewone mens nie. Ook word רוח nooi gedurende hierdie tydperk beskou as 'n agent van die skepping nie.

**4.4.3.1.3. BALLINGSKAP EN VROEË HERSTEL (587 vC)**

Neve (1972:58) maak die stelling dat Israel se ballingskap hulle *"coupe de grace"* moes wees, maar die ballingskap het eerder hulle geloofslewe verdiep. Neve (1972:58) betoog dat die ballingskap 'n nuwe dimensie aan die verstaan en interpretasie van die רוח gegee het. Twee nuwe verstaansdimensies word nou aan die רוח toegeken, naamlik:

[i] רוח as die agent van die skepping, en

[ii] רוח wat die teenwoordigheid van God aandui.

'n Verdere ontwikkeling is dat daar meer klem geplaas word op die invloed en bemagtiging van die רוח op die individu. Die charismatiese bemagtiging van die רוח

wat in die voor-eksiliese tydperk slegs vir die uitverkore enkeling beskore was, word nou deur Elihu vir homself toegeëien.

Job 32:8

8 אכן רוח-היא באנוש ונשמת שדי תבינם

8 Maar dit is ***die Gees*** in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak [OAV].

Die profeet Joël maak bekend dat die רוח op alle mense, seuns, dogters, oumense en jonges, selfs slawe sal kom.

Joël 2:28 *(Hebreeuse teks vers 3:1)*

3:1 והיה אחרי-כן אשפוך את-רוחי על-כל-בשר ונבאו בניכם
ובנותיכם זקניכם חלמות יחלמון בחוריכם חזינות יראו

28 Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek ***my Gees*** laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien.

Volgens Neve (1972:60) is God deur רוח betrokke by en teenwoordig in die individuele gelowige se lewe.

Psalm 139:7

7 אנה אלך מרוחך ואנה מפניך אברח

7 Waarheen sou ek gaan om ***u Gees*** te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

Neve (1972:60) beweer dat daar gedurende hierdie periode in Israel se geskiedenis 'n baie belangrike verskuiwing in die werking van die רוח plaasvind. Dit word nou vir die

eerste keer duidelik dat die רוח 'n innerlike morele en etiese verandering in individue en die volk teweeg bring.

Eseg 36:26

26 ונתתי לכם לב חדש ורוח חדשה אתן בקרבכם והסרתי את-לב
האבן מבשרכם ונתתי לכם לב בשר

26 Ek sal julle 'n nuwe hart ***en 'n nuwe gees*** gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

Eseg 36:27

27 ואת-רוחי אתן בקרבכם ועשיתי את אשר-בחקי תלכו ומשפטי
תשמרו ועשיתם

27 Ek sal ***my Gees*** in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.

Tydens die ballingskap is Israel opnuut gekonfronteer deur die vraag: "Wie is die Skepper: die gode van die nie-Israeliete of die God van die Israeliete? *"This made absolutely ne-cessary a statement or a restatement of Yahweh's universal dominion."* (Neve, 1972:62.) Die groot klem op die universiele skeppingstradisie in Deutero-Jesaja sowel as in Job en die priesterlike geskrif is die resultaat van hierdie konfrontasie.

Jes 40:13

13 בדבר יהוה שמים נעשו וברוח פיו כל-צבאם

13 Wie het die ***Gees van die HERE*** bestier en as sy raadsman Hom onderrig [OAV]?

of

13 Who hath directed the ***Spirit of the LORD***, or *being* his counsellor hath taught him [KJV]?

Volgens Neve (1972:73) het die ballingskapskrywers die skeppende krag van God dikwels in metaforiese taal en as antropomorfismes beskryf. In Job 26:13 word רוח vertaal met asem, hier word רוח in 'n antropomorfiese wyse gebruik.

Neve (1972:68) plaas ook Gen 1:2 in hierdie kategorie en maak die keuse vir die vertaling van *"Gees van God"* teenoor *"magtige wind"* op grond van bogenoemde tekste se betekenis uit hierdie tydperk .

In die ballingskap was Israel figuurlik dood. Die profete uit hierdie tydperk ervaar egter die leweskeppende werk van die רוח. Die רוח was die agent van God waardeur Hy nuwe lewe aan sy volk gegee het.

Eseg 37:14

14 ונתתי רוחי בכם וחייתם והנחתי אתכם על-אדמתכם וידעתם
כי-אני יהוה דברתי ועשיתי נאם-יהוה

14 En ***Ek sal my Gees*** in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE [OAV].

Neve (1972:77) maak die stelling dat die Israeliete God se woede en straf ervaar het deur in ballingskap te verkeer. In die ballingskap het God Hom vir die Israeliete verberg (Eseg 39:24) maar dit sal weer verander. God belowe sy teenwoordigheid deur die werking van die רוח. "The use of the spirit to signify the presence of God is extremely unusual" (Neve,1972:78). Dit het nooit in die vorige twee periodes gebeur nie en kom eers hier tydens die ballingskap na vore as 'n kenmerk van die teologiese begrip רוח.

In hierdie betekenis verwys רוח dus na die volheid van God se wese, sy teenwoordigheid. God is self by sy volk teenwoordig deur die רוח. Dit is deur die רוח dat God deurlopend by Sy volk teenwoordig is.

Eseg 39:29

29 ולא-אסתיר עוד פני מהם אשר שפכתי את-רוחי על-בית ישראל נאם אדני יהוה

29 En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek ***my Gees*** oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE (OAV).

**4.4.3.1.4. NA BALLINGSKAP (458 vC)**

Neve (1972:79) beweer dat daar nie baie nuwe רוח-kenmerke gedurende die na-balling- skapperiode ontstaan het nie. Daar het eerder 'n herinterpretasie plaasgevind van vroeëre kenmerke van die רוח-konsep. Die tekste in die tydperk is nie bloot duplikate van die vorige periodes nie maar vertoon 'n baie duidelike ontwikkeling (diakroniese verdieping) ten opsigte van die herinterpretasie van die רוח-konsep.

Volgens Neve (1972:80) is Joël 3:1-2 (NAV 2:28-29) 'n herinterpretasie van Numeri 11:29 – die belofte van die רוח is nie meer net vir die oudstes, mans, leiers en regters nie maar sluit ook jongmans, vroue, kinders en selfs slawe in. Joël se רוח-konsep is dus die ware profetiese רוח wat God se woord aan die hele Israel openbaar.

Neve (1972:84) wys ook op die rol van die charismatiese רוח gedurende hierdie tydperk wat verskil van die vroeëre bemagtiging van die ekstatiese profete. Die kneg

van die Here sal anders as die ekstatiese profete *"not cry or lift up his voice, or make it heard in the street"* (Neve,1972:84).

Jes 42:1-2

1 הן עבדי אתמך-בו בחירי רצתה נפשי נתתי רוחי עליו
משפט לגוים יוציא

1 Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat ***my Gees*** op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.

2 לא יצעק ולא ישא ולא-ישמיע בחוץ קולו

2 Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie.

Volgens Neve (1972:85) is daar tekste (Eks 28: 3; 31:3 & 35:31) vanuit die priesterlike bron wat die charismatiese kenmerke van רוח drasties uitbrei. Die charismatiese bemagtiging deur רוח is nie meer beperk tot die uitverkore leiers nie, maar word uitgebrei na gewone mense wat as instrumente van God kan optree.

Volgens Neve (1972:94) dui רוח-bemagtiging gedurende hierdie tydperk ook op God se begeleidende wil.

Psalm 143:10

10 למדני לעשות רצונך כי-אתה אלוהי רוחך טובה תנחני בארץ מישור

10 Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat ***u goeie Gees*** my op 'n gelyk pad lei.

Gedurende hierdie tydperk word רוח ook op 'n unieke manier gebruik om God se intellektuele vermoë aan te dui.

Jes 40:13

13 מִי-תִכֵּן אֶת-רוּחַ יְהוָה וְאִישׁ עֲצָתוֹ יוֹדִיעֶנּוּ

13 Wie kan ***die Gees van die Here*** peil, wie kan sy raadgewer wees?

of

13 Who hath directed ***the Spirit of the LORD***, or *being* his counsellor hath taught him (KJV).

Neve (1972:100) beweer dat tekste uit die na-ballingskapperiode ook dui op רוח as krag van God.

Sag 4:6

6 וַיַּעַן וַיֹּאמֶר אֵלַי לֵאמֹר זֶה דְּבַר-יְהוָה אֶל-זְרֻבָּבֶל לֵאמֹר לֹא בְחַיִל
וְלֹא בְכֹחַ כִּי אִם-בְּרוּחִי אָמַר יְהוָה צְבָאוֹת

6 Toe sê hy vir my: "Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, ***maar deur my Gees***, sê die Here die Almagtige."

**4.4.3.1.5. ESRA TOT DANIËL (458 – 164 vC)**

Met die terugkeer uit die ballingskap, Esra (458 vC) en Nehemia (444 vC), breek daar 'n nuwe era aan – die rekonstruksie van die verbondsgemeenskap met betrekking tot die wet van God. Hierdie reorganisasie ten opsigte van die wet (waarskynlik die Pentateug) was nodig om Israel te beskerm teen die vreemde heidense invloed waaraan hulle gedurende die ballingskap blootgestel was (Neve, 1972:134). Die sentrale rol wat die wet gespeel het, het 'n baie besliste invloed gehad op die rol en werking van die רוח gedurende hierdie tydperk. Die invloed van die רוח is dus merkbaar minder gedurende hierdie tyd. *"This is because, in a community organized*

*around the law, there is no longer the anticipation of the direct inspiration of the spirit, the unmediated guidance offered by Yahweh's ruach."* (Neve, 1972:114.) Die רוח het dus geen belangrike rol gedurende hierdie tydperk gespeel nie en het maar 'n konsep van 'n vroeëre era gebly.

Volgens Neve (1972:114) het die רוח in hierdie gerekonstrueerde gemeenskap, waarvan die kronistiese geskiedskrywing berig, persone geïnspireer om poëtiese taal *(die manier waarop hulle gepraat het)* te gebruik en nie soseer ten opsigte van die inhoud van hulle boodskap nie.

1 Kron 12:18

18 ורוח לבשה את-עמשי ראש השלושים לך דויד ועמך בן-ישי שלום
שלום לך ושלום לעזרך כי עזרך אלהיך ויקבלם דויד ויתנם
בראשי הגדוד

18 Daarna het ***die Gees*** vir Amasai, die leier van die dertig, in besit geneem, en hy het gesê: "Vír U, Dawid! Bý u, seun van Isai! Vrede, vrede vir u, en vrede vir hom wat by u staan, want u God help u!" Dawid het hulle toe aanvaar en hulle opgeneem onder die leiers van sy bende.

In die boek Daniël kom die begrip רוח vyf keer voor. Volgens Neve (1972:119) is dit die charismatiese רוח wat aan Daniël die spesiale gawe van droominterpretasie gee.

Dan 4:18

18 דנה חלמא חזית אנה מלכא נבוכדנצר ואנתה בלטשאצר
פשרא אמר כל-קבל די כל-חכימי מלכותי לא-יכלין פשרא
להודעתני ואנתה כהל די רוח-אלהין קדישין בך

18 "Dit is die droom wat ek, koning Nebukadnesar, gehad het. Lê dit nou vir my uit, Beltsasar, want geen raadgewer in my koninkryk is in staat om dit vir my uit te lê nie. Jy is daartoe in staat, want die ***gees van die heilige gode*** is in jou."

#### 4.4.3.2. SAMEVATTING VAN LLOYD NEVE SE SIENING TEN OPSIGTE VAN רוח

Anders as Wood en Hildebrandt, handhaaf Neve 'n baie besliste diakroniese ontwikkeling van die רוח-konsep in die Ou Testament. In elkeen van die verskillende periodes lig hy die spesifieke karaktereienskappe van die רוח uit. Hy dui baie pertinent aan dat die invloed van die רוח gedurende die ballingskap 'n groot ontwikkeling ondergaan het vanaf die vroeëre periodes. Hy wys ook daarop dat daar gedurende die Esra–Nehemia-tydperk tot met Daniël, geen nuwe werksaamhede (invloedsfere) van die רוח-konsep ontwikkel het nie — die kronistiese geskiedskrywing het net die reeds bekende werksaamhede van die רוח geherinterpreteer.

Die vraag moet gestel word: Beskou Neve die רוח as 'n onafhanklike entiteit wat selfstandig naas God funksioneer? Anders gestel: Is die רוח van die Ou Testament vir Neve die Heilige Gees (derde persoon van die goddelike Drie-eenheid) soos God Hom in die Nuwe Testament geopenbaar het?

Neve (1972:124) maak die stelling dat as daar 'n moontlikheid is dat die רוח van die Ou Testament 'n selfstandige goddelike persoon is, soos die derde persoon van die goddelike Drie-eenheid in die Nuwe Testament, behoort dit pertinent in die laaste periodes van Israel se ontwikkelingsgeskiedenis te blyk. Neve (1972:124) stel vyf

vereistes waaraan Ou-Testamentiese רוח-tekste moet voldoen om te bewys dat רוח 'n selfstandige persoon van die goddelike Drie-eenheid in die Ou Testament is:

[i] רוח sal alleen, onafhanklik van God, optree.

[ii] Werkwoorde en byvoeglike naamwoorde met betrekking tot God sal op personifikasie dui.

[iii] Die begrip רוח is normaalweg geklassifiseer as 'n vroulike selfstandige naamwoord. Indien daar in die latere periodes van Israel se geskiedenis 'n toename daarin is om רוח as 'n manlike selfstandige naamwoord te beskou, kan dit dui op personifikasie.

[iv] As daar ook 'n toename van die lidwoord by רוח is, kan dit 'n aanduiding van personifikasie wees.

[v] Die gebruik van die persoonlike voornaamwoord hy, sy of dit as 'n surrogaat vir רוח kan dui op personifikasie.

Neve (1972:125–130) gebruik bogenoemde kriteria om die רוח-tekste in die Ou Testament te toets en kom tot die volgende slotsom:

[i] Net soos die hand van God (Jes 8:3 en 40:1-2) nie onafhanklik kan funksioneer nie, kan רוח ook nie, en daarom moet רוח gesien word as aanduiding (sinoniem) van God self. Neve (1972:127) betoog *"in almost all of the post-exillic texts the spirit is qualified either by the divine name or possessive pronoun; or, it is placed in a parallel with mouth, the hand, the breath of Yahweh as if to PRECLUDE interpretation as an independent being, acting on its own initiative".*

[ii] Volgens Neve (1972:127) word daar geen ongekwalifiseerde werkwoord gebruik wat רוח as 'n selfstandige persoon aandui nie. Die byvoeglike naamwoorde קדש

(Jes 63:10, Ps 51:11) en טוב (Neh 9:20, Ps 143:10) kan nie op sigself op personifikasie of skeiding van God dui nie.

[iii] Daar is geen aanduiding dat רוח as manlike naamwoord in die latere tekste (na-ballingskap) gebruik word nie.

[iv] Volgens Neve (1972:128) word die lidwoord selde in enige periode saam met רוח gebruik. Die uitsondering is Eseg 1:12 waar רוח 'n manlike naamwoord is.

[v] Die persoonlike voornaamwoord hy, sy of dit word nêrens in die Ou Testament as 'n surrogaat vir רוח gebruik nie.

Neve (1972:129) konkludeer sy bevinding soos volg: *"there is no personalization of the spirit within the limits of the OT".*

Die רוח-konsep is dus vir Neve 'n aanduiding van God self en is nie gelykbetekenend met die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie.

Neve lewer 'n baie belangrike uitspraak wat deeglik getoets sal word met die eksegetisering van geselekteerde tekste uit hierdie afdeling van Hoofstuk 4. Hy verskil dus radikaal van Wood en Hildebrandt in sy interpretasie van רוח in die Ou Testament.

## 4.5. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

Uit bogenoemde teoloë se sieninge met betrekking tot die interpretasie van רוח in die Ou Testament is dit baie duidelik dat daar beslis rekening gehou moet word met die feit dat die Ou Testament oor 'n baie lang tydperk heen ontwikkel het. 'n Verdere punt van belang is om te onthou dat die gebeure waaroor geskryf word en die dokumentering daarvan, tydsgewys ver van mekaar verwyder is. Neem die skeppingsverhale as

voorbeeld. Hierdie verhale word eers gedurende die ballingskap en daarna geskryf, terwyl die gebeure lank voor hierdie tyd plaasgevind het.

Daar het beslis 'n ontwikkeling (diakronie) in die handelinge van רוח in die Ou Testament plaasgevind. Of dit egter so ontwikkel (diakronies) het dat רוח sonder kwalifikasie gelyk gestel word aan en geïnterpreteer kan word as die Heilige Gees, die derde persoon van die Triniteit soos God Hom in die Nuwe Testament openbaar het, is 'n ope vraag wat na eksegese van bepaalde tekste in Hoofstuk 5 beantwoord sal word.

Wood (1972:150) maak 'n definitiewe keuse vir so 'n gelykstelling. Die werksaamhede van die רוח is vir hom 'n baie uitdruklike aanduiding dat die רוח van die Ou Testament die derde persoon van die goddelike Drie-eenheid is en nie net 'n manifestasie van God nie (Wood, 1976:150). Vir hom is daar geen verskil tussen die werksaamhede van die Heilige Gees in die Nuwe Testament en die רוח in die Ou Testament nie. Vir Wood (1976:150) is die רוח in die Ou Testament gelyk aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament.

Hildebrandt gaan van die standpunt uit dat daar 'n geleidelike ontwikkeling in die Ou-Testamentiese getuienis oor die רוח is, in so 'n mate dat die Ou-Testamentiese רוח-teologie baie na aan die Nuwe Testamentiese teologie van die Heilige Gees kom. Hildebrandt verklaar egter dat die Ou-Testamentiese siening van die רוח geen duidelike skildering van die Drie-enige God gee nie. Sy stelling (1995:27), naamlik *"Throughout the OT, the Spirit of God is featured as the main mover in the Trinity to bring into reality the plans and purpose of God!"* som sy totale gedagtegang op.

Neve (1972:129) maak weer 'n baie bewuste keuse teen so 'n gelykstelling. Hy konkludeer sy bevinding soos volg: *"There is no personalization of the spirit within the limits of the OT."* Die רוח-konsep is dus vir Neve 'n aanduiding van God self.

Hoofstuk 5 van hierdie navorsingstuk sal verskeie tekste, soos deur Wood, Hildebrandt en Neve aangehaal is om hulle standpunte te motiveer, eksegeties evalueer om sodoende 'n bewuste standpunt te stel in die beantwoording van die vraag: "Is רוח in die Ou Testament gelyk aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament?"

# 5. KRITIES-EKSEGETIESE BEOORDELING VAN רוח יהוה-TEKSTE IN DIE OU TESTAMENT

## 5.1. INLEIDING

Hierdie navorsingstuk het drie verskillende soorte bronne ondersoek: Ou-Testamentiese teologie (Hoofstuk 2), semantiese verklarings (Hoofstuk 3) en spesifieke werke oor die Gees van God in die Ou Testament (Hoofstuk 4). Die doel was om vas te stel watter insigte na vore kom met betrekking tot die verstaan en interpreteer van רוח-tekste met spesifieke klem op die teologiese verstaansvlak (*"Gees"* of *"gees"* van God). In bogenoemde drie hoofstukke is telkens na die onderskeie bronne se tekste verwys sonder om enige van hierdie tekste aan deeglike eksegetiese beoordeling te onderwerp. Hoofstuk 5 van hierdie studie gaan geselekteerde tekste eksegeties beoordeel. Insigte uit die kritiese beoordeling van die aangehaalde tekste verkry, sal daartoe meehelp om 'n eie tese te stel wat 'n antwoord sal gee op die vraag: "Is die begrip רוח יהוה in die Ou Testament die derde Persoon (Heilige Gees) van die Triniteit soos die Nuwe Testament die Drie-enige God aan ons openbaar?"

Die werkswyse wat gevolg gaan word, kan kortliks soos volg gestel word:

(1) Die geselekteerde tekste sal diakronies ingedeel word volgens die tydskonteks waarin hulle ontstaan het.

(2) Die tekste se Hebreeus/Aramese teks sal gegee word. Daaronder sal die relevante Afrikaanse Ou Vertaling (1933) weergegee word en indien daar enige afwykings is, sal die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) en die Engelse King James Version (1981) gegee word.

(3) Die רוח-tekste sal in verskillende kategorieë geklassifiseer word, onder andere רוח אלהים, רוח יהוה en רוח + suffikse (1ste, 2de en 3de persoon)

(4) Verskeie kommentare se eksegese sal gestel word om die verskillende argumente te belig.

(5) Daar sal ook gepoog word om aan te dui of die sintakties-semantiese funksie van רוח dié is van:

*(i)* 'n *agent* (die persoon of voorwerp/objek wat die handeling uitvoer of veroorsaak), soos in Genesis 1:2: *"die **Gees van God** het gesweef op die waters";*

*(ii)* 'n *medium* (middel of instrument waardeur God die handeling uitvoer) soos in Eksodus 28:3 *"Almal wat Ek **met die gees van wysheid** vervul het"; of*

*(iii)* die *patiens* (Dreytza,1992:192 - die persoon of saak wat die handeling ontvang, beleef of meemaak - belanghebbende persoon). Die *patiens* word bepaal deur 'n werkwoord wat gee of stuur veronderstel met 'n menslike ontvanger soos in Numeri 11:17: "... *en van **die Gees** wat op jou is, sal Ek afsonder en aan hulle gee"* of 'n werkwoord wat stuur aandui

met 'n mens geadresseerde opdrag soos in Jesaja 48:16: "*En nou het die Here HERE my met sy Gees gestuur.*"

(6) 'n Eie beoordeling van die tekste sal gemaak en met die kommentare vergelyk word om die tese (soos bo gemeld) te beantwoord, naamlik of רוח in die Ou Testament verstaan kan word as ekwivalent aan die Heilige Gees soos God sy Gees in die Nuwe Testament geopenbaar het.

Vanweë die omvang en verspreidheid van die רוח-tekste in die Ou Testament kan nie al die genoemde tekste geëksegetiseer word nie. 'n Samevoeging van tekste sal egter plaasvind indien רוח in daardie betrokke gevalle dieselfde inhoud kommunikeer, dan sal een van die tekste geëksegetiseer word. Die studie sal egter poog om deur 'n breë platvorm tekste 'n geheelbeeld te gee van die "*wie*" (identiteit) van רוח in die Ou Testament.

## 5.2. KRITIES-EKSEGETIESE BEOORDELING VAN DIE רוח-TEKSTE

Uit Hoofstukke 2, 3 en 4 blyk dit dat die bespreekte bronne die רוח in die onderstaande tekste as "*Gees*" van God (die Heilige Gees) interpreteer. Met "*Gees*" van God word bedoel die eie werksaamhede van 'n onafhanklike goddelike persoon wat selfstandig naas God optree.

Die volgende tekste is vir hierdie studie van belang: Genesis 1:2; 41:38; Eksodus 15:8, 10; 28:3; 31:3; 35:31: Numeri 11:17, 25, 26, 29; 24:2; 27:18; Deuteronomium 34:9; Rigters 3:10; 6:34; 11:29; 13:25; 14:6, 19; 15:14; 1 Samuel 10:6, 10; 11:6; 16:13,

14; 19:20, 23; 2 Samuel 22:16; 23:2; 1 Konings 18:12; 22:24; 2 Konings 2:16; Jesaja 4:4; 11:2, 15; 27:8; 30:1, 28; 31:3; 32:15; 34:16; 40:13; 42:1; 44:3; 48:16; 59:21; 61:1; 63:10,11,14; Esegiël 1:12, 20, 21; 2:2; 3:12, 14, 24; 8:3; 10:17; 11:1, 5, 24; 36:27; 37:1, 14; 39:29; 43:5; Hosea 9:7; 13:15; Joël 3:1 (Afrikaans 2:28); 3:2 (Afrikaans 2:29); Miga 2:7; 3:8; Haggai 2:5; Sagaria 4:6; 6:8; 7:12; Psalm 18:16; 33:6; 51:13 (Afrikaans 15); 104:30; 139:7; 143:10; 147:18; Job 4:9; 26:13; 32:8; 33:4; 34:14; Daniël 4:5, 6, 15; 15:11, 14; Nehemia 9:20, 30; 1 Kronieke 12:19 (Afrikaans 18); 2 Kronieke 15:1; 18:23; 20:14 en 24:20.

Bogenoemde tekste, soos aangehaal in Hoofstukke 2, 3 en 4, is 'n bewys daarvan dat die begrip רוח in al die ontwikkelingsfases van Israel se geskiedenis voorkom. Die hoofvraag is of daar 'n diakroniese ontwikkeling in die verstaan en interpreteer van die identiteit (die wie) en handelinge van רוח in die Ou Testament voorkom. Om dit te bepaal is dit nodig om die רוח-tekste in die verskillende ontwikkelingsfases te eksegetiseer.

Wat word verstaan onder die term eksegese?

Die term *eksegese* is afkomstig van die woord "*exegeomai*" wat letterlik beteken om iets "te laat uitvloei". Wanneer die term op die geskrewe woord van toepassing gemaak word, beteken dit om die teks se betekenis te ontgin. Die selfstandige naamwoord *eksegese* verwys dus na die interpretasie of verduideliking van die teks (Hayes & Holladay, 1988:5).

Volgens Hayes en Holladay (1988:8-14) word die kompleksiteit van eksegese teweeg gebring deur sewe (7) eksterne faktore waarmee rekening gehou moet word:

(i) Die eerste faktor waarmee rekening gehou moet word, is die sogenaamde *derdeparty-perspektief*. Hieronder word verstaan dat nie die eksegeet die sender of ontvanger is nie, maar wel 'n buitestander wat die teks interpreteer asof hy die sender of ontvanger is.

(ii) Die tweede faktor is dat die skrifteks se taal verskil van dié van die eksegeet. Hierdie gegewe impliseer onmiddellik 'n tweederangse interpretasie van die teks.

(iii) Die feit dat daar 'n kulturele gaping tussen die gebeure in die teks en die eksegeet bestaan, bring interpretasieprobleme mee. Die eksegeet kan (a) sekere kulturele tradisies en gebruike verkeerd interpreteer omdat hy nie vertroud is met die spesifieke tradisie nie en (b) die gesamentlike kulturele kommunikasie versaak.

(iv) Die vierde faktor is die historiese gaping – die tydsverloop tussen die gebeure in die teks, die optekening daarvan en die eksegetisering daarvan.

(v) Die ontstaan van geskrifte en die redigering daarvan is 'n verdere faktor waarmee die eksegeet rekening moet hou. Talle tekste is die produk van verskillende outeurs en het oor 'n lang periode heen tot stand gekom, byvoorbeeld Genesis en selfs Jesaja.

(vi) 'n Sesde faktor wat eksegese beïnvloed, is dat dieselfde teks in verskillende genres kan voorkom.

(vii) Die sewende en finale faktor is die feit dat tekste religieuse tekste kan wees. Religieuse tekste het 'n geestelike skopus waarmee rekening gehou moet word.

Bybelse eksegese is dus gespesialiseerde eksegese. Geen enkele Bybelteks was oorspronklik aan die eksegeet gerig nie. Die taal van die Bybel is ook klassiek, dus nie 'n moderne taal nie. Daar bestaan 'n reuse kulturele gaping tussen die Bybelse kultuur en dié van die moderne eksegeet. Die historiese gaping tussen Bybeltekste en die

eksegeet beslaan tussen twintig eeue en drie millenniums. Daar was 'n baie duidelike groei in die tot stand bring van die Bybel as geskrewe teks. Die oorspronklike teks van die Bybel het verlore gegaan, en dít waaroor ons beskik, is kopieë van die oorspronklike. Die Bybel as religieuse geskrif het 'n baie pertinente geestelike boodskap wat deur die eksegeet met verantwoordelike eksegese ontsluit moet word. Wat positief is, is die feit dat die eksegeet gebruik kan maak van eeue se Bybelstudie en interpretasie. Negatief, egter, is die feit dat die Bybel omring is van tradisie en tradisionele interpretasies. Hayes en Holladay (1988:17) beskryf hierdie faktor, wat reuse-implikasies inhou, soos volg "*The exegete is frequently tempted to read the text in light of the tradition without any critical judgment or without letting the text speak afresh and on its own. To do this is to engage in eisegesis, a "reading into," rather than exegesis, a "reading out of."*"

Die vraag wat beantwoord moet word, is of hierdie stelling ook van toepassing is ten opsigte van die interpretasie van al die רוח-tekste in die Ou Testament. In die volgende paragrawe sal indringend na die teologiese rol van רוח in die Ou Testament gekyk word.

### 5.2.1. VROEGSTE PERIODE

Toe Israel nog uit 'n versameling verskillende "*clans*" bestaan het, voordat die volk Israel onder 'n koning gekonsolideer is, is hulle heilsgeskiedenis mondeling van ouers na kinders oorvertel. Nadat Salomo (965–926 vC) , Dawid as koning van Israel opgevolg het, het hy sy koningshuis omgevorm sodat dit in ooreenstemming gekom het met die standaard van die Egiptiese en omringende koninkryke. Dit het onder andere behels dat 'n skrywersgilde gestig is om die tradisies van die volk en koningshuis na te

vors en as kronieke op te teken. Een van hierdie skrywers het nie net die huidige geskiedenis neergepen nie, maar het terug gedelf tot by die oorsprong van die mens. Sy historiese lyn loop dus van die skepping af, omvat Abraham en die aartsvaders se geskiedenis, die eksodus en die woestynperiode. Hierdie skrywer is bekend as die Jahwis (bron J) omdat hy gekies het om God se naam יהוה (Jahwe) in sy verhaallyn te gebruik (Wes, 1981:66).

**5.2.1.1. BRON J**

Die Jahwis se verhaallyn strek van Genesis 2:4 tot Numeri 24:25. Nie alle stof in hierdie dele is sy werk nie, maar hy word beskou as die hoofbron (Sellin, 1970:146). Twee tekste in Genesis (Gen 2:7 en 7:22) dateer uit hierdie tydperk, maar in die spesifieke gevalle word die Hebreeuse woord נשמה ("breath of life / lewensasem") gebruik en nie רוח (gees) nie. In die lig van hierdie feit sal geen verdere aandag aan die bespreking van hierdie tekste geskenk word nie.

In die volgende Jahwistiese tekste word die Hebreeuse woord רוח gebruik. Die vraag wat beantwoord moet word, is die volgende: Wat het die Jahwis met die woord רוח bedoel?

Interpreteer hy רוח as asem, die lewensbeginsel, of bedoel hy daarmee God self, of dui רוח in die Jahwis op die Heilige Gees?

Gen 6:3

3 ויאמר יהוה לא-ידון רוחי באדם לעלם בשגם הוא בשר והיו ימיו מאה
ועשרים שנה

3 Toe sê die HERE: ***My Gees*** sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar.

Volgens Skinner (1930:143) word 'n goddelike beperking op die mens se leeftyd van 'n honderd en twintig jaar geplaas. רוח (*"gees"*), wat tot die verwysingswêreld van God behoort, staan hier teenoor vlees (בשר) — die nietigheid van die mens. Die vermenging van die seuns van God met die dogters van die mens bring 'n onnatuurlike skepping mee: reuse. God kan dit nie duld nie en wis die lewe (mens, dier en plant) op aarde uit.

Westermann (1974:506) interpreteer רוח hier as die leweskeppende krag (*die leben verliehende Kraft"*) van God.

Wood (1976:52) interpreteer רוח hier as 'n persoon (eie entiteit) wat die mens sou verlaat. Hy stel dit dat die mens die gawe van die Heilige Gees wat eers weer in die Nuwe Testament herstel sou word, verloor het.

Volgens Van Selms (1979:101) is hierdie kort perikoop (Gen 6:1-4) een van die mees raaiselagtige dele in die ganse Bybel. Wie is die seuns van God (vers 2) en die dogters van die mens (vers 2)? Die uitdrukking *"seuns van God"* (בני-האלהים) kom ook in gewysigde vorm voor in Job 1:6, Psalm 29:1 en Psalm 82:6 en in hierdie dele is dit telkemale hemelse, bo-menslike wesens. Volgens Van Selms dui die woorde – *"Toe sê die HERE"* (ויאמר יהוה) daarop dat God ingegryp het. Die werkwoord (ידון) is 'n moeilike woord wat baie moeilik verklaar word — Koehler (1958:206) beskryf die woord in sy woordeboek as onverklaard. Van Selms kies egter die betekenis van *"bly"*.

Die begrip *"My Gees"* (רוחי) moet volgens Van Selms eerder met 'n kleinletter vertaal word omdat dit dui op die lewensbeginsel wat God aan die mens gegee het en nie op die Heilige Gees nie. Hy wys dan daarop dat רוח hier as 'n sinoniem gebruik word vir נשמה in Genesis 2:7.

Wenham (1987:141) wys op die ooreenkoms met Genesis 3:22 (lewe vir ewig) en stel dit dat die vermenging van die hemelwesens met die mensedogters soos die eet van die verbode vrugte was. God beperk nou die mens se lewe tot 'n honderd en twintig jaar. רוח dui in hierdie konteks op die lewensbeginsel – die lewe self.

Hildebrandt (1995:83) stel die vraag of רוח in hierdie teks net die lewensbeginsel (lewe self) is, of sou daar 'n diepere teologiese beginsel, die Heilige Gees self, ter sprake wees. Het God die mens nou oorgegee aan sy eie lot en sy *"Gees"* (Heilige Gees) van die mens onttrek? Hy stel dit dat God hom aan die mens onttrek het en dat 'n hele geslag mense met die uitsondering van Noag tydens die vloed uitgesterf het.

**EVALUASIE**

Hierdie verhaal van die Jahwis bring talle teologiese vrae na vore. Volgens die navorser van hierdie studie het die skrywer van hierdie Bybelse deel 'n baie ou en bekende verhaal geneem en dit verwerk om 'n baie belangrike boodskap te kommunikeer. Hy hervertel die verhaal sodat die arrogansie van die mens duidelik na vore kom. Die mens het ontaard. In plaas daarvan om met een huweliksmaat tevrede te wees soos Genesis 2:24 die vereiste stel, het die mens nou soveel vrouens geneem as wat hy wou. Die skrywer berei met die vertel van die verhaal die grond voor vir God se respons op die

menslike verheffing. Die skrywer stel hier die mens se vlees (בשר) teenoor die gees (רוח) wat God aan die mens gee. רוח word hier verstaan as "*gees*" in die sin van lewende wese. Met vlees (בשר) bedoel die skrywer hier nie net die fisiese samestelling van die mens nie, maar dat dit op die totale verdorwenheid van die mens dui. רוח moet in hierdie gedeelte verstaan word as die gawe van die lewe aan die mens. In die konteks dui רוח nie bloot op die fisiese asemhaling van die mens nie, maar op die omvattende lewe van die mens. Die skrywer plaas hierdie verhaal aan die einde van die afwaartse prestasielyn van die mens. Dit wat by Adam begin het, het nou uitgemond in hierdie verskriklike verhaal: die mens wat sy rug gedraai het op die Gewer van die lewe. As God sy רוח aan die mens onttrek, sterf die mens.

Die woord רוח moet in hierdie konteks dus verstaan word as lewensbeginsel (asem). Dit vorm 'n sinoniem met die woord נשמה wat in Genesis 2:7 gebruik is. Beide Afrikaanse vertalings interpreteer dié deel asof die Heilige Gees bedoel word, wat nie deur die konteks bevestig word nie. Hierdie studie verskil ook radikaal van Wood (1976:52) se siening dat רוח hier as persoon (eie entiteit) die mens sou verlaat. רוח in hierdie deel dui dus nie op die Heilige Gees of op God self nie, maar op die gawe van die lewe uit God se hand.

Eks 15:8

8 וברוח אפיך נערמו מים נצבו כמו-נד נזלים קפאו תהמת בלב-ים

**8 En deur die *geblaas*** van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos 'n wal, die watervloede het styf geword in die hart van die see.

of

**8 *U wind* het gewaai**: die water dam op, strome staan regop soos 'n muur, watermassas stol in die hart van die see (NAV).

Volgens Fensham (1970:81) wys die gebeure van vers 8 op die gebeure by die Skelfsee. In poëtiese taal word vertel hoe God deur die asem van sy neus (digterlike vryheid om die wind te beskryf) die water van die see laat opdam het. Hier, soos in Genesis 1:2, word Jahwe se mag teenoor die water en watervloed gedemonstreer. רוח word hier geensins geïnterpreteer as die Heilige Gees van God of selfs as aanduiding van God self nie.

Durham (1987:201) wys daarop dat die woord אפיך (אף – neus) afgelei is van die woord אנף wat in die Ou Testament uitsluitlik gebruik word om God se toorn aan te dui. אף verwys dus na God se woede. Die רוח wat die waters opeenhoop, word beskryf as die wind van God se toorn (letterlik sy neus).

Volgens Hildebrandt (1995:20) was רוח die aktiewe agent van God waardeur die Israeliete verlos is. רוח dui hier nie op die meteorologiese verskynsel *"wind"* nie, maar op die *"asem"* van God – die krag van God wat die Egiptenare verpletter en aan die Israeliete die verlossing skenk. Deur die handeling van God se רוח ervaar Israel God se teenwoordigheid, beskerming en verlossing. Die handeling van רוח in die teks is dieselfde as die ingrype van God deur sy regterhand in Eksodus 15:7, 12, 17 en Jesaja 51:9-11 en dui dus op God self. Die uitblaas van sy asem is 'n metafoor vir die krag van God waardeur hy Israel red.

**EVALUASIE**

Eksodus 15, die lied van Miriam, is 'n lofprysing en danklied oor God, die redder van die volk by die Skelfsee. Verse 1 tot 3 stel God aan die leser bekend as die oorwinnaar oor Egipte, verse 4 tot 12 beskryf die wonderdade van God se redding, verse 13 tot 17 beskryf gebeure na die uittog en vers 18 vorm die doksologie. Vanuit die volkerewêreld waarin Israel se geskiedenis afspeel, was daar twee konsepte wat die volk se siening en interpretasie van רוח help vorm het — רוח as wind, die boodskappers van die gode wat soms deur die ander volke as 'n selfstandige godheid beskou is, en רוח as die asem van die gode wat leweskeppend en onderhoudend is.

Wat bedoel die liedskrywer egter met רוח in hierdie deel? Is dit bloot die aanduiding van die meteorologiese element *"wind"* wat die skrywer figuurlik die *"asem"* van God noem?

Uit die konteks blyk dit dat 'n dieper betekenis aangedui word met die woord רוח. רוח moet eerder in hierdie deel as *"asem"* geïnterpreteer word en nie as *"wind"* nie. Die gebruik van die woord אפיך (neus) bepaal die interpretasie van רוח as asem. Die woord neus (אפיך van אף) kan ook woede en toorn beteken, maar God se toorn is hier egter nie gemik teen die water nie, maar teen die Egiptenare; daarom moet אפיך met neus vertaal word. Die skrywer wou aantoon dat dit die mag van God was wat die waters beheer het en nie net 'n gewone wind soos in Eksodus 14 nie. Die skrywer wis ook die polemiese gedagte, naamlik dat wind 'n selfstandige god kan wees, uit. רוח is in verse 8 en 10 nie 'n eie selfstandige entiteit nie. רוח kan in hierdie deel ook nie van God geskei word nie. Die skrywer maak gebruik van die uitdrukking וברוח אפיך om

aan te toon dat dit Jahwe se mag is wat die waters beheer en aan Israel die verlossing skenk. Hierdie unieke mag van God word in die Ou Testament aangedui as רוח.

Dit is duidelik dat רוח in Eksodus 15:8 nie dui op die Heilige Gees van God of selfs op God self (*"Gees"*) nie, maar word poëties gebruik as aanduiding van 'n goddelike daad van redding in die geskiedenis van Israel. רוח is in Eksodus 15:8 'n aanduiding van die krag (gees) van God. Hier laat beide die Afrikaanse vertalings reg geskied aan die interpretasie van רוח .

**5.2.1.1.1. KONKLUSIE OOR BRON J SE רוח-GEBRUIK**

Bron J interpreteer רוח en נשמה as die lewensbeginsel wat God aan die mens skenk. Hy gebruik רוח nêrens as aanduiding van die Heilige Gees van God – 'n eie onafhanklike entiteit nie. רוח word ook nie deur die Jahwis gebruik as aanduiding van God self nie. רוח wek die lewe in mens en dier en word gebruik as aanduiding van God se krag.

**5.2.1.2. BRON E**

Na koning Salomo se dood (926 vC) het 'n dispuut ontstaan oor wie van Salomo se seuns hom as koning moes opvolg. Die verenigde koninkryk skeur in twee, die Noordryk (10 stamme) – Israel, en die Suidryk (2 stamme) - Juda. Gedurende die periode van Omri (822 vC), koning van Israel (Noordryk), het 'n skrywer na vore gekom en die historiese lyn van die Noordryk nagevors. Hierdie skrywer staan bekend as die Elohis (bron E) omdat hy verkies het om die Godsnaam אלהים (Elohim) in sy verhaallyn te gebruik (West,1981:68).

Die volgende tekste word aan bron E toegedig:

Gen 41:38

38 ויאמר פרעה אל-עבדיו הנמצא כזה איש אשר רוח אלהים בו

Toe sê die farao vir sy amptenare: "Waar kry ons so iemand, 'n man met **die verstand van 'n god?"** [OAV.]

of

38 Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die ***Gees van God*** is [NAV]?

Skinner (1930:468) stel dit dat dit nie Josef se vermoë was om drome te verklaar wat die farao beïndruk het nie, maar die insig om met praktiese raad die gevolge van die droom te neutraliseer. Alhoewel die gawe om die drome te interpreteer duidelik gewys het op die bemagtiging deur die רוח (gees), dui רוח אלהים op God as die bron van alle wysheid en insig, ook die insig om drome te verklaar.

Volgens Van Selms (1967:213) is wysheid en insig besondere gawes (die vrug) van die רוח אלהים. Van Selms brei nie verder uit op die identiteit (wie) van die רוח אלהים nie.

Volgens Westermann (1982:96) gryp vers 38 terug na vers 33 waarin Josef gesê het: *"Laat Farao dan nou uitkyk na 'n verstandige en wyse man en hom aanstel oor Egipteland"*. In die lig hiervan stel Westermann dit dat die farao nie anders kon as om juis dit te doen nie. Vers 38 dui dan juis op die gawe van wysheid en interpretasie van drome wat Josef van God ontvang het. Volgens Westermann (1982:97) is daar in die vers geen sprake van enige spesifieke religieuse mistieke vermoëns nie – slegs die gawe/talent om drome uit te lê.

Wood (1976:121) stel dit duidelik dat dit die Heilige Gees is wat aan Josef die vermoë gegee het om drome te interpreteer, hoewel slegs die algemene term God of die Here gebruik word . Hy stel dit soos volg: *"for the prophecy came not in old time by the will of man: but holy men of God spake as they were moved by the Holy Spirit".*

Volgens Speiser (1981:310) is die wese van die vraag: *"Could we find another like him, one so endowed with the divine* רוח*?"* Hy beskou רוח hier as die Heilige Gees.

Wenham (1994:394) wys daarop dat hierdie begrip, רוח אלהים, twee (2) maal in Genesis voorkom, hier en in Genesis 1:2. Die רוח van God bemagtig die kunstige Besaleël (Eks 31:3; 35:31), die rigters (Rigt 6:34; 14:6) en die wyse heerser (1 Sam 10:6; 16:13; Dan 5:14). Wysheid is dikwels beskou as 'n besondere gawe van die רוח. Die farao se vraag kan dus geïnterpreteer word as 'n opdrag om iemand te gaan soek wat slim en intelligent is. Sy vraag regverdig sy keuse (Gen 41:39-40) van Josef as raadgewer omdat Josef se woorde (Gen 41:16) laat blyk dat God deur hom spreek.

Volgens Hildebrandt (1995:22) was die gawe van leierskap baie duidelik teenwoordig in Israel se vroegste geskiedenis. Wysheid, insig en die vermoë om drome te interpreteer word toegeskryf aan die teenwoordigheid van רוח by die betrokke persoon. רוח word nou verbind aan leiersfigure wat deur hulle spesiale vermoë administratiewe, militêre of juridiese take moet verrig. Genesis 41:38 is die eerste aanduiding van 'n spesiale gawe van רוח aan 'n aartsvader en leier in die Ou Testament. Deur die רוח, God self, berei Josef die pad vir die redding van sy familie.

**EVALUASIE**

Een van die uitstaande wesenstrekke van die Elohis is sy belangstelling in drome en die uitleg daarvan. Uit die konteks is dit duidelik dat Josef deur die רוח bemagtig is om drome te interpreteer. Die farao stel Josef aan op grond van sy bemagtiging deur רוח. Hierdie bemagtiging deur רוח kan beskrywe word as 'n charismatiese gawe. Die veronderstelling waarvan die farao uitgaan, is dat, as Josef die gawe besit om drome te interpreteer, hy ook oor die gawe van administrasie sal beskik, gevolglik stel hy hom in sy koninklike hof aan. Die רוח-konsep in Genesis 41:38 vertoon die רוח-interpretasie van die Israeliete wat die gawe van wysheid koppel aan die bemagtiging deur God. Hier is dit nie die gewone menslike vermoë van wysheid en intellek nie, maar 'n spesiale bemagtiging deur God - רוח. Hierdie teks is die enigste wat רוח aan een van die aartsvaders koppel. Dit blyk ook dat hierdie bemagtiging van Josef permanent was en nie slegs tydelik van aard nie.

Die kommentare verskaf geen verheldering aangaande die vraag na die identiteit, *wie* en *wat,* van die רוח אלהים nie. Hulle bespreek die werking van die רוח אלהים, maar dui geensins aan of die רוח אלהים verstaan moet word as die *"Gees"* van God (Heilige Gees) of as agent van God (*God self*) nie. Hierdie gegewe maak dit moeilik om te bepaal wat die betekenis van רוח in hierdie deel is. Indien oppervlakkig na hulle interpretasie gekyk word, lyk dit asof hulle bedoel dat die רוח hier geïnterpreteer moet word as aanduiding van God self en is dit dus nie 'n verwysing na die Heilige Gees soos Hy in die Nuwe Testament geopenbaar is nie. Die Afrikaanse Bybelvertaling van 1983 interpreteer die deel as *"Gees"* van God met die bedoeling Heilige Gees. Die Afrikaanse vertaling van 1953 interpreteer die רוח nie as aanduiding van God self of

die Heilige Gees nie. Die 1953-vertaling skep 'n nuwe afgeleide begrip van die oorspronklike, naamlik: "**die verstand van 'n god?".**

Hierdie studie huldig die mening dat die רוח אלהים in hierdie konteks (Genesis 41:38) nie 'n Ou-Testamentiese aanduiding van die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) is nie. Hier dui רוח op die bemagtiging van God self en funksioneer רוח as 'n sinoniem vir God in vers 16. רוח se sintakties-semantiese funksie in hierdie *status constructus*-verbinding is dié van *agent* (die persoon of objek wat die handeling uitvoer of veroorsaak). Genesis 41:16 (hieronder) bevestig hierdie siening.

Gen 41:16

16 ויען יוסף את-פרעה לאמר בלעדי אלהים יענה את-שלום פרעה

16 Josef het vir die farao gesê: "Nie ek nie! **God** gee dié goeie antwoord vir u."

Die interpretasie van die farao was dus klaarblyklik: "W*aar kry ons iemand anders by wie God teenwoordig is."* Die swakpunt van die kommentare, veral ten opsigte van רוח, is dat hulle gewoon praat van die "*Spiri"t* of "*spirit"* van God en nie die identiteit (wie) van רוח verklaar nie. In die lig van Josef se antwoord aan die farao in Genesis 41:16 (hierbo aangehaal) handhaaf hierdie studie die mening dat רוח op 'n spesiale gawe wat God aan Josef gegee het dui, naamlik die interpretasie van drome. Dit is deur die רוח dat God hierdie spesiale gawe aan Josef gee.

Num 24:2

2 וישא בלעם את-עיניו וירא את-ישראל שכן לשבטיו ותהי עליו רוח אלהים

2 en toe hy opkyk en die stamme van Israel langs mekaar sien woon, het

die ***Gees van God*** oor hom gekom,

Wood (1976:120) maak die opmerking dat Bileam 'n *ab extra*-ervaring (*mag van buite homself*) beleef: hy is op pad om Israel te vervloek. רוח neem hom in besit en hy seën die volk teen sy sin. Die teenwoordigheid van die *"Gees"* van God (Heilige Gees) in die Ou Testament word ten nouste verbind aan profesie. Dit is volgens Wood die hooftaak van die Heilige Gees, derde Persoon van die Triniteit, om deur mense met sy volk te kommunikeer.

Volgens Jagersma (1988:151) is רוח אלהים in die Ou Testament die aanduiding van die Heilige Gees van God. Die teenwoordigheid is nie permanent nie, maar net vir so lank as wat dit nodig sou wees om die taak waartoe die persoon geroep is , af te handel. Bileam ontvang nie nou weer 'n woord soos die vorige kere (Numeri 23:5 en 16) nie, maar profeteer nou deur die bemagtiging van die רוח אלהים.

Davies (1995:266) wys ook daarop dat Bileam in 'n staat van ekstatiese charisma geprofeteer het. Die bemagtiging was slegs tydelik van aard. Volgens hom dui רוח op die teenwoordigheid van God en sy bekragtiging van Bileam vir die taak waarvoor God hom wou gebruik.

Volgens Hildebrandt (1995:26) neem die רוח vir Bileam in besit en lewer hy twee orakels: 'n eienskap wat hoofsaaklik by die profete voorkom, manifesteer nou in die optrede van die nie-Israeliet, Bileam. Hildebrandt beskou רוח in hierdie konteks as die רוח van profesie.

Levine (2000:191) interpreteer die רוח אלהים ook as die gees van profesie. Hier rus (ותהי עליו) die gees op Bileam en profeteer hy deur die bemagtiging van God se רוח. Bileam is nie meer die heidense voorspeller nie, maar word deur die *"gees"* bemagtig as 'n profeet - 'n instrument van God.

**EVALUASIE**

Numeri 24:2 illustreer 'n baie duidelik omskrewe eienskap van רוח gedurende die vroeë tydperk in die geskiedenis van Israel. רוח word hier as 'n oorweldigende krag gesien wat 'n persoon tydelik in besit neem om as instrument in God se raadsplan op te tree. Bileam, 'n Mesopotamiese waarsêer, word deur die koning van Moab, naamlik Balak, gehuur om Israel te vervloek. Bileam spreek egter deur die beheersing van God (רוח) 'n seën oor Israel uit. Uit Hoofstuk 23:5, 12, 16, 17 en 26 is dit duidelik dat God self, sonder die inwerking van רוח, die bron van Bileam se seën is. Bileam ervaar 'n charismatiese bemagtiging deur die רוח (vers 2) en ontvang 'n visioen van God. רוח inspireer nie Bileam se woorde van seën soos gedurende die profetiese era nie maar bring egter 'n charismatiese entoesiasme na vore. Hierdie teks is die enigste nie-eskatologiese Ou-Testamentiese een waarin רוח 'n onwillige nie-Israeliet bemagtig om as instrument in God se raadsplan op te tree.

Die onderhawige studie verskil van Wood (1976:120) en Jagersma (1988:151) wat רוח אלהים in die teks interpreteer as die Heilige Gees en ook van Levine (2000:191) wat die רוח אלהים interpreteer as die gees van profesie. רוח is in die teks die *"gees"* (krag) van God wat die persoon toerus vir die taak waartoe hy geroep is.

Die רוח אלהים bemagtig Bileam hier met 'n charismatiese gees. Hy ontvang 'n visioen en begin profeteer soos die ekstatiese profete onder beheer van die רוח gedoen het. Die רוח vervul hier die sintakties-semantiese funksie van agent (die persoon of objek wat die handeling uitvoer of veroorsaak). רוח is hier dus 'n aanduiding van God se bemagtiging (toerusting) deur die רוח (gees) om die taak waartoe hy geroep is, uit te voer.

#### 5.2.1.2.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE DIE רוח-GEBRUIK VAN BRON E

Bron E interpreteer en gebruik רוח as aanduiding van God se teenwoordigheid en die charismatiese bemagtiging deur die רוח van God. Die handelinge van רוח dui op die gee van die vermoë om drome te interpreteer, persone te beheer en hulle toe te rus vir hulle taak. Bron E interpreteer רוח nie as die derde Persoon van die Triniteit nie.

### 5.2.1.3. BRON JE

Daar is geen eie stof van bron E in die eerste elf (11) hoofstukke van Genesis nie, maar wissel bron J se stof af in die aardsvadergeskiedenis en in dele van die boeke Eksodus en Numeri. Bron E is in 'n groot mate aanvullend tot bron J, maar daar kan nie 'n duidelik selfstandige Elohistiese verhaal, soos in die geval van bron J, vanuit die Pentateug geïdentifiseer word nie, daarom is dit nodig dat daar soms van 'n gesamentlike bron JE gepraat word. Die redaksionele bron JE het voor 650 vC. as bron ontstaan (West, 1981:69).

Die onderstaande gedeeltes vloei voort uit die redaksie van bron JE:

Num 11:17, 25, 26 & 29

17 וירדתי ודברתי עמך שם ואצלתי מן-הרוח אשר עליך ושמתי עליהם
ונשאו אתך במשא העם ולא-תשא אתה לבדך

17 Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van ***die Gees*** wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.

en

Num 11:25

25 ולא יספו וירד יהוה בענן וידבר אליו ויאצל מן-הרוח אשר עליו ויתן
על-שבעים איש הזקנים ויהי כנוח עליהם הרוח ויתנבאו

25 Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van ***die Gees*** wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl ***die Gees*** op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie.

Volgens Wood (1976:59) is Moses permanent deur רוח bemagtig om as leier van Israel op te tree. Hy moes Israel uit Egipte lei. Hy was verantwoordelik vir die logistiese ondersteuning van die eksodus. Verder moes hy ook die sosiale dispute hanteer en regspraak lewer. As Moses slegs vir die verwagte tyd van ongeveer sestien maande die take moes hanteer, was dit moontlik, maar as gevolg van die sonde van die volk word die sestien maande veertig jaar (Num 14:34) en moes daar permanensie wees ten opsigte van die רוח-bemagtiging. Die sewentig oudstes word deur רוח bemagtig om Moses as leier van die volk by te staan en te help. Wood (1976:149) beskou die bemagtiging van die sewentig as die werk van die Heilige Gees in die Ou Testament.

Jagersma (1983:186) interpreteer nie die רוח nie. Hy bespreek wel die gebeure, naamlik dat God van die רוח wat op Moses is, neem en dit aan die sewentig oudstes

gee. Verder wys hy daarop dat die רוח permanent by Moses was, maar nie by die sewentig nie (vers 25).

Budd (1984:128) interpreteer die רוח as 'n goddelike bemagtiging (gawe van leierskap) wat nodig is om sy volk te regeer. Hierdie bemagtiging is 'n eenmalige (vers 25) charismatiese gebeurtenis met hulle aanstelling as mederegeerders saam met Moses.

Ashley (1993:211) stel die vraag of רוח hier verstaan moet word as Moses se gees ("spirit") of Jahwe se *"Gees"* ("Spirit"). Volgens hom was dit in die rigtertydperk en vroeë monargie die algemene siening om magtige dade, ook profesie, te interpreteer as God se רוח wat mense bemagtig het. In hierdie konteks is die רוח dus Moses se gees (spirit) in die sin van God se רוח wat op hom is. Die bron van die רוח is God self. רוח dui dus vir hom op die gawe van regering (*"counselling"*).

Volgens Hildebrandt (1995:74) bestaan 'n noue verbintenis tussen die wolk en רוח. Deur die wolk en die רוח openbaar God sy wil deur die sewentig (70) oudstes met sy רוח te bemagtig. Vir Hildebrandt is רוח hier die vroeë gees van profesie. Die waarneembare effek van die רוח-bemagtiging, die oudstes wat profeteer, het Jahwe se teenwoordigheid by die oudstes bevestig en so die outoriteit van die oudstes gevestig. Aan die einde van die Eksodusverhaal word die teenwoordigheid van God deur die werking van רוח bevestig.

Olson (1996:68) bespreek Numeri 11:17 en 25 in dieselfde paragraaf. Hy wys op die dubbele betekenis van רוח as *"wind"* en as *"gees"*. God werk aktief in die geskiedenis

van Israel deur die רוח. Hy neem van die רוח (gawe van leierskap) wat op Moses is en laat dit op die sewentig oudstes kom om hom te help. Die sewentig se bemagtiging was tydelik — anders as die permanensie van die bemagtiging van Moses wat op 'n deurlopende manier met God gekommunikeer het (Num 12:6-8). Olson (1996:68) gaan dan voort deur te wys op die רוח as wind wat kwartels van die see af inwaai vir die Israeliete om te eet. Hy konkludeer dan dat hier 'n dubbele werking van רוח voorkom:

(i) bemagtiging om met Hom te kommunikeer; en

(ii) voorsiening van kos vir sy volk.

**EVALUASIE**

Die hele verhaal in Numeri 11 moet as konteks vir die verstaan van die רוח-bemagtiging gebruik word. Die volk kla oor die toestande gedurende die eksodus, Moses kla by God dat hy nie meer kans sien vir die alleen-verantwoordelikheid nie en God kom Moses tegemoet met 'n oplossing: gedeelde verantwoordelikheid en die voorsiening van vleis, naamlik kwartels. God se antwoord op Moses se klagte is merkwaardig: deurdat die verantwoordelikhede verdeel word, word die gawe van רוח ook gedeel. Uit die konteks is dit nie duidelik of die רוח-bemagtiging 'n innerlike verandering by die sewentig oudstes meegebring het nie. Die bemagtiging deur die רוח gee aanleiding daartoe dat die oudstes oor die vermoë beskik om saam met Moses te regeer. רוח dui hier dus op die gawe van leierskap en regering. Die werkwoord שום (rus, plaas, lê) veronderstel 'n tydelike bemagtiging. Die sewentig oudstes begin om te profeteer (vers 25). Wat die inhoud daarvan was, weet ons nie. Dit is egter deur רוח-bemagtiging dat hulle profeteer en medeverantwoordelikheid vir die volk aanvaar. Niemand besit die רוח nie. Die רוח behoort tot God se sfeer

Sommige kommentare bespreek nie die identiteit (*"wie"*) van die רוח nie. Hulle interpreteer wel die רוח se handelinge. Vanuit die breër konteks is רוח in bogenoemde gevalle die agent van God waardeur Hy die volk lei. Israel het die unieke voorreg belewe om deur Jahwe gelei te word. Jahwe lei hulle uit Egipte uit en kies individue as leiers van die volk deur wie Hy die Israeliete bestuur. Jahwe bemagtig hierdie persone deur die רוח (sintakties-semanties as *"patiens"*). So word sy teokrasie oor die volk bevestig. In die lig hiervan is רוח die agent van God se teenwoordigheid in Israel se leierskap. רוח is nie 'n onafhanklike entiteit nie, maar dui op God se toerusting (krag), die gawe van leiding in die lewens van die leiers. Moses se groot droom is dat die hele volk onder beheer van God se teenwoordigheid sal lewe in 'n direkte kommunikatiewe verhouding.

Hierdie studie wil dus radikaal verskil van Wood se interpretasie en sy teologie dat רוח ekwivalent is aan die derde Persoon van die Triniteit. רוח is nie die Heilige Gees in die Ou Testament nie.

#### 5.2.1.3.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN BRON JE SE רוח-GEBRUIK

Bron JE beskou רוח as die charismatiese gawe van leierskap om Moses by te staan in sy taak as leier van die volk. רוח dui dus op die spesiale bemagtiging van persone om leiding te neem en regspraak te lewer. In bron JE dui רוח nie op die *"Gees"* van God (Heilige Gees) nie, maar op *"gees"* (gawe van leierskap), die krag en toerusting van God.

### 5.2.2. DEUTERONOMISTIESE GESKIEDSKRYWING

Die deuteronomistiese geskiedskrywing, 'n hervertelling van Israel se geskiedenis in die lig van die ballingskap, omvat die boeke Deuteronomium tot 2 Konings (Schmidt, 1995:136). Die deuteronomistiese geskiedskrywing het oor 'n baie lang tydperk van die monargie tot in die Babiloniese ballingskap) ontstaan en is gedurende die vyfde eeu (450 vC) voor Christus redaksioneel voltooi. Volgens Bosman en Loader (1987:69) vorm Josia se hervorming en die ballingskap die belangrikste kontekste waarbinne die deuteronomistiese geskiedskrywing verstaan moet word. Die ongehoorsaamheid van die volk lei tot 'n onafwendbare oordeel (ballingskap); hulle enigste hoop is om tot inkeer te kom en dat God dan uitkoms sal bied (Bosman & Loader,1987:69).

Die volgende tekste in die Samuel—Saulsage word tot hierdie bron gereken: 1 Sam 10:10, 1 Sam 11:6, 1 Sam 19:20, 1 Sam 19:23. Die woord רוח vertoon dieselfde eienskappe in die genoemde tekste en daarom sal daar slegs op enkele tekste gefokus word:

1 Sam 10:10

10 ויבאו שם הגבעתה והנה חבל-נבאים לקראתו
ותצלח עליו רוח אלהים ויתנבא בתוכם

10 Hulle het daar in Gibea gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. ***Die Gees van God*** het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree.

en

1 Sam 11:6

6 ותצלח רוח-אלהים על-שאול בשמעו את-הדברים האלה ויחר אפו מאד

6 En die ***Gees van God*** het oor Saul vaardig geword terwyl hy dié woorde hoor, en hy het baie kwaad geword.

Volgens Wood (1976:50) is Saul, die eerste koning van Israel, deur רוח bemagtig. Die konteks van hierdie deel is die Israeliete se konfrontasie met die Ammoniete. Die belangrike woorde hier is ותצלח רוח-אלהים - die רוח van God het oor Saul vaardig geword (gekom - צלח). Saul is deur רוח bemagtig om as eerste koning van Israel voorspoedig volgens die wil van God te regeer, dit het hy gedoen totdat hy ongehoorsaam aan God geword het en רוח van Saul onttrek is. Wood beskou רוח ook hier as die Heilige Gees in die Ou Testament.

Van Zyl (1988:151) bespreek nie die identiteit (*"wie"*) van רוח nie. Hy interpreteer egter die handelinge van רוח as dieselfde charismatiese bemagtiging wat die rigters (Rigters 14:6, 19; 15:14) ervaar het.

Volgens Brueggemann (1990:84) is die רוח-bemagtiging nie 'n geestelike ervaring nie, maar 'n bekragtiging om daadwerklik op te tree. In 1 Samuel gaan dit nie oor Saul se innerlike besluitnemingsproses nie, maar oor sy beskikbaarheid as instrument van die רוח. In 1 Samuel 11 gaan Saul oor tot aksie. Hy roep die manne van Israel op tot die geveg – die krag agter Saul se oorwinning oor die Ammoniete is die רוח. Die krediet vir die oorwinning behoort aan רוח (God, vers 13) tot wie se beskikking Saul is maar waaroor hy, Saul, nie beheer het nie. Brueggemann gee ook geen direkte interpretasie oor die identiteit (*"wie"*) van רוח nie. Uit sy argumentasie is dit egter duidelik dat hy רוח en יהוה (vers 13) as sinonieme beskou - die oorwinning is die Here s'n.

Hildebrandt (1995:26) wys daarop dat Saul deur רוח bemagtig word vir sy taak as koning van Israel. Die resultaat van die רוח-bemagtiging is dat Saul profeteer en dat hy verander word. Die charismaties ekstatiese toestand waarin Saul hom na die רוח-bemagtiging bevind, is 'n duidelike teken dat God by Saul teenwoordig is. Saul se hart word deur רוח verander. Hierdie verandering moet verstaan word as heldhaftigheid in oorlogsituasies. Deur die teenwoordigheid van רוח gee God self die oorwinning oor die Ammoniete. Hildebrandt beskou רוח as 'n sinoniem vir God self.

**EVALUASIE**

In Hoofstuk 10 vind die salwing van Saul plaas. Hy sal deur die רוח bemagtig word, die formule hier, ותצלח עליו רוח אלהים, is dieselfde formule wat gebruik is om die bemagtiging van Simson in Rigters 14:6 en 9 te beskrywe. Die werkwoord wat hier in samehang met רוח gebruik word, is צלח (om beheer oor te neem), te oorweldig (Koehler & Baumgartner, 1958:116). Dit veronderstel dieselfde tipe bemagtiging. Wat hier tot Saul se salwing toegevoeg word, is die gawe van profesie. Beide die gawe van profesie en millitêre vermoë moet gesien word teen die agtergrond van die aanvaarding van Saul as die eerste koning van Israel. רוח word in hierdie dele gesien as die vermoë om militêre operasies te beplan en deur te voer asook om as profeet op te tree. רוח word dus in die dele beskou as die gawe (gees) van toerusting vir die koning om as God se aangestelde koning te heers. רוח dui nie hier op *"Gees"* as die Heilige Gees van God nie. God (רוח) is die bron van hierdie gawe en die gawe is die vermoë om as militêre strateeg op te tree en om regverdig oor die volk te regeer. Saul is suksesvol as regeerder totdat die רוח hom aan Saul onttrek en Dawid in besit neem.

Uit die konteks is dit duidelik dat die bron van Saul se reaksies (profesie, woede, oproepinstruksies en die uitvoering van 'n militêre operasie) die Here is. Die agent waardeur die Here sy teenwoordigheid bevestig is die רוח. Dit is dus uit die konteks duidelik dat רוח hier as ekwivalent van die Here (יהוה ) beskou kan word. Dit dui dus nie op die derde Persoon van die Drie-eenheid soos in die Nuwe Testament geopenbaar is nie.

Die ander genoemde tekste, 1 Samuel 10:10; 19:20 en 23 sluit aan by die hele gedagterigting van רוח as agent van die Here se teenwoordigheid. In hierdie gedeeltes word רוח in samehang met אלהים (God) gebruik.

In die volgende aantal tekste (Rigters 3:10, 6:34, 11:29, 13:25, 14:6, 9, 15:14) word רוח in samehang met יהוה (Here) gebruik en inspireer רוח-individue tot groot dade van verlossing in Israel se geskiedenis.

Rigt 3:10

10 ותהי עליו רוח-יהוה וישפט את-ישראל ויצא למלחמה
ויתן יהוה בידו את-כושן רשעתים מלך ארם ותעז ידו על כושן רשעתים

10 En ***die Gees van die HERE*** het op hom gekom, en hy het Israel gerig en uitgetrek om oorlog te voer; en die HERE het Kusan Risatáim, die koning van Aram, in sy hand gegee, sodat hy die oorhand oor Kusan Risatáim gekry het.

Johnson (1971:36) interpreteer רוח soos volg: *"the divine spirit is an "extension" of Yahweh's personality by which he exercises his influence over the world".*

Boling (1994:81) stel dit duidelik dat רוח יהוה nie geïnterpreteer moet word:

(i) as die Heilige Gees soos in die Nuwe Testament nie, ook nie

(ii) meteorologies as wind nie, en ook nie

(iii) as 'n onafhanklike selfstandige goddelike entiteit nie – dan sou die werkwoorde wat רוח se handelinge aandui manlik gewees het. Volgens Boling dui רוח in die Rigterboek op 'n onpersoonlike krag of mag wat as agent van יהוה (die Here) optree.

Keck (1998:767) wys daarop dat die begrip רוח יהוה in die Rigterboek positiewe of negatiewe gevolge gehad het. In Otniël se geval het dit 'n positiewe gevolg – Otniël tree uit as oorwinnaar. In Gideon se geval bly hy 'n bang mens al is hy deur die רוח יהוה bekragtig – hy moes telkemale deur tekens verseker word van God se teenwoordigheid. Jefta was voor die bemagtiging 'n bekwame, innemende bestuurder van konflik en krisisse. Na sy bemagtiging word hy 'n man van aggressie; hy vermoor twee en veertig duisend Israeliete oor 'n nietigheid (Rigt 12:1-6). Simson, 'n Nasireër (mag nie hare sny, alkohol gebruik of aan 'n lyk raak nie), word deur die רוח יהוה bemagtig en ten spyte daarvan verbreek hy sy Nasireër-leefstyl deur aan dooies (leeu en mens) te raak. Die bemagtiging deur die רוח יהוה het in die latere rigters se lewens oneffektief en selfs gevaarlik geword. Die רוח יהוה het die gekose individue met spesiale vermoëns bemagtig maar dit is deur 'n verkeerde oriëntasie (Jefta, Simson, Gideon) misbruik en hulle het as instrumente in God se hand oneffektief geword. Vir Keck is die רוח in die Rigterboek ook 'n krag wat van God af uitgaan en mense bemagtig om as instrumente op te tree.

Block (1991:154) maak die stelling dat die verstaan van die uitdrukking רוח יהוה die noodsaaklike sleutel is om die boek Rigters te verstaan en die manier waarop Jahwe sy teenwoordigheid en werking in die Ou Testament vergestalt. Volgens Block dui die uitdrukking רוח יהוה op die geestelike variasie van die fisiese metafoor יד-יהוה (hand van die Here). Block stel dit duidelik dat die uitdrukking רוח יהוה die agent is waardeur God sy wil tot volvoering bring, of dit nou tydens die skepping, of in die gee van lewe, begeleiding, versorging, openbaring van sy woord, hernuwing van harte of beseëling van Israel as sy volk is. Vir Block is die רוח יהוה 'n eie, onafhanklike goddelike entiteit. Die רוח יהוה is dus 'n verlenging van die Here se persoonlikheid. Block beskou die רוח יהוה in hierdie tekste as die derde Persoon van die Triniteit. Volgens Block dui die רוח יהוה in die Rigterboek op die beheersing van 'n persoon deur die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees.

**EVALUASIE**

In die Rigterboek neem רוח onverwags, sonder enige aankondiging, persone deur God gekies in besit. רוח bemagtig hulle met 'n charismatiese gees vir die taak waartoe God hulle geroep het. Dit is byna asof die inbesitname gewelddadig is. Die werkwoorde wat gebruik word, is ook dikwels vreemde woorde, byvoorbeeld in Rigt 6:34 לבש (*"om te klee of te beset"*- militêre term), en in Rigt 13:25 פעם (*"om te stamp of te druk"*). Hierdie werkwoord het altyd in die Ou Testament (vier keer – Gen 41:8, Ps 77:5 en Dan 2:1, 3) die betekenis van pla (*"to trouble"*). In Rigters 14:6, 19 en 15:14 word die werkwoord צלח - om te beheer (*"om te affekteer"/ "to rush upon"*) gebruik. Hierdie werkwoorde onderstreep die kragtige manifestasie van רוח.

Uit bogenoemde kommentare is dit duidelik dat daar nie eensgesindheid is oor hoe die identiteit (*"wie"*) van die רוח יהוה geïnterpreteer moet word nie. Almal is dit eens dat die רוח 'n agent (sintakties-semantiese funksie in die *status constructus*-verbinding) van God is. Almal sien die רוח as 'n krag of mag wat van God af uitgaan. Die רוח dui op God se magtige teenwoordigheid in die mens se lewe. Verder dui רוח ook op die wyse waarop persone vir hulle godgegewe taak toegerus word. Block gaan egter verder as die ander kommentare en kwalifiseer רוח pertinent as die derde Persoon van die Triniteit.

Die vraag moet onmiddellik gestel word of Block se siening legitiem is. Word die Heilige Gees as derde Persoon van die Triniteit alreeds hier, aan die begin van die diakroniese pad van רוח se geskiedenis in Israel, geïmpliseer?

Hierdie studie aanvaar Block se oorhoofse interpretasie, naamlik dat רוח op die Here se teenwoordigheid dui en die agent is waardeur Hy sy wil tot volvoering bring, maar verskil radikaal van sy siening dat רוח alreeds hier as Heilige Gees geïmpliseer word.

Waarom verskil hierdie studie van Block?

Die meeste tekste in hierdie ontwikkelingsfase van Israel se geskiedenis dui daarop dat רוח geïnterpreteer moet word as 'n krag wat persone in besit neem en hulle bemagtig om hulle opgelegde taak volgens God se wil uit te voer. רוח is gedurende hierdie tydperk die charismatiese gees wat vir die verbondsvolk sorg en is nie 'n selfstandige onafhanklike entiteit nie. Block (1989:27) weerspreek hom deur in 'n artikel oor רוח in

die boek Esegiël dieselfde argumentasie te voer met die uitsondering van sy laaste opmerking, naamlik dat רוח die derde Persoon van die Trininteit is.

In die Rigterboek werk רוח in die persone op 'n kragtige wyse. רוח omklee die persoon. רוח neem die persoon geheel en al in beslag. Hierdie רוח-bemagtiging was ook net vir die tydperk geldig wat nodig was om sy opgelegde taak suksesvol af te handel. Indien רוח, soos Block hierdie deel interpreteer, die Heilige Gees as persoon is wat hom aan die persoon onttrek, sou daar in die Rigterboek werkwoorde in samehang met רוח gebruik word wat dit impliseer, en dit gebeur nie. Hierdie studie handhaaf die mening dat die teenwoordigheid van רוח die manifestasie is van die teenwoordigheid van Jahwe self.

In die Rigterboek is רוח 'n aanduiding van die magtige teenwoordigheid van die Here by individue ten behoewe van sy volk.

Die volgende tekste, naamlik 1 Samuel 10:6 (Saul se salwing) en 1 Samuel 16:13 (Dawid se salwing), sluit by bogenoemde konklusie aan, naamlik dat רוח, wat hier in samehang met יהוה gebruik word, die aanduiding is van יהוה se teenwoordigheid by die konings van Israel. Hierdie studie vind noue aansluiting by Bergen (1996:180) se interpretasie van Dawid se salwing as 'n simboliese handeling en skrywer hiervan haal dit graag aan: "Die olie wat op 'n deurdringende wyse Dawid se hare en vel bevogtig, wys heen na die mistieke teenwoordigheid van God. Die tema van hierdie gedeelte (1 Sam 16:18; 18:12, 14, 28) is: *'die Here was met Dawid'."* Volgens Bergen was dit die teenwoordigheid van die Here deur sy רוח (vers 13) wat Dawid beskerm het. Die inbesitneming van Dawid was 'n geestelike gebeurtenis. Sy רוח-bemagtiging was

permanent (vers 14), anders as Saul s'n. Bergen se interpretasie is 'n uitstekende interpretasie van die werking en die identiteit (*"wie"*) van רוח in die Ou Testament. *Alhoewel hy nie direk sê dat die* רוח *'n sinoniem vir God/Here is nie, is dit baie duidelik* in sy argumentasie, veral ten opsigte van sy verduideliking van die simboliek van die olie en ook sy stelling dat Dawid se lewe telkemale gespaar is deur die teenwoordigheid van God by Dawid. God is deur sy רוח by Dawid teenwoordig. Uit hierdie *argumentasie is dit duidelik dat* רוח *hier nie dui op die Heilige Gees soos ons dit in die* lig van die Nuwe Testament verstaan nie –hoewel רוח hier gelykbetekenend met יהוה (die Here) of אלהים (God) is.

Die volgende teksverse is teologies gesproke 'n laagtepunt in die teologiese *loci* Ou-Testamentiese pneumatologie. Hierdie tekste (1 Sam 16:14, 15) handel oor die onttrekking van רוח aan die lewe van Saul.

1 Sam 16:14

14 ורוח יהוה סרה מעם שאול ובעתתו רוח-רעה מאת יהוה

14 MAAR die ***Gees van die HERE*** het van Saul gewyk, en ***'n bose gees, deur die HERE*** gestuur, het hom verskrik.

of

14 But the ***Spirit of the LORD*** departed from Saul, and an ***evil spirit from the LORD*** troubled him.

1 Sam 16:15

15 ויאמרו עבדי-שאול אליו הנה-נא רוח-אלהים רעה מבעתך

15 Toe sê die dienaars van Saul vir hom: "Kyk tog, 'n ***bose gees van God*** verskrik u...."

Wood (1976:50) gaan van die standpunt uit dat Saul 'n permanente vervulling met רוח ontvang het en dat, met die onttrekking van God se רוח, 'n bose רוח Saul in besit geneem het. Volgens Wood was hierdie bose רוח nie net 'n verkeerde gesindheid of 'n skuldige gewete nie. Die parallelisme רוח-אלהים en רוח-אלהים רעה bevestig dat hier sprake is van 'n werklike רוח. God het self hierdie bose רוח-אלהים רעה gestuur (in die sin van toelating van die bose) om Saul te beïnvloed.

Volgens McCarter (1980:280) is die bemagtiging deur רוח nooit neutraal nie. Die רוח bemagtig mense met spesiale vermoëns of veroorsaak ongelooflike hartseer. In Saul se geval treiter 'n bose רוח hom nadat die רוח van die Here/God van hom gewyk het. Saul se toestand is teologies en nie psigopaties of selfs psigologies van aard nie. Die bose רוח is van God en sal sy taak binne die goddelike plan volvoer. Saul is 'n man wat deur God verlaat is - ורוח יהוה סרה מעם שאול – die Here se רוח het Hom aan Saul onttrek. Saul se aanvanklike רוח-bemagtiging het hom in staat gestel om as koning van Israel te regeer. Die רוח-bemagtiging was simbolies van God se teenwoordigheid by Saul. Nadat die רוח יהוה (God se teenwoordigheid) Hom aan Saul onttrek het, het Saul se totale heerskappy ontaard. Niemand kan die רוח beheer of manipuleer nie.

Van Zyl (1989:22) interpreteer die 1 Sam 16-verhaal soos volg: Saul, die eerste koning van Israel, begin sy openbare amp deur die bemagtiging van die רוח יהוה (1 Sam 10:1, 6, 9, 10). As gevolg van Saul se ongehoorsaamheid onttrek God (יהוה

רוח ) Hom aan Saul en word die רוח יהוה se plek ingeneem deur 'n מאת יהוה רוח-רעה wat Saul negatief (1 Sam 18:10-12; 19:9-10) beïnvloed. Verbasend is dat die רוח-רעה ook van יהוה (Here) kom (2 Sam 24:1). In die konteks van die Babiloniese godsdiens was bose geeste en demone verantwoordelik vir rampe en onheil en as iemand se persoonlike beskermingsgod hom verlaat het, het 'n bose gees onmiddellik sy intrek by daardie persoon geneem. Die deuteronomistiese geskiedskrywing wou sê dat alles onder die heerskappy van יהוה staan — ook die bose gees (רוח-רעה). God gebruik die bose gees as instrument om Saul te straf vir sy ongehoorsaamheid. Van Zyl (1989:23) maak die opmerking dat vers 15 se אלהים-רוח 'n sinonieme parallelisme kan wees vir vers 14 se רוח יהוה, maar dit kan ook wees dat die skrywer wil sê dat die bose gees tot die sfeer (lewenswêreld) van God behoort, soos Job 1:6 en 2:1 die Satan dan ook teken. Van Zyl (1989:23) wys ook daarop dat daar 'n ander moontlikheid bestaan, naamlik deur אלהים as 'n superlatief te beskou: *"'n verskriklike bose gees".* Hy kwalifiseer egter sy stelling deur daarop te wys dat dit 'n baie vreemde uitdrukking van die superlatief in Hebreeus sal wees.

Volgens Bergen (1996:182) is Saul se situasie nog meer angswekkend as net die feit dat die רוח יהוה Hom aan Saul onttrek het. 'n Bose gees van God treiter hom. Hierdie bose gees was 'n bo-natuurlike wese wat deur God gestuur is om Saul te straf vir sy ongehoorsaamheid aan die Tora.

Klein (1983:165) maak die enkele opmerking dat die רוח van God Saul verlaat het en dat 'n bose רוח Saul beset het. Volgens Klein skryf die Ou Testament dikwels versoekinge en slegte gebeure aan God toe (Deut 13:2-4; Amos 3:6; 2 Sam 24:1).

Volgens Hildebrandt (1995: 121) het Saul sy mag as koning misbruik deur ongehoorsaam aan God te wees – Saul het die verbond verwaarloos en verbreek en daarom is sy koningskap beëindig. Die רוח wat Saul bemagtig het, onttrek Hom aan Saul en neem Dawid in besit en salf hom as nuwe uitverkorene van God. Saul word nou in besit geneem deur 'n bose רוח . Hildebrandt (1995:122) interpreteer hierdie bose רוח as 'n demoon. Die bose invloed wat hierdie demoon op Saul uitoefen, lei Saul tot moord (1 Sam 22:18-19 — die moord op die priesters van Nob) en verskeie pogings tot moord op Dawid.

**EVALUASIE**

Skrywer van hierdie studie is van mening dat van die geraadpleegde kommentare nie die vraag na die bose רוח bevredigend beantwoord nie. Uit die kommentare is daar weinig antwoorde op die volgende vrae :

(i) Wie en wat is die רוח-רעה מאת יהוה?

(ii) Het die bose gees Saul innerlik beset of net beïnvloed?

(iii) Wat was die bose gees se invloed op Saul?

Volgens hierdie studie se berekeninge moes die bose gees Saul beset het (1 Sam 16:14) net nadat Samuel Dawid as die nuwe toekomstige koning van Israel gesalf het. Saul het ongeveer 40 jaar as koning van Israel regeer. Dawid kon nie ouer as 15 jaar gewees het toe hy as koning gesalf is nie. Hy het die troon bestyg toe hy 30 jaar (2 Sam 5:4) oud was. Saul het dus reeds 25 jaar regeer toe die רוח יהוה hom verlaat het en 'n רוח-רעה hom begin treiter het. Dit beteken dat Saul nog 15 jaar lank regeer het nadat die bose gees hom begin treiter en die רוח יהוה hom verlaat het.

Die רוח-רעה was beslis 'n gees en nie net 'n slegte gemoedstoestand of skuldige gewete nie. Die studie sluit aan by die siening van Hildebrandt (1995:122) dat die bose gees 'n demoon was wat deur die Satan gestuur is om Saul te treiter. Onmiddellik sal die vraag gestel word: "Wat van die *constructus* (besitter/verwantskap)-verbinding *"gees van die Here/gees van God"* (1 Sam 16:14). Hoe kan die Satan die bose gees stuur as die grammatiese konstruksie verwys na die gees *"van* God/die Here" of *"die Here/God se gees"* ?

God/die Here het die bose gees gestuur, in die sin van toegelaat om Saul te beïnvloed/treiter nadat Hy sy רוח aan Saul onttrek het. Die Bybelskrywers het alle gebeure goed of sleg onder die heerskappy van God geplaas. Amos 3:6 onderstreep hierdie teologiese denke: "*Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?* " God het Saul deur die ontrekking van sy רוח gestraf vir sy ongehoorsaamheid.

Het die רוח-רעה Saul beset (intern/innerlik) of net beïnvloed (ekstern)?

As daar na die verskillende werkwoorde (מלא – vul, שים – plaas, צלח – oorweldig, לבש - klee) en voorsetsels (את – met, על - op) gekyk word wat gebruik is om die רוח se werksaamheid te beskryf en die werkwoorde (בעת – treiter, היה - was) wat die aksie van die bose gees beskryf, volg die konklusie dat die bose gees Saul nie beset het nie, maar van tyd tot tyd ekstern beïnvloed het. Alhoewel dieselfde werkwoord (סור) gebruik word om die onttrekking (1 Sam 16:14) van die רוח יהוה aan Saul aan te dui en ook om die wyking/onttrekking ( 1 Sam 16:23) van die רוח-רעה te beskryf dui dit slegs aan dat God se *"gees"* en die bose gees van Saul af weggegaan het.

Hierdie *weggaan* kan innerlik wees soos die רוח wat Saul beset het en dit kan ook van iemand se nabyheid/teenwoordigheid weggaan. Die hooftaak van die bose gees was om Saul met vrees te vervul. Die bose gees het ook beperkte mag oor Saul gehad – as Dawid op die lier gespeel het, het die bose gees van Saul gewyk (1 Sam 16:23).

Om saam te vat:

[i] Die meeste kommentare handhaaf die gedagte dat die bose gees van God af kom.

[ii] Hulle verduidelik nie die hele teologiese denke agter die bose gees van die Here of God se bose gees (רוח-רעה מאת יהוה) nie.

[iii] Die *"bose gees"* is deur God toegelaat om Saul te treiter as straf vir sy ongehoorsaamheid.

[iv] Die *"bose gees"* het Saul nie innerlik beset nie, maar hom ekstern van tyd tot tyd beïnvloed.

God het Hom self (רוח יהוה) in 1 Sam 16:14 en 15 aan Saul onttrek oor sy sonde. Die Satan het onder God se toelatende wil Saul van tyd tot tyd getreiter. רוח vervul in die konteks die sintakties-semantiese funksie van agent in 1 Samuel 16:14-16.

Die רוח in 1 Samuel 19:9, 2 Samuel 23:2, 1 Konings 18:12; 22:24 en 2 Konings 2:16 kan ook gelykbetekenend (*"as sinoniem"*) met אלהים / יהוה geïnterpreteer word.

### 5.2.2.1 KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE DEUTERONOMISTIESE GESKIEDSKRYWING

In die deuteronomistiese geskiedskrywing bemagtig רוח-persone om charismatiese wonderdade te verrig en dui רוח op die seënende teenwoordigheid van God self. Die handelinge van die רוח is om persone ekstaties te bemagtig om bo-menslike dade te verrig in belang van die volk van God, soos by die rigters. 'n Verdere handeling van רוח in die deuteronomistiese geskiedskrywing is om die eerste konings van Israel te bemagtig vir hulle taak as koning van die Here. רוח bemagtig hulle om suksesvolle militêre operasies uit te voer en om regverdig te regeer. 'n Volgende gebruik van רוח in die tydperk is om die koms van 'n bose gees aan die רוח van God te koppel. Hierdie bose רוח is 'n demoon wat Saul ekstern beïnvloed om teenproduktief in die koninkryk van God te wees.

רוח word dus nie deur die deuteronomistiese geskiedskrywing geïnterpreteer as die *"Gees"* van God (Heilige Gees) nie. In die lig daarvan kan Block se siening, naamlik dat רוח die Heilige Gees is, nie aanvaar word nie.

### 5.2.3. DIE PRE-EKSILIESE PROFETE

In die vroegste tydperke was daar profete wat in Israel opgetree het, onder andere Elia (870 vC), Elisa (848 vC), Natan (2 Sam 7:1-17; 12:1-25), Gad (2 Sam 24:12-25), Agija (1 Kon 11:29-39) en 'n onbekende profeet van Juda (1 Kon 13:1-32). Sedert die agtste eeu voor Christus (785–626 vC) verskyn die sogenaamde skrifprofete - so genoem, nie omdat hulle hulle woorde self op skrif gestel het nie maar omdat hulle woorde versamel is en onder hulle name uitgegee is. Volgens West (1981:271) is die eerste generasie

"skrifprofete" Amos (762 vC), Hosea (750 vC), Miga (734 vC), Proto-Jesaja 1-39 (741 vC) en Jeremia (626 vC).

Miga 2:7

7 האמור בית-יעקב הקצר רוח יהוה אם-אלה מעלליו הלוא דברי ייטיבו עם הישר הולך

7 Mag dit gesê word, o huis van Jakob: Sou die ***HERE dan ongeduldig wees?*** Of is dit sy dade? Is my woorde nie vriendelik teenoor hom wat as opregte wandel nie (OAV)?

of

7 Volk van Jakob, moet daar gevra word: "Is ***die Gees van die Here*** kwaad? Doen Hy sulke dinge?" Belowe Ek nie goeie dinge vir dié wat opreg lewe nie [NAV]?

of

Is dit gesê, huis van Jakob, dat die ***Here kort van gees*** is ... (Eie vertaling)?

Hillers (1984:34) begin sy inleiding tot Hoofstuk 2 met hierdie opmerking: *"This passage is corrupt or doubtful at so many points that even the general progression of thought is uncertain."* Volgens Hillers is dit Miga se opposisie wat sinspeel op die bekende uitdrukking, רחום וחנון ארך אפים ורב-חסד ואמת (die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou) van Eksodus 34:6.

Volgens Barker en Bailey (1998:66) dui die uitdrukking הקצר רוח יהוה 'n idioom aan. Die valse profete verkondig dat God se geduld geen perke het nie. Miga wys deur middel van hierdie idioom dat hulle 'n denkfout maak en God beproef.

Andersen en Freedman (2000:110) wys daarop dat dit in hierdie vers oor 'n retoriese vraag gaan, met ander woorde wat nie 'n antwoord verwag nie. Is dit so dat iemand gesê het dat die *"gees"* van die Here (die Here self) ongeduldig is?

**EVALUASIE**

Volgens die kommentare funksioneer רוח hier as deel van 'n idiomatiese uitdrukking en dui die uitdrukking op die psigologiese aspek (geduld) van God se karakter. רוח het dus in hierdie konteks geen betrekking op die Heilige Gees of selfs op *"Gees"* as manifestasie van God se magtige teenwoordigheid nie. Hierdie studie vereenselwig hom met die standpunt van Hillers.

Die volgende tekste uit Miga en Hosea kommunikeer bloot die feit dat die profeet sy roeping van God ontvang het en deur die רוח bemagtig is om te profeteer.

Miga 3:8

8 ואולם אנכי מלאתי כח את-רוח יהוה ומשפט וגבורה להגיד ליעקב פשעו ולישראל חטאתו

8 Ek daarenteen is vol krag, mét ***die Gees van die HERE***, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.

Barker en Bailey (1998:116) stel dit dat daar 'n duidelike kontras tussen Miga en die valse profete voorkom. Die valse profete is deur hulle eie materiële behoeftes geïnspireer, terwyl Miga vol is van krag (כוח), reg (משפט) en heldemoed (גבורה). Die

bron van Miga se krag is deur 'n redakteur verklaar as רוח יהוה. Die voorsetsel את het hier verklarende betekenis: *"dit wil sê"*.

Van Leeuwen (1978:189) interpreteer hierdie deel dat die profeet deur die *"gees"* van God bemagtig is om in ekstatiese geesvervoering te spreek soos in 1 Samuel 10:6 en 10.

Hillers (1984:46) interpreteer רוח hier as die charismatiese gawe wat die profeet inspireer om teen die valse profete te profeteer. Hy sluit by Barker se interpretasie aan.

Smith (1984:33) wys daarop dat Miga duidelik die verskil tussen hom en die valse profete aantoon; hulle profeteer vir eie gewin, hy profeteer die ware woord van God ongeag die konsekwensies. Hy preek sy boodskap omdat hy deur die רוח van God gestuur is. Hier verstaan Smith רוח as sinoniem (*"ekwivalent"*) van God self.

Volgens Limburg (1988:177) dui רוח vir hom die Here self aan – Miga kry sy krag by die Here.

Volgens Barker en Bailey (1998:78) wys vers 8 op die skerp kontras tussen Miga en die valse profete. Hy vertaal die toepaslike deel soos volg: *"I am filled with power by the help of the spirit."*

**EVALUASIE**

Die term רוח יהוה impliseer dat Jahwe die Een is wat die profeet Miga vervul het met krag (כוח), reg (משפט) en heldemoed (גבורה). רוח word hier as medium gebruik in

die sintakties-semantiese funksie en is dus gees van God in soverre dit die instrument aandui waardeur God as bron van die krag (כוח) die profeet bemagtig. Die rol en taak van רוח in Miga 3:8 dui ook 'n koersverandering aan in die werking van רוח. Vir die eerste keer word die handelinge van רוח in verband gebring met die etiese lewe van Israel. Tot hierdie tydstip toe het רוח persone bemagtig om buitegewone take (die rigters en ekstatiese profete) te verrig en Godsopenbaringe bekend te maak.

Die volgende tekste uit Jesaja 11:2, 30:1 kommunikeer dieselfde inhoud van רוח, naamlik dat die *"gees"* van die Here die kneg van die Here vir sy geroepe taak bemagtig.

Jes 11:2

2 ונחה עליו רוח יהוה רוח חכמה ובינה רוח עצה וגבורה רוח דעת ויראת יהוה

2 en op Hom sal ***die Gees van die HERE*** rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.

Snijders (1969:145) maak die opmerking dat bome afgekap word en dat koningshuise tot 'n val kom – dit het ook met Juda gebeur, maar dit is nie die einde nie. 'n Afgekapte boom kan weer uitspruit en lote gee. Die רוח van God is die goddelike energie wat lewe kan gee.

Clements (1980:120) volg 'n ander benadering as die vorige twee kommentatore. Hy laat 11:1-9 terug gryp na 10:33-34 waarin die beeld geskep word van 'n woud wat

afgekap word – simbool van Israel se swaarkry en ballingskap. Jesaja 11:2 is in die lig hiervan 'n orakel van hoop. 'n Nuwe heerser uit die geslag van Isai sal die koningshuis van Dawid kom herstel. Die nuwe koning sal ten volle toegerus wees deur die gawes van die רוח – polities, militêr en administratief.

Watts (1985:169) wys op die feit dat 11:2 met 'n werkwoord (ויצא - pf + waw) begin. Die lyn vanaf 10:34 word dus voortgesit tot in Hoofstuk 12. Die werkwoord dui nie op gebeure êrens in die toekoms nie, maar koppel terug na 10:33 en dit wat daarop volg. Wat belangriker is as die naam van hierdie koning is die gawes wat hy van die רוח sal ontvang. Die bemagtiging deur die רוח יהוה stel die koning in staat om goed te regeer. Hy ontvang die vermoë (רוח) om goed te regeer deur die toerusting van die רוח, wysheid en verstand (רוח חכמה ובינה) om goeie besluite te neem en 'n billike beleid in te stel, raad en sterkte (רוח עצה וגבורה) om 'n goeie diplomaat en strateeg te wees, kennis en vrees van die HERE (רוח דעת ויראת יהוה) om in 'n goeie verhouding met die Here te leef.

Volgens Oswalt (1986:279) was die gawe van die רוח aanvanklik konkreet – kunstigheid om die tempel te bou (Eks 31:3) of die krag van Simson (Rigt 14:6) om roemryke oorwinnings te behaal. In die latere periode het die gawes meer abstrak geraak soos onder andere die gawe van leierskap. Saul en Dawid was albei deur die רוח toegerus vir hulle taak as konings van Israel. Die leier uit die geslag van Isai sal getuig van 'n bo-menslike inspirasie; anders sal daar geen verskil wees tussen hom en die regering van Agas nie.

**EVALUASIE**

Die meeste kommentatore verwys in die teks na רוח sonder om te kwalifiseer of hulle רוח as die Heilige Gees ("*Gees* van God") beskou of as aanduiding van God se ("*gees*") teenwoordigheid by die nuwe koning. Die charismatiese bemagtiging van konings deur die רוח is tydens die regeringsjare van die koningshuis van Dawid getermineer – die koning het deur sy geboortereg regeer en nie meer deur goddelike verkiesing nie (Neve, 1972:36). Jes 11:2 hervestig die charismatiese bemagtiging van die koning en projekteer dit op die nuwe era. Die nuwe koning sal weer voortkom uit die stomp van Isai (Israel wat in ballingskap verkeer). Die רוח-bemagtiging van die nuwe heerser sal die kern van sy koningskap uitmaak. Jesaja maak gebruik van ou רוח-tradisies in sy boodskap van hoop. Die nuwe koning sal charismaties bemagtig word om, soos individue van vroeër, instrumente in God se plan te wees. Die skrywer verwys dan na Josef se wysheid en verstand (Gen 41:39). Die raad verwys na die oudstes (Num 11:17) wat deur die רוח bemagtig was om Moses te help regeer. Die sterkte verwys na fisiese krag en moed en gryp terug na die charismatiese leiers gedurende die rigtertydperk. Jesaja herinterpreteer die charismatiese bemagtiging van vroeër en brei daarop uit. Die bemagtiging sal permanent wees en 'n innerlike verandering sal ook plaasvind.

Volgens Jes 11:2 word die nuwe koning deur die רוח in volle heerlikheid charismaties bemagtig. Jahwe is nou weer in werklikheid die heerser omdat Hy sy aardse heerser kies en hom deur die רוח bemagtig. Vir die eerste keer word die gawe van geloof en kennis van God (רוח דעת ויראת יהוה) aan die bemagtiging van die רוח toegeskryf. Die eskatologiese ryk sal dus gekenmerk word deur die teenwoordigheid van God (*"en*

*op Hom sal die Gees van die HERE rus"* - ונחה עליו רוח יהוה) by die nuwe heerser.

Volgens Jesaja sal hierdie feit so duidelik wees dat die koning se titel "Immanuel" sal wees.

Hierdie studie huldig die standpunt dat die רוח-bemagtiging verstaan moet word as aanduiding dat God self by die nuwe koning se heerskappy betrokke sal wees en dat daar in hierdie konteks geen sprake is van רוח as die Heilige Gees soos Hy Hom in die Nuwe Testament openbaar nie. Sintakties-semanties verrig רוח hier die funksie van *agent* in die *status constructus*-verbinding.

Jes 30:1

1 הוי בנים סוררים נאם-יהוה לעשות עצה ולא מני ולנסך
מסכה ולא רוחי למען ספות חטאת על-חטאת

1 Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat 'n plan uitvoer, maar dit is nie uit My nie; wat 'n verbond sluit, en dit is nie uit ***my Gees nie***, om sonde op sonde te stapel (OAV)

In Jesaja 30:1 word רוח in dieselfde betekenis gebruik. Jes 30:1 waarsku Israel opnuut teen 'n verdrag met Egipte. Die uitdrukking hier *"en dit is nie uit my Gees nie"* — ולא רוחי — is 'n sinonieme parallelisme met die voorafgaande *"maar dit is nie uit My nie"* — ולא מני. רוח funksioneer hier dus as sinoniem vir God en is nie 'n aanduiding van 'n onafhanklike entiteit (derde Persoon van die Triniteit) nie. Die sintakties-semantiese rol van רוח is die van 'n *medium* (instrument waardeur God werk).

Jes 31:3

3 ומצרים אדם ולא-אל וסוסיהם בשר ולא-רוח ויהוה יטה ידו וכשל עוזר ונפל עזר ויחדו כלם יכליון

3 Ja, die Egiptenaars is mense en nie God nie, en hulle perde is vlees en nie ***gees*** nie; as die HERE sy hand uitstrek, dan struikel die helper, en wie gehelp is, val; en saam gaan hulle almal te gronde.

Volgens Snijders (1969:314) word Egipte as die redder by uitnemendheid gesien en alle hoop word op die farao geplaas. רוח beteken hier *"asem"* of *"gees"* van God en dui op die teenstelling tussen God en Egipte. Egipte is deel van die geskape werklikheid en sterflik.

Oswalt (1986:572) wys daarop dat hierdie vers die kontras tussen Egipte en God aandui. Vlees (Egipte) kan nie bo רוח (God) verhef word nie.

Watts (1985:409) interpreteer die רוח as sinoniem vir "met God". Die woorde בשר en רוח definieer nie God se wese nie, maar in בשר word die totaliteit van Egipte se sterflikheid saamgevat.

**EVALUASIE**

Uit die kommentare is dit duidelik dat ולא-רוח 'n sinonieme parallelisme met ולא-אל vorm. רוח funksioneer hier as 'n sinoniem vir אל en dui dus op God self. Hierdie studie wil egter die volgende aspekte uitlig:

(i) Hier word implisiet gestel dat Jahwe gees is, net soos die mens vlees is.

(ii) Jahwe het nie net 'n רוח nie. Jahwe ís ook gees.

(iii) רוח en אל hoort bymekaar net soos *"mens"* en *"vlees"* bymekaar hoort.

(iv) רוח staan teenoor בשר net soos *"God"* teenoor *"mens"* staan.

(v) Jahwe is רוח, net soos Hy "God" is.

(vi) Die sinonieme parallelisme רוח en אל sê dat רוח tot die goddelike gebied behoort, dus tot die gebied (sfeer) van Jahwe. רוח behoort geheel en al by Hom. Hy is die lewebeskikkende sterkte.

רוח dui dus in hierdie teks op God self – Jahwe-in-aksie. Dieselfde interpretasie geld vir רוח in Jes 32:15 en Jes 34:16.

### 5.2.3.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK BY PRE-EKSILIESE PROFETE

Die interpretasie en handeling van רוח in die pre-eksiliese profete, soos veral in Miga en Jesaja, dui 'n nuwe ontwikkeling aan in die verstaan van רוח. Die profetiese רוח in Miga se taak is nie om verlossing te propageer nie, maar juis om die volk se sonde te ontbloot. Tot hiertoe is רוח geïnterpreteer:

(i) as die lewensbeginsel, of

(ii) as die instrument van goddelike kommunikasie, of

(iii) as die bron van charismatiese verlossing.

Nou word רוח die eerste keer in verband gebring met die beoordeling van die etiese lewe van Israel. Jesaja brei uit op Miga se verstaan van רוח en lê klem op 'n ander nuanse. Vir Jesaja staan רוח in verband met die komende verlossing deur God, maar dan ooreenkomstig die suiwering van die volk. Die komende verlossing word bewerk

deur die Messiaanse koning op die troon van Dawid wat deur die רוח toegerus is vir sy taak. Die רוח word nou uitgegiet om 'n nuwe etiese lewe in Israel te bewerk.

## 5.2.4. DIE PROFETE VAN DIE BALLINGSKAP EN TERUGKEER

Na die vermyding van die gebruik van רוח by die pre-eksiliese skrifprofete in verband met hulle eie roeping en taak as profete, begin 'n nuwe bedeling met Esegiël (593 vC) se optrede. Die רוח bemagtig sy eie optrede en tree ook op as die aktiewe *agent* in die herstel van Israel. Israel was langer as 'n halwe eeu in ballingskap. Ten spyte van die beloftes van hoop (Jeremia) en die visioene (Esegiël) is Israel steeds in ballingskap. Talle Jode het hulle hoop om ooit na Jerusalem terug te keer, verloor.

Gedurende hierdie tydperk (587-539 vC) verskyn 'n profeet, Deutero-Jesaja (40-55), met die boodskap dat die tyd van lyding en straf vir Juda verby is (Prinsloo, 1987(b):98). Deutero-Jesaja se profesie word bewaarheid en die Jode keer terug uit die ballingskap (538 – 445vC). Trito-Jesaja (56-66) tree op in 'n tyd van geloofskrisis. Die ballinge het teruggekeer na Jerusalem, maar die heilsbeloftes het nog nie in vervulling gegaan nie. Trito-Jesaja verseker die volk dat Jahwe die verhewene is — daar is geen ander God soos Hy nie.

Die volgende tekste van Esegiël kommunikeer dieselfde inhoudelike van רוח, daarom geld die opmerkings van die kommentare by Esegiël 11:1, 5 ook vir Esegiël 2:2; 3:12, 14; 8:3, 24; 11:1;5 en 24.

Eseg 11:5

5 ותפל עלי רוח יהוה ויאמר אלי אמר כה-אמר יהוה כן אמרתם בית
ישראל ומעלות רוחכם אני ידעתיה

5 Toe val die ***Gees van die HERE*** op my, en Hy sê vir my: Spreek, so sê die HERE: So het julle gespreek, o huis van Israel; en wat in julle gees opkom, weet Ék.

Greenhill (1967:246) interpreteer רוח as Jahwe-in-aksie - God self. Die profeet word deur רוח in besit geneem. *"Gees"* (רוח) en hand (יד – 8:1) is vir hom dieselfde manifestasie van die teenwoordigheid van God. Volgens hom dui die werkwoord נפל – *"val"*, op iets wat van bo af kom. In hierdie konteks het die *"gees"* die profeet kragdadig bemagtig om te profeteer.

Volgens Zimmerli (1979:258) is die uitdrukking ותפל עלי רוח יהוה – "toe *val die gees van die Here op my"* vreemd aan die inhoudelike van Esegiël. Daar is wel verwysings na die hand (8:1) van die Here wat op die profeet val of kom. Die *"hand"* en *"gees"* vorm volgens Zimmerli 'n sinoniem vir God se eie teenwoordigheid. In die lig hiervan stel Zimmerli dit dat רוח God self is. Volgens Greenberg (1983:187) bemagtig die רוח die profeet vir 'n profesie.

Maarsingh (1985:141) beskou רוח יהוה as 'n sinonieme parallelisme met Esegiël 8:1 se יד אדני יהוה – *"hand van die Here HERE"*. Vir hom dui רוח as metafoor dus op God self.

Hildebrandt (1995:187) is van mening dat enige vorm van profesie, hetsy mondeling of visioenêr, die bemagtiging van רוח is. In die konteks dui dit vir hom op Jahwe se teenwoordigheid en bemagtiging van die profeet.

Block (1997:334) beskryf die רוח-handeling as 'n beklemtoning van God se teenwoordigheid by en sanksie aan die profeet. Wanneer aan רוח in die Ou Testament gedink word, beskryf רוח die goddelike teenwoordigheid op aarde en by die profeet. God oefen sy teenwoordigheid en bemiddeling op aarde uit deur sy רוח. רוח is die krag van God wat in mense werksaam is. רוח is sy skeppende, lewegewende en dinamiese mag. רוח is God self. Wanneer רוח handel is dit God self wat handel.

**EVALUASIE**

Die boek Esegiël is by uitnemendheid die boek van die רוח. רוח kom twee en vyftig (52) keer in die boek voor en die hele semantiese veld word gedek. Die gereelde voorkoms van רוח open 'n nuwe persepsie aangaande die identiteit en handelinge van רוח . Die boek Esegiël wentel om die drie (3) visioene (Esegiël 1-3, 8-11 en 40-48) wat Esegiël ontvang het. Die boek Esegiël begin in Hoofstuk 1:4 met 'n teofanie – 'n *"wind"* (רוח) kom uit die noorde en omsluit die vier (4) figure. Die רוח bepaal die rigting van hierdie figure (1:12).

God beveel Esegiël om te staan. As dit blyk dat hy nie op sy eie kan nie, is dit die רוח wat hom oorweldig en optel (2:2). Teen sy wil (3:12) word Esegiël deur die רוח weggeneem om te gaan profeteer. In Esegiël 8:3 verplaas Jahwe die profeet na Jerusalem. In hierdie deel funksioneer die *"hand van Jahwe"* en die רוח as sinonieme vir mekaar. Beide uitdrukkings dui op die teenwoordigheid en inbesitname deur Jahwe. יד-יהוה en ברוח יהוה vorm 'n sinonieme parallelisme om die handeling van God met die profeet te beklemtoon. רוח funksioneer hier as die *medium* in die sintakties-semantiese funksie waardeur God met die profeet werk. Dieselfde verklaring geld ook vir Esegiël 37:1.

Eseg 37:1

1 היתה עלי יד-יהוה ויוצאני ברוח יהוה ויניחני בתוך הבקעה
והיא מלאה עצמות

1 DIE hand van die HERE was op my, en Hy het my uitgebring deur die ***Gees van die HERE*** en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene.

Volgens Vawter (1991:166) is die uitdrukking *"die hand van die Here was op my"* 'n stilistiese merker wat die moment aandui wanneer die profeet 'n profetiese ekstase beleef. Gedurende hierdie ekstatiese moment word die woord רוח op drie verskillende maniere gebruik. Drie verskillende Engelse (Afrikaanse) woorde word benodig om die handelinge van רוח te beskryf. In vers 1 is רוח die *"gees"* van die Here, in vers 5 is רוח – *"asem"* (die lewegewende beginsel) en in vers 9 die meteorologiese element *"wind"* wat die lewensasem in die droë bene inwaai. Vawter (1991:167) wys op die verlies van betekenis deur die vertalings. Hier gryp die profeet terug na Genesis 1:2 – God self skep en bedwing die waters. רוח is vir Vawter gelykbetekenend met God self.

Greenhill (1967:19) interpreteer רוח as Jahwe-in-aksie (God self). Die profeet word deur רוח in besit geneem. רוח en יד is vir hom dieselfde manifestasie van die teenwoordigheid van God. Die *"hand van die Here"* is vir Greenhill die *symbolum roboris* (die simbool van krag) en staan in 'n sinonieme parallelisme met רוח. יד vorm ook die *instrumentum operationis* (die instrument van aksie). As sinonieme parallelisme verkry רוח hier die ekwivalente betekenis van *"hand"* en dui dit op God self (1967:246). Die profeet verkeer in 'n ekstatiese toestand waarin hy 'n visioen sien. Hierdie toestand is deur God self (רוח) veroorsaak.

Volgens Zimmerli (1983:254) is Jahwe self die onderwerp – die handelende persoon. Hierdie vers skakel baie nou met Esegiël 40, die inleiding op die groot tempelvisioen. Groot ooreenkomste kom voor tussen Esegiël 40 en 37. Selfs die teksgedeelte oor רוח het 'n sinonieme deel in Hoofstuk 40: היתה עלי יד-יהוה ויבא אתי שמה (*"was die hand van die HERE op my en Hy het my daarheen gebring"*). Volgens Zimmerli vorm רוח hier deel van die gebruiklike profetiese taal om aan te toon dat Jahwe self die bron van die visioen is. ברוח יהוה skakel ook baie nou met ברוח אלהים in Esegiël 11:24 (*"gees van God"*) en dui God self aan.

Block (1998:372) stel die vraag, naamlik of dít wat Esegiël hier beskryf 'n visioen is of 'n oomblik van profetiese ekstatiese bemagtiging. Vanweë die afwesigheid van die werkwoord ראה (*"sien"*) dui dit eerder daarop dat Esegiël hier 'n oomblik van profetiese ekstase beskryf. Volgens Block (1998:373) dui die uitdrukking *"hand van die Here"* op die totale bemagtiging van Esegiël deur die Here. Die woord רוח word tien keer in verse 1-14 gebruik. In die konteks van die boek Esegiël het die begrip drie verskillende betekenismoontlikhede:

(i) instrument waardeur die profeet vervoer word (37:1)

(ii) kompasrigting (37:9c)

(iii) agent waardeur lewe gewek word (37:5-6)

Die begrip ברוח יהוה skakel met במראה ברוח אלהים in Esegiël 11:24 en dui die instrument aan waardeur die profeet die visioen sien. Daar is geen aanduiding dat die profeet letterlik verplaas is nie. Alles vind plaas in die oomblik van ekstatiese bemagtiging. Vir Block is רוח hier 'n aanduiding van Jahwe-in-aksie.

**EVALUASIE:**

Dit is יהוה wat die רוח aksie veroorsaak. Dit is Hy self wat die profeet in besit neem en hom deur visioene na ander plekke verplaas. Dit is רוח wat die profeet inspireer om te profeteer. Hier dui רוח nie die Heilige Gees aan nie en stem die studie saam met Greenhill en Block dat רוח in bogenoemde kontekste Jahwe-in-aksie is.

Esegiël 37 is in twee hoofmomente verdeel: Deel 1 handel oor die visioen (1-10) en deel 2 (11-14) handel oor die interpretasie van die visioen. Deur God se bemagtiging ervaar Esegiël 'n oomblik van profetiese ekstase en ontvang hy die visioen van hoop vir die platgeslane volk.

Daar is ook 'n alternatiewe verstaan van die teks moontlik. In die beredenering van hierdie argument is יהוה die handelende (ברוח יהוה) en nie die genitief wat in samehang met רוח staan nie. Die voorsetsel ב vervul dan die funksie van 'n *bet instrumenti* (Van der Merwe *et al.*, 1997:228).

Die volgende vertaling is dan 'n moontlikheid:

1 Die hand van die Here was op my, en (hy) (die) Here het my uitgebring in die ***gees*** en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene. (Eie vertaling)

Keil (1885:115) is een van die kommentatore wat Esegiël 37:1 so interpreteer. Indien hierdie alternatief gehandhaaf word, is רוח geensins 'n aanduiding van die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) nie.

Esegiël 36:27, 37:14 en 42:1 is vir baie teoloë die bewys van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die Ou Testament. In die lig daarvan dat רוח in al drie tekste dieselfde beteken, hanteer die studie hulle in dieselfde bespreking.

Eseg 36:27

27 ואת-רוחי אתן בקרבכם ועשיתי את אשר-בחקי תלכו
ומשפטי תשמרו ועשיתם

27 En Ek sal ***my Gees*** in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

en

Eseg 37:14

14 ונתתי רוחי בכם וחייתם והנחתי אתכם על-אדמתכם וידעתם
כי-אני יהוה דברתי ועשיתי נאם-יהוה

14 Ek sal ***my Gees*** in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.

Greenhill (1967:724) beskou רוח in hierdie konteks as die Heilige Gees self. Hier word die persoon van die Heilige Gees onderskei van die gawes en werking van רוח. Sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees is mense geestelik dood en kan daar nie 'n aktiewe verhouding met God bestaan nie. Hulle leef vir hulleself; hulle steur hulle nie aan God se bepalings nie. Die oorsprong van 'n God-gewilde lewe is die werking en inspirasie van die Heilige Gees – רוח doen dit hier in die lewe van die volk van God.

Volgens Zimmerli (1983:249) gaan die werking van רוח in die Ou Testament altyd gepaard met 'n bemagtiging wat persone nuwe dinge (1 Sam 10:6) laat doen. Die nuwe ding hier is gehoorsaamheid aan God se bepalings en 'n nuwe toegewyde lewe van die volk. רוח is Jahwe-in-aksie. Dit is sy teenwoordigheid wat die volk sal laat lewe.

Maarsingh (1991:71) interpreteer Esegiël 36:27 as 'n uitbreiding op die gebeure in vers 26. Jahwe het eers die mens se ou verkeerde leefstyl (לב) en wilskrag (רוח ), dus die mens se ingesteldheid, verander en nou plaas Jahwe dit onder die bestuur van sy רוח. Jahwe red die mens uit sy hopelose toestand. Volgens Maarsingh (1991:86) het רוח en die suffiks (eerste persoon enkelvoud) meer beteken as om net fisies lewe te gee in doodsbeendere – die רוח het mense bemagtig om voortaan te lewe (in volheid) soos Jahwe dit van hulle verwag het. Volgens Maarsingh is רוח hier gelykbetekenend met Jahwe self.

Volgens Greenberg (1997:731) is רוח 'n aanduiding van God self. Hy verwys na Psalm 143:10 (*"Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land"*) as ondersteuning vir sy siening.

Block (1998:355) beskou vers 26 as 'n herhaling van Esegiël 11:19 (*"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee"*). Vers 27 is volgens hom 'n uitbreiding op, eintlik 'n verbreding van, vers 26. Israel se *status quo* (afvalligheid) kan slegs deur

Jahwe se ingrype verander word. Deur sy ingrype kan die volk voortaan gehoorsaam wees aan sy verordeninge. Vir Block is רוח in die twee gedeeltes die magtige teenwoordigheid van God self in die midde van die volk. Dit is God self (רוח) wat die moraliteit van die volk sal verhoog.

**EVALUASIE**

רוח is die *patiens ("*gawe"), in die sintakties-semantiese funksie, aan die volk waardeur Jahwe hulle wil help om aan sy gebooie gehoorsaam te wees. Sy teenwoordigheid, by elke persoon van die volk, sal hulle help om in gehoorsaamheid aan Jahwe te kan leef. רוח dui dus hier op die teenwoordigheid van Jahwe in die midde van sy volk se lewe.

Hierdie studie is van mening dat daar hier 'n belangrike teologiese verskuiwing plaasvind ten opsigte van die werksaamhede van רוח. רוח is nou besig om die volk se etiese en morele lewe te verander. Jahwe gee aan die volk 'n nuwe hart en 'n nuwe ingesteldheid (רוח) in Esegiël 36:26. רוח bepaal nou die mens se religieus-sedelike gedrag. As dit vernuwe word, sal die volk in Jahwe se gebooie kan wandel. In vers 27 word die rol wat רוח in die lewe van die volk sou speel, uitgestippel. Deur die ingrype van רוח sal die volk in staat wees om gehoorsaam te wees. Die resultaat van hierdie bemagtiging sal eers in die toekoms waarneembaar wees; dit is dus 'n profesie van hoop en belofte vir die volk wat hulle koning, die tempel, die stad Jerusalem en die kultus verloor het. Hierdie hele toekomsbelofte word in die raamwerk van die verbond geplaas met die uitdrukking in vers 28: "*en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees*".

Dit is slegs deur die teenwoordigheid van Jahwe self dat hierdie religieus-sedelike gedrag sal realiseer. Deur die gereformeerde Skrifbeginsel van Skrif-met-Skrif-te-vergelyk, toe te pas, word hierdie konklusie deur Esegiël 39:29 bevestig.

Eseg 39:29

29 ולא-אסתיר עוד פני מהם אשר שפכתי את-רוחי על-בית ישראל נאם אדני יהוה

29 En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek ***my Gees*** oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE (OAV).

of

29 Ek sal hulle nooit weer verwerp nie; Ek het ***my Gees*** uitgestort op Israel," sê die Here my God (NAV).

Alhoewel רוח in Esegiël 39:29 ooreenstem met die interpretasie van רוח in Esegiël 36:27 en 39:29, word die teks afsonderlik geëksegetiseer. רוח dui in Esegiël 36, 37 en 42:1 op Jahwe self en nie op 'n personifikasie, 'n hipostase, van Jahwe of die Heilige Gees soos Greenhill רוח interpreteer nie.

Volgens Cooper (1994:36) is die uitstorting van רוח die teken van die verbondsbevestiging, die waarborg van die nuwe lewe, vrede en voorspoed vir die volk. Die uitstorting van רוח is die uitbreiding van Jahwe se persoonlikheid waardeur Hy sy wil in die wêreld volbring. רוח is sy skeppende, lewegewende en inspirerende krag.

Greenhill (1967:773) handhaaf sy standpunt van Esegiël 36:27, naamlik dat רוח die Heilige Gees is wat oor die volk uitgegiet word om permanent by hulle te wees.

Eichrodt (1970:529) interpreteer die uitstort van רוח as die bevestiging van die permanente teenwoordigheid van God by sy volk deur die רוח. Die realisering van hierdie belofte lê egter nog in die toekoms. Vir Eichrodt dui רוח op die teenwoordigheid van Jahwe.

Volgens Zimmerli (1983:321) is die kommunikasie van רוח in samehang met die uitdrukking *"Ek sal hulle nooit weer verwerp nie"* die finale bevestiging van Jahwe se eenheid en solidariteit met die volk. Zimmerli beskou רוח hier as die teenwoordigheid van Jahwe self.

Maarsingh (1991:133) is van mening dat Jahwe in vers 23 (*"het Ek my aangesig vir hulle verberg en hulle in die hand van hul teëstanders oorgegee"*) sy oordeel-uitsprake oor Israel aankondig en weer in vers 24 *("my aangesig vir hulle verberg")*. In vers 29 verander die toneel radikaal; nou sal Jahwe deur sy רוח permanent in die midde van sy volk wees. Die werkwoord שפך (*"uitstort"*) dui op Jahwe se oorvloedige genade.

Block ( 1998:488) interpreteer die uitgieting van die רוח as 'n teken, 'n seël, van die verbond. Dit dui op Jahwe se eienaarskap en bevestig sy teenwoordigheid in hulle midde. Dit is Jahwe wat ter wille van sy volk teen Gog opstaan en die oorwinning behaal. Volgens Block (1989:48) dui רוח op die teenwoordigheid van God op aarde. רוח is die *medium* waardeur Jahwe sy wil tot uitvoer bring. רוח is die *"krag"* van God wat in mense werksaam is. Block (1989:49) stel dit soos volg: "*The* רוח *can hardly be identified as one other than God himself.*" As רוח tot aksie oorgaan, is dit God wat handel.

**EVALUASIE**

Vanuit bogenoemde kommentare is dit duidelik dat רוח hier op die teenwoordigheid van Jahwe self dui — as רוח handel, is dit Jahwe self wat optree. Hierdie studie verskil dus radikaal van Greenhill. רוח is hier in Esegiël 39:29 nie die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) soos die NuweTestament die Heilige Gees geopenbaar het nie. Sintakties-semanties funksioneer רוח hier as die *"gawe"* aan die volk waardeur Jahwe sy teenwoordigheid in Israel se midde bevestig.

Die werkwoord wat hier gebruik word, naamlik שפך (*"uitgiet"*), is 'n qal profetiese perfektum, maar kan ook soos volg geïnterpreteer word: *"wanneer ek my gees sal uitgiet".* Die werkwoord verskil van נתן (*"gee"*) in Esegiël 36:27 en 37:14. שפך word ook gebruik vir bloed (Gen 9:6), water (Eks 4:9), klei (Lev 14:41), ingewande (2 Sam 20:10) en in 'n meer oordragtelike sin, toorn (Jer 10:25). Die werkwoord word in verband met רוח gebruik omdat daar gedink word aan die beeld van reën – die oorvloedige gee van nuwe lewe deur Jahwe se teenwoordigheid.

רוח dui in Esegiël 39:29 op die manifestasie van God se heerlike teenwoordigheid in die volk se midde.

Die volgende aantal tekste kom uit Deutro-Jesaja. Vanweë die feit dat רוח in heelwat van die tekste dieselfde betekenis het, sal een teks in die reeks geëksegetiseer word en die lyne na die ander tekste deurgetrek word. Indien daar 'n ander gesigspunt is wat na vore kom, sal die teks selfstandig bespreek word.

Jes 40:13

13 מי-תכן את-רוח יהוה ואיש עצתו יודיענו

13 Wie kan ***die Gees van die Here*** peil, wie kan sy raadgewer wees? (NAV)

Of

13 Wie het ***die Gees van die HERE*** bestier en as sy raadsman Hom onderrig? (OAV)

Of

13 Who hath meted out ***the spirit of the LORD***? Or who was His counsellor that he might instruct Him? (Jewish Publication Society Old Testament)

Of

13 Who hath directed ***the Spirit of Jehovah***, or being his counsellor hath taught him? (New American Version)

Beuken (1979:41) wys daarop dat עצה (*"raad en kennis"*) en רוח parallel staan. Dit gaan dus nie oor iemand wat die Here se רוח (*"sy magtige werkende krag"*) of sy planne bepaal nie, maar daaroor dat niemand dit kan peil (meet) nie.

Volgens Watts (1987:90) dui die vers nie op die evaluering van God self nie, maar handel dit oor sy werkswyse. רוח dui hier op God se gedagte, doel, plan, sy motivering en implementering van sy besluite.

Hanson (1995:29) is van mening dat die profeet in hierdie teks die volk uitdaag om hulle siening van die realiteit te toets: *"Is Yahweh, like the Babylonian patron god Marduk, dependent upon the advice of the god of wisdom, Ea?"*

**EVALUASIE**

Die werkwoord תכן is 'n pi'el (Koehler & Baumgartner, 1958:1028) en beteken in die pi'el (*"om iets uit te meet of te weeg"*). In die lig hiervan is die Ou Afrikaanse vertaling se *"bestier"* en die Engelse vertalings *"directed"* nie korrek nie. Die Nuwe Afrikaanse vertaling en die Jewish Publication Society Old Testament gebruik die meer korrekte weergawe. In hierdie teks word רוח gebruik as 'n sinonieme parallelisme met עצה (*"raad en kennis"*). רוח word dus hier gebruik as aanduiding van Jahwe se gedagte, kennis en besluite en nie as aanduiding van die Heilige Gees of sinoniem vir God self nie.

Die volgende twee tekste Jesaja 42:1 en 44:3 interpreteer רוח dieselfde.

Jes 42:1

1 הן עבדי אתמך-בו בחירי רצתה נפשי נתתי רוחי עליו משפט
לגוים יוציא

1 Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat ***my Gees*** op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.

en

Jes 44:3

3 כי אצק-מים על-צמא ונזלים על-יבשה אצק רוחי על-זרעך
וברכתי על-צאצאיך

3 Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal ***my Gees*** uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.

Beuken (1979:108) wys daarop dat die genre van Hoofstuk 42 bepalend is vir die verstaan en interpretasie van die teks. Jesaja 42 is volgens hom 'n bekendstellingsteks (*"installatierede"*). Hy gryp terug na die verhaal van Josef in Genesis 41:41. God stel sy kneg aan die volk in verdrukking voor. God gee (נתן) sy משפט aan die kneg want dit is deur die רוח dat die kneg reg (משפט) sal laat geskied. Hy sal nie openbaar wat reg is nie, maar sal regverdige toestande deur sy heerskappy skep. Die kneg ontvang deur die רוח 'n besondere boodskap.

Watts (1987:119) identifiseer die kneg as Kores. Jahwe het sy eie רוח op die kneg laat kom.

Volgens Hanson (1995:41) het Jahwe 'n kneg gekies wat 'n spesifieke opdrag moes uitvoer. Jahwe self is die bron van die opdrag en toerusting wat die kneg ontvang; daarom is die vers in die goddelike eerste persoon. Die kneg word nie aan sy eie oordeel en optrede oorgelaat nie. Jahwe se eie רוח bemagtig hom. רוח is in die Ou Testament die krag en wysheid van God wat persone bemagtig om as instrumente in God se raadsplan te werk. Deur die bemagtiging van die רוח word gewone mense magtige uitvoerders van God se wil soos die rigters (Rigters 6:34), Dawid (2 Sam 23:2) en Esegiël (Eseg 8:3).

אצק רוחי על-זרעך (*Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders*) vorm hier 'n sinonieme parallelisme met וברכתי על-צאצאיך (*my seën op jou nakomelinge*) en dui dus op God se magtige teenwoordigheid. Hier vervul רוח die sintakties-semantiese funksie van *patiens*. Die רוח in Jesaja 42:1 sluit by hierdie gedagte aan van die seënende

teenwoordigheid van Jahwe. רוח dui hier op die *"krag"* en *"wysheid"* van God wat persone bemagtig om as instrumente in God se raadsplan te werk.

**EVALUASIE**

Die gebruik van רוח is van groot belang, die profeet (44:3) besef dat die volk geestelik dood sou bly soos in die verlede tensy God se רוח hulle vervul. Hier word die handeling van רוח aan die eties-morele ontwaking van die volk gekoppel. Die werkwoord יצק (uitgiet) word deur ברכה (ברך) (seën/vermeerder) gekwalifiseer. Seëninge is die positiewe krag van die lewe wat vir die Israeliete vrugbaarheid verteenwoordig het. Die gawe van רוח aan die kneg is bedoel om die volk te red.

Die volgende tekste, naamlik Jes 59:19; 61:1 en 63:10-11 uit die pen van Trito-Jesaja deel dieselfde siening ten opsigte van רוח.

Jes 59:19

19 וייראו ממערב את-שם יהוה וממזרח-שמש את-כבודו כי-יבוא כנהר צר רוח יהוה נססה בו

19 Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag ***die Gees van die Here*** hom op loop (NAV).

Of

En hulle sal die Naam van die Here vrees van die westekant af, en sy heerlikheid van die opgang van die son af; want Hy sal kom soos 'n saamgeperste stroom wat (deur) die ***asem van die HERE*** aangedryf word (OAV).

Of

So shall they fear the name of the LORD from the west, and His glory from the rising of the sun; for distress will come in like a flood, which the breath of the LORD driveth (Jewish Publication Society).

Of

19 So they shall fear the name of the LORD from the west, and his glory from the rising of the sun; for he will come like a rushing stream, which the wind of the LORD drives (Revised Standard Version).

Watts (1987:286) interpreteer Jesaja 59:19 soos volg: die val van die Persiese mag is deur die handeling van God (רוח יהוה) teweeggebring. Hy interpreteer die deel soos volg: *"he that was the standard-bearer always began the battle by first smiting at the enemy. Here then the **Spirit of the Lord** is the standard-bearer, and strikes the first blow. They who go against sin and Satan with the Holy Spirit at their head, are sure to win the day".*

Beuken (1989:146) interpreteer Jesaja 59:19b weer as deel van 'n teofanie – *"als een onstuimige rivier, deur de adem van YHWH".* Hy verstaan צר as (*"onstuimig"*) afgelei van die betekenis "*nou*" of "*saamgepers*". Die rivier laat geen ruimte om die oordeel te ontkom nie. רוח word dan gesien as die *agent* - die oorsprong/bron van die oordeel.

**EVALUASIE**

Uit bogenoemde interpretasie van Jesaja 59:19 blyk dit dat daar nie een-stemmigheid is oor hoe die teks geïnterpreteer behoort te word nie. Sommige interpreteer רוח as gees, ander weer as asem en nog ander as wind. Die probleem lê by die woord נססה

van die stam (נוס – vlug), in die polel beteken die woord voortdryf *("to drive at")*. Sintakties-semanties vervul רוח hier die funksie van die *agent* en het betrekking op die stroom (נהר). Hierdie studie ondersteun die interpretasie van נוס as *voortdrywe*. In die lig hiervan beskryf die profeet 'n teofanie waarin die stroom en die wind 'n groot rol speel, en dit dui dan op *wind/asem van God* en nie op *"Gees"* nie.

Die tekste Jesaja 61:1 en Jesaja 63:14 vertoon dieselfde רוח-eienskappe en sal saam hanteer word.

Jes 61:1

1 רוח אדני יהוה עלי יען משח יהוה אתי לבשר ענוים
שלחני לחבש לנשברי-לב לקרא לשבוים דרור ולאסורים פקח-קוח

1 ***Die Gees van die Here my God*** het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is.

Volgens Beuken ( 1989:197) staan die bemagtiging deur die רוח voorop. Hy herlei hierdie gebeure na twee insidente in die verlede toe Jahwe Jesaja gesalf het en hom gestuur het. Salf beteken hier *"volmag verleen"* en is simboliese (metaforiese) taal, daar het nie werklik 'n salwingsrite plaasgevind nie. Salf het hier die betekenis van Jahwe wat naby die profeet is. God het die profeet vir Hom afgesonder. Hy maak staat op sy diensbaarheid en verseker sy trou aan die profeet. Die *"stuur"* in bogenoemde vers dui op die profeet se aanstelling as profeet van die Here. Beuken verklaar nie die identiteit (*"wie"*) van רוח nie.

Koole ( 2001:268) wys daarop dat die profeet homself voorstel as 'n persoon in wie die רוח van God is. Alhoewel die gawe van (רוח ) aan die volk (Jesaja 44:3) belowe is, sal dit eers in die toekoms deur die kneg verwesenlik word. Die spreker verklaar dat רוח op hom rus. Dit impliseer dat hierdie gawe van Bo kom. Die dubbele gebruik van die Godsname dui op die profeet se verbondenheid aan God en beklemt oon die opdrag wat hy moet uitvoer.

**EVALUASIE**

Die Septuagint (πνευμα κυριου επ εμε) en die Vulgaat **(spiritus Domini super me)** laat die woord אדני weg. Heel waarskynlik is die woord אדני ingevoeg omdat die Jode verbied was om die woord יהוה uit te spreek.

Die eskatologiese gerigtheid van Jesaja 61:1-3 blyk uit die opneem van die ou tema van die *"dag van die Here"* in vers 2. Die salwing waarna vers 1 verwys, word meestal op konings van toepassing gemaak sodat hier aan 'n koninklike figuur gedink moet word. Jesaja 61:1 is 'n voortsetting van Jesaja 42:1 – die taak van die kneg van die Here. Die hooftaak van רוח is om nou dit, wat verkeerd en gebroke is, te herstel.

Wat hierdie teks se interpretasie so moeilik maak, is die feit dat Jesus Christus hierdie vers direk na sy doop aanhaal.

Luk 4:18

Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur.

Uit hierdie aanhaling van Jesus trek teoloë 'n parallelle lyn met die gebruik van רוח in die Ou Testament. Hierdie studie handhaaf egter die standpunt dat die Nuwe Testament nie aan teoloë 'n bloudruk verskaf van hoe om die Ou-Testamentiese רוח te interpreteer nie. Ou-Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament deur Jesus of die apostels aangehaal word, word nie in hulle oorspronklike doel gebruik nie, maar word geherinterpreteer en in 'n nuwe konteks geplaas. So ontstaan nuwe gesaghebbende tekste met hulle eie funksies (Gunneweg, 1978:21-31).

רוח vervul hier die sintakties-semantiese funksie van *agent* in die *status constructus*-verbinding. רוח is die manifestasie van Jahwe. רוח in aksie is Jahwe-in-aksie of God self. רוח is nie nou meer 'n *"krag"* wat God se handelinge uitvoer nie, maar is 'n ander benaming vir God self omdat God en רוח sinoniem geword het.

Die tekste Jesaja 63:10 en Jesaja 63:11 vertoon dieselfde רוח-eienskappe en sal saam hanteer word. Hierdie twee tekste vorm ook vir baie teoloë die *locus classicus* vir die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die Ou Testament. רוח word dan hier gekwalifiseer met *"heilig"*.

Jes 63:10

10 והמה מרו ועצבו את-רוח קדשו ויהפך להם לאויב הוא נלחם-בם

10 Maar hulle het in opstand gekom en het sy ***Heilige Gees*** bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

Jes 63:11

11 ויזכר ימי-עולם משה עמו איה המעלם מים את רעי צאנו איה
השם בקרבו את-רוח קדשו

11 Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die herder van sy kudde? Waar is Hy wat sy ***Heilige Gees*** in hulle midde gegee het?

Beuken (1989:10) beskou die verwoesting van die tempel as die teologiese konteks vir die gebed. Die verhaal van God se weldade aan Israel word deur narratiewe vertel wat konsentries aaneenskakel: God red Israel – Israel word opstandig – God straf – God dink terug aan die vroeëre heilstyd. God se verhouding met Israel word geskilder deur die verhaal van Eksodus 33. God het daar 'n engel beloof (Eks 33:2) om voor Moses en die volk uit te trek omdat Hyself nie in die midde van so 'n opstandige volk kon wees sonder om hulle te vernietig nie. Die begrip (ו) + רוח קדש is eie aan die taalgebruik (קדש + suffiks) van Trito-Jesaja. Beuken (1989:14) maak die opmerking dat die begrip רוח קדש (heilige gees) 'n nuwe uitdrukking is om God se persoonlike teenwoordigheid in Israel te bevestig. Israel se onaanvaarbare gedrag teenoor God, soos ook in die verhaal van Eks 33, bring mee dat Hy hulle vyand word.

Die רוח קדש van vers 11 verwys terug na die רוח bemagtiging van Moses; enersyds na sy opdrag as charismatiese leier, andersyds na sy rol as middelaar in die ontvang van die tien gebooie. Die begrip רוח קדש verwys dus na God se persoonlike teenwoordigheid in Israel.

Beuken (1989:17) interpreteer die woord עצב *("bedroef")* in die lig van Eks 33:2-5 – God wat nie in die midde van Israel kan wees nie, vanweë hulle opstandigheid. Vir hom

gaan dit in die begrip רוח קדש nie oor die Heilige Gees as bevestiging van die derde Persoon van die Triniteit in die Ou Testament nie, maar oor God se teenwoordigheid in Israel.

Oswalt (1998:601) vertaal vers 10a soos volg: *"But they rebelled, and hurt his Holy Spirit."* Hierdie gedeelte is volgens Oswalt 'n volksklag oor God se onwilligheid om vir sy volk in die bres te tree. As Hy oor die mag beskik om met 'n enkele veeg Israel se vyande te verdelg, waarom doen Hy nie iets aan sy volk se situasie nie? God antwoord hulle dat dit nie oor sy onwilligheid gaan nie, maar oor die volk se houding teenoor Hom — hulle noem hulleself sy diensknegte maar tree nie dienooreenkomstig op nie (65:8-16).

Oswalt (1998:607) beskou die ו (waw) waarmee vers 10 begin as 'n disjunktiewe waw (*"maar"*) wat wys op die kontras tussen wat God in vers 9 gedoen het en hoe die volk in vers 10 daarop gereageer het. Die volk het gerebelleer מרה (*"deur en deur geweier om te gehoorsaam"*) en God se heiligheid aangetas, sy liefde beledig, soos die woord עצב beteken. Trito-Jesaja verwoord dit met *"sy Heilige Gees bedroef"*.

Oswalt (1998:608) interpreteer רוח קדש hier en in vers 11 as die derde Persoon van die Triniteit soos dit in die Nuwe Testament geopenbaar is. Hy stel dit soos volg: *"Here he is clearly a person who is capable of being hurt by human behavior."*

**EVALUASIE**

Die meeste kommentatore beskou Jesaja 63:10 as 'n duidelike bewys dat רוח die derde Persoon van die Triniteit in die Ou Testament is. Volgens die meeste

kommentare kan slegs 'n persoon bedroef word en daarom bevestig die vers hulle aansprake dat die רוח in die Ou Testament 'n persoon is. Wood (1976:15) huldig ook hierdie standpunt. Volgens hom wys die emosie wat die רוח ervaar op die duidelike bewys dat רוח as 'n persoon verstaan moet word, naamlik die Heilige Gees – derde Persoon van die Triniteit.

Die vraag is egter of alle relevante inligting rakende die vers verdiskonteer is voordat hulle tot hierdie konklusie gekom het?

Hierdie studie is van mening dat Jesaja 63 'n volksklag is in die vorm van 'n klaaglied wat baie herinner aan Psalms 44 en 89. In die voorafgaande dele word van die verlossingsdade van God in herinnering geroep. 'n Mens sou verwag dat daar nou 'n grootse loflied sal weerklink oor God se liefde vir sy volk. In plaas van 'n loflied word Israel se sonde en opstandigheid egter ontbloot – die effek daarvan is dat hulle *"sy Heilige Gees bedroef het"*.

Hierdie studie is verder van mening dat Christen-eksegete versigtig behoort te wees om 'n Nuwe Testamentiese interpretasie (Ef 4:30: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing* ") terug te lees in Jesaja 63:10. Trito-Jesaja het nie hier die Nuwe Testamentiese Heilige Gees in gedagte gehad nie. Die konteks dui eerder daarop dat hy terug dink aan Eksodus 23:20-23: *"Kyk, Ek stuur 'n Engel (מלאך) voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. 21 Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig (מרה) teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom. 22 Maar as jy terdeë na sy stem*

*luister en alles doen wat Ek sal sê, sal Ek die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees. 23 Want my Engel sal voor jou uit gaan."*

Die woorde wederstrewig/rebelleer (מרה) in Eksodus 23:21 en Jesaja 63:10 het dieselfde betekenis. In plaas van רוח het ons in Eksodus 23 מלאך ("engel"). In hierdie tradisie (Deuteronomistiese geskiedskrywing) word *"engel"* dikwels gesien as 'n vriendelike boodskapper van God (2 Sam 14:17, 20; 1 Sam 29:10) wat persone inspireer en help (2 Kon 1:3, 15; 19:7), wat leiers bemagtig (Rigt 6:11-24) en teen Israel se vyande veg (2 Kon 19:35). Uit hierdie konteks kan רוח hier dieselfde betekenis hê. Die vraag is egter of dit is wat Jesaja 63:10 bedoel, naamlik dat רוח 'n sinoniem is vir ומלאך פניו in vers 9 ( *"die Engel van sy aangesig het hulle verlos "*)

Eksodus 33 bring 'n ander gesigspunt na vore. God belowe dat Hy sy engel (מלאך ) saam met Moses sal stuur. Dit is vir Moses onaanvaarbaar en hy pleit by God om self (פנים) saam met hulle te trek. God verhoor Moses se gebed 33:14: *"And he said, My presence* (פני ילכו) *shall go with thee, and I will give thee rest."* Die woord (פנים) is presies dieselfde woord wat in Jesaja 63:9 vertaal word met teenwoordigheid (*"aangesig"*).

Die רוח van vers 10 kan nie as 'n sinoniem vir מלאך in vers 9 gesien word nie, maar kan in verband gebring word met *"teenwoordigheid/aangesig"*. In Psalm 51:13, die enigste ander plek waar רוח קדש voorkom, vorm רוח 'n sinonieme parallelisme met פנים:

*"Moet my tog nie van U ( מלפניך) af wegdryf en u Heilige Gees (ורוח קדשך) van my af wegneem nie!* Die inhoud van Eks 33:14 (*"I will give thee rest"*) en Jes 63:14 (*"the Spirit of the LORD caused him to rest"*) is dieselfde. Uit hierdie vergelyking (*teks met teks*) is dit duidelik dat Trito-Jesaja die begrip ורוח קדש nie beskou het as 'n onafhanklike persoon van die Triniteit nie, maar dat dit 'n sinoniem is vir God self – sy heerlike teenwoordigheid.

In die lig van bogenoemde stelling moet die vraag gestel word: "Wat word dan met die woord עצב ('*bedroef*') bedoel?" Hierdie studie handhaaf die mening dat die werkwoord wat met *"bedroef"* vertaal word (עצב), 'n oorganklike pi'el perfektum-werkwoord is met aktiewe invloed op die רוח . Dit is nie 'n onoorganklike werkwoord wat 'n emosie van רוח aandui nie, alhoewel baie kommentatore dikwels עצב as 'n onoorganklike werkwoord interpreteer. In die nif'al kan עצב geïnterpreteer word as *"bedroef word oor"*. Strongs (2001) verduidelik dit soos volg: *"1b) (Niphal) to be in pain, be pained, be grieved"*, maar in Jesaja 63:10 is עצב 'n pi'el. Nêrens in die Ou Testament het עצב in die qal, pi'el of hif'il die betekenis van die nif'al nie.

Die ander tekste waarin עצב voorkom, byvoorbeeld 1 Konings 1:6 :*"And his father had not displeased him* – ולא-עצבו אביו (qal) en Job 10:8: *"U hande het my geformeer* –ידיך עצבוני (pi'el) is die hoofbetekenis die van *"opponeer"* of *"formeer"* volgens die maker se wil.

Bogenoemde interpretasies kan ook op die werkwoord (עצב) en direkte voorwerp ורוח קדש in Jes 63:10 van toepassing gemaak word (Van der Merwe *et al*, 1997:294

beskryf voorwerp soos volg: *"die entiteit wat die direkte effek van 'n aksie ondergaan"*). Na die mening van die skrywer van hierdie studie pas die vertaling *"opponeer"* of *"teëstaan"* beter as die tradisionele *"bedroef"*. Trito-Jesaja het nie bedoel dat die *"gees van God"* ontsteld *("bedroef")* is nie, maar dat Israel die *"gees van God"* (God self) opponeer (*"teëstaan")* toe hulle teen sy leiding gerebelleer het. Hierdie siening skakel die interpretasie van רוח as emosie of gemoedsgesteldheid uit en ook dat רוח in die teks die *locus classicus* is as derde Persoon van die Triniteit in die Ou Testament.

### 5.2.4.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE EKSILIESE PROFETE

Met Esegiël se interpretasie van רוח breek daar 'n nuwe verstaansera aan. Die volk se opstanding (*"resurrection")* word deur die bekragtiging van die רוח bewerkstellig. God self verander Israel se lot. In Deutro-Jesaja word die kneg van die Here deur die רוח gesalf om die spesiale instrument te wees waardeur Jahwe hoop aan Israel bied. God se teenwoordigheid in sy volk se midde sal permanensie verkry deur die רוח. רוח dui op die teenwoordigheid van en inbesitname deur Jahwe. Dit is יהוה wat die רוח-aksie veroorsaak. Dit is sy רוח en per implikasie Hy self wat die profete in besit neem. Uit bogenoemde evaluasie van tekste uit Esegiël en Deutro-Jesaja dui רוח nie die Heilige Gees aan nie.

Hierdie studie is van mening dat daar 'n belangrike teologiese verskuiwing plaasgevind het ten opsigte van die werksaamhede van רוח. רוח is nou besig om die volk se etiese en morele lewe te verander. רוח bring 'n nuwe dimensie in die lewe van die volk in. Jahwe se teenwoordigheid bevestig sy genade aan die volk.

רוח word ook in Deutro-Jesaja gebruik as aanduiding van Jahwe se gedagtes, kennis en besluite.

Uit Ou-Testamentiese aanhalings van Jesus oor רוח trek teoloë 'n parallelle lyn met die gebruik van רוח in die Ou Testament. Hierdie studie handhaaf egter die standpunt dat die Nuwe Testament nie aan teoloë 'n bloudruk verskaf van hoe om die Ou-Testamentiese רוח te interpreteer nie.

Om saam te vat: uit die eksiliese profete is dit dus baie duidelik dat רוח nie die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) is nie. רוח is die manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid in die lewens van die profete en die volk van God.

### 5.2.5. DIE PRIESTERLIKE BRON

Volgens West (1981:70) word die priesterlike bron maklik van die ander bronne onderskei deur die heel pertinente invloed van die priesters op die inhoud en denkrigting van die bron. Die priesterlike bron is meer gereserveerd in sy denke oor die handelinge van God as byvoorbeeld die Jahwis of Elohis. Menslike ervarings en ontmoetings met God word besonder kripties gestel. Dit is genoeg om te sê: *"God het gesê"*; detail word vermy. West (1981:71) beweer dat die priesterlike bron 'n basiese raamwerk voorsien vir die verstaan van die Pentateug. Die priesterlike bron omvat vier hoofareas, naamlik [i] die oergeskiedenis van Adam tot Noag, [ii] die sondvloed-verhaal en verder, van Noag af tot Abraham, [iii] die aartsvadergeskiedenis van Abraham tot Moses en [iv] die Mosaïese geskiedenis van Moses en verder (West, 1981:71).

Volgens Sellin (1970:179) vermy die priesterlike bron die Godsnaam יהוה en die gebruik van antropomorfismes. Sellin (1970:185) beweer dat Deutero-Jesaja, Haggai,

Sagaria en Maleagi bekend is met die deuteronomistiese geskiedskrywing maar nie met die priesterlike bron nie. Net die Kronis vertoon invloede van die priesterlike bron; daarom kan die priesterlike bron se datum van oorsprong met redelike sekerheid gestel word as synde gedurende die Babiloniese diaspora in die sesde eeu voor Christus. Die priesterlike bron lê baie klem op God as die Skepper van die heelal en die mens as sy verteenwoordiger. Die priesterlike bron beklemtoon in alles God se "kabod" – glorie. God is transendent - die mens kan nie direk met God praat nie, maar doen dit deur 'n tussenganger — Moses of Aäron. Die volgende teksverse waarin רוח voorkom, dateer uit hierdie tydperk: Genesis 1:2; Eksodus 31:3; Eksodus 35:31 en Numeri 27:18.

Gen 1:2

2 והארץ היתה תהו ובהו וחשך על-פני תהום
ורוח אלהים מרחפת על-פני המים

2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en ***die Gees van God*** het gesweef op die waters [OAV].

of

2 Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar ***die Gees van God*** het oor die waters gesweef [NAV].

of

2 And the earth was without form, and void; and darkness *was* upon the face of the deep. And ***the Spirit of God*** moved upon the face of the waters [KJV].

Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die interpretasie van רוח אלהים in Gen 1:2 nie. Sommige kommentatore interpreteer die begrip as "*Gees* van God". Ander beskou

dit weer as "gees van God". Sommige interpreteer dit as "wind van God" en ander weer as "'n magtige stormwind".

Is die begrip רוח אלהים die *locus classicus* in die Ou Testament van die Heilige Gees, derde Persoon van die goddelike Triniteit?

Volgens Scheepers (1960:246-260) dui תהו ובהו daarop dat die vloed die aarde bedek het en dat die watervloed nie onskuldige bedoelinge gehad net nie. Op grond van ander plekke (Deut 32:10, Ps 107:40, Jes 59:4), waar die twee woorde in verhouding met mekaar staan, interpreteer hy die vloed as onheilspellend en vreesaanjaend. Scheepers (1960:254) beskou רוח as die aktiewe mag wat teenoor die vloed staan. Hy grond sy bewering op ooreenkomste in Genesis 1 met die Enuma Elisj (Babiloniese skeppingsverhaal). Die participium מרחפת interpreteer hy as *"'n heftige waai"* van die wind. Teenoor die chaosmagte op aarde staan die wind. Omdat dit aan God behoort en deur God bewerk en gebruik word, word dit die רוח אלהים genoem. Vir Scheepers is die רוח אלהים dus die *"wind"* van God waarmee God die waters as bedreigende mag bestry (Scheepers, 1960:256).

Neve (1972:64) stel die vraag of רוח in verhouding staan tot die chaos in vers 2 of tot אלהים in vers 3. Hy is van mening dat רוח in verhouding staan tot אלהים en interpreteer die רוח אלהים as "gees van God" — die lewegewende krag van God waardeur God skep. Die רוח אלהים is nie vir hom die Heilige Gees, derde Persoon van die goddelike Triniteit nie. Hy grond sy interpretasie op ander skeppingstekste wat uit dieselfde tydperk voorkom, onder andere Jes 40:13; Ps 33:6 en Job 26:13. Bogenoemde tekste beskou רוח as 'n skeppende krag en nie as 'n geskape element (wind) nie.

Westermann (1974:107) vertaal hierdie vers soos volg: *"und Gottesturm bewegte sich über der Wasseroberfläde".* Volgens Westermann (1974:147) bestaan vers 2 uit drie (3) nominale sinne wat die oertoestand van die skepping aandui. Duisternis en die רוח het oor die oervloed gewaak. Die participium beskryf nie enige aksie/handeling van רוח nie, maar dui eerder op die toestand waarin רוח verkeer. Volgens Westermann (1974:147) is daar ook 'n parallelisme tussen "duisternis" en רוח. Die participium is volgens hom die bepalende faktor in die vertaling van רוח. Indien רוח as *"Gees"* van God geïnterpreteer word kan die participium net vertaal word met *"sweef"* (*"hover"*). Indien dit met *"wind"* vertaal word, kan die participium net geïnterpreteer word as *"waai"*. רוח se verbinding met אלהים kompliseer egter die interpretasie van רוח as *"wind"*. Westermann (1974:149) interpreteer אלהים egter as 'n adjektief met superlatiewe betekenis – *"geweldige/magtige"* wind. Volgens Westermann (1974:149) word hierdie interpretasie gesteun deur die interpretasie van die Targum Onkelos, asook die voorkoms van 'n goddelike *"wind"* in die Sumeriese tradisie.

Wood (1976:30) maak die opmerking dat 'n aantal verse na die rol en taak van die Heilige Gees gedurende die skepping verwys. Die belangrikste daarvan is Gen 1:2. Hy verwys na die woord מרחפת (fladder, sweef) 'n pi'el participium wat dui op 'n voortgesette handeling. Hy interpreteer hierdie deel as die Heilige Gees wat oor die waters fladder, sweef of beweeg en die chaos orden.

Van Selms (1979:23) maak die stelling dat die begrippe woestyn, see en duisternis op die onbewoonbaarheid van die aarde vir mens en dier dui. Van Selms beweer dat die vertaling *"en de Geest Gods zweefde over de wateren"* onsin is en dat die vertaling eerder moet wees *"en de wind van God zweefde over de wateren".* Hy motiveer sy

stelling met die feit dat wind (Gen 3:8; 2 Sam 5:24, Job 4:15 en Ps 104:4) gewoonlik die teofane verskynsels in die Ou Testament voorafgegaan het. Hy interpreteer die derde nominale sin verder weg van die eerste twee en verbind dit nouer met vers 3. Die beskrywing van die chaos word deur die eerste twee nominale sinne hanteer, en vers 2c dien as inleiding vir dit wat verder in die hoofstuk gaan gebeur. Hy maak dan die keuse om vers twee soos volg te interpreteer: *"en duisternis bedek die watermassa. Maar God se wind het oor die waters gesweef en God het gesê ..."*.

Die New Standard Revised Bible vertaal die deel ook soos Van Selms: *" the earth was a formless void and darkness covered the face of the deep, while a wind from God swept over the face of the waters"*.

Speiser (1981:3-5) huldig dieselfde standpunt as bogenoemde kommentatore. Volgens hom is die interpretasie van רוח as *"Gees"* hier buite konteks. Die woord אלהים kan besitlik (*van God of God s'n*) wees of beskrywend (*"adjectival"*) met die betekenis van "goddelik", "bo-natuurlik", "ontsettend" (*"awesome"*). Hy maak die keuse om die relevante deel soos volg te vertaal: *"the earth was a formless wasteland, and darkness covered the abyss, while a* ***awesome*** *wind swept over the waters".* Die New American Bible vertaal die deel ook so behalwe dat hulle *"awesome"* vervang met die woord *"mighty"*.

Hamilton (1990:111) verwerp die interpretasie van bogenoemde vertalings met betrekking tot רוח as 'n *"wind"* van God of stormwind. Hy grond sy kritiek op die volgende:

[i] Nie een van die ander agtien (18) plekke, waar hierdie deel in die Ou Testament voorkom, interpreteer dit as *"wind"* van God of stormwind soos van Selms en die ander nie.

[ii] Die participium מרחפת is 'n pi'el-vorm van die stam רחף ("hover") fladder/ sweef. Die normale interpretasie is soos die woord in Deut 32:11 *voorkom("As an eagle stirs up its nest, and hovers over its young")*. Dit is die enigste ander teksvers waarin רחף as 'n pi'el-vorm voorkom met die betekenis van 'n voël wat haar kleintjie uit die nes jaag en oor die kleintjie fladder/waak. Hamilton verskil egter van mening ten opsigte hiervan en wys op die moontlikheid dat עור *("to stir up")* eerder vertaal moet word met *"to watch over"* of *"to protect"* soos in die Ugaritiese *"gyr."* Die vraag is: sweef die רוח oor die water of waak רוח oor die water? As רוח waak, is die voor die hand liggende interpretasie gees/spirit. As רוח sweef, is wind die interpretasie.

[iii] Die skepping is woes en leeg, 'n onheilspellende duisternis hang oor die vormlose waters, maar alles is onder beheer van die רוח (gees/spirit) van God wat daaroor waak.

Hamilton (1990:117) interpreteer vers 2 as die *"gees"* van God wat oor die waters gewaak het. Hebreeus het nie hoofletters om aan te dui of רוח hier as *"gees"* of as *"Gees"* vertaal moet word nie – hy waarsku egter teen *"Gees"* met 'n hoofletter omdat *"Gees"* 'n gedwonge trinitariese konsep op Genesis 1:2 afdwing wat nie legitiem is nie.

Hildebrandt (1995:32) maak die stelling dat dit uiters belangrik is om enersyds te bepaal of die derde nominale sin, naamlik ורוח אלהים מרחפת על-פני המים, die chaos beskryf, of andersins, of dit as 'n inleiding vir die skeppende teenwoordigheid van God dien. Hy beskou die ו (waw) voor רוח as 'n adversatiewe waw wat die beskrywing van die chaos skei van die normale betekenis van רוח אלהים as *"Gees"*

van God. Volgens hom word die woord אלהים ses en dertig (36) maal in Genesis 1 vertaal met God en kan dit nie verklaar word as 'n superlatief nie.

Verder kom die frase, רוח אלהים, vyftien (15) keer in die Ou Testament voor en word dit nooit met 'n magtige wind vertaal nie. Hildebrandt beweer dat so 'n vertaling vreemd is aan die bedoeling van die skrywer.

**EVALUASIE**

Uit bogenoemde is dit duidelik dat drie sieninge aangaande die interpretasie van רוח אלהים voorkom, naamlik [i] Die *"Gees"* van God; [ii] die *"gees"* van God; en [iii] die *"wind"* van God — 'n magtige wind/sterk wind.

Volgens die mening van skrywer van hierdie studie is siening [ii] *("die gees van God ")* hierbo die korrekte interpretasie van רוח אלהים in Genesis 1. Die studie maak hierdie keuse op grond van die volgende:

[i] Genesis 1 is 'n teks uit die hand van die priesterbron wat gedurende die ballingskaptydperk optree. Hy skryf hierdie deel as 'n polemiese geskrif teen die Babiloniese beskouing van die Enuma Elisj.

[ii] Indien רוח as *"wind"* vertaal word bly dit 'n ope vraag: "Wat sou die funksie wees van die wind om heen en weer oor die waters te waai?" Op hierdie vraag blyk daar nie 'n bevredigende antwoord te wees nie. Die interpretasie van רוח as *"wind"*, omdat dit sintakties met die eerste twee elemente sou skakel, is foutief omdat die (ו) waw in ורוח אלהים 'n waw van kontras is en dit vers 2c van die voorafgaande (vers 2ab) skei. רוח word dus nie teruggekoppel aan die chaosmagte nie, maar skakel nouer met vers 3: *"Die aarde was woes en leeg,*

*en duisternis was op die wêreldvloed, MAAR die gees van God het oor die waters gesweef."* Sommige teoloë wil רוח hier interpreteer as *"asem"* van God en dit dan laat skakel met vers 3:" *En God het gesê*". Dit is egter baie moeilik om "asem" te verbind met die aktiewe participium מרחפת wat beweging aandui.

[iii] אלהים kan nie as 'n superlatief ('n byvoeglike betekenis van רוח as "magtige") beskou word nie, want daar is nêrens in die Ou Testament enige verse wat so 'n interpretasie steun nie. Die priesterlike bron sou dit aangedui het as אלהים anders verstaan moes word as sy oorspronklike betekenis in verse 1 en 3.

[iv] Die participium מרחפת is absoluut bepalend vir die interpretasie van die רוח אלהים. מרחפת is 'n pi'el-participium van die stam רחף. Gordon (1965:484) vertaal die woord met die begrip *"to soar"* (hoogvlieg, omhoog vlieg of sweef). In Deut 32:11 kom die woord weer in die pi'el voor met die betekenis van 'n arend wat oor haar kleintjies sweef. Hierdie interpretasie geld ook vir Gen 1:2c.

Die רוח van God sweef bo die vloed en daarom pas die interpretasie van *"gees"* die beste in hierdie konteks. Die aarde wat woes en leeg was, wat met duisternis oordek was, was nie aan die chaosmagte uitgelewer nie – die *"gees"* van God het sorgsaam bo die vloed gesweef.

[v] Genesis 1 is ook deur die priesterlike bron in 'n liturgiese raamwerk gegiet – ses dae werk en die sewende dag (sabbat) rus. In die lig daarvan kan רוח nie met wind vertaal word nie en is die beste interpretasie dus gees.

[vi] Daar is dus geen sprake van 'n stryd tussen God (רוח אלהים) en die vloed nie. Die vloed en aarde is grondstowwe wat deur God omgevorm is tot die ongelooflike skepping waarbinne ons leef.

[vii] Dit is God se רוח wat oor die waters sweef — dieselfde God van verse 1 en 3. רוח אלהים is dus die leweskeppende krag van God waardeur God skep.

[viii] רוח is ook hier 'n *status constructus*-verbinding met אלהים en vervul die sintakties-semantiese funksie van God se *agent* tydens die skepping.

Die hoof teologiese vraag moet dus nog beantwoord word: Is die רוח אלהים van vers 2c 'n eie onafhanklike identiteit wat naas God funksioneer?

Die keuse wat die studie maak, is dat die רוח אלהים in Gen 1:2 nie dui op 'n persoon naas of sonder God nie. Die Ou Testament ken net een belydenis: "Jahwe alleen is God" (Deut 6:4 en Jes 43:10-12). Die רוח אלהים is "Jahwe-in-aksie" en daarom is die רוח אלהים in Gen 1:2 die manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid as Skeppergod tydens die skepping. Die רוח אלהים is dus nie 'n onafhanklike persoon soos die Heilige Gees die derde Persoon van die Triniteit in die Nuwe Testament is nie. רוח dui op God self – die *agent* waardeur God by die skepping betrokke is.

Wood (1976:30 - 31) se interpretasie van רוח as aanduiding van die Heilige Gees, derde Persoon van die Triniteit kan nie hier gehandhaaf word nie. Hildebrandt (1995:30) se interpretasie dat רוח op God se teenwoordigheid en betrokkenheid by die skepping dui, is dus in ooreenstemming met dit wat hierbo geformuleer is. Neve se siening dat "gees van God" die lewegewende krag van God is waardeur God skep, sluit by die interpretasie van Hildebrandt aan.

Die volgende tekste Eksodus 31:3, 35:31 en Numeri 27:18 kommunikeer dieselfde inhoud van רוח, naamlik "gees" van God. In die lig van hierdie gegewe sal slegs een teks, Eksodus 31:3, bespreek word.

Eks 31:3

3 ואמלא אתו רוח אלהים בחכמה ובתבונה ובדעת ובכל-מלאכה

3 en Ek het hom vervul met die ***Gees van God***, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk (OAV).

of

3 Ek het hom toegerus met ***my Gees*** sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen (NAV)

Volgens Fretheim (1991:269) verrig Besaleël 'n miniatuur-skeppingsdaad soos dié in Genesis 1 in die bou van die tabernakel. Die רוח אלהים wat die ambagsmanne gevul het, is 'n toonbeeld van die lewende, asemhalende krag wat die projek wil voltooi soos met die skepping. Hy bespreek nie die identiteit (*"wie"*) van die רוח nie.

Fensham (1970:210) se enigste opmerking oor die רוח אלהים is dat beide die persone deur die Here met kunstigheid (*"wysheid en insig"*) bemagtig is.

Volgens Durham (1987:410) word Besaleël op drie (3) unieke maniere deur die רוח bemagtig:

(i) בחכמה – wysheid is die vermoë om te begryp wat gedoen moet word om Jahwe se voorskrifte te eerbiedig;

(ii) בתבונה – insig om die probleme wat met so 'n projek kon ontstaan het, op te los; en

(iii) בדעת - vaardigheid om voorwerpe te produseer soos die Here dit wou hê. Durham (1987:410) som hierdie deel soos volg op: *"In sum, Bezalel is made expert by Yahweh himself for every kind of work necessary for fulfilling the instructions given to Moses on Sinai."*

Volgens Hildebrandt (1995:23) het Israel die oproep ontvang om God volgens sy voorskrifte te dien. Hulle moet 'n tabernakel bou, maar niemand beskik oor die kennis en vermoë om dit te kan doen nie. God vervul (מלא) sekere persone met die רוח om die take te verrig.

**EVALUASIE**

Uit die interpretasie van die kommentare is dit dus duidelik, veral uit Durham se opmerking, dat רוח en יהוה sinonieme vir mekaar is. Die Hebreeuse tekste verwys na רוח, en Durham stel dit dat dit Jahwe self is wat Besaleël bemagtig om as instrument op te tree. Die werkwoord wat beide kere hier gebruik word, naamlik מלא (vervul), dui daarop dat רוח hier die sintakties-semantiese funksie vervul van 'n *medium* – die instrument waardeur God sy handeling inisieer.

### 5.2.5.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE PRIESTERLIKE BRON

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat רוח in die priesterlike bron gesien word as aanduiding van God se teenwoordigheid (*"agent"*) tydens die skepping, maar ook as middel of instrument (*"medium"*) waardeur God mense bemagtig om in sy diens te

staan. Die handelinge van רוח dui op die beheer van die chaosmagte (Gen 1:2), maar ook op die bemagtiging van persone wat deur God toegerus (*"vervul"*) word as instrumente in sy raadsplan.

### 5.2.6. DIE HERSTEL VAN DIE STAD EN DIE TEMPEL

Die belangrikste projek na die terugkeer uit die ballingskap was die heropbou van die tempel. 'n Mens sou verwag dat die besieling van Deutro- en Trito-Jesaja die volk sou aanspoor om hierdie projek dadelik aan te pak, maar dit was nie die geval nie. Baie van die volk wat teruggekeer het, was van mening dat hulle al hulle energie en krag moes inspan om hulle eie lewens te normaliseer en die stad se ekonomie te stabiliseer. In hierdie tyd verskyn twee (2) profete, Haggai en Sagaria, op die toneel wat die volk aan hulle taak herinner — die herstel van die tempel en die stadsmuur. Onderstaande tekste is vanuit hierdie konteks geskrywe.

Hag 2:5

5 את-הדבר אשר-כרתי אתכם בצאתכם ממצרים ורוחי
עמדת בתוככם אל-תיראו

5 My belofte wat Ek met die uittog uit Egipte aan julle gemaak het, sal Ek nakom: ***my Gees*** sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie!

Van der Woude (1982:46) is van mening dat die oorspronklike betekenis van vers 4 deur die term רוח voortgesit word. Hier kommunikeer die term רוח God se teenwoordigheid by die volk.

Volgens Redditt (1995:25) vorm רוח 'n parallelisme met vers 4 waarin God belowe: *"Ek is met jou."* Die skrywer maak gebruik van bron P (Priesterbron) en wil met die vers die volk bemoedig met die versekering dat God by hulle teenwoordig is.

Keck (1996:723) wys daarop dat רוח hier dui op God se voortdurende teenwoordigheid in die midde van sy volk.

**EVALUASIE**

רוח vervul in hierdie vers die sintakties-semantiese funksie van *agent* (die persoon of objek wat die handeling uitvoer of veroorsaak). רוח dui hier dus op God self – sy teenwoordigheid versterk die volk en moedig die volk aan om die opgelegde taak te volvoer. רוח dui nie hier op die *"Gees"* van God soos in die Nuwe Testament geopenbaar is nie. Die werkwoord *"bly"* dui op die permanensie van die רוח.

Sagaria 4:6

6 ויען ויאמר אלי לאמר זה דבר-יהוה אל-זרבבל לאמר לא
בחיל ולא בכח כי אם-ברוחי אמר יהוה צבאות

6 Toe sê hy vir my: "Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur ***my Gees***, sê die Here die Almagtige."

Baldwin (1972:120) is van mening dat die huidige tempelherbou-program nie deur 'n goed beplande operasie (militêre presiesheid soos in 1 Konings 5:13-18) voltooi sal word nie, ook nie deur krag soos die vragdraers ( Nehemia 4:10) nie. Die mannekrag is eenvoudig te min vir so 'n groot taak. Die herbouprogram sal deur God self, sy bemagtiging, voltooi word. Hier dien רוח as personifikasie van God self.

Volgens Van der Woude (1984:86) kom רוח met God self ooreen, daarom dui "*My gees*" op die eerste persoon enkelvoud en dien dit as aanduiding van God self.

Meyers en Meyers (1987:242) huldig die standpunt dat Sagaria 4:6 een van die mees aangehaalde teksverse uit die Ou Testament is. Volgens hom is die Joodse tradisie in besonder baie lief om hierdie vers te gebruik, veral tydens die fees van die Lig in Desembermaande. God se רוח is die simbool van die aktiewe teenwoordigheid van God in die geskiedenis van sy volk. God sal self deur sy teenwoordigheid die herbou van die tempel verseker.

**EVALUASIE**

In Sagaria 4:6 gaan dit dus oor God se teenwoordigheid. רוח dien as aanduiding van God self. רוח word nie gesien as 'n onafhanklike persoon naas of teenoor God nie. Sagaria 6:8 en 7:12 kommunikeer dieselfde gegewe, naamlik dat dit die teenwoordigheid van God self is wat die sukses van die projek waarborg. רוח is dus hier die manifestasie van God self.

### 5.2.6.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK BY DIE NA-EKSILIESE PROFETE

רוח is die manifestasie van God self by die na-eksiliese profete. God se permanente teenwoordigheid word deur middel van die werkwoorde wat in samehang met רוח staan, gekommunikeer. רוח word nie as 'n goddelike persoon uitgebeeld nie, maar as personifikasie van God se handelinge. רוח is hier nie die Heilige Gees, derde Persoon van die goddelike Drie-eenheid nie. Die Ou Testament het in die belydenis van Deuteronomium 6:8 nie ruimte vir so 'n gedagte in die Ou Testament nie.

### 5.2.7. DIE KRONISTIESE GESKIEDWERK

Die kronistiese geskiedwerk omsluit die boeke 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia (Schmidt, 1995:160). Volgens Bosman (1987:98) strek die kronistiese geskiedwerk van Adam tot met die terugkeer uit die ballingskap. Die Kronis se werk dateer waarskynlik van die middel (350 vC) van die vierde eeu voor Christus, alhoewel daar baie chronologiese probleme in die werk voorkom. Die Kronis het volgens Bosman (1987:98) 'n baie sterk boodskap: dat God ingryp in die geskiedenis en dat verlossing vir alle mense bedoel is. Hy wil die tempel en kultus in Jerusalem legitimeer en is daarom negatief ten opsigte van die Noordryk. Volgens Schmidt (1995:169) is die wet, die Dawidiese koningskap, die vergelding van sonde en God se wonderbaarlike ingrype in die geskiedenis die teologiese hoofmomente in die Kronis se boodskap. Die volgende רוח tekste kom in die kronistiese geskiedskrywing voor: 2 Kronieke 15:1 en 24:20. In hierdie tekste word רוח in verband gebring met die Godsnaam אלהים. 2 Kronieke 18:23 en 2 Kron 20:14 staan weer in samehang met יהוה. In Nehemia 9:20 en 30 word רוח in samehang met die 3de persoon suffiks gebring. In 1 Kron 12:18 *(Hebreeuse teks 19)* word net die woord רוח gebruik.

1 Kron 12:18 *(19 in die Hebreeuse teks)*

19 ורוח לבשה את-עמשי ראש השלושים לך דויד ועמך בן-ישי שלום שלום לך
ושלום לעזרך כי עזרך אלהיך ויקבלם דויד ויתנם בראשי הגדוד

18 Daarna het ***die Gees*** vir Amasai, die leier van die dertig, in besit geneem, en hy het gesê: "Vír u, Dawid! Bý u, seun van Isai! Vrede, vrede vir u, en vrede vir hom wat by u staan, want u God help u!" Dawid het hulle toe aanvaar en hulle opgeneem onder die leiers van sy bende.

Myers (1973:97) sien in hierdie deel 'n voorloper vir die gedagte van inkarnasie. Volgens Roubos (1969:196) is die letterlike vertaling van ורוח לבשה את-עמשי die volgende: *"The Spirit clothed himself with Amasai."*

Williamson (1982:108) wys daarop dat hierdie aksie van רוח 'n baie kragtige handeling was wat duidelik vir die mense rondom Dawid sigbaar sou wees. Hy brei egter ook nie uit op die identiteit (*"wie"*) van die רוח nie.

Volgens Japhet (1993:257) het verskeie persone uit die verskillende stamme tydens Saul se regering by Dawid aangesluit. Die idioom ורוח לבשה את-עמשי kom nog twee maal in die Ou Testament voor (Rigters 6:34 en 2 Kron 24:20). In Rigters gee die רוח-bemagtiging aanleiding daartoe dat Gideon oorgaan tot militêre aksie, maar in Kronieke lei hierdie bemagtiging tot profesie. Japhet bespreek die identiteit (*"wie"*) van רוח geensins nie – sy stel dit net dat Amasia deur die gees beklee (*"clothed"*) is.

Thompson (1994:124) sluit by Roubos se vertaling aan: ורוח לבשה את-עמשי - *"The Spirit clothed himself with Amasai."* Hy bespreek geensins die funksie of die persoon van רוח nie.

**EVALUASIE**

Die kommentare bespreek nie die identiteit (*"wie"*) van רוח nie. Dit is egter duidelik dat hierdie hele insident deur God geïnspireer is. רוח kan ook hier geïnterpreteer word as die kragtige manifestasie van God se teenwoordigheid. Dit pas in by die teologiese gedagterigting van die Kronis, naamlik dat God ingryp en dat die Dawidiese koningslyn

van die Kronis se hoofmomente is. רוח vervul in hierdie konteks die sintakties-semantiese funksie van *agent* (die persoon of objek wat die handeling uitvoer of veroorsaak).

Neh 9:20

20 ורוחך הטובה נתת להשכילם ומנך לא-מנעת מפיהם ומים נתתה להם לצמאם

20 U het ***u goeie Gees*** gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir hulle water gegee vir hulle dors.

Breneman (1993:168) maak die volgende opmerking oor רוח : *"The idea of the Trinity was not revealed in the Old Testament. However, the Old Testament contains many references to the activity of God's Spirit."*

**EVALUASIE**

Daar is nie baie Skrifplaatse in die kronistiese geskiedskrywing waarin רוח voorkom nie. Die onderhawige studie is van mening dat die rede hiervoor is dat die gemeenskap nou rigied ingerig is rondom die wet (*"law"*) – daar is min ruimte vir die vrye bemagtiging van רוח. Hierdie tendens bring ook mee dat daar baie min profetiese orakels gelewer word – die amp van die profeet het nou feitlik verdwyn. Gedurende hierdie tydperk vervul רוח 'n baie klein rolletjie in die lewens van Israel. Hierdie studie is van mening dat רוח in hierdie tekste na God se voorsiening verwys. רוח vervul in Neh 9:20 die sintakties-semantiese funksie van *patiens* terwyl die volk die ontvanger is en in vers 30

die funksie van die *medium* waardeur God werk. Op die spoor van Breneman blyk dit dus dat רוח ook hier 'n sinoniem is vir God se teenwoordigheid in die lewens van sy volk.

#### 5.2.7.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE KRONISTIESE GESKIEDSKRYWING

Vanweë die beperktheid van inligting deur die kommentare konkludeer hierdie studie kortliks soos volg: רוח funksioneer in die Kronis se werk sintakties-semanties as *agent* en dui op die teenwoordigheid van God self. Die handelinge van רוח in die Kronis se werk is om persone te bemagtig om geïnspireerde diskoerse te voer en om die volk in die wil van die Here te onderrig. רוח verwys egter geensins na die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) nie.

### 5.2.8. DIE רוח IN DIE VOLK SE WYSHEIDSLITERATUUR EN LIEDERE

Volgens Burger (1987:17) het die Psalms oor 'n lang tydperk heen (sewe eeue) ontstaan. Verder bestaan die Psalms uit lofliedere, klaagliedere, dankliedere, liedere wat die Here se koningskap besing, die sogenaamde koningspsalms, seën- en vloekpsalms, oorwinningsliedere en wysheidspsalms. Bosman (1987:41) beskryf die boek Spreuke as 'n literêre konvensie – Salomo-tipe spreuke. Ook hierdie boek het oor 'n baie lang tydperk heen ontstaan. Sommige spreuke dateer uit Salomo se tyd (10 eeue vC); ander weer uit die na-ballingskap-periode (4e eeu vC). Die hele bloemlesing, soos ons dit vandag ken, kon dus eers sy finale vorm in die vierde eeu voor Christus gekry het. Sellin (1970:330) is van mening dat dit baie moeilik is om die boek Job se finale redaksiedatum te bepaal, maar dat daar duidelike na-eksiliese kenmerke voorkom, en dit stem ooreen met die Persiese ryk van die vyfde en vierde eeu voor Christus.

Ps 51:13

13 אל-תשליכני מלפניך ורוח קדשך אל-תקח ממני

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en ***u Heilige Gees*** van my af wegneem nie!

Volgens Weiser (1962:401) demonstreer Psalm 51 die ware wese van opregte berou. Die Psalmdigter se sonde word ontbloot en die weg tot vergifnis en herstel in sy verhouding met God word duidelik aangedui. Die aanbidder se grootste wens is dat hy nie God se teenwoordigheid sal verloor nie, maar dat hy die teenwoordigheid van God sal bly geniet en deur die רוח gelei sal word om sy verhouding met God te herstel. Weiser maak geen opmerking oor die identiteit (*"wie"*) van רוח nie.

Anderson (1972(a):389) tipeer Psalm 51 as een van die aandoenlikste Psalms in die hele bundel. Die smeking om vernuwing soos in vers 10 *"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees"* is nie uniek aan Israel nie, dit kom oor die hele Semitiese wêreld voor. Die resultaat van 'n nuwe hart en gees is dat die volk in staat sal wees om God se bepalings te gehoorsaam. Die psalmis besef dat, as God hom nie vernuwe nie, hy maar net weer dieselfde pad van ongehoorsaamheid sal volg. Die woord ברא *("skep")* is 'n kenmerk van die priesterlike bron en Deutero-Jesaja. Die onderwerp van die werkwoord is altyd God. Vir die digter gaan dit nie om 'n transformasie nie maar om 'n hele nuwe gesindheid. Volgens Anderson dui לב (*"hart"*) op die onverdeelde wil van die mens om God se wil te doen en is רוח hier 'n sinoniem vir hart om die opregtheid van die digter te beklemtoon. Om in God se teenwoordigheid te wees beteken om die volheid van die lewe te ervaar. Die begrip ורוח קדשך (*"U heilige gees"*) is 'n ongewone uitdrukking en kom net hier en in Jes 63:10,11 voor.

Anderson is van mening dat רוח קדש slegs 'n aanduiding is van die persoonlike teenwoordigheid van Jahwe soos ook in Jes 63 die geval is.

Van Uchelen (1977:87) sluit aan by die gedagterigting van Anderson dat Jahwe se persoonlike teenwoordigheid deur רוח קדש aangedui word, en hierdie wete sal die digter in staat stel om in die regte verhouding met God te staan.

**EVALUASIE**

Alhoewel Ps 51:13 vertaal word met *"neem u Heilige Gees nie van my weg nie"*, is dit duidelik dat daar nie ooreenkomstig die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) soos Hy aan ons in die Nuwe Testament geopenbaar is, gedink word nie. רוח קדש is dus slegs 'n aanduiding van Jahwe se volle teenwoordigheid. רוח קדש word dus gelykbetekenend met God. רוח beskryf hier nie 'n besondere daad van God nie, maar God as sodanig. רוח קדשך staan ook in 'n sinonieme parallelisme met die eerste deel van die vers לפניך (*"U aangesig"*) en dui dus wel op God self. קדש (*"heilig"*) is 'n adjektief wat רוח beskryf en staan teologies teenoor die sonde van die digter met die betekenis dat God nie is waar sonde is nie. רוח is dus slegs 'n aanduiding van Jahwe se volle teenwoordigheid.

Ps 139:7

7 אנה אלך מרוחך ואנה מפניך אברח

7 Waarheen sou ek gaan om ***u Gees*** te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

Weiser (1962:803) wys op die betekenis van die retoriese vraag: God is oral deur sy רוח. God se grootheid en alomteenwoordigheid word in hierdie vers gestel. Volgens Weiser is God gees en daarom is dit onmoontlik om van God weg te vlug. Hy is deur sy רוח alomteenwoordig. רוח is dus 'n sinoniem vir God self.

Volgens Dahood (1970:288) dui *"from your spirit ... from your face"* op God se alomteenwoordigheid. Die digter dui met hierdie vers aan dat dit onmoontlik is om ooit van God se teenwoordigheid te ontsnap. רוח is dus ook vir hom 'n sinoniem vir God self.

Anderson (1972(b): 906) is van mening dat רוח hier in 'n sinonieme parallelisme met פנים gebruik word. Beide word in verband met Jahwe se teenwoordigheid gebruik. Hierdie retoriese vraag veronderstel 'n negatiewe antwoord – God is alomteenwoordig. רוח dui hier dus op die manifestasie van God self.

**EVALUASIE**

רוח (*"gees"*) en פנים (*"aangesig"*) word as 'n sinonieme parallelisme gebruik wat die konstante teenwoordigheid van God aandui. Hier dui רוח dus die teenwoordigheid van Jahwe aan. רוח word nie verstaan as 'n onafhanklike entiteit naas God nie. Die sintakties-semantiese funksie van רוח is die aanduiding van die *patiens*.

Psalm 143:10 en Spreuke 1:23 sluit by Psalm 139:7 aan en dui ook op Jahwe se teenwoordigheid.

Job 33:4

4 רוח-אל עשתני ונשמת שדי תחיני

4 ***Die Gees van God*** het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend.

Volgens Driver (1921:283) wys Elihu daarop dat dit die רוח is wat hom geskep het en hom in die lewe hou. Alhoewel alle mense oor רוח beskik, is hy van mening dat hy deur die רוח 'n groter mate van insig verkry het as Job.

Van Selms (1983:115) wys daarop dat wysheid 'n bemagtiging van die רוח is. Hy bespreek egter nie die identiteit (*"wie"*) van die רוח nie.

Heartly (1988:438) is van mening dat Elihu in dieselfde verhouding gesien moet word as Adam, naamlik as begenadigde skepsel van die Skepper. Hy wys daarop dat die רוח dít is waardeur Elihu geskep is en wat hom in die lewe hou – dus God self.

Volgens Alden (1993:322) wou Elihu hier aantoon dat hy mens is en onder God se heerskappy staan. רוח dui vir Aleden op 'n sinoniem vir God.

**EVALUASIE**

Alhoewel die kommentare nie die רוח in besonderhede bespreek nie, is hierdie studie van mening dat רוח-אל en ונשמת שדי 'n sinonieme parallelisme vorm wat in die sintakties-semantiese funksie staan as *agent*. Hier dui dit nie 'n onafhanklike entiteit aan nie, maar dit dui op God self deur wie Elihu se bestaan moontlik gemaak is en is dus hier die manifestasie van God se teenwoordigheid.

Job 26:13

13 ברוחו שמים שפרה חללה ידו נחש בריח

13 ***Deur sy asem*** word die hemel helder; sy hand het die vinnige slang deurboor [OAV].

of

13 ***By his spirit*** he hath garnished the heavens; his hand hath formed the crooked serpent [KJV].

Volgens Driver ( 1921:223) beskryf die vers hoedat God se wind (רוח) na 'n storm die wolke wegwaai, die hemelruim verhelder en die vlugtende slang verbrysel. Die kronkelende slang is hier die metafoor vir donkerte. Hier is רוח nie die Heilige Gees of God self (Gees) nie maar dui dit op die meteorologiese verskynsel *"wind"*.

Wood interpreteer (1976:23) die רוח hier as die *agent* in die skeppingsgebeure. רוח dui dus volgens hom op die handeling van die Heilige Gees, die derde Persoon van die Drie-eenheid. Wood stel dit duidelik dat die Heilige Gees hier by die skepping betrokke is.

Van Selms (1983:48) interpreteer רוח en יד as 'n sinonieme parallelisme wat dui op die skeppingshandelinge van God. Hy vertaal die deel dan soos volg: *"God schiep de blauwe hemel en bedwong de oerwateren."*

Volgens Hartley (1988:367) het Jahwe deur sy ongelooflike krag die see oorwin en deur sy wind (רוח) die hemel helder geblaas – hierdie twee handelinge demonstreer Jahwe se onmeetlike krag. Die bose is oorwin en die vrede is deur God herstel.

**EVALUASIE**

Hierdie studie ondersteun Van Selms se verklaring, naamlik dat רוח en יד as 'n sinonieme parallelisme gebruik word om op God se skeppingshandelinge te dui. רוח word nie hier as 'n afsonderlike entiteit naas Jahwe gesien nie. Wood se interpretasie (1976:23) dat רוח in die skeppingsgebeure op die handeling van die Heilige Gees, die derde Persoon van die Drie-eenheid (1976:32) dui, kan in die lig van die eksegese nie gehandhaaf word nie.

### 5.2.8.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE WYSHEIDS-LITERATUUR EN LIEDERE

רוח word verskeie kere in die Psalms geïnterpreteer as *"gees"* of *"asem"* van die Here. Hierdie gebruik bevestig die persoonlike en aktiewe teenwoordigheid van die Here. In sekere gevalle is *"U Gees"* 'n poëtiese manier om van die Here (U) te praat. In die wysheidsliteratuur word wysheid, insig en kennis onmiddellik in verband gebring met die bemagtiging deur die רוח. Slegs in Job maak 'n wyse (Elihu) daarop aanspraak dat die oorsprong van sy wysheid in die רוח gesoek moet word en nie in sy rype ouderdom nie. Hierdie studie wil egter waarsku teen 'n oorvereenvoudiging: רוח is nie op alle plekke in die wysheidsliteratuur direk gelyk aan wysheid nie. Dit is slegs 'n interpretasie van bepaalde tekste.

רוח word dikwels gebruik as aanduiding van die lewe (lewensbeginsel). רוח word hier nie as 'n afsonderlike entiteit naas Jahwe gesien nie. Wood (1976:23) se interpretasie dat רוח in die skeppingsgebeure op die handeling van die Heilige Gees, die derde Persoon van die Drie-eenheid dui kan in die lig van die eksegese nie gehandhaaf word nie.

## 5.2.9. DIE רוח IN ESKATOLOGIESE EN APOKALIPTIESE TEKSTE

Is die boek Joël eskatologies of apokalipties? Prinsloo (1987(a):236) definieer eskatologie as gebeure wat te make het met die vernuwing van die bestaande orde en apokaliptiek as die aanbreek van 'n algeheel nuwe orde. In die lig daarvan tipeer hy Joël as eskatologies. Daar is nie eenstemmigheid oor die ontstaansdatum van Joël nie, maar uit gegewens (Joël 1:9,14,16; 2:14 en 3:18) moet Joël se finale datum na die herbou van die tempel (515 vC) geplaas word. Die boek Joël is 'n boek van bemoediging vir die moedelose na-eksiliese gemeenskap. Die eerste indrukke wat 'n mens van die boek Daniël kry is dat dit 'n boek uit die ballingskap (500 vC) is. Gegewens uit die boek dui op vele feitefoute wat hierdie datum diskwalifiseer. In Hoofstuk 11 kon gegewens voor wat oor Antiochus Epifanus (175-164 vC) handel. Burden en Prinsloo (1987:214) stel dit dat die boek Daniël volgens die Makkabeërhipotese tussen die somer van 166 en Desember 165 vC sy beslag gekry het. Die boek Daniël is 'n apokalips wat oor goddelike openbaringe handel. Die boodskap van Daniël is dat God altyd en oral in beheer is.

### JOËL

Joël 2:28 (Hebreeuse teks 3:1)

3:1 והיה אחרי-כן אשפוך את-רוחי על-כל-בשר ונבאו
בניכם ובנותיכם זקניכם חלמות יחלמון בחוריכם חזינות יראו

28 En daarna sal Ek ***my Gees*** uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

Joël 2:29 (Hebreeuse teks 3:2)

3:2 וגם על-העבדים ועל-השפחות בימים ההמה אשפוך
את-רוחי

29 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae ***my Gees*** uitgiet.

Joël 2:28-29 is vir baie teoloë die *locus classicus* van die pneumatologie in die Ou Testament, veral omdat die teks net so in die boek Handelinge (Nuwe Testament) gebruik word om die Pinkstergebeure te verhaal. Lukas die skrywer van Handelinge, verduidelik die pinkstergebeure met die inleidingsformule: *"hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het".* Was dit die bedoeling van die teks in Joël om die pinkstergebeure (uitstorting van die Heilige Gees, derde Persoon van die Triniteit) van honderde jare later te profeteer, of het Joël vir die mense in sy tyd (moedelose Judese ballinge) 'n boodskap van hoop gehad?

Allen (1976:97) wys daarop dat God se volk 'n ernstige droogte en sprinkaanplaag beleef het, en direk na God se belofte van materiële seën, volg Joël 2:28-32 (3:1-5). Hierdie deel is uit drie komponente saamgestel. Die belofte van die רוח (vers 28-29), die kosmiese tekens wat die dag van die Here aankondig (vers 30-31) en die redding van God se volk (32). Die eerste twee dele word deur Jahwe aangekondig, die derde deur die profeet.

Die aankondiging van materiële seën (2:1-27) na die katastrofe is die eerste stap in die getuienis van God se magtige teenwoordigheid in Israel. Vir die herstelde verbondsgemeenskap wag daar nog heerliker seën. God se magtige teenwoordigheid sal op 'n

baie duideliker manier vertoon word as deur goeie reën en vrugbare oeste. God se teenwoordigheid in Israel sal duidelik sigbaar wees deur die charismatiese teenwoordigheid van 'n *"gees"* van profesie onder die volk. So sal God se belofte van sy teenwoordigheid in 2:27 in oorvloed vervul word (*En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie*).

Verse 28 en 29 neem die belofte van God se teenwoordigheid in vers 27 op en brei in besonderhede daarop uit. Hierdie deel – die uitstorting van 'n groter gawe — is volgens Allen (1976:98) die geestelike pendulum van die goeie reën en vrugbare oeste. Die ontvangers van hierdie gawe is volgens vers 28 (*"alle vlees"*) in hierdie konteks die hele volksgemeenskap van Juda. Joël sluit by Esegiël 39:29 aan (*En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here* HERE).

Joël sluit ook by Miga 3:8 aan wat stel dat die רוח God se medium is waardeur Hy sy teenwoordigheid in Juda bevestig (*Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde*). God sal sy teenwoordigheid in Israel se geskiedenis op 'n baie besondere manier bevestig – die charismatiese bemagtiging van elke lid van die geloofsgemeenskap. Hierdie bemagtiging deur God (רוח) is die vervulling van Moses se wens in Num 11:29 *(Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!)*

Allen (1976:100) beskou die רוח van Joël nie as 'n selfstandige identiteit van God nie, רוח is nie die derde Persoon van die goddelike Triniteit nie. Hy maak die opmerking dat Joël 2:28-29 op 'n dinamiese nuwe en heerliker wyse in die Nuwe Testament geherinterpreteer word deur Petrus (Hand 2:16-21). Die Pinkstergebeure is vir Petrus die realisering van die eskatologiese beloftes van Joël – God wat by Sy volk teenwoordig bly.

Wolff (1977:65) beskou Joël 3:1 (Hebreeuse teks, Afrikaanse teks 2:28) as 'n oorgangsteks. Die inleidingsformule והיה אחרי-כן (*"En daarna "*) veronderstel dat die voorafgaande beloftes verwerklik het. Die verwagting van nog groter seën, 2:27, word in 3:1 uitgebrei. Jahwe is aan die werk deur die uitstorting van sy רוח. Die werkwoord שפך (*"uitgiet"*) dui die uitgiet van water (Eks 4:9), van bloed (Gen 9:6), van die hart (Ps 62: 9 [8]) of van die siel (1 Sam 1:15) aan met die betekenis om jou denke, wil, gevoel en insig openlik te deel met ander. Die Hebreeuse woorde לב (*"hart"*) en נפש (*"siel"*) dui in die Hebreeuse denkwêreld op die staties kognitiewe (*bewustheids-*) vlak. רוח dui weer op die aktiewe lewensbelangrike krag en wilskrag. Die mens kan nie רוח beheer, gee of stuur nie; dit is 'n gawe van God. God gee dit vryelik om mense te laat lewe (lewensbeginsel), om mense te bemagtig (charismatiese gawes), om as instrumente in sy diens op te tree en mense deur die heilsgeskiedenis te begelei. Die רוח van God is die teenoorgestelde van בשר (*"vlees"*) van die mens (Jes 31:3). As God sy רוח aan die mens onttrek, sterf hy (Ps 51:12-13 [10-11]) en is die mens onmagtig om volgens God se vereistes te leef (Eseg 11:19-20; 36:26-27). In die lig van

hierdie gegewens beteken die uitstorting van die רוח die vestiging van 'n nuwe, energieke lewe vir die mens deur God se eie teenwoordigheid (Wolff,1977:66).

Volgens Wolff (1977:66) bedoel Joël met 2:28-29 nie die gawe van die רוח tot nuwe gehoorsaamheid nie (Eseg 36:26-27) en ook nie die uitgieting van die רוח vir die herskepping (Jes 44:3) van God se volk nie. Joël gebruik die begrip אשפוך את-רוחי *("My gees uitstort")* om aan te dui dat die volk wat tot 'n nuwe verhouding met God geroep is, profete sal wees. Joël het nie nuwe profetiese orakels, ekstatiese profete of die bekering van die omringende wêreld in die oog nie. Hy wil met hierdie vers sê dat daar 'n nuwe era (eskatologie) aanbreek – alle lede van God se volk sal in 'n direkte kommunikatiewe verhouding met God staan. Die dae van slegs 'n paar verkose persone soos onder andere die rigters, profete en konings as spreekbuise vir die volk, is verby; almal wat die Here aanroep sal gered word (2:32). Volgens Wolff (1977:69) kan 2:28 nie los gelees word van 2:32 nie. Vers 32 moet in die lig van vers 28 geïnterpreteer word – die רוח word uitgegiet sodat almal (mans, vroue, kinders, oud, jonk, slaaf of vryman) in 'n oop verhouding met God mag staan. Vir Wolff is die רוח van God in Joël 2:28-29 [3:1-2] nie 'n eie onafhanklike goddelike entiteit, die Heilige Gees as derde Persoon van die Triniteit, nie.

Prinsloo (1985:80) betoog dat die inleidingsformule והיה אחרי *("wanneer dit alles gebeur")* die aandag vestig op iets nuuts, op gebeure wat eers na die voorafgaande 2:18-27 sou aanbreek. Hy som die inhoud van verse 28-32 soos volg op: *"2:28-29 beskryf die uitstorting van die רוח, 2:30-31 beskryf die kosmiese tekens wat gepaard gaan met die komende "dag van die Here" en 2:32 vorm die slot en hoogtepunt van die perikoop: vir diegene wat op die Here vertrou, is daar uitkoms en redding."*

Volgens Prinsloo (1985:82) is die eerste belangrike belofte wat die Here uitspreek die belofte dat Hy sy Gees sal uitstort. Soos die reën, die materiële gawes, uitgestort sal word (Hoofstuk 2), so sal die Here sy Gees nou uitstort. Hy stel die vraag: "Wat word bedoel met *"Gees"* (רוח)?" Prinsloo (1990:76) rig 'n waarskuwing aan eksegete dat 'n mens versigtig moet wees om רוח reglynig en simplisties met die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit in die Nuwe Testament) gelyk te stel. Hy wys ook daarop dat die woord gees (רוח) 'n verskeidenheid betekenisse in die Ou Testament aan-neem. Volgens hom kan רוח die betekenis van wind (vgl bv Eksodus 10:13) aanneem; wind wat nie net waai nie, maar as 'n krag wat dinge in beweging bring (vgl bv Psalm 1:4; Jesaja 17:13; Jeremia 18:17). רוח neem ook soms die betekenis van asem aan. Dit neem ook soms die betekenis aan van die *"asem"* van die Here, en word dan hoofsaaklik gebruik om sy kragtige ingryping en ontsagwekkende teenwoordigheid te beskryf (Eksodus 15:8,10; 2 Samuel 16:22 [ Psalm 18:16], Job 4:9; Jesaja 11:15; 30:28). Die begrip רוח word ook gebruik in verband met die lewensasem, die lewenskrag, die gawe van die Here wat mense laat lewe (vgl bv Rigters 15:19; Jesaja 42:5; Esgegiël 37:4). רוח word ook soms gebruik om die gawe van die Here aan te dui waardeur buitengewone vermoëns en kragte aan mense verleen word (vgl bv Rigters 6:34), veral wanneer iemand 'n belangrike opdrag van die Here gekry het (vgl bv Esra 1:1; Jeremia 51:11).

Volgens Prinsloo (1990:77) blyk dit dus dat רוח feitlik sonder uitsondering iets met krag of vitaliteit te make het. Dit lyk of dit ook in hierdie vers die geval is: die volk verkeer in 'n noodsituasie as gevolg van die sprinkaanplaag en versengende droogte. Dit het ook hulle verhouding met die Here versteur. Nou kom gee die Here vir sy volk die heerlike

belofte dat Hy sy רוח op hulle sal uitstort (vgl ook in die verband Jesaja 32:15; 44:3; 59:21; Esegiël 39:29; Sagaria 12:10). Binne hierdie konteks beteken dit dat die Here nuwe lewenskrag aan sy volk gee. Soos Hy nuwe lewe vir die natuur gegee het, so gee Hy nou nuwe vitaliteit aan sy volk sodat hulle in 'n nuwe verhouding met Hom kan staan. Dit is belangrik om daarop te wys dat die Here sy *"Gees"* laat kom *"op al die mense"*. Die uitdrukking dui nie daarop dat die Here sy *"Gees"* op alle geskapenes sal uitstort nie, maar in hierdie konteks dui dit die hele Judese gemeenskap, sy ganse volk aan. Terwyl die רוח in die *"ou tyd"* slegs op sekere "charismatiese" individue soos konings (vgl. I Samuel 10:6) of profete (vgl Jesaja 11:2) gekom het, sal die רוח in die nuwe, eskatologiese tyd deel van die hele volk van die Here wees. Hierdeur word die woorde van Moses in Numeri 11:29 bewaarheid: *"Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê."*

Die uitwerking van die koms van die רוח is dat daar geprofeteer, drome gedroom en visioene gesien sal word. Prinsloo (1990:78) is van mening dat die onderskeid wat gemaak word tussen byvoorbeeld die oumense wat drome sal droom en die jongmans wat visioene sal sien, bloot retories van aard is. Die uitstorting van die רוח lei 'n nuwe heilsera vir Israel in - die verhouding tot die Here is volledig herstel deurdat die hele volk in direkte kommunikatiewe verbinding met die Here sal wees. Vir Prinsloo (1990:76) is die uitstorting van God se רוח in Joël nie reglynig simplisties met die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) in die Nuwe Testament nie. Die profeet Joël het 'n besondere boodskap van hoop aan die moedelose Judese gemeenskap in ballingskap: God sal deur die רוח voortdurend by hulle teenwoordig wees en sy wil aan hulle bekend maak sodat hulle ooreenkomstig sy woord kan lewe.

Van Leeuwen ( 1993:153) sluit by Prinsloo aan: "Soos wat die Here deur die uitgieting van reën aan die natuur nuwe lewe skenk, so gee Hy deur die uitstorting van die רוח nuwe lewenskrag aan sy volk". Die werksterrein van רוח in die Ou Testament sluit volgens Van Leeuwen die volgende in: [i] goddelike krag wat aan die mens die lewe gee (Genesis 6:3), [ii] krag wat die mens bemagtig om groot dade te doen (Rigt 3:10), [iii] wysheid en die gawe om kunstige werk te verrig (Eksodus 31:1), [iv] en insig om goeie planne te beraam (Jesaja 11:2). In Joël 2:28-29 gee God sy רוח aan die volk om hulle te help om weer in die regte verbondsverhouding met Hom te staan. Die bemagtiging deur die רוח sal tot 'n profetiese besieling van die ganse volk lei – die ballinge sal nou in 'n direkte kommunikatiewe verhouding met God staan. Van Leeuwen wys ook daarop dat רוח nie direk simplisties gelykgestel kan word aan die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) van die Nuwe Testament nie.

Crenshaw (1995:163) vertaal in sy kommentaar op Joël 3:1-2 [2:28-29] soos volg: *"Afterwards I will endow all of you with my vital force,..."* Die woord והיה אחרי-כן (*"afterwards"*) is vir hom die sleutel tot sy interpretasie. Dit wat volg, sluit aan by die seën wat die Here aan sy volk in die vorige gedeelte beloof het – die herstel van die landerye, oeste en verlore eer. Crenshaw (1995:164) interpreteer die רוח hier as die gawe van Jahwe se "vital force" (*"lewenskrag"*). Hy stel dit duidelik dat die uitstorting van die רוח niks te make het met gehoorsaamheid of morele transformasie nie, nie eers met 'n herskepping soos in Jes 32:15 nie. Die hele Judese gemeenskap word deur die רוח (*"vital force"*) bemagtig om as profete op te tree – nie ekstaties soos die vroeëre ekstatiese profete nie, maar elke lid van die volk sal nou die vermoë besit om as individu met God te kan kommunikeer. Hierdie gawe sal as teken dien dat God in die

midde van hierdie volk teenwoordig is. Vir Crenshaw is die רוח dus nie gelyk aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament nie, maar dui op God se teenwoordigheid in sy volk se midde.

**EVALUASIE**

Die meeste kommentatore interpreteer nie die רוח van Joël as "Gees van God" – die Heilige Gees — nie; tog word dit steeds in die meeste vertalings met 'n hoofletter vertaal asof dit in die konteks van Joël bedoel is en verstaan moet word as die Heilige Gees. Hierdie studie handhaaf die siening dat die uitstorting van die רוח in Joël se konteks die bevestiging aan die Judese gemeenskap is dat hulle God se volk is, dat Hy hulle nie vergeet het nie en dat hulle deur die רוח bemagtig sal word om in 'n nuwe direkte kommunikatiewe verhouding met Hom te staan. רוח is dus die versekering van God se teenwoordigheid by elke individu te midde van die grootste krisis en gevoel van moedeloosheid wat hulle kan ervaar. Die רוח in Joël is die ware profetiese רוח wat God se woord aan alle lede van sy volk openbaar – almal gaan direk God se woord hoor en nie meer deur 'n tussenganger (profeet) nie.

**DANIËL**

Dan 4:5 [4:8 in Afrikaanse teks]

4:5 ועד אחרין על קדמי דניאל די-שמה בלטשאצר כשם
אלהי ודי <u>רוח-אלהין קדישין</u> בה וחלמא קדמוהי אמרת

8 totdat eindelik Daniël voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, na die naam van my god, en in wie ***die gees van die heilige gode*** is; en ek het hom die droom vertel:

Hartman (1978:171) interpreteer die Aramese רוח-אלהין קדישין gelykduidend met רוח אלהים בו soos dit voorkom in Genesis 41:38. Deur קדישין by te voeg wil die skrywer dit beklemtoon dat die gawe deur God self gegee is en dat dit nie uit die mens na vore kom nie.

Miller (1994:131) stel dit dat dit God (רוח) is wat deur Daniël werk in die interpretasie van die koning se drome.

Volgens Redditt (1999:78) dui die woord רוח op die charismatiese bemagtiging van 'n persoon deur God om hom as instrument in sy diens toe te rus.

**EVALUASIE**

Die sintakties-semantiese funksie van רוח in hierdie *status constructus*-verbinding is dié van *agent*. Verder dui רוח hier op die teenwoordigheid van God self. רוח word dus nie in hierdie gedeelte gesien as die derde Persoon van die goddelike Drie-eenheid nie. Die ander teksgedeeltes in Daniël, Daniël 4:6 (vers 9 in Afrikaanse teks), Dan 4:15 (vers18 in Afrikaanse teks) en Daniël 5:11 en 14 word ook soos hierbo verstaan en geklassifiseer.

### 5.2.9.1. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE רוח-GEBRUIK IN DIE ESKATOLOGIESE EN APOKALIPTIESE TEKSTE

Met die eskatologiese en apokaliptiese uitsig word רוח geïnterpreteer as die teenwoordigheid van God, en die hooftaak van רוח is om 'n nuwe vrye kommunikatiewe verhouding tot stand te bring waarin die hele volk sou deel. רוח is dus die versekering van God se teenwoordigheid by elke individu te midde van die grootste krisis en gevoel van moedeloosheid wat hulle kan ervaar.

## 5.3. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOON EN IDENTITEIT VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT

In die samevatting van רוח in die Ou Testament kan die volgende vrae gestel word. Antwoorde verkry op hierdie vrae sal lei tot 'n formulering oor die verstaan van רוח in die Ou Testament.

(1) Is רוח die ekwivalent van die Nuwe Testamentiese Heilige Gees?

(2) Wie en wat is רוח?

(3) Is רוח 'n onafhanklike persoon of is רוח maar net 'n manier om oor God se werksaamhede, sy wil en krag te praat?

(4) Is רוח maar net 'n verlenging van die teenwoordigheid van God?

(5) Is רוח die uitbreiding van God se persoonlikheid waardeur Hy sy goddelike planne volvoer?

Uit die beoordeling van die רוח-tekste in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat daar nêrens in die Ou Testament 'n aanduiding is dat רוח אלהים en רוח יהוה direk gelyk aan die Heilige Gees van die Nuwe Testament gestel kan word nie. Wie en wat is רוח

dan? Bedoel die genitiewe in die frase רוח אלהים en רוח יהוה dat die רוח van God kom of deur Hom bewerk word? Is רוח 'n *genitivus auctoris*, 'n *genitivus possesoris* of is dit in die eerste plek 'n *superlatiewe krag* (*verdeelde geheel*)?

In die teologiese gebruik van רוח kan dit in die reël beskou word dat רוח behoort tot die persoonlike besit van Jahwe, soos die Here se hand en sy woord aan Hom behoort. Die teenwoordigheid van רוח dui op Jahwe se eie teenwoordigheid. In hierdie verband kan Jesaja 63:10 en 14 as voorbeeld dien – *"Hyself ( letterlik sy aangesig), het hulle verlos*, en tog is dit sy רוח. In Haggai 2:5 word die teenwoordigheid van Jahwe gelykgestel aan die teenwoordigheid van sy רוח. Om nie van sy aangesig verwerp te word nie, beteken dat sy רוח nie weggeneem word nie – Psalm 51:13. 'n Mens kan die teenwoordigheid van Jahwe nie ontvlug nie: Hy is oral (Psalm 139:7-10).

Alhoewel persoonlike eienskappe aan רוח toegedig word, onder andere spreek (2 Sam 23:2), onderrig (Neh 9:20) en bedroef raak (Jes 63:10 en 14), is dit die taaltegniek van personifikasie – die outeurs van die Ou Testament het nie aan die רוח gedink as 'n persoonlike wese onafhanklik van Jahwe nie. רוח beskryf dus nie net 'n besondere bemagtiging van Jahwe nie, maar beskryf God ( אלהים en יהוה) as sodanig. Volgens Scheepers (1960:214) is רוח dus "*tegelyk sy asem, sy gemoed, die setel van sy wil en denke; dit wat van Hom uitgaan; sy woord vergesel; draer van sy woord is; lewe in mense en dier verwek; wysheid aan mense gee; verskillende vermoëns in sy geroepenes werk; Israel laat lewe in die volle sin van die woord en kragtige dinge doen in, met en vir sy volk.*"

רוח word gelykbetekenend met God sodat sy רוח in Jesaja 34:16 en Jesaja 63:14 net sowel met God (אל/ אלהים) of Here (יהוה) vervang kon word. In Psalm 139:7 word רוח (*"gees"*) en פנים (*"aangesig"*) as 'n sinonieme parallelisme gebruik en dui dit die teenwoordigheid van Jahwe aan.

Uit die voorgenoemde bevindinge is dit duidelik dat רוח ***"GOD-IN-AKSIE"*** of God self aandui.

In die lig hiervan kan Scheepers (1960:216, 222), Jonker (1981:124), Vosloo (1983:63 - 64) en Eichrodt (1967:60) se interpretasie, naamlik dat die רוח אלהים, רוח יהוה as 'n hipostase van God beskou kan word, nie gehandhaaf word nie. Onmiddellik moet die vraag gestel word: "Wat word onder hipostase verstaan?"

Vosloo (1983:62) beroep hom op Scheepers (1960: 16) en Eichrodt (1967:60) en beskryf hipostase as "die verpersoonliking van God se werksaamhede en attribute op so 'n wyse dat dit die voorkoms van 'n half-persoonlike goddelike Wese kry". Hierdie teoloë baseer hulle siening op die definisie van Ringgren (1964:758): *"Es bezeichnet eine oft nur halb selbständige göttliche Wesenheit, die eine mehr oder weniger durchgeführte Personifizierung einer Eigenschaft, einer Wirksamkeit oder irgendeines Attributes einer höheren Gottheit darstellt."*

Vanweë teologiese redes kan die term hipostase nie op רוח toegepas word nie. Daar is nie plek in die Ou Testament vir sulke denke nie – Deuteronomium 6:4: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."

## 5. 4. KONKLUSIE TEN OPSIGTE VAN DIE DIAKRONIESE ONTWIKKELING VAN רוח IN DIE OU TESTAMENT

'n Belangrike vraag wat aan die orde gestel moet word, is: "Het die begrip רוח 'n diakroniese ontwikkeling in die Ou Testament ondergaan?"

Hierdie vraag behoort van twee kante belig te word, naamlik (i) Het daar 'n diakroniese ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van die verstaan en interpreteer van die identiteit (*"wie"*) van רוח? en (ii) Het daar 'n diakroniese ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van die werksaamhede van רוח?

Op die eerste vraagstelling, naamlik of 'n diakroniese ontwikkeling plaasgevind ten opsigte van die verstaan en interpretasie van die identiteit (*"wie"*) van רוח, kan negatief en positief geantwoord word.

*Negatief* in die sin dat die interpretasie van רוח nie ontwikkel het van 'n onpersoonlike krag tot die derde Persoon van die goddelike Triniteit nie. In alle tydsfases van Israel se geskiedenis word die teologiese verstaan van רוח (gees van God) geïnterpreteer as *Jahwe-in-aksie. Positief* kan dit gestel word dat daar 'n onderskeid is tussen die genitiewe konstruksies, רוח אלהים en רוח יהוה.

Die frase רוח אלהים kom een en twintig (21) keer in die Ou Testament voor. Die frase רוח יהוה word sewe en twintig (27) keer gebruik. רוח יהוה word meermale aangetref waar Israel se verbondstatus bedreig word, soos gedurende die rigtertydperk.

Die frase רוח אלהים kom weer tydens die ekstatieseprofete-era (Samuel) voor. Die frase רוח יהוה het aanvanklik nie betrekking gehad op die inspirasie van profetiese woorde nie, daarom ontbreek die frase in die skrifprofete Amos tot Jeremia. Dit is eers in die na-eksiliese tydperk dat die profetiese openbarings geïnterpreteer word as komende van die רוח יהוה.

Uit die analise in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die sentrale teologiese argument van die studie, naamlik dat רוח in die Ou Testament beklemtoon dat God voortdurend besig is om op 'n wonderlike kreatiewe manier die mens se verlossing te bewerk, geldig is.

Op die tweede vraagstelling, naamlik of 'n diakroniese ontwikkeling plaas gevind ten opsigte van die werksaamhede van רוח kan daar positief geantwoord word: "Die werking, handeling en optrede van רוח in die Ou Testament verskil wel van tydperk tot tydperk."

In die *vroegste tydperk* is רוח in 'n antropologiese sin geïnterpreteer, naamlik die lewegewende asem wat van God ontvang is, maar ook as 'n goddelike bemagtiging om soos in Bileam se geval te profeteer of deur wysheid drome te interpreteer (Josef) of leiding te neem (sewentig oudstes wat Moses sou help).

Gedurende die volgende fase (deuteronomistiese geskiedskrywing) word רוח in samehang geplaas met die charismatiese leierskap van die rigters en ekstatiese profete soos Elia en Elisa. Gedurende hierdie fase bemagtig die רוח persone om as militêre leiers op te tree en besondere dade te verrig.

In die voor-eksiliese tydperk verskuif die handelinge van רוח weg van רוח as die gewer van die lewensbeginsel, die kommunikeerder van die goddelike openbaring en die toeruster van die charismatiese leiers. Nou lê רוח se hooftaak op die etiese terrein van die volk se lewe (Miga 3:8). Na Miga (3:8) se diakroniese verbreding van die werking van רוח brei Jesaja (11) verder daarop uit deur רוח direk te verbind met God se regverdige oordeel (4:4) en die komende verlossing (32:15) wat God sal bewerk. Vir Jesaja (11:2) sou die komende verlossing deur die koning wat op die troon van Dawid sit, bewerk word. Die רוח sal uitgegiet word om 'n nuwe etiese lewe vir Israel te verseker.

Gedurende die ballingskap verbreed die werking van רוח nog verder. Die volk sal deur die רוח opgewek word tot 'n nuwe lewe (Esegiël 36:27 en 37:14) voor die aangesig van God. Deutero-Jesaja ontwikkel hierdie tema verder: dit is deur die bemagtiging van die רוח dat die kneg van Jahwe die ware vredesryk op aarde sou herstel. Trito-Jesaja kondig die permanente teenwoordigheid van God aan deur die teenwoordigheid van רוח.

Tydens die terugkeer uit ballingskap is dit deur die רוח dat die tempel herbou (Sag 4:6) en die verbond herstel word. Die handeling van רוח word nou al meer universeel (Nehemia 9:20, 30). Die kronistiese geskiedskrywing dateer ook uit hierdie tydperk, en daarom word die klem nou geplaas op geïnspireerde diskoerse (1 Kronieke 12:19) wat deur die רוח bewerk word. In die laat na-eksiliese tydperk word profesie toenemend verdring deur die wet, wysheidsliteratuur en die apokaliptiek.

Die diakroniese ontwikkeling van רוח word ook in die werkwoorde wat in verband met רוח staan, gesien. Hier kan twee kategorieë onderskei word, naamlik (i) werkwoorde waarmee Jahwe se daad in verband met die רוח beskryf word. In die vroegste tydperk (Rigters en Samuel), wat ook gedurende die kronistiese geskiedskrywing herhaal word, word die woorde צלח (vaardig word) en לבש (klee) metafories gebruik om die kragtige werking van die רוח te beskryf. Jahwe gee (נתן) sy רוח, Hy plaas, lê (שום) die רוח op 'n persoon, Hy giet (שפך) die רוח uit op mense en Hy vervul (מלא) persone met sy רוח en (ii) werkwoorde wat die aksie/handeling van רוח beskryf. רוח kom (היה) op mense, die רוח kom (בוא) en kom oor (עבר) 'n persoon. Die gees kan ook wyk, van rigting verander (סור), van 'n persoon. Die werkwoorde bly (דין) en rus (נוח) dui weer op die permanensie van רוח se teenwoordigheid. In die latere tydperk vervul (מלא) die רוח mense.

## 5.5. SAMEVATTENDE KONKLUSIE RAKENDE HOOFSTUK 5

Hierdie hoofstuk kan soos volg saamgevat word:

(i) רוח dui in die Ou Testament nie op 'n onafhanklike persoon naas of sonder Jahwe nie.

(ii) רוח in die Ou Testament is *Jahwe-in-aksie* en dui dus God self aan.

(iii) Die interpretasie van die identiteit (*"wie"*) van רוח het nie 'n diakroniese ontwikkeling ondergaan nie.

(iv) Daar is egter 'n diakroniese ontwikkeling ten opsigte van die handelinge van רוח. רוח se handelinge kom ooreen met die eise van elke unieke tydperk.

(v) רוח is nie 'n hipostase van God nie maar die manifestasie van God se teenwoordigheid in die geskiedenis van Israel.

(vi) Dit is duidelik dat die sentrale teologiese argument van die studie, naamlik dat רוח in die Ou Testament beklemtoon dat God Drie-enig voortdurend besig is om op 'n wonderlike kreatiewe manier die mens se verlossing te bewerk, geldig is.

(vii) Die analise van die verskillende teksverse dui ook aan dat Wood se siening dat רוח die Heilige Gees in die Ou Testament is, verkeerd is.

(viii) Hildebrandt se versigtige opsomming dat die Ou Testamentiese רוח-teologie baie na aan die Nuwe Testamentiese teologie van die Heilige Gees kom, kan nie ongekwalifiseerd aanvaar word nie.

(ix) Scheepers (1960: 16), Eichrodt (1967:60) en Vosloo (1983:62) se siening dat רוח as 'n hipostase beskryf kan word ("die verpersoonliking van God se werksaamhede en attribute op so 'n wyse dat dit die voorkoms van 'n half-persoonlike goddelike Wese kry"), kan ook nie aanvaar word nie.

Die begrip רוח in die Ou Testament is nie die derde Persoon (Heilige Gees) van die Triniteit soos die Nuwe Testament die Drie-enige God aan ons openbaar nie!

## 6. SAMEVATTENDE KONKLUSIE

Die konklusie bevat 'n samevatting van die resultate van die navorsing uit die afsonderlike hoofstukke en afdelings van die hoofstukke. Die doel van die navorsing is om te bepaal of רוח in die Ou Testament ekwivalent geïnterpreteer kan word as die Heilige Gees soos God die derde Persoon van die Triniteit in die Nuwe Testament geopenbaar het. Die hipotese veronderstel dat רוח in die Ou Testament nie geïnterpreteer kan word as ekwivalent aan die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie. רוח is ook nie 'n onafhanklike entiteit naas of sonder God nie.

Die staptog was moeilik en lank, maar die bopunt van die berg is bereik. Terwyl ons nou rus van ons staptog kan ons oë teruggly oor die roete wat gevolg is. Uit vorige hoofstukke is dit duidelik dat 'n diakroniese ontwikkeling in die interpretasie van רוח in die Ou Testament plaasgevind het. Hierdie ontwikkeling kan kortliks soos volg saamgevat word:

Die vroegste periode het die *"gees"* geïnterpreteer as die *"asem van God"* – God self wat sy lewensasem in die mens ingeblaas het. Hierdie interpretasie is opgevolg deur persone wat op 'n spesiale manier gefunksioneer het. Hulle andersheid in hulle optrede is deur die volk geïnterpreteer as 'n spesiale bemagtiging deur רוח. Die רוח was in die oë van die volk niks anders nie as 'n manier om te sê dat God self die persone, wat deur Hom gekies is, bemagtig het.

Die vroeë profete as spreekbuise van God se boodskap is nie deur navorsing of empiriese waarneming gerig nie, maar deur die bemagtiging en inspirasie van die רוח. In die lig van hierdie feit word die profete beskou as *"manne van die* רוח. Tydens die optrede van die klassieke profete word die רוח geïnterpreteer as meer as net 'n charismatiese krag. Die רוח word nou 'n etiese krag wat die volk se verkeerde dade beoordeel, maar ook die verlossing bewerkstellig as die volk hulle van hul verkeerde weg bekeer. Die volk het nie die etiese rol van die רוח verstaan nie, en dit het daartoe gelei dat die pre-eksiliese profete, onder andere Jeremia, רוח (*"gees"*) met die דבר (*"woord"*) vervang het as medium van Goddelike openbaring.

Gedurende die ballingskap, toe die volk geen hoop gehad het nie, verskyn Esegiël op die toneel en laat hy die profetiese "*gees*" herleef – geestelike herlewing deur verbondsvernuwing as werking van die רוח. Deutro-Jesaja interpreteer die terugkeer uit die ballingskap as 'n herskeppingsdaad van God deur die werking van die רוח (*"gees"*) en die דבר (*"woord"*). Trito-Jesaja koppel die werking en teenwoordigheid van רוח direk aan die lewe van die toekomstige Messias.

Die Priesterlike tradisie interpreteer die werking van die רוח in terme van kosmologiese gebeure soos gedokumenteer in Genesis 1. Die Na-eksiliese profete koppel die herbou van die stadsmuur en die tempel aan die kragtige bemagtiging deur die רוח. Israel se digters besing die wonderbaarlike werking van die רוח ooreenkomstig 'n innerlike teenwoordigheid van God wat 'n hartsverandering by mense teweeg bring om te lewe soos God van hulle vereis – hierdie רוח word geïnterpreteer as God se persoonlike teen-woordigheid by daardie persoon.

Die apokaliptiese periode word gekenmerk deur 'n algehele afwesigheid van die teenwoordigheid van die רוח. Die gawe van רוח aan die volk is gesien as 'n spesiale teken van die toekomstige bedeling. Die wysheidsgeskrifte het groter klem op die דבר (*"woord"*)-openbaring gelê, maar tog die רוח geïnterpreteer as die medium waardeur God Sy teenwoordigheid bevestig.

Alhoewel die boek Jesaja die Messias skets as die draer van die רוח, is daar geen aanduiding in die Ou Testament dat die Messias die bemagtiging van die רוח aan ander persone sou oordra nie. Tradisie het die eskatologiese gawe van רוח gekoppel aan die Messias se optrede en aan die ander kant die bemagtiging van die volk. Die direkte verhouding tussen die Messias en die gawe van die "*Gees*" aan Sy volk ("*kerk*") word slegs duidelik deur die opstanding van Christus uit die dood. Hierdie gegewe, naamlik dat die uitstorting van die "Gees" slegs moontlik is deur die dood van Jesus, is nooit deur die Ou Testament veronderstel nie.

Die bevinding waartoe hierdie studie kom, is dat die teologiese begrip רוח in die Ou Testament nie geïnterpreteer kan word as die derde Persoon (Heilige Gees) van die Triniteit, soos die Nuwe Testament die Drie-enige God aan ons openbaar nie!

## 6.1. HOE BEHOORT רוח IN DIE OU TESTAMENT VERSTAAN TE WORD?

As רוח in die Ou Testament nie geïnterpreteer kan word as die ekwivalent van die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) nie, hoe behoort רוח in die Ou Testament dan geïnterpreteer te word? Hierdie studie wil onderstaande punte aan die hand doen as sleutel vir die interpretasie van רוח in die Ou Testament:

(1) In die teologiese gebruik van רוח in die Ou Testament kan dit in die reël beskou word dat רוח tot die persoonlike besit van Jahwe behoort, net soos die Here se hand en sy woord aan Hom behoort. Die teenwoordigheid van רוח dui dus op Jahwe se eie teenwoordigheid.

(2) Alhoewel persoonlike eienskappe aan רוח toegedig word, onder andere spreek (2 Sam 23:2), onderrig (Neh 9:20) en bedroef raak (Jes 63:10 en 14), is dit die taaltegniek van personifikasie, dus metaforiese taal.

(3) Die outeurs van die Ou Testament het nie aan die רוח gedink as 'n persoonlike wese (derde Persoon van die Triniteit) onafhanklik van Jahwe nie. Op verskeie plekke (Nehemia 9:20) en (Jesaja 28:26) word רוח en God as gelykbetekenend met mekaar gebruik — weereens eie aan die meerduidige metaforiese taalgebruik wat tot vandag toe digterlike taal van enkelduidige wetenskaplike taal onderskei.

(4) רוח is dus tegelyk Jahwe se asem, sy gemoed, die setel van sy wil en denke, dit wat van Hom uitgaan, sy woord vergesel, draer van sy woord is, lewe in mense en diere verwek, wysheid aan mense gee, verskillende vermoëns in sy

geroepenes bewerkstellig, Israel laat lewe in die volle sin van die woord en kragtige dinge doen in, met en vir sy volk.

(5) Dit is duidelik dat רוח in die Ou Testament ***GOD-IN-AKSIE*** of God self aandui.

(6) רוח in die Ou Testament is die handelende God van Israel, die manifestasie van die teenwoordigheid van God en nie bloot 'n sinoniem vir die krag van God nie.

(7) Dieselfde handelinge wat God tot uitvoer bring, kan ook op die רוח van toepassing gemaak word.

(8) Vir die Ou-Testamentiese skrywers het die beginsel gegeld: waar God is, is die רוח ook.

## 6.2. REAKSIES OP DIE GEGEWE DAT רוח IN DIE OU TESTAMENT NIE EKWIVALENT GEÏNTERPRETEER KAN WORD AAN DIE HEILIGE GEES (Derde Persoon van die Triniteit) IN DIE NUWE TESTAMENT NIE

Indien רוח in die Ou Testament nie geïnterpreteer kan word as die ekwivalent van die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) nie, hoe moet רוח dan geïnterpreteer word?

(i) Sommige kan kies om die debat (dat רוח in die Ou Testament nie direk ekwivalent geïnterpreteer kan word aan die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie) sover as moontlik te ignoreer en voort te gaan om die teologiese gebruik van רוח te interpreteer asof רוח net die Hebreeuse ekwivalent van die Heilige Gees is.

(ii) 'n Ander moontlikheid is om die gegewe (dat רוח in die Ou Testament nie ekwivalent geïnterpreteer kan word met die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie) direk te opponeer.

(iii) Die derde moontlikheid is om te konsolideer – 'n reaksie wat gebou word op die oortuiging dat die tradisie (dat רוח in die Ou Testament direk ekwivalent geïnterpreteer kan word aan die Heilige Gees in die Nuwe Testament) meer aanvaarbaar is as die konklusie waartoe hierdie studie kom.

Nie een van bogenoemde drie reaksies is aanvaarbaar nie; daarom wil hierdie studie 'n vierde reaksie voorstel, naamlik dié van herposisionering. In die herposisionering van die denke ten opsigte van רוח in die Ou Testament behoort met die volgende sake rekening gehou te word:

(i) Die volheid en heerlikheid van die werking van God se Gees word slegs deur Christus ten volle geopenbaar.

(ii) Die persoon en werking van רוח in die Ou Testament is slegs gedeeltelik onthul, maar sal in die koms van die Messias (Nuwe Testament) ten volle onthul word.

(iii) Slegs deur die openbaring van die Messias sal die versluierde getuienis van רוח in die Ou Testament tot sy ware reg kom; dan sal dit duidelik word dat רוח meer is as slegs 'n aanduiding van God se eie teenwoordigheid.

(iv) In die lig van die Nuwe Testament (terugskouend op die Ou Testament) is dit duidelik dat 'n kontinuïteit voorkom tussen die handelinge van רוח (God-in-aksie) in die Ou Testament en die handelinge van die Heilige Gees in die Nuwe Testament. Die nuwe (Heilige Gees) is in die oue (רוח) verseël en in die nuwe (Heilige Gees) word die oue (רוח) geopenbaar. Daar is dus 'n onvolledigheid ten opsigte van die verstaan en interpretasie van רוח (God-in-aksie) in die Ou

Testament. Johannes 7:39 is die sleutel tot die korrekte verstaan van רוח in die Ou Testament: "Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou ***die Gees*** ontvang. ***Die Gees*** was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie."

Die Ou Testamentiese belofte soos Esegiël 36: 27:

27 ואת-רוחי אתן בקרבכם
ועשיתי את אשר-בחקי תלכו ומשפטי תשמרו ועשיתם

(27: "En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen") is dus onvolledig.

(v) רוח was werksaam in die geskiedenis van die volk van God gedurende die verskillende tydfases van die Ou Testament, maar רוח se handelinge was misterieus, sporadies, teokraties, selektief en in sommige gevalle selfs onbegryplik.

(vi) Dit is nie net ***deur*** Christus dat die רוח in die Ou Testament in volheid geken word nie; dit is ***in*** Christus dat die persoon van die רוח in besonder geken word.

(vii) In die koms van Christus het die dag van die רוח in sy volheid aangebreek.

## 6.3. SLOT

Die verstaan van רוח in die Ou Testament kan in die woorde van Warfield (1988:141) beskryf word: *"The Old Testament may be likened to a chamber richly furnished but dimly lighted: the introduction of light brings into it nothing which was not in it before; but it brings out into clearer view much of what is in it but was only dimly or not at all perceived before. The mystery of the Trinity (Holy Spirit) is not revealed in the Old*

*Testament but the mystery of the Trinity (Holy Spirit) underlies the Old Testament revelation, and here and there almost comes into view. Thus the Old Testament revelation of God (Holy Spirit) is not corrected by the fuller revelation which follows it, but is only perfected, extended and enlarged."*

Die staptog was moeilik en lank, maar die bopunt van die berg is bereik. Terwyl ons nou rus van ons staptog, kan ons oë teruggly oor die roete wat gevolg is; die beginpunt lê byna buite ons gesigsveld, maar die bopunt van die berg openbaar die grenslose heerlikheid van die misterie van die רוח in die Ou Testament – God self!

Hierdie studie kom tot die gevolgtrekking dat die רוח in die Ou Testament nie ekwivalent geïnterpreteer kan word aan die Heilige Gees (derde Persoon van die Triniteit) soos God die Heilige Gees in die Nuwe Testament aan sy kerk openbaar nie. Hierdie studie beklemtoon verder dat God Drie-enig voortdurend in die geskiedenis (Ou– en Nuwe Testament) besig is om op 'n wonderlik kreatiewe manier die mens se verlossing te bewerk.

**SOLI DEO GLORIA !**

# 7. BRONNELYS

**ALBERTZ, R. & WESTERMANN, C.** 1971-76. Ruah Geist (*In* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament/ hrsg. von Ernst Jenni unter Mitarb. von Claus Westermann, Band II) München : Kaiser

**ALDEN, R.L.** 1993. Job. The New American Commentary. Volume II. Nashville, Tennessee : Broadman.

**ALLEN, L.C.** 1976. The books of Joel, Obadiah, Jonah and Micah: The New International Commentary on the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**ANDERSEN, F.I. & FREEDMAN, D.N.** 2000. Micah. The Anchor Bible. A New Translation with Introduction and Commentary. New York : Doubleday.

**ANDERSON, A.A.** 1972a. The book of Psalms, Vol. 1: The New Century Bible Commentary. London : Marshall.

**ANDERSON. A.A.** 1972b. The Book of Psalms, Vol. 2: The New Century Bible Commentary. London : Marshall.

**ASHLEY, T.R.** 1993. The Book of Numbers. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**BALDWIN, J.G.** 1972. Haggai, Zechariah, Malachi. An Introduction and Commentary. London : The Tyndale Press.

**BARKER, K.L. & BAILEY, W.** 1998. Micah, Nahum, Habakuk, Zephaniah. The New American Commentary. Volume 20. Nashville, Tennessee : Broadman.

**BERGEN, R.D.** 1996. 1 Samuel. The New American Commentary. Volume 7. Nashville, Tennessee : Broadman.

**BEUKEN, W.A.M.** 1979. Jesaja: Deel II A. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**BEUKEN, W.A.M.** 1989. Jesaja: Deel III A. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**BEUKEN, W.A.M.** 2000. Isaiah Part II. Volume 2: Isaiah. Chapters 28–39: Historical Commentary on the Old Testament. Leuven : Peeters.

**BLOCK, D.I.** 1989. The Prophet of the Spirit: The use of RWH in the Book of Ezekiel. *The Journal of the Evangelical Theological Society,* 32(1):27–49, March.

**BLOCK, D.I.** 1991. Judges, Ruth. The New American Commentary. Volume 6. Nashville, Tennessee : Broadman.

**BLOCK, D.I.** 1997. The book of Ezekiel. Chapters 1-24. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, UK : Eerdmans.

**BLOCK, D.I.** 1998. The Book of Ezekiel. Chapters 25-48. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K : Eerdmans.

**BOLING, R.G.** 1994. Judges. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**BOSMAN, H.L. & LOADER J.A.** 1987. Vertellers van die Ou Testament: Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 2. Kaapstad : Tafelberg.

**BOTTERWECK, G.J. & RINGGREN, H.** 1972-1991. Theologisches Worterbuch zum Alten Testament. Band 1–10. Stuttgart : W. Kohlhammer.

**BOTTERWECK, G.J. & RINGGREN, H.** 1972–1999. Theological Dictionary of the Old Testament. 10 Vols. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**BRENEMAN, M.** 1993. Ezra, Nehemiah, Esther. The New American Commentary. Volume 10. Nashville, Tennessee : Broadman.

**BRUEGGEMANN, W.** 1990. First and Second Samuel. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville : John Knox Press.

**BUDD, P.J.** 1984. Numbers. Word Biblical Commentary. Volume 5. Waco Texas : Word Books Publisher.

**BURDEN, J.J. & PRINSLOO, W.S.** 1987. Tweegesprek met God: Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 3. Kaapstad : Tafelberg.

**BURGER, J.A.** 1987. Die Boek Psalms. (*In* Burden, J.J., *ed.* Tweegesprek met God. Kaapstad : Tafelberg. p.9-39.)

**BYBEL.** 1917. The Jewish Publication Bible. Philadelphia : The Jewish Publication Society of South Africa. (JPS)

**BYBEL.** 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. (OAV)

**BYBEL.** 1977. Biblia Hebraica Stuttgartensia. Stuttgart : Deutsche Bibelstiftung. (BHS)

**BYBEL.** 1980. Good News Bible: Today's English Version. Cape Town : Bible Society of South Africa. (TEV)

**BYBEL.** 1981. The King James II Version. London : The Trinitarian Bible Society. (KJV).

**BYBEL.** 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (NAV).

**BYBEL.** 1990. The New Revised Standard Version. New York : Oxford University Press. (NRSV)

**BYBEL.** 1995. The Holy Bible: New International version. Cape Town : Bible Society of South Africa. (NIV)

**CLEMENTS, R.E.** 1980. Isaiah 1–39. New Century Bible Commentary. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**CLINES, D.J.A.** 1984. Ezra, Nehemiah, Ester. New Century Bible Commentary. Grand Rapids Michigan : Eerdmans.

**COOPER, L.E. (Snr.)** 1994. Ezekiel. The New American Commentary. Volume 17. Nashville, Tennessee : Broadman.

**CRENSHAW, J.L.** 1995. Joel. The Anchor Bible. New York : Doubleday.

**DAVIDSON, A.B.** 1904. The Theology of the Old Testament. Edinburgh : T & T Clark.

**DAVIES, E.W.** 1995. Numbers. New Century Bible Commentary. Grand Rapids : Eerdmans.

**DEIST, F.E.** 1981. God en Sy Ryk. Pretoria : Van Schaik.

**DEIST, F.E.** 1987. Die Heksateug. (*In* Bosman, H.L., *ed.* Vertellers van die Ou Testament. Kaapstad : Tafelberg . p.1–39.)

**DEIST, F.E.** 1994. Onlangse konsepte in teksuitleg en hulle konsekwensies vir die gereformeerde teologie*, In* die Skriflig, 28 (2):165-178.

**DEIST, F.E. & VORSTER, W.** 1986. Woorde wat ver kom: Die Literatuur van die Ou Testament, Deel 1. Kaapstad : Tafelberg.

**DILLARD, R.B. & LONGMAN, T.III.** 1994. An Introduction to the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**DREYTZA, M.** 1992. Der Theologische Gebrauch von RUAḤ im Alten Testament. Basel : Brunnen Verlag Giessen.

**DRIVER, S.R.** 1921. A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Job together with a new Translation / by the late Samuel Rolles Driver and George Buchanan Gray. Edinburgh : T & T Clark.

**DURHAM, J.I.** 1987. Exodus. Word Biblical Commentary. Volume 3. Waco, Texas : Word Books.

**EICHRODT, W.** 1961. Theology of the Old Testament. Vol 1. Translated by John Baker. London : SCM

**EICHRODT, W.** 1967. Theology of the Old Testament. Vol 2. Translated by John Baker. London : SCM

**EICHRODT, W.** 1970. Ezekiel: The Old Testament Library. London : SCM.

**FENSHAM, F.C.** 1970. Exodus. De Prediking van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**FIELDS, B.L.** 1999. An Old Testament Theology of the Spirit of God by Wilf Hildebrandt. *Journal of the Evangelical Society,* 42(1):102–104, March.

**FRETHEIM, T.E.** 1991. Exodus. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville : John Knox.

**FRIEDRICH, G.** 1979. Theological Dictionary of the New Testament. Volume VI. Grand Rapids, Michigan : Publishing.

**GORDON, C.H.** 1965. Ugaritic Textbook. Rome : Pontifical Biblical Institute.

**GOSLING, F.A.** 1994. An Unresolved Problem of Old Testament Theology. *The Expository Times,* Volume 106 : 234-237, October 1994–September 1995.

**GRAY, G.B. & PEAKE, A.S.** 1912. The Book of Isaiah: A Critical and Exegetical Commentary. Edinburgh : T & T Clark.

**GREENBERG, M.** 1983. Ezekiel 1-20. The Anchor Bible : A New Translation with Introduction and Commentary. Garden City, New York : Doubleday.

**GREENBERG, M.** 1997. Ezekiel 21-37. The Anchor Bible. New York : Doubleday.

**GREENHILL, W.** 1967. Ezekiel: Geneva Series of Commentaries. Pennsylvania : The Banner of Truth Trust.

**GUNNEWEG, A.H.J.** 1978. Understanding the Old Testament. London : SCM.

**HAMILTON, V.P.** 1990. The Book of Genesis. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**HANSON, P.D.** 1995. Isaiah 40-66. Interpretation: A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville : John Knox.

**HARTLEY, J.E.** 1988. The Book of Job. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**HARTMAN, L.F.** 1978. The Book of Daniel. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**HASEL, G.F.** 1982. Old Testament Theology: Basic Issues in the current Debate. 3rd edition. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**HAYES, J.H. & HOLLADAY, C,R.** 1988. Biblical Exegesis. A Beginners Handbook. 2nd Edition. London : SCM Press.

**HEINISCH, P.** 1955. Theology of the Old Testament. Minnesota : The North Central Publishing Company – St. Paul.

**HERON, A.I.C.** 1983. The Holy Spirit. Philadelphia : Westminister.

**HILDEBRANDT, W.** 1995. An Old Testament Theology of the Spirit of God. Massachusetts : Hendrickson.

**HILLERS, D.R.** 1984. Micah: Hermeneia – A Critical and Historical Commentary on the Bible. Philadelphia : Fortress.

**HOFFNER, H.A.** 1974. ôb-Spirit. (*In* Botterweck, G.J., *ed.* Theological Dictionary of the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans. p.130–134.)

**JACOB, E.** 1958. Theology of the Old Testament. London : Hodder.

**JAGERSMA, H.** 1983. Numeri. Deel 1. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**JAGERSMA, H.** 1988. Numeri Deel II. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**JAPHET, S.** 1993. I & II Chronicles : A Commentary. Louisville, Kentucky : Westminster/John Knox.

**JENNI, E. & WESTERMANN, C.** 1997. Theological Lexicon of the Old Testament. 3 Vols. Massachusetts : Hendrickson.

**JOHNSON, A.R.** 1971. The One and the Many in the Israelite Conception of God. Cardiff : University of Wales.

**JOHNSTONE, W.** 1998. Biblical study and linguistics. (*In* Barton, J., *ed.* Biblical Interpretation. Cambridge : Cambridge University Press. p.129.

**JONKER, W.D.** 1981. Die Gees van Christus. Pretoria : NGKB.

**KAISER, O.** 1973. Isaiah 13-39: A Commentary. London : SCM.

**KAISER, O.** 1975. Introduction to the Old Testament. A Presentation of its Results and Problems. Oxford : Basil Blackwell.

**KAISER, W.C. & SILVA, M.** 1994. An introduction to Biblical Hermeneutics: The search for meaning. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**KAMLAH, E.** 1978. Spirit, Holy Spirit. (*In* The New International Dictionary of New Testament Theology. Vol.3, p.690.) Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**KECK, L.E.,** *ed.* 1996-1999. The New Interpreters Bible. Volume I – VII. Nashville : Abingdon.

**KEIL, C.F.** 1885. Biblical Commentary on the Prophecies of Ezekiel. Volume II. Edinburgh : T & T Clark.

**KLEIN, R.W.** 1983. 1 Samuel. Volume 10. Word Biblical Commentary. Waco, Texas : Word Books.

**KNIGHT, D.A.** 1975. Rediscovering the tradition of Israel. Revised edition. Missoula : Scholars Press. [Society of Biblical Literature]

**KOCH, R.** 1991. Der Geist Gottes im Alten Testament. Frankfurt am Mein : Peter Lang.

**KOEHLER, L.** 1953. Old Testament Theology. London : SCM.

**KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W.,** *ed.* 1958. Lexicon in Veteris Testamenti Libros. Leiden : Brill.

**KOOLE, J.L.** 2001. Isaiah: Part III. Volume 3 Isaiah. Chapters 56–66: Historical Commentary on the Old Testament. Leuven : Peeters.

**KUYPER, A.** 1900. Het Werk Van Den Heiligen Gees. Eerste Deel. Amsterdam : Wormser.

**LEVINE, B.A.** 2000. Numbers 21-36. The Anchor Bible. New York : Doubleday.

**LIMBURG, J.** 1988. Hosea–Micah. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Atlanta : John Knox.

**LINDNER, P.** 1999. ôb-Spirit. (*In* Power Bible Cd v2.2.) [CD-ROM.]

**LYS, D.** 1962. Ruach: Le Souffle dans l'Ancien Testament. Paris : Presses Universitaires de France.

**MAARSINGH, B.** 1985. Ezechiël Deel I. Het Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**MAARSINGH, B.** 1991. Ezechiël Deel III. De Prediking van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**MATHEWS, K.H.** 1996. Genesis 1–11. Volume IA: The New American Commentary. Nashville, Tennessee : Broadman.

**MCCARTER, P.K. (Jr.).** 1980. 1 Samuel. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**MEYERS, C.L. & MEYERS, E.M.** 1987. Haggai, Zechariah 1–8. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**MILLER, S.R.** 1994. Daniel. The New American Commentary. Volume 18. Nashville, Tennessee : Broadman.

**MITCHELL DAHOOD, S.J.** 1970. Psalms III, 101-150. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**MOLTMANN, J.** 1985. God in Creation: An Ecological Doctrine of Creation. Translated by M. Kohl. London : SCM

**MONTAGUE, G.T.** 1976. The Holy Spirit: Growth of a Biblical Tradition. New York : Paulist.

**MYERS, J.M.** 1973. 1 Chronicles. The Anchor Bible. Garden City, New York : Doubleday.

**NEVE, L.** 1972. The Spirit of God in the Old Testament. Tokyo, Japan : Shinjuku-Ku.

**OLLENBURGER, B.C.** 1992. The Flowering of Old Testament Theology,Vol I. U.S.A. : Eisenbrauns.

**OLSEN, D.T.** 1996. Numbers. Louisville, Kentucky : John Knox.

**OSWALT, J.N.** 1986. The Book of Isaiah. Chapters 1-39. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**OSWALT, J.N.** 1998. The Book of Isaiah. Chapters 40–66. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**PREUSS, H.D.** 1995. Old Testament Theology. Vol I. Louisville, Kentucky : Westminister John Knox

**PREUSS, H.D.** 1996. Old Testament Theology. Vol II. Louisville, Kentucky : Westminister John Knox

**PRINSLOO, A.F.** 2001. Feite, flaters, fiksie. Kaapstad : Human & Rousseau.

**PRINSLOO, W.S.** 1985. The Theology of the book of Joel. New York : Walter de Gruyter.

**PRINSLOO, W.S.** 1987a. Die Boek Joël. (*In* Burden, J.J., *ed.* Tweegesprek met God. Kaapstad : Tafelberg. p.231–238.)

**PRINSLOO, W.S.** 1987b. Die Boek Jesaja. (*In* Burden, J.J., *ed.* Tweegesprek met God. Kaapstad : Tafelberg. p.105-113.)

**PRINSLOO, W.S.** 1990. Die Boek van Joël: Skrifuitleg vir Bybelstudent en Gemeente. Kaapstad : NGKB.

**REDDIT, P.L.** 1995. Haggai, Zechariah and Malachi. London : Harper Collins.

**REDDIT, P.L.** 1999. Daniel. New Century Bible Commentary. Sheffield : Sheffield Academic.

**REIF, S.C.** 1998. Aspects of the Jewish contribution to Biblical Interpretation. (*In* Barton, J., *ed.* Biblical Interpretation. Cambridge : Cambridge University. p.143–159.)

**RINGGREN, H.** 1964. Hypostasen. *RGG. 3 III.*

**ROUBOS, K.** 1969. 1 Kronieken. Het Prediking van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**SCHEEPERS, J.H.** 1960. Die Gees van God en die Gees van die mens in die Ou Testament. (Diss. theol.) Kampen.

**SCHMIDT, W.H.** 1995. Old Testament Introduction. 2nd ed. New York : Walter De Gruyter.

**SCHüNGEL-STRAUMANN, H.** 1992. Rûaḥ Bewegt die Welt. Stuttgart : Verlag Katholisches Bibelwerk.

**SELLIN, E.** 1970. Introduction to the Old Testament. London : S.P.C.K.

**SHOEMAKER, W.R.** 1904. The use of rûah in the Old Testament and pneûma in the New Testament. *JBL 2*:13-67.

**SILVA, M.** 1994. Biblical Words and their Meaning: An Introduction to Lexical Semantics. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**SKINNER, J.** 1930. Genesis: The International Critical Commentary. Edinburgh : T & T Clark.

**SMITH, R.L.** 1984. Micah–Malachi. Word Biblical Commentary. Volume 32. Waco, Texas : Word Books.

**SNIJDERS, L.A.** 1969. Jesaja Deel I. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**SPEISER, E.A.** 1981. Genesis: The Anchor Bible. New York : Doubleday.

**STRONGS, J. 2001.** Exhaustive Concordance of the Bible. Nashville, Tennessee : T. Nelson.

**SWANEPOEL, F.A.** 1994. Die Bybel in Oënskou. Pretoria : CB Powell-Bybelsentrum.

**THOMPSON, J.A.** 1994. 1,2 Chronicles. The New American Commentary. Volume 9. Nashville, Tennessee : Broadman.

**VAN DER MERWE, C.H.J., NAUDÉ, J.A. & KROEZE, J.H.** 1997. Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika. Volume 1. Stellenbosch : Hebteg.

**VAN DER WOUDE, A.S.** 1982. Haggai Maleachi. De Prediking van het Oude Testament.
Nijkerk : Callenbach.

**VAN DER WOUDE, A.S.** 1984. Zacharia. De Prediking van het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN LEEUWEN, C.** 1978. Hosea: De Prediking Van Het Oude Testamen. Nijkerk : Callenbach.

**VAN LEEUWEN, C.** 1993. Joel: De Prediking Van Het Oude Testamen. Nijkerk : Callenbach.

**VAN PELT, N.V. & KAISER, W.C. (Jr.).** 1997. ôb-Spirit *(In* VanGemeren, W.A., *ed.* New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. Volume 1. Grand Rapids, Michigan : Zondervan. p.302–304.)

**VAN SELMS, A.** 1967. Genesis Deel II. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN SELMS, A.** 1979. Genesis Deel I. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN SELMS, A.** 1983. Job Deel II. De Prediking Van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN UCHELEN, N.A.** 1977. Psalmen Deel II (41–80). De Prediking van het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN ZYL, A.H.** 1988. 1 Samuël Deel 1. De Prediking van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN ZYL, A.H.** 1989. 1 Samuël Deel II. De Prediking van Het Oude Testament. Nijkerk : Callenbach.

**VAN GEMEREN, W.A.** 1997. The New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. 5 Vols. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**VAWTER, B. & HOPPE, L.J.** 1991. Ezekiel. A New Heart. International Theological Commentary. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**VON RAD, G.** 1962. Old Testament Theology. Vol I: The Theology of Israel's Historical Traditions. Norwich, London : SCM.

**VON RAD, G.** 1965. Old Testament Theology. Vol II: The Theology of Israel's Prophetic Traditions. Norwich, London : SCM.

**VOS, C.J.A.** 1985. Die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese gawe 'n eksegeties-dogmatiese studie. *Ned Geref. Teologiese Tydskrif,* Deel XXVI (3):282-298, Julie 1985.

**VOSLOO, W.** 1983. Ruah/Gees in die Ou Testament. *Skrif en Kerk,* Jaargang 4(2): 40-68.

**VRIEZEN, Th.C.** 1977. Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.

**WARFIELD, B.B.** 1988. Biblical Doctrines. Edinburgh : Banner of Truth.

**WATTS, J.D.W.** 1985. Isaiah 1-33. Word Biblical Commentary. Volume 24. Waco, Texas : Word Books.

**WATTS, J.D.W.** 1987. Isaiah 34-66. Word Biblical Commentary. Volume 25. Waco, Texas : Word Books.

**WEISER, A.** 1962. The Psalms. Old Testament Library. London : SCM.

**WENHAM, G.J.** 1987. Genesis 1-15. Word Biblical Commentary. Volume 1. Waco, Texas : Word Books.

**WENHAM, G.J.** 1994. Genesis 16-50. Word Biblical Commentary. Volume 2. Dallas, Texas : Word Books.

**WEST, J.K.** 1981. Introduction to the Old Testament. London : Macmillan.

**WESTERMANN, C.** 1974. Genesis. Teilband 1. Genesis 1-11. Neukirchener Verlag : Vluyn.

**WESTERMANN, C.** 1981a. Geist im Alten Testament. *Evangelische Theologie,* Zweimonatsschrif , 41 Jahrgang:223–230.

**WESTERMANN, C.** 1981b. Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament. Kampen : Kok.

**WESTERMANN, C.** 1982. Genesis. Teilband 3. Genesis 37-50. Neukirchener Verlag : Vluyn.

**WILLIAMSON, H.G.M.** 1982. 1 and 2 Chronicles. New Century Bible Commentary. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

**WOLFF, H.W.** 1977. Joel and Amos. Philadelphia : Fortress.

**WOOD, L.J.** 1976. The Holy Spirit in the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

**ZIMMERLI, W.** 1979. Ezekiel I. A Commentary on the Book of the Prophet Ezekiel. Chapters 1–24. Philadelphia : Fortress.

**ZIMMERLI, W.** 1983. Ezekiel II. A Commentary on the Book of the Prophet Ezekiel. Chapters 25-48. Philadelphia : Fortress.

**ZIMMERLI, W.** 1984. Old Testament Theology in Outline. Edinburgh : T & T Clark.